

TR 85 - 11

E N G E L E N A A R D E

gedagtes oor "natuur en bo natuur" by die lees van Sheila Cussons

deur

Johanna Helena de Villiers

Tesis aangebied ter voldoening aan die vereistes vir die
graad Philosophiae Doctor in Afrikaans/Nederlands aan die
Universiteit Rhodes, Grahamstad

Promotor: Prof. André P. Brink

29 September 1984

Vir Dawid

DANKWOORD

Om na behore dankie te sê vir almal van wie direkte of indirekte aansporing vir dié werk ontvang is, is onmoontlik: soveel gesprekke, soveel gevleuelde woorde van leermeesters of vriende oor die jare. Besondere bystand het gekom van Rykie van Reenen, wat 'n regte peetmoeder vir die studie geword het. Baie is ontvang uit die Afrika-oordenkinge van Heinz Maurer, reeds oorlede. Dankie ook aan Petra Muller, aan Sheila Cussons self en Amanda Botha, en met nadruk aan prof. André Brink, die bemoedigende promotor. Ook aan my man vir sy wye kennisagtergrond en my kinders vir hulle belangstelling; aan hulpvaardige bibliotekaresse by die Stellenbosse universiteitsbiblioteek en die antroposofiese biblioteek by Bonair in Price-weg, Constantia; aan tiksters, fotostateer-assistente en boekbinder. Dr. Danie Louw het die manuskrip deurgelees en Kobus Bohnen het goedgeestiglik gehelp met die duplisering.

Stellenbosch

29 Sept., 1984

I N H O U D S O P G A W E

	<u>BL.</u>
AFKORTINGS	v
HOOFSTUK I Vooraf	2
HOOFSTUK II "Europa lê in puin"	15
HOOFSTUK III Die Teken van Jona: Hades-vaart, misterie-dood en alchemistiese swart: Verborgenheid en Sakrament	38
HOOFSTUK IV Simbole van Transformasie	51
HOOFSTUK V Van donker na lig	108
HOOFSTUK VI Die Teken van Jona: Voortsetting	155
HOOFSTUK VII Die Wit Heerskare	173
HOOFSTUK VIII Die Gevalle Engel en die Kenniswond	191
HOOFSTUK IX Die duiwel: versoeking en bevryding	221
HOOFSTUK X Stilte ... leegte en ontmoeting	257
HOOFSTUK XI Kringlope	291
HOOFSTUK XII Engel op Aarde, 'n Nawoord	321
BRONNELYS	341

AFKORTINGS

Werke van Sheila Cussons:

- PL PLEKTRUM, Kaapstad: Tafelberg, 1970
- SK DIE SWART KOMBUIS, Kaapstad: Tafelberg, 1978
- VV VERF EN VLAM, Kaapstad: Tafelberg, 1978
- SW DIE SKITTERENDE WOND, Kaapstad: Tafelberg, 1979
- SS DIE SAGTE SPRONG, Kaapstad: Tafelberg, 1979
- SJ DIE SOMERJOOD, Kaapstad: Tafelberg, 1981
- WB DIE WOEDENDE BROOD, Kaapstad: Tafelberg, 1981
- GS GESTALTES 1947, Kaapstad: Tafelberg, 1982
- VL VERWIKKELDE LYN, Kaapstad: Tafelberg, 1983
- M MEMBRAAN, Kaapstad: Tafelberg, 1984

N.P. van Wyk Louw:

- HK DIE HALWE KRING, Kaapstad: Tafelberg 1976 (1e druk 1937)
- GD GESTALTES EN DIERE, Kaapstad: Nasionale Pers, 1942
- NV NUWE VERSE, Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1954
- LL LEWENSLYN, 'n Hoorspel, Kaapstad: Human en Rousseau, 1971
(kopiereg 1962)
- TR TRISTIA en ander verse, voorspele en vlugte, 1950-57, Kaapstad:
Human en Rousseau, 1970 (1e druk 1962)

D.J. Opperman:

- NN NEGESTER OOR NINEVE, Kaapstad: Nasionale Pers, 1947
- JJ JOERNAAL VAN JORIK, Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1970
(1e druk 1949)
- EK ENGEL UIT DIE KLIP, 1947-50, Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1954
- BB BLOM VAN DIE BAAIERD, Kaapstad: Tafelberg, 1971 (1e druk 1956)
- KB KOMAS UIT 'N BAMBOESSTOK, Kaapstad: Human en Rousseau, 1979

- CW William Blake, COMPLETE WRITINGS with variant readings (red.
Geoffrey Keynes), Oxford: University Press, 1969
- GV Jacob en Wilhelm Grimm, VERSAMELDE SPROKIES, 6 dele, Kaapstad:
Human en Rousseau, 1962-64
- RGG DIE RELIGION IN GESCHICHTE UND GEGENWART, Handwörterbuch für
Theologie und Religionswissenschaft (red. K. Galling),
Tübingen: Mohr (Siebeck), 1962
- ST Thomas Aquinas, SUMMA THEOLOGIAE, Londen: Blackfriars + Eyre and
Spottiswoode, c. 1964

metamorphousthe tē anakainúσαι tou voós

word verander deur die vernuwing van julle gemoed
Paulus, Romeine 12

Ons staan vandag in 'n heeltemal nuwe periode van die geestelike ontwikkeling. Daar kom verpligtinge en take op die mens af, wat hy met die reeds bestaande begrippe nie kan verstaan nie. 'n Mens moet die moed hê om totaal nuwe en ongewone begrippe en begripsvorme aan te gryp, om te kan verstaan wat vandag geskied en nog moet geskied... Dit behoort tot die innerlike wese van die teenwoordige tyd, dat 'n mens moet begin om die bousinlike te begryp.

Emil Bock, MICHAELISCHES ZEITALTER, 1979
(vry vertaal)

The perfection of the highest virtue and the opening of the real spiritual senses constituted the highest degree of the Mysteries; another and most important part of the discipline was the training in the interpretation of myth, symbol and allegory, the letters of the mystical language in which the secrets of nature and the soul were written, so plainly for the initiate, so obscurely for the general.

G.R.S. Mead, ORPHEUS, aangehaal deur Kathleen Raine in BLAKE AND TRADITION

Ons moet aan dit wat ons ontdek het, gestalte gee sodat andere ook mag weet.

Sheila Cussons, GESTALTES 1947

HOOFSTUK I

Vooraf Hy weet met die weerkaatsings in die ruit
 vlakke van beelde skuif deur alles heen
 en niks is in sy tyd en stof gesluit
 maar alles stroom deur grens en eeu aaneen

D.J. Opperman, JOERNAAL VAN JORIK

Hierdie studie is 'n poging om uit die veelgeskakeerde digwerk van Sheila Cussons een draad te neem en dit deur te volg; in die hoop dat dit 'n Ariadne-draad mag word tot beter besef van die ryk gestruktureerdheid en diepte van haar verwysingsveld, en die betekenis daarvan vir ons tyd. Dis dan primêr die beeld van die engel wat nagespeur word, as bonatuurlike wese wat nie tot die vlak van die fisiese inkorporeer nie.

Daar is ook baie ander drade in die tapisserie wat skaars aangeraak word. 'n Direkte bespreking van die sentrale Christologie sou bv. te veel op die terrein van die dogma beland. 'n Bespreking van die Katolieke mistiek, wat moontlik in Hoofstuk IX hoort, sou om van nut te wees, te omvangryk word. As 'n mens die tradisionele drie stadia van die mistiese weg bv. wou bespreek: purgatio, illuminatio, unio (d.w.s. Reiniging, Verligting en Eenheid),¹⁾ sou 'n mens daarnaas Rudolf Steiner se drie stadia van Verbeelding, Inspirasie en Intuïsie ook moet stel as 'n ander indeling van die weg van geestelike kennis-ontwikkeling;²⁾ en dit sou te ver in die metafisika in voer.

Gedetailleerde ondersoek van die opvattinge van ander kritici, weer, sou te veel binne die veld van die bloot-literêre establishment val, en onnodig polemies kan raak. - Daar is allerlei leemtes, en die huidige werk is alleen bedoel as 'n stimulus tot verder meer diepgaande ontginning. Dis 'n aanvoorstudie.

Van kleins af, sê Sheila Cussons, was sy gefassineer deur engele. "Ek is met hulle/behep van ek my kan onthou," sê sy in Engele (SS 50). In haar skooljare al teken sy die engel met die basuin en besing hom as aankondiger van wat kom.³⁾ Want sy het mos grootgeword, soos sy in Die werf aantoon (SK 14), met 'n lewendige voorstelling van die Ou Testament, die sprokies van Andersen en Grimm, en die Griekse legendes.

Deur onderliggende beeldstrukture in verband te bring, kom 'n mens tot dieper insig in die gedigte. Die beeld van die engel en verwante begrippe word dan losweg deurgevolg deur die gang van Sheila Cussons se gepubliseerde werk tot 1983. Die bundel MEMBRAAN, wat in 1984 gepubliseer is, kom net sydelings ter sprake.

Oorspronklik was die bedoeling om die digwerk van Sheila Cussons tot by DIE SAGTE SPRONG te behandel. Die wending vanaf DIE SOMERJOOD het later aanpassinge nodig gemaak. Die veelvuldige visie-veld kan beskou word as een rede vir die wydlopiegheid van die bespreking.

Die begrip "engele" sluit vir die doeleindes van dié studie nie net hemelwesens uit die Joodse en Christelike tradisie in nie, maar ook dié uit ander vroeër kulture soos hulle deur gelowiges ervaar is. Hoe verskyn Homeros se Athena bv. nie aan Odusseus nie! 'n Mens kan nie anders as om die "gode" van die Grieke te oorweeg as oorspronklike verskynsels van dieselfde aard as die Hebreeuse en Christelike engele nie, ligwesens uit 'n geesteswêreld. Daar word aangeneem dat die Grieke, op 'n vroeër trap van bewussynsontwikkeling as ons, hulle "ideë" nog werklik innerlik gesien het.⁴⁾

Vgl. ook byvoorbeeld nader tuis: die wit gedaantes wat die Bantoe nog in

hulle drome sien - deur nie-Christene dikwels geëien as geeste van gestorwenes, "voorvaders", deur Christene as engele.⁵⁾

Sheila Cussons se Minerva bied die Pleroma-Christus⁶⁾ sy wapenrusting van lydsaamheidswysheid (SK 24). Haar meeu-Aphrodite (SS 37) het grootse wit vlerke. Heer Poseidon-Goeie Herder loop soos 'n engel voor die Pinksterkudde uit (Donkermaan, SS 29). Soos vir die kunstenaars uit die Renaissance of die vroeë Christene uit Griekse agtergrond, vloeï klassieke en Christelike bonatuur vanself ineen.

Waaroor 'n mens seker moet wees, is die werklikheid van die engele, die onsienlike boodskappers of wagtters van die één oftewel drie-enige God. Dis maar omdat die mens in hierdie tyd van intellektuele kennis so dig geword het, dat ons blind en doof vir hulle teenwoordigheid is - en so maklik in materialisme versink, selfs in ons kerke en kunste.⁷⁾

Iemand wat die tyding van hernieude engelbesef bring, kan net 'n mens van hart én verstand wees, vurig van gees. In so 'n mens kan nuwe sintuie begin oopgaan, dit word iemand wat "ore het om te hoor" en wat kyk met nuwe visie.

Is dit dan nie miskien belangrik dat so 'n ontwikkeling ook van die kant van die publieke deur lesers en hoorders met begrip begroet moet word nie? Hoe kan pogings tot vrede selfs op politieke of ekonomiese gebied slaag sonder 'n verdiepte beeld van die mens in sy volle konteks, kringloop van bo én benede, innerlik én uiterlik... 'n yin en yang van die ontmoeting tussen teenoorgesteldes?⁸⁾



Die indeling van die hoofstukke is soos volg: As 'n inleiding bespreek Hoofstuk II veral 1945, die eerste gedig van PLEKTRUM, met die beeld van die verwerende aartsengel wat van die geruïneerde katedraal geval het. Die engel het na benede geval; bo die katedraal styg die lewende duiwe na bó. Daar is reeds die lyn van daling en styging wat later meer bewus na vore kom.

Die volgende drie hoofstukke gaan hoofsaaklik oor DIE SWART KOMBUIS: die omwénteling van 'n soort Hades-deurgang ('n "hellevaart") in droom beleef; wat 'n persoonlikheidsheroriëntering by die skryfster meebring, en verruimde visie vir die werklikhede van die geestelike wêreld. Voor-Christelike misteriegodsdienste met die patroon van neerdaal in die dood en opstaan tot verruimde lewe, word aangeraak om hulle moontlike verband met Christus-dood en -opstanding te bepaal. Beelde uit die misterie-inisiasies by sekere Suid-Afrikaanse skrywers word uitgelig; en 'n reeks gedigte uit die SWART KOMBUIS wat gaan om die "Kombuis van Hera" word ontleed.

Daarop volg 'n hoofstuk oor die engelekore of -hiërargieë in Joodse, middeleeuse en moderne beskouing; oor verskillende maniere waarop engele waargeneem kan word; en oor die goeie en bose engele.

Hoofstuk VII handel oor die begrip van die gevalle engel, opstandige Lucifer, as skenker van die beperkende illusie-kennis van die sondeval. Veral DIE SKITTERENDE WOND sien sondeval-kennis ("die kennis van goed en kwaad") as verwonding. Die vraag na die ontstaan, die gevolge, en uiteindelik die metamorfose van die kwaad tot genesing - van "kennis" tot "wysheid" - loop deur na later bundels. In Hoofstukke VII en VIII word daar dus gepoog, hoe ontoereikend ook al, om 'n oorsig te gee van die hele gemoeidheid van die digteres met die probleem van die kwaad.

Hoofstuk IX is moeilik om op te som, daar dit te doene het met die innerlike ontmoeting van die mens met die diep Grond van sy wese, waarmee dan ook saamhang dat sy verhouding tot die buitewêreld getransformeer word. - Die engel-ontmoeting gaan oor in iets groters. - Daar word meer rondom die onderwerp geskryf en 'n leemte word bewustelik gelaat wat die leser self kan aanvul, uit sy eie hart, studies of ervaring.

Hoofstuk X, oor kringlope, handel steeds oor geeskragte wat binne die aardse werk, en die konsep van natuur en gees wat mekaar in die stroom van die tyd aanvul.

Hoofstuk XI sluit af met 'n ontleding van die 1983-gedig Wonder (M 24), waarin die polariteitsverskynsel self as wekroep tot navraag beskou word: boodskap van die engel op aarde. Die "Vraag" word in hierdie hoofstuk belig deur verwysing na Parsifal se soektog na die Graal, wat deurgaans as argetipe-beeld van 'n menslike ontwikkeling of moderne "inisiësie" ter sprake kom. Daarop volg 'n kort opsommende Nawoord.

Deur die gang van die studie word daar gehoop om vir die leser uit te spel - deur die ontleding van sekere gedigte, en die byhaal van aanhalings uit verskeie gebiede - 'n lyn van menslike ontwikkeling soos uitgebeeld deur Sheila Cussons: wegval uit die hemelse in aardse gespletenheid in tot 'n hervind van die hemelse deur middel van die aardse self, sodat 'n nuwe en hoër eenheid in vooruitsig gestel word.

Die digteres word gelei deur dieselfde verlange na "heiligheid en volledigheid" wat Van Wyk Louw aan die end van die Groot Ode uitspreek. Dis asof die alchemistiese taak wat Dirk Opperman hom aanvanklik gestel het, om "die engel uit die klip" tevoorskyn te laat kom, deur Sheila Cussons verder

gevoer word namate "bo-natuur" vir haar opleef uit die mineraal-aardse.

In die loop van hierdie studie het dit nogmaals duidelik geword hoe diep Sheila Cussons se digwerk saamhang met dié van D.J. Opperman en Van Wyk Louw. Sy het saamgeleef met die gedagte van beide digters, wat sy ook persoonlik goed geken het. Daarom is dit soms nodig om af te dwaal in 'n ondersoek van hulle werk, ten einde beter te kan verstaan hoe sy hulle komplementeer en aanvul.

Dis asof sy, ligter, in die driehoek van 'n gimnastiekvertoning op die skouers van die twee sterkes staan en tegelykertyd bo hulle uitstyg; sodat al drie ewewaardig is, verenig in kruis-en-dwars-verwysing na dieselfde werklikhede.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK I

- 1) Vgl. Evelyn Underhill, MYSTICISM, deel 2, The mystic way.
- 2) Vgl. Rudolf Steiner, DIE GEHEIMWISSENSCHAFT IM UMRISSE, pp. 330-390, en elders.
- 3) Die verwysing is na 'n tekening wat Sheila Cussons op hoërskool in Worcester aan Sophie Kritzinger gegee het.

Paula, die karakter in W.A. de Klerk se DIE UUR VAN VERLANGE wat na aanleiding van kennismaking met Sheila Cussons geskep is, teken ook 'n engel in haar brief. En in die digteres se briewe aan Dirk en Marie Opperman in die veertiger jare is daar soms tekeninge van 'n engel of gevalle engele. Ná 'n besoek van die digter A. Roland Holst skryf sy aan hulle: "Ek is bly dat ek met hom kon gesels het; ek voel my soos Couperus se Psyche met die swak vleueltyes wat van ver af opkyk na 'n goud-en-silwer Chimera wat huiswaarts vlie na sy koninkryk van die toekoms."

Sy het vir Holst 'n pentekening gegee van "Drie Gevalle Engele". Sy beskryf hulle as "meedoënloos", "roekeloos en mooi". (2 Sept. 1946) Oor 'n sketsie met twee figure en "een witte meeu" skryf sy van die linkerkantse figuur: "Dit is 'n Engel: nie die soort met vlerke en stralekrans nie - sê maar die ander Ego." (4 Nov. 1946)

A. Roland Holst, wat sy nog voor haar vertrek na Europa ontmoet het, het 'n invloed gehad op haar vroeë werk. Veral GESTALTES 1947 suggereer soms iets van sy styl en stemming - vergelyk bv. De Gouden Plein, IN BALLINGSCHAP, p. 179f.

Ook hy verlang na 'n voorwêreldlike Paradys. Hy skrywe oor die sien van blink gedaantes, die weervind van 'n gestorwe geliefde, en die ontmoeting met sy "genius", 'n "stralende", "van overzee" (Een Winterdageraad, IN BALLINGSCHAP, p. 85).

Starend verrezen in der helderzienden zwijm,
 een stralende, die - bij dat winterdageraden
 des levens - mij van overzee in het geheim
 kwam nemen van een heldren dood.

- 4) Die Griekse idea hou verband met die ww. horaō, "om te sien" (aoristus eidon).

"Die Bilder ergaben sich dieser Bewusstseinsart unmittelbar, etwa in der Weise, wie heute - nur sehr viel verworrener - der Traum mit bildlich-symbolischen Inhalten operiert. Diesen 'eidetische' Bewusstsein lebte in imaginativen Formen und bedurfte keiner gedanklichen Erläuterung, weil ihr Sinn im Auftauchen der Bilder instinktiv gefühlt wurde. Das 'Erkenntnis' -Bedürfnis jener Zeiten fühlte sich voll befriedigt im Erleben der Imaginationen, während wir Heutigen sie in die Sprache des Gedankens übertragen müssen. Dabei zeigt sich, dass echte mythische Sinnbilder niemals ganz in Begriffen einzufangen sind. Es bleibt stets ein Rest übrig, der sich nur mühsam durch Umschreibungen andeuten lässt, weil in jenen Inhalten nicht nur lebendige Gefühls- und Erlebniswerte mitschwingen, sondern auch Kraftströme geistiger Art wirksam werden, die schlechterdings vom intellektuellen Begriffsvormögen nicht zu fassen sind. So muss man sich bei allen Deutungsversuchen dessen bewusst bleiben, dass sie nach Inhalt und Umfang ärmer und geringer sind als die Erlebnisse, deren die Alten teilhaftig wurden." (Alfred Schütze, MITHRAS, p. 61f)

("Die beelde het direk tot hierdie soort bewussyn gekom, omtrent soos vandag - net baie meer verward - die droom deur simbool/prentinhoud werk. Hierdie 'eidetiese' bewussyn het geleef in imaginatiewe vorme en het geen dink-verklaring nodig gehad nie, omdat die sin instinkmatig aangevoel is in die opduik van die beelde; terwyl ons mense van vandag hulle eers vir ons in die taal van die denke moet oordra. Sodoende word dit duidelik dat egte mitiese sinnebeelde nooit heeltemal in begrippe vasgevang kan word nie. Daar bly steeds 'n res oor wat net moeisaam deur omskrywings aangedui kan word, terwyl in die oorspronklike inhoud nie net lewendige gevoels- en beleweniswaardes mee-pulseer nie, maar ook kragstrome van geestelike aard aktief word, wat uiteraard glad nie deur die intellektuele begripsvermoë kan ingeneem word nie. So moet 'n mens by alle pogings tot verduideliking, daarvan bewus bly dat hulle in inhoud en omvang armer en geringer is as die belewenisse waarin die mense van die antieke tyd deel gehad het.")

Alba Bouwer praat in gesprek van "prentjiesdink" by die bruinmense.

- 5) Vgl. bv. B.G.M. Sundkler, BANTU PROPHETS IN SOUTH AFRICA, pp. 206, 207, 261, 265-274.
- 6) Pleroma is 'n Griekse woord wat "volheid" beteken. Christus as die Pleroma is Christus in sy hoedanigheid as die Volheid of Volkomenheid van alles wat bestaan. Vir Paulus se toepassing op Christus, "...die volheid van Hom wat alles in almal vervul", vgl. Ef. 1:9, 10 en 18-23; Ef. 3:14-19, en veral die diepsinnige Kol. 1:15-20 wat die skeppingsverhaal van Joh. 1 herhaal: "want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemel en op die aarde is, trone sowel as heerskappye en ower="

hede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape..."

En verder uit die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling van 1983, oor die weerherstel van hierdie eenheid:

... God het besluit
 om met sy volle wese in Hom te woon
 en om deur Hom alles met Homself te versoen.
 Deur die bloed van sy Seun aan die kruis
 het Hy die vrede herstel,
 deur Hom het Hy alles op die aarde
 en in die hemel met Homself versoen.

"Trone", "heerskappye", "owerhede" en "magte" is natuurlik name van hoër engelrange, in Grieks thronoi, kyriótetes, archai en exousiai.

"In Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge". Al die opeenvolgende engelerange of -kore is een lewende eenheid saam met die ryke van die natuur, en Christus is dan hierdie Eenheid van die heelal as harmoniese geheel....

Die begrippe pleroma en pleromisasie is belangrik vir Teilhard de Chardin, wat die denke van Sheila Cussons beïnvloed het, in sy beeld van die evolusie van aarde en mens. Christopher Mooney wy die vyfde hoofstuk van sy boek TEILHARD DE CHARDIN AND THE MYSTERY OF CHRIST aan Church and Parousia, Creation as a Christogenesis towards the final plenitude of Christ. (Parousia = die sg. "Wederkoms" van Christus.)

Paulus se Pleroma "means most probably the plenitude of being, both fullness of divinity and fullness of the universe the whole of the cosmos filled with the creative presence of God." (p. 147) "The Church's destiny, therefore, is to be the true carrier of human evolution towards Christ-Omega between the Resurrection and the Parousia... The gradual building up of the Pleroma is thus seen to be the unique purpose of true human progress (i.e. the movement of

radial energy towards higher consciousness) and, conversely, no earthly enterprise may may rightfully be called progress in the true sense unless it contributes in some way to the gradual growth of the true Body of Christ" (p. 167). "...By Him all things have been created, sanctified, vivified. That is the constant and common teaching of St John and St Paul." "...He is Alpha and Omega, beginning and end, foundation-stone and keystone, the fullness which fills all else. He who consummates and stabilises all things..." "The prodigious extent of time before the first Christmas was not void of him but penetrated throughout by his powerful influence." ... "(God) willed his Christ, and in order to have his Christ he had to create a world of the spirit, man in particular, in which Christ would germinate; and to have man, he had to launch the enormous movement of organic life..." (p. 169) "...In a metaphysic of union the three fundamental 'mysteries' of Christianity (Creation, Incarnation, Redemption) are seen to be but three aspects of a single mystery of mysteries, that of Pleromisation, or the reduction of multiplicity to unity." (p. 176) "...Because all the lines of the world converge and knit themselves together in him, it is he who physically and literally gives his own stability to the whole structure of matter and spirit. It is consequently in him as 'Head of creation' that the fundamental cosmic process of cephalisation, in its universal extent and supernatural depth, and yet in harmony with all the past, culminates and draws to its close..." (p. 177)

Beide die evangelies se beeld van die saad ("germinate") en Paulus se beeld van die kop ("cephalisation" ← Latyn: cephalus) kom saam voor in Sheila Cussons se gedig Pleroma; en ook is hulle teenwoordig by Teilhard de Chardin, in sy vereniging van wetenskaplike evolusieteorie met kerklike verlossingsleer.

Op die biologiese evolusie van die biosfeer volg vir hom na die koms van die mens, bewussynsontwikkeling in die "noösfeer" (Grieks nous = "gees"). "Daar is geen keer aan die noösfeer" (SJ 8).

Organiese parallelle vir geestelike prosesse kulmineer dan by Sheila Cussons, in haar Pleroma-gedig (SK 24), in die mitebeeld van Minerva wat uit die kop van Vader Zeus gebore word; en dié dui weer op die "ontkieming" as 't ware, van Christus se volheid uit die denke van die brein ('n "Christogenese" uit die "noösfeer"). Die doringkroon van kwellende denke word 'n stralekrans van wysheid, die donker saad 'n oes van lig. Die ontwikkeling loop (Aquinius) deur denke van die brein na 'n hoër wysheid (Minerva): natuur tot bo natuur. Die siklus van die koring se groei word transparant ("diaphanous") vir die geestes= proses op hoër vlak van Christusgroei in mens en aarde. En terwyl die kleinere die grotere weerspieël, is daar terselfdertyd op elke vlak 'n groei van klein na groot toe; 'n komplekse dinamiek, na die in die Alpha reeds teenwoordige Omega toe.

Vgl. ook die artikel van Rev. P.D. Overfield, Pleroma: A study in Content and Context, in "New Testament Studies", Vol. 25, No. 3, April 1979.

Hélène Kesting, 'n ander religieuse digteres in Afrikaans, gebruik die begrip pleroma meer in die sin van die vroeë Gnostici (in haar nog ongepubliseerde bundel PELGRIM). Vgl. vir hierdie gebruik van die begrip ook R. McL. Wilson, GNOSIS AND THE NEW TESTAMENT ("the Valentinian technical use of this term for the totality of the higher aeons", p. 56, en elders).

- 7) Vgl. vir die ontwaking van 'n nuwe geestesbesef uit die wetenskap uit,werke soos Ernst Lehrs, MAN OR MATTER, INTRODUCTION TO A SPIRITUAL UNDERSTANDING OF NATURE ON THE BASIS OF GOETHE'S METHOD OF TRAINING OBSERVATION AND THOUGHT; Charles Davy, TOWARDS A THIRD CULTURE; Michael Talbot, MYSTICISM AND THE NEW PHYSICS, ens.
- 8) Vgl. ook Marthinus Versfeld, The Yin and Yang in Christian Culture in OUR SELVES. Yin en yang is ou Chinese terme vir die teenoorgestel=des en komplementêre pole van die bestaan.

HOOFSTUK II

"Europa lê in puin"

Die Gotiese toring vertel en ontwyk
wat dit vertel, reik op met gebaar van
gebeitelde vlerk en arabesk na wat
ontembaar altyd buite gestalte bly.

GS 29

Waar eertyds boodskappers onthul
by dorsvloer en by dorp en put,
die hele dag se brand kon vul
met heiliger glans, lê nou die blink
groen skerwe van hul stede stil

Van Wyk Louw, Die Doper in die Woestyn

Sheila Cussons se eerste bundel PLEKTRUM begin soos met 'n groot akkoord
met 'n sterk engelgedig.

1945

Europa lê in puin; 'n swart koerantberig,
staccato, stomp; 'n oggendteegerug.
Europa is 'n krater in die firmament, niks meer.

Maar deur die blokkiesraaisel van verstarde staal
tuimel die reëngrou duiwe heen en weer,
hunkerend na broeityd, neste op die plein
en paring bo die swart verminkte katedraal.

'n Aartsengel lê in die reën se silwer glans en stil verteer
die roes sy silwer vlerk, die kosmos van sy silwer brein.

PL 1

Dis verbasend hoe PLEKTRUM soos 'n ouverture so baie van die temas wat
later ontwikkel word, reeds aangee. Miskien ook omdat die digteres nadink
oor die vroeër gedigte, sodat sommige van hulle direk aanleiding gee tot
later voortsettinge: Laat engel tot Engele in DIE SAGTE SPRONG bv.
(PL 7, SS 50); of die "hut"-gedigte (PL 24, VV 24, SW 31). In die
tweede gedig van PLEKTRUM is daar reeds 'n beeld van die multiforme oog

wat oopgaan¹⁾; sowel as, indirek in die Leda-verwysing, die tema van die hieros gamos (die Heilige Huwelik tussen hemel en aarde²⁾) wat so sentraal sal ontwikkel, van Mars/Venus-storm (PL 18) tot die reinste vereniging van Immaculata (SW 81). Die pêrel, beeld van transformasie en kennis gewin deur smart (PL 3) vind ons eweneens weer later in Glo ek... (SK 10) en in die "pêrelblind"-verwysings (PL 6 en SK 10). Trouens, die pêrel is reeds 'n eerste skitterende wond: die knaging wat juweel word.³⁾

PLEKTRUM bevat reeds 'n eerste Abélard-gedig, en sluit met 'n gebed soos 'n voorwete: "Magneet, wat ek sal ken!" Later, in Die dief en die digter (WB 28) vertel die digteres hoe ver "Christus die magneet" 'n skrywer kan voer tot "die volste ontplooiing van sy vermoëns", aards en na-aards.

Soos die Abélard-en-Héloisebeeld, sluit ook die gedigte oor Lucifer, die opstandige engel, by die denke van Van Wyk Louw aan.⁴⁾ Sy sal nog lank peins oor die gevalle engel en die oorsprong van die kwaad, sal déurdink met die hulp van Aquinas en Teilhard de Chardin in die hoop om eindelik "enduit geryp" te staan in die lig van Christus. - In die later bundels skyn die aandag meer te skuif van oorsaak tot gevolg van die kwaad: boete en versoening, soos in die "Furie en die oorvloedige Bloed" van DIE WOEDENDE BROOD se titelgedig (WB 19). Verwikkelde lyn en later verse soek na aanvaarding van die donkere as deel van die kringloop van lig-en-donker.

o o o o o o o o o o o o o o o o

In die eerste gedig van PLEKTRUM, geskryf aan die end van die Tweede Wêreldoorlog (1945), blyk reeds die wye omvang van Sheila Cussons se belangstelling. Hier is geen bloot persoonlike belydenis nie, hier word die nood gevoel van 'n hele beskawing, 'n hele kultuurperiode, verlede en

toekoms. Die digteres se gevoel op die katedraalplein in die reën, plek en oomblik, groei uit tot 'n vereenselwiging met die hele aardse bestel, reik uit tot in die kosmos. Van voor die skepping tot na die weervereniging sal die godsproses van die aarde al meer haar eie word.

In 1945 vind die leser reeds die stelling van teenoorgesteldes wat so kenmerkend van Sheila Cussons is, met haar styl van paradoks en oksimoron.⁵⁾ Teenoor die swart puin en verstarde staal van die gebombardeerde gebou is daar die organies-lewende toekomsmoontlikheid van reëngrou duiwe hunkerend na paring. Naas die verminkte katedraal, beeld van 'n Europese kultuur wat aan't sterwe is in sy religieuse kern (aarde wat kontak met die hemel verloor het), verskyn daar eintlik twee gevleueldes - die lewende duiwe rondom en bo: die aartsengel onder, 'n gevalle engel, stil standbeeld wat lê en vergaan; maar in die glans van die reën.

Dis 'n laagtepunt-beeld, van 'n "dooie" engel; want die Westerse mens glo mos nie eintlik meer aan engele nie.

Die hele siklus van sterf en opstanding, in natuur en menswees, word reeds met teerheid vermoed in 1945 se prentjie in swart-grys/silwer-glans. Verder in PLEKTRUM is daar die "silwer vlerk" in 'n betekenisvolle opstandingsbeeld, die argetipe van mot of vlinder uit die grafkokon. ("The raiment of the May-moth and the pilgrimage it goes..." was vir die digteres 'n geliefde aanhaling.) Hoewel deur God self so sag verseël, het die doodskokon, in die vervlegte beeld van Japanse Skildery op Sy (PL 9), ook die vaart en impak van 'n koeël wat doodmaak en oopbreek om die hoër gevleuelde wese vry te stel: "'n koeël van 'n dood wat tot 'n vlerk se silwer vlam sal detoneer." Die storie tussen klei en vuur is dramaties en die gevlerkte genius herrys in vlam. - Vuur versinnebeeld - nee, is die saamsmelt van teenoorgesteldes.

Daar kom baie vleuelbeelde in Sheila Cussons se gedigte voor: voëls soos die pou, die arend, Athena se uil, die merel, gans en koekoek, die blou paradysvoël en Leda se swaan, Phoenix en Albatros; selfs gevleuelde insekte ook, vlieë, vuurvliegies en vlinders. Soms is daar net die aanduiding van 'n vleuel - voël of engel? (SK 73) Ook 'n vlieër, vlag, banier, blasoene... in die steeds teenwoordige wind.⁶⁾

Daar is 'n sterk besef van die elemente lug, water, aarde (om van Broeder Vuur, SS 42, die Sonderling, WB 26, nie eers te praat nie): Zeus, die Lug-Vader; Poseidon, die Heer van die Waters; en die Aardmoeder, Gaea - of die Groot Moeder onder haar ander benaminge. "Om aardmoeder en aarde kring haar gedagtes," sê T.T. Cloete.⁷⁾ In DIE SAGTE SPRONG ontwikkel die transformasie-gedagte van Japanse Skildery op Sy nog steeds: "Ek is die aarde: hoor my." Die "klein aarde" wil haarself transendeer, deur die innerlike arbeid van die mens wat homself transendeer, bo homself uit-groei en getransformeer word, in die stilte van God (Op 'n velletjie vergeelde papier in 'n antikwariese boek. SS 63)⁸⁾

Transformasie, heiliging, herrysenis. Die eierdop is leeg,⁹⁾ vleuels vou oop.

In 1945, neutedop-voorspel, is daar dan die duiwe, tuimelend, hunkerend, Aphrodite se vrugbaarheidsvoëls (toekomsdraers van die Heilige Gees) naas die groot katedraal-engel, die aartsengel uit die verlede wat lê en vergaan, vlerk en brein. Twee kontrasterende vleuelbeelde word gebied, een van dood en verlede, een van toekomshoop.

Dis asof die skut-engel van die Westerse mensheid verstar het tot beeld uit verbye geskiedenis, en selfs die beeld nou stil lê en wegroes. Vergaan

Europa in verskriklike stryd omdat die werklikheid van die geestelike sfere wat Europa van oudsher geken het, deur 'n materialistiese denke nie onthou word nie? Wat Sheila Cussons ontdek, vir haarself en vir haar lewers, is die weer-bind van die band tussen hemel en aarde, re-ligio.

Die laaste reël van die gedig open vergesigte, "die kosmos van sy silwer brein." Want dít is wat in die Wes-Europese beskawing grotendeels verlore geraak het: 'n blik op die allesomvattende werklikhede van die geestesvlak wat vir die gewone oog onsienlik is.

Hierdie digteres is 'n denker: by haar is daar geen verwerping van intellek en sy instrument, die brein nie, maar eerder 'n pad deur intellek tot bo-intellek. Deur waarneming en denke sal sy natuur én bo-natuur verken, en uiteindelik die moontlikheid besef om die kosmos in sy eenheid te begin sien asof deur engele-oë.

Die aanhaling voor in DIE SKITTERENDE WOND kom uit Openbaring 4:8 wat die gerubs by God se troon beskrywe wat Hom dag en nag loof: "en hulle was rondom en van binne vol oë." Die nuwe, omvattende blik, die blik wat hemel en aarde versoen, word kenmerkend van Sheila Cussons. 'n Mens kan miskien praat van 'n Poseidon-bewussyn (SS 29, 48, SJ 26, 27) vir 'n Aquarius-tyd, of van die Heilige Gees in 'n apokaliptiese tyd, al na gelang van eie opvattinge; meer as die benaming tel die feit self. Daar word op 'n nuwe manier gekyk.¹⁰⁾

Namate die sien-proses vir haar ontwikkel, praat Sheila Cussons naas die sieners-oog van die ou-wêreldse siklopekind¹¹⁾ wat by die offer in die seegrot ontdek is, (Kombuis van Hera II en Digter II, SK 31,62) ook oor die veelvuldige oog, engele-oog. Hierdie nuwe oë het Christus nie net

innerlik gesien nie, soos in "Christ of the burnt men" (SK 81), maar herken Hom voortaan ook in die hulsels van die aarde (SK 82, Verheerliking). Verby Armed vision¹²⁾ en die Verwonde oog (VV 25) oorwin die oog van die Kind¹³⁾ uiteindelik die dood (Die geen, SW 29). Uit "eie kompos" (VL 8) en die wegsterf van die engbegrensde, vlugtige self - die bloot natuurlike mens - stoot nuwe oë vir die sien van die geesteswêreld op.

Dit lyk asof die "beskouing" waartoe die voorganger in die woestyn nog nie kon vorder nie¹⁴⁾, die digteres ten deel begin val. Wanneer Van Wyk Louw Teresa van Avila aan die woord stel (die groot Spaanse mistikus, skryfster en raadgeefster sowel as praktiese organiseerder van melitasie-gemeenskappe) dan is dit om te beklemtoon dat die gawe van visioen nie noodsaaklik is vir die saligheid nie.¹⁵⁾ Maar Sheila Cussons sien die mistikus met haar gepynigde liggaam in 'n ekstase van gebed:

Sy bid en deur die transpartheid van die gebed
sien sy die hooi op die land
en deur die transpartheid van die hooi
en die land sien sy die woorde van haar gebed...

VV 1

Vir Cussons is Teresa die beeld van iemand wat uitgroeï verby "single vision."¹⁶⁾

En die digteres aanskou met haar verdiepte blik nie net "minute particulars" al meer in 'n nuwe lig nie (seep of tandeborsel, wind en weer, vlieg of vuur= vlieg); daar kom ook 'n beseef van die heelal in sy eenheid, uit en tuis, Alpha tot Omega.

Himne in wit (SK 65) word 'n eietydse loflied op die kosmos: op "my kosmiese Christus" (SK 81), die Woord van begin tot end wat alle sirkel= gange van die hiërargieë, van ruimte en van tyd, skeppend bevat; en drá in 'n musiek van die sferes oneindig groot.¹⁷⁾

Die jode-engel kom en sing
 van die Elohim, die Elohim, die Elohim,
 die gerubim, die gerubim, die gerubim,
 die serafim, die serafim, die serafim,
 die engel sing, die kantor sing, die kantor sing.
 Abraham loop oor die hete land, hete land, hete land,
 klou aan sy lendedoek, die lendedoek, die lendedoek,
 die blaaië dwarrel dwarrel op dwarrel uit die Tora-boek:
 meer as die korrels van die sand, van hierdie sand
 sal wees jou nageslag, j'ou nageslag, en Dawid sloeg
 sy harp en sing, die kantor sing, die engel sing
 'n elektroniese himme op die vuurwit, witte, wit heelal.
 Toe spring die boom, die boom van Jesse, die boom van Jesse
 en bloei 'n wit amandelblom, amandelblom, amandelblom
 bo op die kruin van Jerusalem, Jerusalem, Jerusalem:
 elektroniese himmes sing die smettelose, smettelose
 smettelose Lam
 wat uitskreeu op die laaste noot 'n donderende
 donderende, donderende witte vlam:
 om die heelal, die wit heelal se rondtes knal
 Ek is die Alfa en die Omega
 wat die skepping, sterrestelsels, wit heerskare, wêreld dra.

Hy is die kosmos; is die Waarheid; is die herbore denke wat dit kan begryp.

So 'n blik, moet 'n mens ook sommer dadelik sê, reik uit ver bo verskille van kerkverband of teologie en behoort tot die ecclesia as geheel, die "gemeenskap van die heiliges" waarvan 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis praat.

Tot hierdie opstandingsdenke is 1945 die roering van 'n voorspel. By die sien van die engel begin Sheila Cussons se digbundels.

En uit die engelkonfrontasies van PLEKTRUM - die Lucifer-gedigte Die Gevallene, Lucifer en Count-off (PL 5,8,23); Wandtapyt en veral Laat Engel (PL 10, 7) - ontwikkel dan enersyds 'n geleidelik groeiende herkenning van die opstands-engel as die bose, en teëstand teen sy verleidinge; en aan die ander kant ontmoetinge van stilte en ineenvloeiing met diep Wesenlikheid. Hoewel daar skaars van duidelike ontwikkelingslyne gepraat

kan word, word daar tog gepoog om in Hoofstukke VII - IX die twee rigtings na te gaan.

'n Belangrike wending kom in die gedigte wat dui op opstanding, wedergeboorte, herstel van liggaam en aarde. Hier kan die Kombuis van Hera-gedigte in DIE SWART KOMBUIS seker as 'n kern en uitstralingspunt beskou word, wat dan onder andere lei tot gedigte soos "Christ of the burnt men" en Verheerliking: oor Christus-visioen.

Die Christus-metamorfose is 'n deurlopende tema in DIE SKITTERENDE WOND en verder; die kruis wat opstanding word in die lewe van Prototipe ("Mensverteenvoorder") sowel as dissipel -

daardie ontsaglike Son-Hy
wat straal uit my krusifiks se goue kéérsy.

M 32

Ná die metamorfose van DIE SWART KOMBUIS, skyn PLEKTRUM se aanvanklike blik op bonatuurlike teenwoordigheid dan in die volgende digbundels in twee teenoorgestelde rigtings te ontwikkel. Die duiwelse en die goddelike word skerper gedifferensieer.

Die drade verbind egter weer later, op 'n manier, wanneer die gevalle of neergedaalde engel herken word in die wonder van lig en donker op aarde. Die onskeibaarheid hier benede van lig en donker, engel en aarde, kom tot uiting in beelde van sirkelgang, en in die gedig wat in die laaste hoofstuk behandel word, Wonder (M 24).¹⁸⁾

Hoewel die ou katedraal-engel van 'n vergange kerk-vorm in 1945 onherroeplik vergaan, herrys daar in Wonder 'n nuwe besef van die goddelike wat spreek uit die diversiteit van die mens self. Want die mens self word uiteindelik

gesien as die engel geval op aarde, kan 'n mens sê, wat herrys uit die stof tot 'n hoër lewe en 'n meer omvattende bewussyn. Dubbelsinnig soos die gespikkelde Feirefiz van die Graalverhaal dans die bruindogtertjie in hierdie gedig deur die park.¹⁹⁾

Die gespletenheid van lig/donker, mooi/lelik lyk vir die digteres uiteindelik soos 'n engelwekroep wat die mens dwing tot wonder en vra: tot die Vraag na herkoms en bestemming wat uitmond in hernieude besef van die mens se Godsverbondenheid.

So word daar beweeg van eenheid deur gespletenheid na nuwe sintese.

Glory be to God for dappled things -
 ...Whatever is fickle, freckled (who knows how?)
 With swift, slow; sweet, sour; adazzle, dim;
 He fathers-forth whose beauty is past change:
 Praise him.

Gerard Manley Hopkins, Pied Beauty

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK II

- 1) Tuin (PL 2). Vgl. Kombuis van Hera I (SK 20):

Roep die pou, die pou se vure
roep die iris en die helder ure

Zeylmans van Emmichoven sê: "The esoteric lore of the Middle Ages knows of many birds; the raven is the messenger in die realm of sense perceptions; the peacock, its gorgeous fan studded with eyes, is the picture for imaginative consciousness. Then follows the swan, of which legend relates that it only sings once, namely when it is dying; it represents inspirational consciousness. Finally comes the pelican, who feeds its young 'with the blood from its breast', which means that it gives its blood in sacrifice; this is the picture for intuitional consciousness." (THE REALITY IN WHICH WE LIVE, p. 169)

In die alchemie hou die pou-oë verband met 'n sekere stadium in die "Groot Werk" van transformasie (van stof en gees wedersyds), waar beelde in reënboogkleure voor die innerlike oog sou begin verskyn. Vgl. bv. die aantekening by 'n illustrasie uit 'n 15de-eeuse alchemistiese werk: "The lady is Iris, the rainbow, Juno's messenger and harbinger of death to women... To release the souls of women, in alchemy, means to sublime the volatile parts of the residue after the nigredo (= swart), thus producing the rainbow colouring which is called the Peacock's Tail." (S.K. de Rola, THE SECRET ART OF ALCHEMY, illustrasie 57)

- 2) Die term hieros gamos of "Heilige Huwelik" dui veral op mites en rituele gegrond op die gedagte van 'n huwelik tussen Hemelvader en Aardemoeder, wat die voedende plante laat uitspruit. J.G. Frazer, met sy belangstelling in die heilige Priesterkoning as verteenwoordiger van die god, was onder die vroegstes wat weer by die moderne wêreld

tuisgebring het hoe grondliggend dié beeld in antieke tye was - Egipte, Mesopotamië en nog vroeër - en hoe reste daarvan nog voortleef in menige halfverstane gebruik (THE GOLDEN BOUGH, A STUDY IN MAGIC AND RELIGION). Frobenius stel dit in Afrika-konteks met die Shona Maan-koning-legendes van ERYTHRAA en elders. Jane Harrison (THEMIS, A STUDY OF THE SOCIAL ORIGINS OF GREEK RELIGION) haal in haar hoofstuk oor die vroeg-Griekse Lentefees en die afbeeldinge op die Haga Triada-sarkofaag van Kreta (Hoofstuk VI) 'n fragment uit Aischulos aan (p. 176) waar Aphrodite sê:

Lo, there is hunger in the holy Sky
 To pierce the body of Earth, and in Earth too
 Hunger to meet his arms. So falls the rain
 From Heaven that is her lover, making moist
 The bosom of Earth; and she brings forth to man
 The flocks he feed, the corn that is his life.
 To trees no less there cometh their own hour
 Of marriage which the gleam of watery things
 Makes fruitful - Of all these the cause am I.

(Gilbert Murray se vertaling)

Sy voeg by: "...when Aphrodite made her great speech, there was not an initiated man in the theatre but would remember the final ceremonial of the Eleusinian mysteries - how, looking up to heaven they cried aloud hue! - 'rain!', and looking down to earth, kue! - 'be fruitful!' "

Eleusis was die misteriesentrum net buite Athene waar omtrent 'n duisend jaar lank, in strengste geheimhouding, Atheners ingewy is in die geheime van die Koringmoeder Demeter en haar dogter Persephone; die geheimenis van die koringkorrel wat sterwe om vrug te dra. (Vgl. Herman von Skerst, DER UNBEKANNTE GOTT, GRIECHISCHE MYSTERIENSCHAU UND CHRISTLICHE ERFÜLLUNG).

Op p. 180 van die aangehaalde werk vertel Jane Harrison die storie

van die huwelik tussen Zeus en Hera. Zeus, die luggod van blits en donder, het 'n groot storm veroorsaak en in die storm as 'n koekoek onder Hera se mantel kom skuil. Sy het hom jammer gekry, maar hy het haar beetgegryp en gedwing om met hom te trou. Die blitsstorm is hulle huwelik en die koekoek, teken van lentevernuwing, bly die beeld op haar septer.

Lugvader Zeus het baie verbintenisse aangegaan, hoewel almal miskien uiteindelik met afskaduwinge van die een "White Goddess." Na Semele kom hy as 'n reën van goud (vgl. Louw, TR 81), na Leda as 'n langnek=swaan (geliefde onderwerp van skilders). Tuin (PL 2) verwys na hierdie swaneliefde. Uit die eiers kom Castor en Pollux, Klutaimnestra en Helena van die Trojaanse oorlog (Swaan oor Leda, SW 17) - In 'n rympie in 'n vroeë sketsboek krabbel Sheila Cussons al oor die kinders uit die eier, "fair Helen of Troy" en "the starry twin boy".

Swaar Storm in die Aand (PL 18) is gegrond op die verhaal wat in die 8ste boek van die Odusseia vertel word. Die donderstorm is hier die verbintenis tussen oorlogsgod Ares en Aphrodite (Mars en Venus), met haar eggenoot, die kruppel smid Hephaestos (Vulcanus) op die agtergrond.

In die storm van By 'n Landskap van Hercules Seghers, PL 17:

en die wit Skrik angel uit die wolk
wat ruimte en metaalaar sal smee

Let op angel as ww. met die gelyktydige suggestie van blitsige, selfs falliese, angel, Engelse ww. angle = skerp vishoek afgooi; en die engel gesuggereer deurdat Skrik met 'n hoofletter gespel word.

In talle verse bevestig Sheila Cussons 'n oomblik van eenheid tussen

gees en vlees in die beeld van die verbintenis hemel-en-aarde. So word die Heilige Huwelik ook 'n indirekte beeld van die weerlig-oomblik van poëtiese inspirasie: "dans" in Woord (SK 60), die vuur=vliegje-huwelik van Engele en Feërie (SS 50 en 8), die reëndruppels van Kennismaking (SK 26).

"...dat die Woord met spúúg kon hu" sê Respyt (SJ 16). Die inkarnasie is 'n huwelik tussen hemel en aarde. "Die Woord het vlees geword" (Johannes 1). In die skone Immaculata (SW 81) is die aarde 'n smettelose, gereinigde bruid, die Onbevleete (vgl. Klein Ballade, SK 20), maagdelike moeder.

O sagte majesteit van stof en gees
so smetteloos verbind: weerspieël
die reënrein wêreld u, of straal
weerspieëld in u 'n hervonde paradys?

(Die herhaalde klanke in "reënrein" is self soos beeld en spieëlbeeld.)

"Een kenmerk van het vrouwelijk denken", sê Pater Gijs Bouwman "is het gevoel voor eenheid, voor totaliteit. In het denken van deze vrouwelijke religies" - hy praat van die Kanaänities-Feniciëse - "vierde men de oorspronkelijke eenheid door 'vermenging' van wat gescheiden was. Op de eerste plaats door geslachtelijke vermenging." (DE VROUWELIJKE WAARDEN IN DE THEOLOGIE VAN PAULUS, p. 34).

Ook in 'n gedig soos Jakov Wüst en die Kabbala (WB 5) bv. staan die indaling van die lig in die duisternis in, of godlike Alheid in die enkelmens in, in die teken van Liefde.

Die Heilige Huwelik is ook, soos die huwelik van Prins en Prinses in die sprokies, of die eindhuwelik in die hemele (Mattheus 22, 25;

Openbaring 19:6-9) 'n sinnebeeld van die vereniging tussen die mens en sy hoër goddelike Self. Die mens is "die brug tussen twee wêrelde", "huwelik van stof en gees / enig in die heelal." (SW 59)

- 3) Die beeld van die Skitterende Wond kan seker ook gekoppel word aan 'n assosiasie uit kinderdae, soos beskryf in *GESTALTES* 1947, p. 12: 'n groot wond-litteken wat 'n familielid aan die gefassineerde kind gewys het, waar die vel verkleur en blink was.
- 4) Vgl. N.P. van Wyk Louw, Abélard en Lucifer, (HK 31, 10) en Lucifer II (TR 70).

Opperman sê in *WIGGELSTOK* oor verset by van Wyk Louw: "Hy praat een plek van 'n kelkie wat hy in 'n god se gesig stukkend gooi (later verwyder hy dié jeugstrofe)" (p. 59).

- 5) Edith Raidt sê in 'n bespreking oor Hadewijch dat alles mistici hou van paradoks en antitetiese parallelismes. (Die visioen as literatuur, "Tydskrif vir Geesteswetenskappe", Jaargang 22 Nr. 1, Maart 1982, p. 49)
- 6) Vgl. M.H. Abrams se artikel oor die wind in *ENGLISH ROMANTIC POETS, MODERN ESSAYS IN CRITICISM* wat hy geredigeer het: The Correspondent Breeze: A Romantic Metaphor, p. 37 ff.

"That the poetry of Coleridge, Wordsworth, Shelley, Byron should be so thoroughly ventilated is itself noteworthy; but the surprising thing is how often, in the major poems, the wind is not only a property of the landscape, but also a vehicle for radical changes in the poet's mind" (p. 37).

"The wind, as an invisible power known only by its effects, had an even greater part to play than water, light and clouds in the Romantic revolt against the world-view of the Enlightenment. In addition, the moving air lent itself pre-eminently to the aim of tying man back into the environment from which, Wordsworth and Coleridge felt, he had been divorced by post-Cartesian dualism and mechanism. For not only are nature's breezes the analogue of human respiration; they are themselves inhaled into the body and assimilated to its substance - the 'breezes and soft airs', as Wordsworth said, 'find (their) way/ To the recesses of the soul,' and so fuse materially, as well as metaphorically, the 'soul' of man with the 'spirit' of nature. Lastly, the Romantic wind is typically a wild wind and a free one..." (pp. 51, 52).

- 7) Die Vaderland, 20 Desember 1979
- 8) Vgl. Paulus se Brief aan die Romeine 8:18-22 oor die rol van die "kinders van God" in die vrymaking van die aarde. "Want die skepping wag met reikhalssende verlanse op die openbaarmaking van die kinders van God... die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlijkheid van die kinders van God..."
- 9) Vgl. ook die einde van Wit-spel, SK 72
- (vlam in die koue dan, pyrocantha!)
eierdop en marmarsteen
- Eierdop en grafsteen word gelykgestel, en uit hulle koue vlam die "vuur-blom" te voorskyn.

In Herinnering en bespiegeling (SK 80) word die witgekalkte buitelatrine, 'n plek van ontbinding deur kalk ontsmet, "daardie ligte eierdop van wit kalk vir die gees..."

Ander gedigte met die eier as beeld is SK 1, VV 14, 28, SW 17, SS 12. Belangrik is ook die henkoekoek van Kombuis van Hera omdat sy, volgens die digteres, 'n eier kan lê wat die bak van die nuwe koek moontlik maak; en die liggaam as 'n "windeier" waaruit die arendsgees van Emily Dickenson ontsnap in Die Eensame van Amherst (VL 6).

- 10) Vgl. wat Teilhard de Chardin, die priester-wetenskaplike, skryf oor die ontwikkeling van die oog in biologiese evolusie, sowel as oor sy eie begeerte om 'n wyer siening oor te dra:

"Seeing. We might say the whole of life lies in that verb - if not ultimately, at least essentially. Fuller being in closer union; such is the kernel and conclusion of my book. But, let us emphasize the point: union increases only through an increase in consciousness, that is to say in vision. And that, summarized as the elaboration of ever more perfect eyes within a cosmos in which there is always something more to be seen... To try to see more and better is not a matter of whim or curiosity or self-indulgence. To see or to perish is the very condition laid upon everything that makes up the universe, by reason of the mysterious gift of existence... I repeat that my only aim in these pages, my whole driving power, is to try to see; that is to say, to try to develop a homogenous and coherent perspective of our general experience extended to man. A whole which unfolds."

(Uit THE PHENOMENON OF MAN aangehaal deur Christopher Mooney in TEILHARD DE CHARDIN AND THE MYSTERY OF CHRIST, p. 14)

- 11) Die siklope was volgens die Grieke eenoogwesens wat deel gehad het in die wêreldskepping, metaalsmede. Die Titane het hulle later opgesluit in Tartarus, diep onder die grond, waar Zeus hulle bevry het, en as dank het hulle hom sy donkerkegel gegee as gooi-wapen. Vgl. bv. Robert Graves, THE GREEK MYTHS I, pp. 32, 37, 40.

Rudolf Meyer skryf soos volg oor die oog-in-die-middel-van-die-voorkop: "Überall, wo die einäugigen Gestalten auftreten, wird auf jenes hellische-rische Urbewusstsein hingedeutet, das an ein ehemals leuchtendes, heute aber längst erloschenes Organ im Menschen gebunden war. Die Zirbeldrüse ist, nach der Schilderung der Geisteswissenschaft, das verkümmerte Überbleibsel eines uralten Licht und Wärmeorgans, welches oben vom Haupte seine ätherischen Strahlungen ausgehen liess und damit in traumhafter Weise die Umwelt wahrzunehmen vermochte. Es war gleichsam das 'Auge' des altantischen Menschen" (DIE WEISHEIT DER DEUTSCHEN VOLKSMÄRCHEN, p. 85f).

("Orals waar daar van die eenogiges sprake is, word daar gedui op daardie heldersiende oerbewussyn wat gebonde was aan 'n vroeër ligstralende maar nou lank reeds gebluste orgaan in die mens. Die pineaalklier is, volgens die skildering van die geeswetenskap, die verskrompelde oorblyfsel van 'n oeroue lig- en warmte-orgaan wat bo vanuit die kop sy eteriese uitstralinge laat uitgaan het, en sodoende die omgewing op 'n dromerige manier kon waarneem. Dit was as't ware die 'oog' van die Atlantiese mens...")

Meyer bespreek Odusseus se ontmoeting met die sikloop Poluphemos in Boek 9 van die Odusseë: "Polyphem, der Riese, besitzt noch dieses Fühlorgan. Der Sucher nach dem Geiste begegnet nun in übersinnlichen

Welten den Trägern zurückgebliebener Bewusstseinszustände; sie stellen sich seinem Fortschreiten entgegen und suchen ihn selbst zu alten, dämmerhaften Formen des Erlebens zurückzuführen: Odysseus, der als ein Grieche zur Verstandeswachheit hinstrebt, brennt dem Riesen das uralte Auge aus. (Er heisst Cyklop - 'kreisendes Auge' - nach jenem die Umwelt abtastenden Fühlorgan.) Damit wird Odysseus als ein Sieger über die veralteten, atavistischen Seelenanlagen charakterisiert" (op. cit., p. 86).

("Poluphemos, die reus, besit nog hierdie 'voelhoring'-orgaan. Die soeker na die gees ontmoet nou in bosinlike wêrelde die draers van agtergeblewe bewussynstoestande; hulle opponeer sy vooruitgang en probeer om hom self tot óú skemeragtige vorme van ervaring terug te voer. Odusseus, wat as 'n Griek streef na wakkerheid van verstand, steek die reus se oer-ou oog met 'n brandende stomp uit. (Hy word sikloop genoem - 'sirkelende oog' - na daardie voel-orgaan wat die wêreld rondom aftas.) So word Odusseus as oorwinnaar oor die verouderde, atavistiese vermoëns gekenteken.")

Oor die Grimm-sprokie Eenogie, Twee-ogies en Drie-ogies merk Meyer onder andere op: "Menschen, die sich noch alte Spüpfähigkeiten mitgebracht haben, werden ja dadurch sehr leicht zum Hochmut verleitet... Alle aber, die sich nicht von den alten, chaotisch gewordenen Fähigkeiten trennen können, werden bettelarm. Sie finden nicht den Anschluss an die fortschreitende Zeit" (op. cit., p. 86f).

("Mense wat nog die ou waarnemingsvermoëns met hulle meebring, word daardeur maklik tot hoogmoed verlei... Maar almal wat nie van die ou, chaoties-geworde vermoëns kan afskeid neem nie, word bedel-arm. Hulle vind nie aansluiting by die vooruitgaande tyd nie.")

Friedel Lenz sê in 'n bespreking van dieselfde sprokie:

"Zyklop - man vergleiche Zyklus und Optik - bedeutet der 'Rundherum-Schauende'. Ihm stösst Odysseus mit dem im Feuer gehärteten Pfahle das Auge aus; Griechischer Verstand siegt über atavistisch gewordenes Hellsehen, das einer schon lange abgelaufenen Epoche angehört, aber als ungebändigte Naturkraft da und dort noch zur Erscheinung kommt. Der neuzeitliche Verstandesmensch muss diese rudimentäre Anlage bekämpfen.

"Jedes Kind wiederholt im gewissen Sinne die Frühzeit der Menschheitsentwicklung, und so wiederholt sich bei ihm auch diese Einäuglein-Zeit. Das Kind ist vorwiegend Schlaf- und Traumwesen.

"In manchen, von der Zivilisation noch überührten Volkstämmen ist vereinzelt der Einäuglein-Typ noch vorhanden. Es ist der naturhell-sichtige Mensch, der in Träumen dahinlebt" (BILDERSPRACHE DER MÄRCHEN, p. 95).

("Sikloop - vergelyk siklus en optiek - beteken 'die een wat rondom kyk'. Sy oog word deur Odusseus met die in die vuur geharde paal uitgesteek; 'n Griekse verstand seëvier oor atavisties-geworde heldersienendheid wat tot 'n reeds lang verbye periode hoort, maar as onbeheerste natuurkrag nog hier en daar verskyn. Die moderne verstandsmens moet hierdie rudimentêre aanleg beveg.

"Maar elke kind," sê sy, "herhaal in sekere sin die vroegtyd van die menslike ontwikkeling, en so word by hom ook die 'eenogie'-tyd herhaal. Die kind is oorwegend 'n slaap- en droomwese.

"In baie deur die beskawing nog onaangeraakte volkstamme is die 'eenogie'-tipe nog in enkelinge teenwoordig. Dit is die van nature heldersiene mens wat in drome voortleef")

Sheila Cussons het 'n kinderverhaal geskryf (manuskrip verlore), Dawie Dagster en die Eenoogkindertjies, waar die kindertjies wat die seun op die seestrand kry, afgebeeld word met voelhorinkies sowel as die eenoog (illustrasies by RGN Pretoria).

Met die koms van die eenoog-kind in die Kombuis van Hera-reeks (SK 31, 62) glo ek nie die digteres bedoel 'n volkome teruggaan na die óú, in ons tyd twyfelagtig geworde, heldersiensheid waarop die sg. "derde oog" van die Oosterse godsdienste wys nie - hoewel haar lang verblyf in die hospitaal duidelik deurvleg was met slaap- en droomervarings, en drome en onderdrumpelse ervarings altyd vir haar belangrik bly. Vgl. bv. Id, SK 63, Onderweg na Damaskus, SS 41, ens. Albei hierdie gedigte kontrasteer juis wakkerwees met onbeteuelde droomervaring, en Onderweg na Damaskus stel pertinent Paulus se wakker-visioen (Handelinge 9, 22, 26) teenoor die ongebondenheid van lewe en insigvermoëns in die reeds verbye invloedssfeer van Diana, die Moeder-godin van Efese (Handelinge 19).

Daar word vorentoe gereik verby hierdie stadium om 'n nuwe soort wakker "heldersiensheid" te vind, 'n nuwe self, in die woord (SK 62). Want die eenoogwese - wat as 'insig' getipeer word waar die apokaliptiese sewe oë na die offerbrenger kyk (SK 31, vgl. die 7 kandelare, 7 sterre, 7 geeste voor die Troon in Openbaring) - is tegelyk 'n neutvars, lieflike kind. Bevry uit die donker benede-Tartarus, lyk sy op Job se dogtertjie, wat Leviatan die skrikwekkende onderwêreldmonster, laggend in bedwang hou. (Job 40:20 tot 41:25 vertaal in Afrikaans Leviatan miskien te alleedaags net as "krokodil". 'n Mens sou moet weer waarvan die krokodil in ouwêreldse of Afrika-mitologie 'n teken is om volkome te kan meeleeft in Job se konfrontasie met die wese van die dieptes wat sy ontmoeting met God voorafgaan).

Vgl. ook Aantekening 17 oor die Kind. Hierdie siklopekind moet 'n nuutgebore heldersindheid, helderhorendheid vir die ingegewe woord wees.

Die Kind en die Met-eeen-oog-kykende verskyn as aparte figure naas mekaar op die buiteblad-illustrasie van Sheila Cussons se prosa-bundel *GESTALTES* 1947, 'n vroeë ets. In die semi-outobiografiese wewing van *GESTALTES* figureer ook die digteres-as-kind se fantasie of aanvoelingsbelewenis van wesens wat nie sigbaar is vir die gewone oog nie.

(Op die buitebladfoto van *KOMAS UIT 'N BAMBOESSTOK* presenteer D.J. Opperman homself ook as 'n eenoog. In *Ou Niek*, KB 14, is die een-oog soos 'n glasooog, "duifels"-oog.)

12) N.P. van Wyk Louw, TR 41.

13) Die Kind is (soos in die geboortegeskiedenis van die evangelies en al die Kersfeesprente wat daarvan afgelei is) 'n aspek van die Christus in sy neerdaling in die geskiedenis in, en as gees in die hart.

"Kyk, Ek maak alle dinge nuut," sê die Seun van die Mens.

Die Kind is ook op die mees uiteenlopende maniere deur die verskillende kulture en periodes, voorafskaduwend, beeld van: 'n nuwe geboorte, van 'n redder vir die wêreld en van 'n hoër self binne die mens, 'n ware Ek. C.G. Jung en C. Kerényi het geskryf oor die argetipe van die goddelike Kind, die oorwinnende Kind (*ESSAYS ON A SCIENCE OF MYTHOLOGY, THE MYTHS OF THE DIVINE CHILD AND THE DIVINE MAIDEN*).

Friedel Lenz sê na aanleiding van sprokiesbeelde: "Knabe, Jüngling, Mann und Greis sind Entwicklungsstufen des Geistes. Mädchen, Juugfrau, Frau und alte Frau sind Entwicklungsstufen der seele. Der Knabe versinnbildlicht den noch unentwickelten naiven Menschen, auch den im Werden begriffenen Willen. Das kleine Mädchen versinnbildlicht die noch junge, naive Seele, auch das noch kindliche Fühlen... Die Tochter ist sinnbild der freiwerdenden, persönlichen, ich-haften seele, die... (aus der Gruppenseele) hervorgeht" (op. cit., p. 295f).

("Seun, jongeling, man en grysaard is ontwikkelingstrappe van die Gees. Dogtertjie, meisie, vrou en ouvrou is ontwikkelingstrappe van die siel. Die seun versinnebeeld die nog onontwikkelde, naïewe mens, ook die wil wat nog in wording is. Die klein dogtertjie versinnebeeld die nog jong, naïewe psige, ook die nog kinderlike gevoel... Die dogter is sinnebeeld van die vrywordende, persoonlike ek-siel wat voortkom uit die groepsiel...")

'n Mens wonder of jy in die titel van Die geen (SW 29) 'n woordspeling moet sien: tegelyk fisiek die genetiese oordragingsel waaruit die toekomstige mensegeslag voortkom; 'n (moontlik) 'n mens wat "leeg" geword het - "soet niks" - geeneen, sodat die hoëre in hom kan oorneem, die Kind.

"Die Kind is die geeskiem van die toekoms."

- 14) N.P. van Wyk Louw, Die Doper in die Woestyn (NV 15).
- 15) N.P. van Wyk Louw, H. Teresa van Avila flap uit (TR 58).

- 16) "May God us keep
From single vision and Newton's sleep!"
sê die Engelse skilder-digter William Blake, 'n groot siener van engele en die bonatuurlike in die natuurlike. - "I question not my Corporeal or Vegetative Eye any more than I would Question a Window concerning a Sight: I look thro' it and not with it."
(In 'n brief aan Thomas Butts, 22 Nov. 1802, en A Vision of the Last Judgment - CW 818 en 605)
- 17) Sheila Cussons sê persoonlik dat Himne in wit geskrywe is terwyl sy geluister het na Klaus Schulze se plaat Moondawn (instrumentale pop-musiek), die kant genoem "Floating".
- 18) Die aanvaarding deur die mens van sy eie donker skaduwee-deel, in nederigheid, beteken natuurlik nie dat sy stryd teen die donkerte in homself, of die eise van Reiniging as eerste trap van die weg van heiliging, opgehef word nie.

Paulus: "...Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God om geregtigheid te doen... Die sonde moet nie weer oor julle baas wees nie, want julle staan nie onder die wet nie, maar onder die genade.

"Wat beteken dit? Kan ons nou maar sonde doen omdat ons nie onder die wet staan nie maar onder die genade? Beslis nie!..." (Brief aan die Romeine 6:12-15)
- 19) Vgl. Hoofstuk IV: Graal

HOOFSTUK III

Die Teken van Jona: Hades-vaart, misterie-dood en alchemistiese
 swart: Verborgenheid en Sakrament

The life of every Christian...is
 signed with the sign of Jonas,
 because we live by the power of
 Christ's resurrection.

Thomas Merton

...beeld, prefigurasie, voorbereiding
 op een voleindigende slot...

N.P. van Wyk Louw

Die weg na benede is die weg na bo
 Herakleitos van Efese

Omdat die Christus na die Golgota-metamorfose verwys het as "die Teken van Jona" (Mattheus 12) en sodoende sy opstandingsdood in verband gestel het met die misterie-inisiasies van die Ou Wêreld, word hierdie hoofstukke oor deurgaang deur die doderyk, dood en weeropstanding, samevattend genoem "die Teken van Jona".

Tussen PLEKTRUM se engelgedigte en die later verse oor die versoeker aan die een kant en ervarings van Godsteenwoordigheid aan die ander, lê Sheila Cussons se deurgang deur die "Swart Kombuis". Die gedigte in die gelyknamige bundel dek 'n periode van duisternis en doodsheid wat lei tot herontwaking en nuwe lig. Na 'n byna doodservaring¹⁾ word die geestelike wêreld meer werklik.

In haar tweede bundel skryf die digteres oor 'n omwenteling in haar lewe. Sy skryf oor die groot omskepping van die mens en die vernuwing van insig,

soos sy dit op die vlak van droom en Verbeelding ervaar het. Die bundel gee 'n ervaring van dood en opstanding weer, 'n deurgaang deur die doderyk - soos Jona se insluk en uitspog deur die walvis: 'n metamorfose of transformasie wat in sommige opsigte lyk op 'n misterie-inisiasie van die ou tyd.

Die volgende hoofstukke wil kortliks 'n aanduiding gee van sommige vroeër beskawingsperiodes se belewenis van dergelike psigiese transformasieprosesse; veral die Vis- en Feniks-misterieë uit die Nabye Ooste; misterieë uit Griekeland soos dié van die Koringmoeder by Eleusis of die Natuurmoeder by Efese; en die metamorfoseprosesse in die laboratorium-kombuise van die middeleeuse alchemiste. Miskien kan daar uitgewys word hoe hierdie analoë prosesse verband hou met die geheimenis van Christus se dood en weeropstanding, en daardeur verklaar word. Naas die Bybel, word riglyne gevind by mense soos Carl Jung, Rudolf Steiner, William Blake, Teilhard de Chardin e.a.²⁾

In hierdie lig word daar dan gewys op ooreenkomstige temas in die werk van ander Suid-Afrikaanse skrywers, veral Roy Campbell, Dirk Opperman en Van Wyk Louw, en 'n reeks gedigte uit DIE SWART KOMBUIS word ontleed en in biografiese perspektief gestel. - Die volgende hoofstukke is dus veral 'n byeenbring van agtergrondkennis vir die ontleding van sekere gedigte van Sheila Cussons in hulle breër menslikheidsperspektief.

Tussendeur vleg gedagtes oor die Moedergodin, vanaf die prehistoriese aard- of hemelmoeder, "Natura", tot by die Bybel en Oos-Ortodokse kerke se Sophia, die wysheid verpersoonlik as vrou, wat verwant is aan die skeppende Heilige Gees. Wat die antieke wêreld bedoel het onder "wysheid", was grotendeels: 'n kennis van inisiasie, d.w.s. van die oorgang tot 'n hoër, meer intuïtiewe kennis. Blake of Coleridge skryf oor die vermoë tot dieper aanvoelings=

kennis as "Imagination". (Vgl. Hoofstuk V.)

* * * * *

Die Griekse woord mysterion word in die Afrikaanse Nuwe Testament gewoonlik vertaal met "verborgenheid" of "geheimenis". In Hieronimus se eerste Bybelvertaling het hy dit vertaal met die Latynse sacramentum, wat vir ons sakrament geword het en waarmee ritusse soos dié van Doop of Nagmaal be=doel word, waar die geestelike genadegawe in 'n sigbare "teken" beliggaam is. Hierdie kern van die Christendom se aanraking tussen God en mens is die "verborgenheid", "Misterie", van 'n nuwe vereenselwiging tussen stof en gees. (Vir 'n nader definisie en meer omvattende bespreking van die sogenaamde misteriegodsdienste wat die koms van Christus op aarde voorafgegaan het, vgl. onder andere die werke van Cumont, Harrison, Schütze, Kelber, Von Skerst, Reitzenstein, Eliade, ...genoem in die bibliografie; en veral DAS CHRIS=TENTUM ALS MYSTISCHE TATSACHE UND DIE MYSTERIEN DES ALTERTUMS ("Christianity as Mystical Fact and the Mysteries of Antiquity") - en ander werke deur Rudolf Steiner. Die hoofstuk oor The Mysteries and their Wisdom in lg. werk is besonder insiggewend.

In die sogenaamde misteriegodsdienste het daar inisiasies plaasgevind waar geselekteerde en deeglik voorbereide mense deur 'n geheime proses van dood en opwekking gevoer is. Die inisiantie moes hulle oor 'n lang tydperk suiwer van die hartstogte wat die mens aan die verganklike bind, en van illusie. Nadat hulle deur die leermeester of hiërofant opgewek is uit die spesiaal voorbereide skyndood, het hulle geweet wat anderkant die doodsgrens en benede die drempel van die onbewuste lê. Hulle het die punt gevind waar die weg na benede omkeer in die weg na bo.³⁾ Die halwe kring van aardse lewe was voortaan voltooi deur kennis van die wêreld van geeste, gode;

argetipes, elemente, engele... Selfs kon hulle die "son om middernag" sien skyn en bewuste aanraking vind met die Lewensbron. Hulle het oor die drumpel gegaan en weer teruggekom. "We find this 'secret' religion everywhere among ancient peoples insofar as we can gain insight concerning them." (Rudolf Steiner, op. cit., p. 49 van die Amerikaanse vertaling, 1961).

Om die misterie-oorgange te verstaan, moet 'n mens begrip hê vir twee verskillende soorte kognisie, waaroor Sheila Cussons in DIE SKITTERENDE WOND skryf. Vanaf kennis gegrond alleen op sintuiglike waarneming, het die ingewydes gegaan deur 'n "Hellevaart"-proses, waar die sintuiglik waargenome wêreld as onwerklik gevoel is, net 'n beeld-realiteit - sodat alles wat vantevore deur die kandidaat as sy lewe beskou is, vir hom doodgegaan het. Hy kon alleen voortgaan as 'n nuwe self vir hom gebore word uit die lewensvuur, en dan terugkeer om die aarde in 'n nuwe lig te sien, as 'n nuwe mens by wie "natuur en bo natuur" tot eenheid kom omdat hy die natuur as "naatlose kleet" van die goddelike begin verstaan (SK 82).

Die nuwe geboorte word voorafgegaan deur 'n toestand soos dié wat Sheila Cussons beskryf in die "swart kombuis"; en wat Jona ervaar het by die deurgaang deur die buik van 'n onderwaterse monster...

So skryf Rudolf Steiner oor wat Jan van die Kruis genoem het "die donker nag van die siel" (op p. 20 van die aangehaalde werk): "...man may cease to respond to immediate reality without finding any new reality opening up before him. He feels as if suspended in the void, as if he were dead. The old values have disappeared and no new ones have arisen in their place. The world and man no longer exist for him. This, moreover, is by no means a mere possibility. It happens at some time or other to everyone who is seeking for higher knowledge. He comes to a point at which the spirit

makes life appear as death. He is then no longer in the world, but under it - in the nether world. He is passing through Hades. Well for him if he sink not! Happy if a new world opens up before him! Either he dwindles away or he appears to himself transfigured. In the latter case he beholds a new sun and a new earth. The whole world has been born again for him out of spiritual fire.

"It is thus that the initiates describe the effect of the Mysteries upon them. Menippus relates that he journeyed to Babylon in order to be taken to Hades and brought back again..."

Nou is dit so, dat 'n mens skaars meer oor die Afrikaanse letterkunde - of enige eietydse letterkunde - kan praat sonder om esoteriese begrippe by te haal, d.w.s. begrippe wat alleen begryplik is vir diegene wat verder as 'n bloot materialistiese wêreldbeeld beweeg (Vir eers daargelaat watter van die soekers se motiewe verdag of se kennis oppervlakkig is, en watter regtig soek na die stad met fundamente...) Daar is werke van Etienne Leroux, Breyten Breytenbach, Anna M. Louw, Elsa Joubert - om maar 'n paar te noem - wat onverstaanbaar is sonder 'n kennis van Kabbala, Vendanta, of die misterie-godsdienste agter Egiptiese, Babiloniese en Griekse mitologie, waaruit ook die drama en filosofie van die Weste hulle oorsprong het. En 'n blote verstandskennis van feite en simbole is nie genoeg nie, eerder 'n dagende besef van hoe die weë van skoling en ontwikkeling tot vollediger mensweeër verloop. - Hoe moet gedigte soos Van Wyk Louw se Hond van God, Die Swart Luiperd of Kamer van Spieëls anders verklaar word as uit 'n Wysheidsleer wat die onsienlike - in watter toonaard ook al - wil verken... soos eweneens veel van Opperman?

Die mensdom skyn in ons tyd deur 'n groot oorgang in bewussynsvorm te beweeg:

vanuit 'n materialistiese, skerp individualistiese en intellektuele lewens= uitkyk, oor 'n drumpel van nuwe gewaarwording van self/omgewing wat minder gegrand is op skeiding tussen subjek/objek en meer op partisipasie. In die teater word die oorgang bv. gekenmerk deur 'n verskuiwing vanaf realisme binne die prentomraming van die proscenium-boog van 'n vroeër tyd tot die simboliek, ritueel en onmiddellikheid van teater wat hier tussen die gehoor in gespeel word. In die wetenskap moet die vroeër beskouing van die wêreld as 'n netjies inmeekaarpassende meganisme plek maak vir die onvastigheid van die moderne kwantumfisika waar selfs oorsaak en gevolg i.p.v. lineêr opeen= volgend as wisselwerkend gesien kan word, ens. Die psigoterapeut Carl Rogers sê die aanpassing wat gemaak moet word, is so groot soos toe die mensdom hom daarby moes aanpas dat die wêreld nie plat is nie maar rond. "It seems to me a new consciousness is arising." - Vgl. ook Marilyn Ferguson, THE AQUARIAN CONSPIRACY.

Terwyl ou lewensbeskouings in duie stort te midde van nuwe feite wat beskikbaar word en nuwe vermoëns wat in die mens oopgaan, is daar diegene wat krampagtig vasklou aan uitgediende vorme van die verlede; naas ander wat moedig voorwaarts worstel in die onbekende in, onder leiding van en in samewerking met geestemagte gemoeid met die mens se groei en vooruitgang: die Christus-wese wat hom met die aarde vereenselwig het om dit wat geval het, weer op te hef; Migaël die aartsengel wat met sy leërmagte stryd voer teen die magte wat die mens wil agterhou en verkruppel... (Openbaring 12 en 19)

Die menslike bewussyn gaan dus as't ware oor 'n drumpel. Van dinge wat voorheen in die onbewuste was, word ons bewus. Die onsienlike kry 'n nuwe geldigheid naas die sienlike. Duiwels word losgelaat en die goddelike verskyn.

Mensdom sowel as individuele persoon ondergaan krisis.

Want die ontwikkeling tot nuwe lewe, groter integrasie, moet noodwendig gaan deur die opbreek van die óú eenheid, deur dood en ondergang.

Par-ce-val: "deur hierdie vallei". Af deur die diepte na 'n hoër hoogte. Die Middeleeuse verhaal van Parsifal se soektog na die Heilige Graal, deur die stadia van Onkunde, dan Twyfel of twééheid, tot "Geluksaligheid", word soms genoem as voorbeeld van 'n inwydingsweg vir die mens van ons tyd. Sentraal staan die Vraag wat Parsifal moes vra: die volle bewuswees van wat gebeur. (Meer hieroor in die volgende hoofstuk.)

In die misterieë van vóór Golgota gaan die mens veeleer deur beswying, trance of dood-slaap, aan die slaap gemaak deur 'n priesterlike leermeester of hiërofant; maar vandag dan in wakker bewussyn, met toetse en opwekkinge wat dikwels deur die lewe self aangebring word. Spiritisme, hipnose, dwelms of drank is dus atavisties, gryp terug na reeds vergange toestande, en kan vir die huidige mens kontra-produktief werk. Vryheid vereis bewuste keuse.

By die drumpeloorgang van ons tyd word 'n begrip van wat in die óú wêreld bedoel is met inisiasie of inwyding onontbeerlik: waarom toetse en voorbereiding nodig is, wat die stadia van oorgang vorm, en wat mislukte teenoor geslaagde inisiasie behels. Die verkeerd gemotiveerde oorgang van die ongesuiwerde wese kan hom omskep tot egosentriese towenaar (soos Klingsor in die Graal-verhaal), terwyl 'n lewenstralende óórtree om instrument van die goddelike te word, Parsifal tot Graalkoning verhef.

Inisiasie kan in 'n dekadente wêreld van so 'n aard wees dat daar gestreef word na bonatuurlike kennis en mag ter wille van eiebelang, en daartoe lei dat die kandidaat wesenlik 'n towenaar word - soos bv. Heikki in OP DIE RUG VAN DIE TIER of Saruman in Tolkien se LORD OF THE RINGS. So

'n mens sny homself af van die groot wêreld-ontwikkeling tot Eenheid.

Inisiasie, daarenteen, wat nagestreef word uit offerliefde, nie vir eie saligheid nie maar ter wille van medemens en wêreld, lei uiteindelik tot eenwording met die groot ontwikkelingsgang van die aarde, met die goddelike proses, tot godsaligheid.⁴⁾

Hoe die oorgang plaasvind wat die beperkte self dan stap vir stap herenig met sy goddelike oorsprong en einddoel (binnestebuite keer, kan 'n mens sê), dit was die geheimenis van die misteriegodsdiens se strewe; geheim, omdat dit sonder die nodige voorbereiding nie verstaan kán word nie, en die oorhaastige gryper homself alleen kwaad kan aandoen. En tog, sedert die gordyn voor die Allerheiligste van die Tempel in Jerusalem geskeur het op die dag van Golgota, nie meer 'n duister-bewaarde geheim nie, maar 'n óóp geheim.

Inisiasie is dan wesenlik die proses waardeur die mens gelei word vanuit 'n lewe in die bloot materiële werklikheid tot 'n ervaring van die "duister"/ligte ondergrond waaruit die sienlike wêreld gevoed en in stand gehou word, die goddelike werklikheid inherent in "alle dinge wat in die hemele en op die aarde is wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte..." (Kolossense I).

Na sy opleiding deur Joodse leermeesters het Paulus, die skrywer van hierdie woorde, 'n groot oorgang ondergaan by die Ligverskyning op die pad na Damaskus. Miskien is hy die eerste na-Christelike ingewyde, wat 'n inwyding van binne ondergaan, en die ten hemel gevaarde én met die aarde verenigde Christus as lig en stem ervaar. Hy sien die onsienlike, en beweeg deur 'n tyd van blindheid vir die aarde tot waar hy die aarde in 'n nuwe lig kan sien.

Die jong Xhosa-inisiant (umkhwetha) loop met witgekleide gesig om te bedui dat hy in sy oorgangstyd in die wêreld van die geeste verkeer; en as hy uitkom, kry hy 'n nuwe naam, want soos 'n kind is hy nuutgebore in die buitewêreld in. Voortaan het hy deel in die kennis en substansie van die gemeenskaplike stamgees.

Die umkhwetha is voorbeeld van 'n voor-Christelike soort inwyding. In die besnydenisskool word die inisiant een met die gees van sy stam. Paulus kan genoem word 'n Christelike ingewyde. Hy word een met Christus, die gees van die hele mensdom. "Ek leef nie meer nie maar Christus in my," sê hy (Gal. 2:20) en bedoel dit letterlik. (Vgl. ook die RGG se definisie van inisiasie en die indeling in drie hoofipes.)

Daar is al baie boeke geskryf oor die bloei en degenerasie van die antieke wêreld se misterieë, en oor hulle moontlike invloed op die latere Christendom. In die RGG se artikel oor die Misterieë - 3de uitgawe, Band IV, p. 1235 - wys J. Leipoldt onder andere daarop dat 'n mens by die vroeë Christene kan waarneem "dass seit Paulus Taufe und Abendmahl immer stärker betont und immer mehr mit Mysterien-Ausdrücken geschildert werden" ("hoedat sedert Paulus Doop en Avondmaal steeds sterker beklemtoon en steeds meer met Misterie-uitdrukkings geskilder word.")⁵⁾

Nadat Keiser Konstantyn in die vierde eeu kerk en staat verbind het, het baie dinge verander. Oorblyfsels van die voor-Christelike godsdienste is uitgewis. Wie nie met die offisiële dogmas in ooreenstemming was nie, is as ketter uitgeban. Die geloofsvervolginge het begin, asook die kerk se ongelukkige verbintenis met magspolitiek.

Dit lyk egter asof daar altyd 'n buite-kerklike rigting bly voortbestaan

het wat sedert Josef van Arimatea op die agtergrond in die geskiedenis van Wes-Europa meestroom. Van vroeg af was daar naas die Petriniese inslag van die offisiële kerk ook meer "Johannése" ⁶⁾ bewegings wat die vroeë heidense wysheid nie summier wou verwerp nie, maar eerder wou transformeer. Hoewel ondergronds gedwing, sou hierdie meer vryheidsliewende strominge tog deur periodes van sterwe en weeropstanding heen bly voortbestaan. Vergelyk later bewegings soos dié van die Kathare ⁷⁾ of die Albigense in Suid-Europa, wat aan die Hervorming voorafgegaan het.

Uit hierdie buitekerklike Christendom put dan soms ook die sogenaamde alchemiste van die middeleeue en later. Die alchemiste was in sekere opsigte voorlopers van die moderne wetenskap en psigoterapie, ⁸⁾ hoewel hul by tye beskou is as blote fortuinsoekers, half mal. Hulle wou onedel metaal verander in goud deur die vind van die "Steen van die Wysies". In 'n labirint van beelde het hulle hul werk ingeklee.

Ook die Graal van die 13de-eeuse ridderverhale - wat sy krag put uit Christus se transformatiewe werking in aardse stof in (die geheimenis van die Christus-bloed) - is 'n soort Steen van die Wysies of Filosowesteen. (Hierdie begrippe word nader toegelig aan die end van die volgende hoofstuk.)

Aangesien daar sinryke beelde uit die wêreld van misterie-inisiasie en alchemie voorkom nie alleen in DIE SWART KOMBUIS nie, maar ook by digters soos Roy Campbell (Bul en Feniks), Dirk Opperman (Walvis, Feniks, Toorklip, goud en diamant), ens., is dit miskien wenslik om sekere aspekte in perspektief te stel voordat die "inisiasie"-gedigte van DIE SWART KOMBUIS bespreek word.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK III

- 1) DIE SWART KOMBUIS het verskyn na Sheila Cussons se vroeër brand= katastrofe en hospitalisasie (Vgl. Hoofstuk V). D.J. Opperman se KOMAS UIT 'N BAMBOESSTOK is die jaar daarna gepubliseer en gaan ook oor 'n soort terugkeer-uit-die-dood. Die twee boeke sou met vrug gekontrasteer kon word.

IN LIFE AFTER LIFE - THE INVESTIGATION OF A PHENOMENON - SURVIVAL OF BODILY DEATH - vertel die mediese navorser Raymond A. Moody dat daar vanweë moderne mediese metodes ál meer mense voortleef na onder= vindinge wat feitlik as fisieke dood beskryf kan word. Hy poog om by die teruggekeerdes vas te stel hoe hulle die oorgangstoestand tussen lewe en dood ervaar.

- 2) Carl Jung was die siele-arts wat die prosesse van die "integrasie" van die persoonlikheid" nagevors het, déúr die proses van neurose tot nuwe balans. Deur die ontwikkeling van sekere droombeelde, sommige waarvan hy naderhand as tipies in hulle volgorde begin beskou het, wou hy sieleprosesse leer volg en verstaan. Hy gebruik dan weer die ou-Griekse benaming argetipes vir sommige van die oerbeelde wat herhaal= delik gevind word in droom, fantasie, sprokie of mite en ritus, eenders by die uiteenlopendste kulture of persone (C.G. Jung, COLLECTED WORKS en MEMORIES, DREAMS, REFLECTIONS: Erich Neuman, DIE GROSSE MUTTER - THE GREAT MOTHER, ANALYSIS OF AN ARCHETYPE - Yolande Jacobi, THE PSYCHOLOGY OF C.G. JUNG, ens.)

Die beelde van ons drome, fantasieë, visioene of hallusinasies huisves Jung in die "onbewuste" deel van ons menswees, die onbekende helfte wat

bekend moet begin raak as die mens tot volkomeheid wil groei. Dis uit die onbewuste, met sy inhoud van droom-, sprokie- en mitebeelde dat veel van die mens se dryfvere ontspruit. Hier lê die onbekende, donker (letterlik = "okkulte" d.w.s. verborge) ander helfte van die Halwe Kring, wat gevind moet word om die sirtel van menswees te voltooi.

Jung kom o.a. tot die begrip van 'n "kollektiewe onbewuste", waar agter of onder (of selfs "bo") die alledaagse bewussyn, alle mense deel het aan een kontinuüm van die psige. - Vir 'n kort opsomming van sy riglyne, vergelyk met dié van ander psigoloë; sien Bernard Lievegoed, DE LEVENSLOOP VAN DE MENS, p. 155f (in Engels vertaal as PHASES). - Deur die "kollektiewe onbewuste" wil Jung verskynsels soos die eendersheid van sekere beeldinhoudes oor lang tydperke, of die gelyktydigheid van ervaring (die sg. sinkronisiteit) verklaar.

Rudolf Steiner open verdere deure wanneer hy veel van wat Jung "die onbewuste" noem, as "die geestelike wêreld" herken. Hy werk met die volle drieledigheid van die mens as liggaam, psige én gees, en postuleer 'n "bo" - én "onder" - pool waartussen die mensesiel in die middel staan. - Maar hier kan nie op sy diep en wydlopende mensekunde ingegaan word nie. (Vgl. biografieë soos dié van Kanunnik Shepherd, A SCIENTIST OF THE INVISIBLE, Guenther Wachsmuth en andere; en die leser kan ook verwys word na werke van Steiner aangegee in die bibliografie.)

Beide Jung en Steiner wil as denkers die objektiewe geldigheid van sekere verbeeldingsinhoudes bevestig. Vir 'n vergelyking tussen hierdie twee groot verkenners van die 20ste eeu, sien o.a. Gerhard Wehr, C.G. JUNG UND RUDOLF STEINER, KONFRONTATION UND SYNOPSIS. Nog belangriker in ons eeu as die ruimtevaart na buite is die verkenning van die "binneruim" van die mens: psigologie, anthropos-sophie.

- 3) As 'n mens afgaan tot by die middelpunt van die aarde, sou jy sonder koersverandering op pad boontoe wees. Dis die pad waarop Dante gaan, af dwarsdeur die Hel, dan op deur die Purgatorio en anderkant uit tot op in die hemele. "Die weg na benede is die weg na bo" is die Griekse spreuk van Herakleitos wat T.S. Eliot aan die begin van sy *FOUR QUARTETS* stel. 'n Ander voorbeeld van hierdie ervaring is in George MacDonald se *AT THE BACK OF THE NORTH WIND* in die hoofstuk Diamond's Dream, waar die seuntjie in sy droom afgaan in die aarde tot by die bron van 'n stroom, en déúr die bron gaan, om uit te kom tussen die sterre, sodat wat onder was, skielik bo word. Dis die punt van omkeer.
- 4) Vgl. Rudolf Steiner, *KNOWLEDGE OF THE HIGHER WORLDS*, die laaste hoofstuk.
- 5) Vgl. ook J.L. de Villiers, *PAULUS EN DIE MISTERIE-GODSDIENSTE: 'N ONDERSOEK NA DIE HELLENISTIESE TERMINOLOGIE VAN DIE EERSTE KORINTHIËRBRIEF*.
- 6) Vgl. ook Oscar Cullmann, *THE JOHANNINE CIRCLE*.
- 7) Vgl. bv. Zoé Oldenbourg, *LE BÛCHER DE MONTSÉGUR*. Die Franse Kathare is as martelare deur die Inkwisisie uitgewis in die 13de eeu, maar herleef as geestelike invloed.
- 8) Vgl. C.G. Jung, *PSYCHOLOGY AND ALCHEMY*.

HOOFSTUK IV

Simbole van Transformasie

beskawings
met 'n doolhof na die binneruime

D.J. Opperman, Moederstad

Und so lang du das nicht hast,
Dieses: Stirb und werde!
Bist du nur ein trüber Gast
Auf der dunklen Erde.

Goethe, Selige Sehnsucht

(En so lank jy dit nie het nie
hierdie: Sterwe en word!
is jy maar 'n droewe gas
op die donker aarde.)

Waar is U towersteen, U vonkelende Graal...?

Opperman, BLOM EN BAAIERD

Hierdie hoofstuk bied hoofsaaklik - op oorsigtelike wyse - agtergronds=
materiaal aan, byeengebring ter wille van 'n beter begrip van die Kombuis
van Hera - gedigte soos hulle in Hoofstuk V en verder bespreek word.

Van oudsher het die mens reeds gedink in simboliese terme, en het gods=
dienstige kuns-simbole 'n rol gespeel, meen die argeoloë vandag. Begraf=
nis-simboliek het blykbaar gegaan om opstanding uit die dood: rooi was
byvoorbeeld die doodskleur.

Rooi

Van die vroegste tye af het daar begrafnisse voorgekom waar lyk of gebeente
met rooikleibegrawe is - miskien omdat dit die kleur is van bloed of vuur?
Die heel vroegste myne, ongelooflik oud, is rooi-kleiskagte, hematiet, lank
voor die gebruik van metale. Die vroegste myn op aarde is na bewering in

Swaziland, miskien meer as 100 000 jaar oud.¹⁾ Dieselfde rooiklei (red ochre, imbola) wat die amaqaba, die "heidene" of "kleismeerders" onder die Xhosa vandag nog gebruik, is vir die vroegste prehistoriese mense reeds 'n soort tekenspraak...waarvan?

Lyall Watson skryf: "The use of earth in adornment is one of the first pieces of evidence we have to show that early man possessed an awareness of things outside the sphere of those necessary for everyday survival. It seems to have preceded, perhaps even given rise to, our consciousness of morality and the practice of burying our dead with ceremony.

"Implicit in every funeral practice is the assumption that death is not the end, that it works some kind of transition... Blood and life soon came to seem inseparable and led to a belief in the power of blood to regenerate and revitalise. This concept was implicit in all sacrifice and still is embodied in initiation, in the consecration of wine and in sacramental rituals such as the Eucharist..." (LIFETIDE, p. 63).

Phoenix in Grieks beteken 'n bloedrooi of persrooi kleur (sowel as die dadelpalmboom, wat as 'n Boom van die Lewe beskou is). Die land Phoenicia of Fenicië (wie se beskawing later deur die Romeine Punies genoem is) kon vernoem wees na die rooi kleurstof van die Murex-skulpe wat uitgevoer is om die rooi gewaad van konings en priesters te kleur.

Ook die Sommisterie van die uit die vuur herlewende Feniks, wat o.a. met die land Fenicië verbind word, kan dus 'n verband hê met die oer-oue gevoel van die mensdom vir rooi as 'n herlewingskleur.

Die gedagte van transformasie-herlewings en opstanding uit die dood leef by vroeë volke in hulle ritusse en mites van allerlei aard. In verre nageslagte word 'n naklank nog gevind in die sprokies wat vertel word.²⁾

Inslukmonster

So 'n oerou sprokiestema verbonde met mite en ritus is dié van die sg. Inslukmonster of Swallowing Monster. Sprokies oor die monster wat mens en dier en alles op aarde kan insluk, is veral in Afrika volop.³⁾

Sy gewelfde voorlyf splyt
groen waters van die ewigheid,
en spuit en sproei teen hoë
nagte goue sterreboë.

En in die blou buik
van lug en berg gesluit,
groei ek in hom, gevange
in stad en nat myngange.

Na watter oorde roei die stert
en word ek eindelijk uitgewerp? 4)

Wanneer Opperman sy gedig Walvis skryf (NN 57), onthou hy moontlik by sy beskrywing van die landskap binne die walvisbuik, beskrywings uit Bantoe-verhale van die wêreld met mense en diere binne die buik van die inslukmonster: wat berg of onderwatergedierte kan wees, olifant of Koning van die Bobbejane.

Natuurlik verteenwoordig die inslukmonster altyd in 'n sekere sin die fisieke lewe van sy uitvloeisel die dood: die aarde of aardwaters wat die mens "insluk".

Sheila Cussons se Walvis-gedig Die tuinende vissers (SW 11) word in Hoofstuk VI bespreek. Die twee tuiniers van dié gedig gaan met hulle snoeiskêr soos vissers die "baleine" van 'n tuinboskasje binne.

Die Son-held, die wonderkind, wat met wapens en al ingesluk is, kap in die sprokies van binne af 'n pad oop om die ingesluktes te verlos - of somtyds is dit sy Ma wat 'n vuurtjie aan die brand kry daar binne, en hom help. Frobenius en andere het hierdie tema verbind met die daaglikse verdwyning van die son in die duisternis, en sy weerverskyning elke oggend (DAS

ZEITALTER DES SONNENGOTTES). Die "Seemonster" het die Son-held "ingesluk" en hy kom in die oggend nuutgebore te voorskyn.

Ook die Egiptiese Osiris moes snags as Son-van-benede sy pad deur monsters heen veg om in die oggend nuut te kan verrys. - Jona moes in die buik van die Walvis sy houding wysig en van koers verander; eers daarna is hy "uitgespoeg". - Dis in wese opstandingsverhale, en kan dus ook as Christus-voorspelling geïnterpreteer word. 'n Mens kan aanneem dat hierdie verhale vir hulle tyd simboliese beskrywing van inisiasie-ritusse was.

Vir 'n bespreking van Rooikappie en Die Wolf en die Sewe Bokkies as inslukstories, vgl. Rudolf Meyer, DIE WEISHEIT DER DEUTSCHEN VOLKS=MÄRCHEN, p. 160f en Friedel Lenz, p. 48f.

Die argument van hierdie hoofstukke wil eintlik aantoon dat Sheila Cussons se droombeelde van deurgaans deur die "seegrot" en die "swart kombuis" in sommige opsigte analoog is aan antieke inisiasie-gebruike wat met die deurgang deur die "buik van die monster" die oorgang uit een toestand in 'n ander versinnebeeld en teweegbring het.

Vis


Die verband van die insluktema met werklike inisiasiegebruike word duidelik as 'n mens dink aan stamme in Nieu-Guinee waar die gebou waarin jongmense vir hulle inisiasietydperk afgesonder word, bv. die vorm van 'n visagtige monster gehad het (J.G. Frazer, THE GOLDEN BOUGH, p. 694f; Mircea Eliade, MYTHS, DREAMS, AND MYSTERIES, p. 218f). Die monster se oopgesperde bek is die deur. Die boodskap is duidelik: die afsonderings-tydperk buite die gewone lewe word deurgebring "in die buik van die Groot

Vis". Die inisiante gaan deur 'n periode van "akwatiese" of "onderwater"-bewussyn.⁵⁾

William Simpson reproduceer in THE JONAH LEGEND Babiloniese afbeeldings van priesters in visgewaad wat soos hiërofante by 'n slapende staan: hy is in die "onderwaterland" by die Vis totdat hy gewek word.

In die mate waarin dit beeldspraak of ritusbegeleiding is, sluit die verhaal van Jona dan by die inslukverhale aan.

Dirk Opperman is diep aangegryp deur die Jona-verhaal, en nie alleen in die Ninevé-bundel met sy uitgesproke Jona-tema nie. Jorik met sy duikboot sowel as Glaukus (KB 88) is onderwatermense wat uit die water opkom. Die Vis is selfs as teken op KOMAS UIT 'N BAMBOESSTOK afgedruk, op die buiteblad onder die stofomslag.



Toe die skrifgeleerdes Christus om 'n wonderteken gevra het, het Hy gesê geen teken sal aan hulle gegee word nie behalwe die teken van die profeet Jona.

Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees (Matth. 12:40). In hierdie beeld het Hy die kern van sy boodskap en sy eie verhouding tot aarde en mens aangedui.

- Drie dae? Omdat Lasarus al langer as dit dood was, het Martha gedink hy kan nie meer gewek word nie (Joh. 11). Drie dae was Christus Jesus self in sy graf voor sy opstanding, van Vrydag tot Sondag. Miskien het dié tydperk 'n besondere betekenis.

- In die hart van die aarde? In sy gebed uit die buik van die groot vis sê Jona: "...uit die binneste van die doderyk het ek geroep om hulp... Ek het afgedaal tot by die grondslae van die berge, die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit..." (Jona 2)

Drie dinge word dus in Jesus se woorde saam gesien: die buik binnekant die groot vis, die doderyk, en die "hart van die aarde" - soos 'n tronk, met ewige grendels, diep af by die "grondslae van die berge". "The womb of Sheol" word daar in Jona se gebed ook vertaal: Sheol was naamlik vir die Jode wat Hades vir die Grieke was.

Ninevé, en ook Sidon aan die Feniciëse kus, was stede genoem na die Vis. In die hawe van Joppe, vandag Japho by Tel Aviv, waarvandaan Jona vertrek het, is die rots waar Andromeda sou vasgemaak gewees het toe Perseus haar van die seemonster gered het. In dieselfde Joppe (ook genoem Jaffa) het Herakles (die Feniciëse sonheld Archal) Hesione gered uit die buik van die Groot Vis deur homself te laat insluk en hom van binne uit los te veg... Daar is baie getuïenis wat dui op seremonies van inisiasie-"dood" en -opstanding in die Semitiese of Hamitiese Son-misterieë, ingebed in die beeld van iemand wat ingesluk word deur 'n groot vis en weer uitkom. (Vgl. bv. William Simpson, THE JONAH LEGEND: Sigismund von Gleich, MARKSTEINE DER KULTURGESCHICHTE II: Leo Frobenius, DIE ZEITALTER DES SONNENGOTTES, ens.) "The fish was sacred to those deities who were supposed to lead man back from the shadows of death to life" (soos

Christus of Orpheus), sê Jessie Weston (FROM RITUAL TO ROMANCE⁶⁾),

- Ook in die Ninevé-storie van die apokriewe boek Tobias, is dit deur die helende mag van 'n geheimsinnige vis dat 'n meisie bevry word van demoniese magte, sodat 'n ware huwelik tot stand kom; en dat 'n blinde nuwe visie kry. (Vgl. A.C. Harwood, THE VOICE OF CECIL HARWOOD, p. 264)

Kortom: 'n mens kan nie die moontlikheid veronagsaam dat die historiese geskiedenis van Jona miskien onderskraag word deur 'n diep mitiese onderlaag wat dui op inwydingsgebruike van die Ou Wêreld nie, waar prosesse van dood en opstanding, metamorfose tot 'n nuwe lewe, hulle afgespeel het in terme van argetipe-simbole wat diep in die mens leef.⁷⁾

Al sulke opstandings, verbonde met die beeld van die daling en styging van die jaar in sy sonnesiklus, of die kring van dag en nag, kan gesien word as gebrekkige vooruitwysings na die gróót Opstanding, waar die Lig van die Wêreld uit die donker graf van die aarde herrys. "In Hom was die lewe, en die lewe was die lig van die mense." Die eenmalige historiese proses is beeld of teken van 'n proses wat hom buite in die natuur sowel as in die diepte van die mensesiel afspeel.

Miskien is dit die sentrale feit van menswees, wat keer op keer ervaar word wanneer, soos in DIE SWART KOMBUIS, Lig gebore word uit die donker, en die Kinders van die Lig begin te voorskyn tree.

By die geheime gebruike van die verlede sluit Jesus dan aan wanneer Hy sy eie opstandingsdood voorspel as die Teken van Jona. Wil Hy inderdaad sê dat sy dood en opstanding ook die vervulling is van die driedaagse "mistieke dood" en opwekking wat oor lang geslagte in misterieskole en inisiasiesentra beoefen is?⁸⁾

In die vroeg-Christelike katakombes verskyn die illustrasie van Jona en die Walvis keer op keer op die mure as beeld van Opstanding en nuwe lewe.

Dit blyk dat Jona se soort inisiasie, waarin die "Groot Vis" 'n sleutelrol speel, in die besonder verbonde skyn te wees met 'n sekere wêrelddeel, Babilonië, Fenicië en Israel, Oos-Afrika...

In dieselfde gedeelte waar Jesus oor die Teken van Jona praat, noem Hy ook "die Koningin van die Suide" wat by Salomo wysheid kom soek het vanuit Suid-Arabië of Etiopië (die Koningin van Skeba).

In Homself, skyn Hy amper te sê, setel die uiteindelijke wysheid van die Vis wat die Suidlande gesoek het? In Hom is die weselike vermoë om te sterwe en weer te kom soos die Son.



Son

Dis duidelik dat die held wat ingesluk word net soos die son snags deur die see of aardmassa "ingesluk" word, 'n son-karakter het, en dat 'n verbondenheid met die lewegewende sonkragte deur so 'n inisiasie uitgedruk word.

Sheila Cussons se gedig Die Krusifiks in MEMBRAAN (M 32) endig by

daardie ontsaglike Son-Hy
wat straal uit my krusifiks se goue kéérsy.

Die fisieke son kan gesien word as die openbarende "spieël" sowel as die versluierende "skild" van 'n goddelike wese daaragte, sê Roy Campbell in die slotgedig van sy sonnettereeke Mithraic Emblems, To the Sun:

Oh let your shining orb grow dim,
Of Christ the mirror and the shield,
That I may gaze through you to Him,
See half the miracle revealed...

Aangetrokke tot beelde uit die voor-Christelike Son-misterieë is onder die Suid-Afrikaanse digters veral Roy Campbell, Dirk Opperman, Sheila Cussons en N.P. van Wyk Louw. (Beeld van 'n Jeug - Duif en Perd oordink bv. die Suid-Amerikaanse son-offer as 'n vorm van sterwe.)

Opperman skryf so oor die Son as beeld van die sterwende en herlewende Christus:


vir God in hierdie skepping vasgevang
in mens en kiepersol en kiewietvlerk
sal Hy as voorbeeld aan die kruishout hang
en Hom verlos - 'n Son wat brandend sprei
oor valk en das en mis, en in die blou
opstyg van kreits na kreits, waar die Valleï
van Duisend Heuwels brokkig vou en vou.

Legende van die Drie Versoekinge (NN 24)

By die ingang van die historiese strooidakkerk in die Paarl sowel as by dié van die Kweekskool op Stellenbosch staan die Son-simbool met die leuse Sol justitiae illumina nos - "Son van geregtigheid, verlig ons" (of: "bestraal ons"). Hierdie spreuk (van 'n Nederlandse universiteit waar een van die vroeë leermeesters gestudeer het) berus op 'n uitspraak in die vierde hoofstuk van Maleagi: "Want kyk, die dag kom, en dit sal brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles, en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees: en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskaar; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal..."

In hierdie beeld van die profeet is daar die goddelike Vuur, wat vernietigend óf genesend kan wees, afhangende van die houding wat die mens inneem. En die liefde van die helende moraliteit is vir die eerbiedige soos 'n gevleuelde son. - Dis 'n lewende prentjie wat krag en insig gee soos g'n

abstrakte beskrywing nie, en bind die lig van die vroegste tye aan hoop vir die toekoms.



Feniks

Dirk Opperman skryf nie net oor Jona nie, maar ook oor 'n ander Sonmisterie van die Suide: die Vuurvoël.⁹⁾ Die Groot Vis en die Feniks is verwante simbole van herlewing, in 'n son-beeldspraak wat ritueel tot uiting gekom het in inisiasiegebruike en legendes van die Nabye Ooste (Arabië-Etiopië, Egipte, Babilonië, Palestina, Kanaän-Fenicieë... Vgl. bv. Sigismund von Gleich, MARKSTEINE DER KULTURGESCHICHTE II, oor die koninkryk van Saba en die Feniksmisterieë.)

Die Feniks van Arabië en Heliopolis in Egipte was vir die vroeë Christene 'n beeld van Christus. Die kerkvader Lactantius het 'n lied geskryf oor die Feniks-Christus. Feniks en palmboom verskyn in die mosaïek van Rome se vroeë kerke.

Die Feniks was die suiwer siel uit die oer-Paradys-begin, wat nooit deur aardse geboorte gegaan het nie, maar in elke nuwe fase selfverwek is in die offervuur van sy eie wese. As beeld van die verloop van groot son-siklusse van die aarde se bestaan, verteenwoordig hy dan ook die verweefdheid van Christus met die hele aardverloop.

In Egipte hoor 'n mens weer van die Feniks of Bennu-voël saam met 'n klip wat met hom geassosieer word.¹⁰⁾

Van Walvis na Feniks is beeldmatig 'n logiese oorgang. Het Opperman gewet albei hoort by inisiasie-misterieë van die Oos-Mediterreende of het hy eenvoudig aangevoel dat hierdie beelde van Son-wedergeboorte verwant is?

OP Walvis volg in NEGESTER OOR NINEVÉ die gedigte Vuur en Rooi Voël, Wit Voël (NN 58, 60).¹¹⁾ Hulle word in Hoofstuk XI uit die oogpunt van Kringlope saam met Sheila Cussons se gedig Verklaarde kring (VL 27) bespreek. Die Vuurvoël word vir Opperman beeld van dit wat ewig is binne die fluks van die steeds weerkerende kringlope van geboorte en dood.

Die Feniks was die mitiese voël wat na 'n sekere periode, wanneer hy weet dat sy dood nader, takke en speserye versamel het om sy eie brandstapel te pak. Uit die wierookvuur wat hom veras, kom die Feniks dan telkens nuutgebore weer te voorskyn.

Die Here laat "jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend", sê die psalm-digter (Ps. 103).

So beskryf Roy Campbell in The Raven uit Mithraic Emblems die Sonvoël se dood en herlewing as 'n eie metamorfose van die siel:

Upon the red crag of my heart
his gorgeous pinions came to rest
where year by year with curious art
he piles the faggots of his nest,
old forest antlers lichen-hoary
and driftwood fished from lunar seas
that once had blossomed with the lory
and trumpeted the golden bees:
And steeper yet he stacks the pyre
to tempt the forked, cremating fire
to strike, to kindle and consume:
till answering beacons shall attest
that Fire is in the Raven's nest
and resurrection in the tomb.

Opperman stel later die Feniks self só aan die woord:

Ek roer in ieder en gewilliglik vergaar
Ek stokkies vir die dood self bymekaar
en lê hul kruis en dwars, bereid
dat Ek moet sterwe vir Sy ewigheid.

Hierdie reëls kom uit die gedig Rooi Voël, Wit Voël met sy treffende dubbelbeeld:

...kyk! skielik in die waters
 onder die rooi voël 'n wit voël
 as omgekeerde, saam 'n parabool
 wat van die eiland en die stede
 oopvlerk na twee ewighede.

Saam met die gedurige kringloop van die geboorte en dood word daar herken die Wese wie se self-offer steeds aan dood en nuwe wording sin gee.

Sou Roy Campbell se gedig The Fight (ME 94) op een of ander manier 'n voorloper van die ander Nataller¹²⁾ s'n gewees het? The Fight beskryf die stryd binne die digter se siel tussen die vroeër, meer aardse self en die nuwe verchristelike self in terme van 'n Spaanse Burgeroorlog-geveg tussen twee vliegtuie, een rooi en een wit.

One silver-white and one of scarlet hue,
 Storm-hornets humming in the wind of death,
 Two aeroplanes were fighting in die blue
 Above our town; and if I held my breath
 It was because my youth was in the Red
 While in the White an unknown pilot flew -
 And that the White had risen overhead...

...Till (Glory!) from his chrysalis of steel
 The Red flung far the fatal fans of fire:
 I saw the long flames, ribboning, unreel,
 And slow bitumen trawling from his pyre.
 I knew the ecstasy, the fearful throes,
 And the white phoenix from his scarlet sire,
 A silver in the Solitude he rose.

... signing his white Cross, the very Sun,
 The Solar Christ and captain of my days
 Zoomed in the azure; and his will was done.

In dieselfde gees as die sonnette van Mithraic Emblems beskryf Campbell sy kerstening, die oorwinning van die Wit "gun-bird" oor die Rooi, as 'n feniks-opstyging van die Christus-Son uit die vlammedood van sy skarlaken voorganger.

En die beeld van die Wit en die Rooi saam bokant die stad, het iets wat herinner aan Opperman se Rooi Voël, Wit Voël (hoewel omgekeer).

Die slotstrofe van Opperman se gedig beskryf die dood en weergeboorte van die Feniks uit sy selfaangesteekte vuur:

En magies is my dood, die geel
 en groen van vlamme geure pypkaneel
 en naeltjies, 'n bedwelmende wete:
 op die palm met die sewe krete
 sterf Ek vir 'n wêreld - uit die gloed
 en flikkering, die as en roet
 van liggaam, stede en verlore-
 gaan bo die verwaaide nes herbore.

Sheila Cussons skryf in 1947 uit Londen aan Opperman oor hierdie laaste strofe van Rooi Voël, Wit Voël "...vir my is die pragtigste ding in die hele bundel, en vir my daarby een van die roerendste dinge wat ek nog ooit gelees het, hierdie slotstrofe ...af en toe gebeur iets met feit en vorm, 'n magiese huwelik vind plaas en hulle dra mekaar tot die hoogste volvoering toe... Bo die bewuste strewe en bereiking skyn iets in hierdie gedig wat 'n mens weens 'n gebrek aan 'n beter term sou wou noem, die eteriese liggaam van die gegewens, 'n ekstra-persoonlikheid."

Die brief dateer uit dieselfde jaar as die Gestaltes van haar prosabundel. GESTALTES 1947 begin met haar vuurdroom as kind, en suggereer haar vermoede dat sy miskien in 'n vroeër lewe 'n vuurdood kon gesterf en deur 'n sterre=poort ingegaan het (GS 28). Van baie vroeër as DIE SWART KOMBUIS af leef die beeld van vuurdood en herlewing dus al by Sheila Cussons.¹³⁾

Mithras

Roy Campbell beskryf sy eie geestelike dood en herlewing in terme van die Sonmisterie van Mithras. Hy vertel hoe hy as jong man na die Sigeuners se jaarlikse veevendusie in Suid-Frankryk gegaan het en daar in 1920 in die

dorpie Saintes Maries de la Mer 'n kerk gesien het "which may have been a Mithraic shrine before being taken over by Christianity".¹⁴⁾ So het hy kennis gemaak met die Christus-voorganger Mithras. Die sonheld Mithras kom uit Indië en Persië. Sy kultus het in die tydperk voor Christus se koms baie aanhang gevind in Rome, en is deur die Romeinse soldate uitgedra tot in Europa en Brittanje. In die ondergang van die Romeinse beskawing is daar verlang na Soteria en 'n Verlosser.

Mithras is die held van die lig, uit die rots gebore, wat die bul van die aardse natuur dramaties oorwin. Hy is 'n engel uit die klip,

in the cold shell of the rock,
the red yolk of the phoenix-cock
whose feathers in the meteors fly. (ME 20)

Mithraic Emblems gaan om die dood van die bul, die afsterf van die vleeslike natuur, wie se kragte in sewe fases getransformeer word tot ligwese. Die sewe swaarde wat hom dodend binnedring, straal uit in 'n sonwiel as sewe strale van verskillendkleurige lig - "insigte wat wissel volgens sewe ligte" (NN 6).¹⁵⁾ Die Mithraïese ingewyde het opgestyg deur sewe grade, beginnend met die "Raaf" en eindigend met die "Vader". (Vgl. Alfred Schütze, MITHRAS)

Campbell assosieer Mithras met die stiergevegte van Suid-Europa waarby hy self betrokke was. Veral in Persië is religie in terme van dualisme gesien, lig en duisternis en die stryd tussen hulle.

Wanneer Mithras die bul doodsteek, spruit daar uit die dier se wonde koring en vloei daar wyn. Saam het die kultusgangers 'n sakramentele maaltyd ge-eet. 'n Was met die gestorte bloed het hulle tot verlossing gehelp. Dat die Mithraïsme in sommige opsigte direkte voorganger van die Christendom kon gewees het, word o.a. getoon deur die verband wat argeoloë tussen plekke van Mithras-diens en vroeë Christenkerke vind - bv. by San Clemente of Santa Prisca in Rome.

Vroeë afbeeldinge toon die drie Wyses uit die Ooste altyd met die Frigiese mus van Mithras: hulle moes in Zoroastries-Mithraïstiese of soortgelyke agtergrond hulle Verlosser-verwagting gegrond op sterrewysheid gevind het. In die vierde eeu is die geboorteviering van Christus verskuif na 25 Desember, wat van oudsher 'n feesdag van Mithras as die Sol Invictus of Onoorwinlike Son gewees het. Ook Keiser Konstantyn, wat die Christendom wettig gemaak het in die Romeinse Ryk, was as veldheer 'n volgeling van Mithras voordat hy die Christelike banier opgeneem het.

So skryf Campbell self, in die Author's Note by Mithraic Emblems: "It is well known that many things in the Mithraic religion, even the signing of the cross on the forehead, were as prophetic of the central and outstanding event in human history as the writing of Isaiah. Mithras has as much right therefore to Christian treatment as almost any other precursor, especially by a cowboy exercising his own profession. Mithras became the vassal of Christ, his cowboy in fact" (op. cit., p. 39).

Sheila Cussons se bundel DIE SWART KOMBUIS lei net soos Roy Campbell se Mithraic Emblems van voor-Christelike misterie tot Christus-ontmoeting:

'n Christus "gemantel...met son". In die lig van Rudolf Steiner se siening van die Christendom vir die moderne tyd as 'n herlewing op 'n ander vlak van wat in die misteriegodsdienste reeds verborge geleef het, is dit tog opmerklik dat iets van so 'n proses by die twee Suid-Afrikaanse digters gevolg kan word.

Sheila Cussons beweeg, soos in die volgende hoofstuk aangetoon word, deur die ondersese grot van die Groot Moeder, 'n donker "kombuis", tot die apoteose, die visioensklimaks, van "Christ of the burnt men" en Verheerliking (SK 81, 82) - Roy Campbell konfronteer die dierelemente wat die liggod Mithras omring en beweeg tot die klimaks van To the Sun (ME 60), 'n Christusgedig,

wat eindig met die sien van Christus as sewevoudige Ligwese. Al twee digters vind 'n klimaks in die innerlike "sien" van die Son-Christus.

Die verskillende aspekte van sy menswees word vir Campbell uitgedruk deur die kleure van die reënboog. As rooi stiervegter konfronteer Hy die swart bul:

And then the red
Torero, (Him who took the toss
And rode the black horns of the cross -
But rose snow-silver from the dead!)

Steeds word rooi aan gevoel as kleur wat oorwinning en herlewing uit die dood verkondig.

Die digter het sy gedig To the Sun aanvanklik geskied van die "heidense" Mithras-gedigte, maar dit later op sy regmatige plek as slot en kroon van die reeks geplaas.

Roy Campbell openbaar dieselfde sensitiwiteit vir kleur en lig as Sheila Cussons, hoewel sy spektrum anders is. Albei digters het lank in Noord-Spanje gewoon, het op later leeftyd tot die Katolieke geloof toegetree, was in aanraking met die kontemplatiewe Karmeliete-orde en het Jan van die Kruis bewonder, die groot Spaanse mistikus-digter (Roy Campbell het sy gedig te in Engels vertaal). Albei is blywend beïnvloed deur die Mediterreense kultuur.

Selfs het albei in hul later lewe moeilik gestap as gevolg van 'n beenbesering - Campbell as gevolg van 'n oorlogswond.

Des te meer opvallend is dit dat albei asof deur die herinneringe aan ouwêreldse Son-inisiëleprosesse gekom het tot 'n begrip van die Christusmisterie en die Verresene as Ligwese.

Uit Suid-Amerika

Van Wyk Louw het belang gestel in die Songodsdienst van Suid-Amerika. As seun het hy Prescott se CONQUEST OF MEXICO met aandag gelees,¹⁶⁾ en in die belangrike gedig Beeld van 'n jeug: Duif en perd (NV 76) oorweeg hy naas Romeine en Jode se stryd- of offerdood ook die Asteke-offer as 'n sterwenswyse (vgl. Cecile Celliers se skripsie BEELD VAN 'N JEUG: DUIF EN PERD).

In die kleindorpagterplaas van die digter se jeug

klap en kraai
die goue haan wat al sy henne trap

Slabbert dans op die stal. Hoog teen 'n blou
blink lug staan die piramide op
van Tezkatlipoka, die Rook-Spieël,
en bo die blink fluite word daar op die top

uit 'n jong man wat lewendig lê, die hart
met 'n klipmes van lapis lazuli
- 'lazuursteen' - blootgemaak en uitgeruk
en aan die skittering en die god gebie.

Die seun - hy moes die mooiste wees, en moes
'n jaarlank jongbul vir die verse speel
om daardie heilige dood en hemelvaart
tussen die ou aarde-gode uit te steel

en dan so bloedig deel aan die son te kry.
Die duif dans dringender bo op die dak
en sleep sy stert tot aan sy hakkies krom,
en brom en brom sy klein wit wyfie mak

wat effens net versit. My vingers teken
Romeinse swaard en Astek-pyl en Kruis
in ligte strepe. Dan vee my hand
dit ligweg uit die warm gruis

en weier om te kies.

Die sondiens van die Asteke, reeds dekadent, het 'n demoniese wending geneem, en mense is wreed geoffer deur die priester met sy klipmes. Die Luciferiaanse uitlewing van seksuele heerskappy en geweldadige dood, is een van die moontlikhede waartussen die seun vir sy toekoms kan kies, soos geteken in die

falliese oorlogsbeeld van die Astek-pyl. Die gewelddadige staatsoorheersing van die Romeine wil hy ook nie hê nie (vgl. GERMANICUS). Die Kruis as dwang-element van oorheersing soos gebring na Suid-Amerika deur Cortes en die Spaanse kolonisering, kan hy ook nie aanvaar nie.

Die seun neig uiteindelik - ná oorweging van die allesvervullende Christussterwe - na die teken van sirkel omsluit deur driehoek: In die taal van euritmie, die kurwe van die wil omsluit deur die reglynigheid van die denke.¹⁷⁾

Ons agterplaas se gruis dit glinster blou,
my vingers trek 'n driehoek om 'n kring
en streel dit uit en aarsel om te hou.

Hy kies 'n vrywillige gebondenheid, soos ook uitgedruk word deur die inbring van die swart hings in die stal in, "magtig, gebonde, beheers en mooi."¹⁸⁾
Aan die end van die gedig is die swart perd se energieë as 't ware in 'n offer gebind.¹⁹⁾

Bokant vlieg die duiwe oor die dak,
en hoog sien 'k hulle oor die toring pyl
van ons kerk en een groot sirkel trek
rondom die dorp, die rante-kom, en seil²⁰⁾

teen die donderwolke in wat ver-weg lê
en middag maak.

Paring herwin sakraliteit in die konteks van kerk én natuur?

Beeld van 'n jeug is eerstens belangrik omdat Van Wyk Louw in hierdie retrospektiewe gedig sy dualisme oorbrug en 'n versoening vind tussen uiterstes.²¹⁾ Dis in die offer as derde element²²⁾ wat die uiterstes van denke en wil, wit en swart²³⁾, bo en onder, Duif en Perd²⁴⁾, mekaar ontmoet: 'n Minder wankel en meer verstewigde ewewig word gevind.

Laastens is Beeld van 'n jeug belangrik omdat Van Wyk Louw hier die vooruitwysende aard van die ou godsdienste so duidelik herken. Hy besef die teen-

woordigheid van Christus in die hele verloop van die aardgeskiedenis, en die sentraliteit van die vrye Golgota-offer. - Later sal Sheila Cussons op die spoor van Teilhard de Chardin, hierdie allesomvattende Christus noem by 'n naam wat Paulus gebruik: die Pleroma, of Volheid. (Vgl. aantekening 6 by Hoofstuk I.)

Napeinsend oor die mes
van blou lasuur, oor Cortes en sy Kruis,
wat daardie ryk van son so dodelik gekwes

het en verdryf het van die aarde, en donker
mense, verlaat, gelaat het daar,
sonder die heidense, groot, geruste sterwe -
toe het my hart 'n nuwe klop gewaar

en 'n gedagte het my jong dink gewond
tot swymens toe; in daardie agterplaas
van son en son-blink duiwe, het blinker,
skil-dun, afsonderend - 'n groot blaas

uit 'n seepyp, vol beelde wat áfdrywe -
die pril dink rondom my lyf gesluit:
Abel se sterwe by 'n hokie klip,
waar die eerste bloed en offerande uit

uit die sonlig reik; Abraham met sy mes
en met sy seun teen 'n vaal rant
van ysterklippe - 'n ou man wat verskrik is
en opsygestoot, en die oë van die ram;25)

dan op 'n laaste klipkop buite die stad
drie kruise oor 'n land wat donker raak,
en, eindelijk, 'n vrye sterwe - en die vermoede:
dalk het dit daardie son kon donker maak

sonder verduistering agter 'n maan van klip:
omdat die aarde en elke aardgebeurtenis
en die son self, en tot die verste ster,
tesame net een groot vertelsel is

oor Hom en ons, en deur Hom self vertel -
vol beeld, prefigurasie, voorbereiding
op een voleindigende slot -
en dat in elke eeu die-laaste ding

verwysing na Hom was, deel van sy Naam....

Die wrede en dekadente son-offer van die Asteke vroeër in die gedig word gesien in die lig van Christus wie se dood vanself, vrywillig, deur sosiale prosesse, sonder die rituele tempelme van klip, offer van die lig was.

Die Spanjaarde kon miskien vir die Suid-Amerikaners die Lig van die Wêreld gebring het as vervulling ook van hulle eie óú maar reeds dekadente openbaringe, eerder as om hulle in die naam van die Kruis uit te wis? Want is die Christus van dood en opstanding, lig én duisternis (lig déúr duisternis) nie ten slotte die vervulling van al die prefigurasies van die voor-Christelike misterieë nie? Dit is wat Van Wyk Louw se gedig suggereer.

En deur die skeur van die voorhangsel-gordyn wat die allerheiligste binnesentrum afgesluit het, sou die binneste geheimenis van die verkeer tussen mens en God ná die offer van Golgota dan nie meer geheim wees nie maar oopgestel vir die daglig van volle bewussyn. "Christus is die sin van die aarde," sê 'n Paas-liturgie.

Die tyd van voorbereidende misterieë gaan verby, want die vervulling het gekom, en van toe af word daar geleef met die "oop geheim".

Die geskiedenis van die aarde is Sy geskiedenis, deur hom Self vertel, sien Louw in 'n oomblik van inspirasie wat: volwassene en kind verbind; aarde en hemel, manifestasie en argetipe volkome saam sien: son en Son.

Ons agterplaas die flikker van die son
 en bo die staldeur pronk my rooibont duif;
 waar agter in die donker die swart hings
 wat ruik aan sy ring, sy pote stamp en snuif.

Die maja van die Sutherland-agterplaastoneel word transparant vir dieper werklikheid: die liefdevolle duiwe in hulle sirkelgang om kerktoring en dorp, die perd in sy donker krag. Miskien selfs Bêrend in die middel, die mens in die rol van dienaar en beheerser. Stam hy dan nie ook uit een van

die ou rasse nie? wat offer en opstanding in hulle vooruitwetende stamgebruike en sprokies geken het.

So word in hierdie gedig van Louw die mens se versoening tussen denke en drif gevind deur oordenking van die donker/lig-wisseling van Christus se sonsverduisteringsdood op Golgota, soos dit deur die eeue reeds vooruit geweet was, en tot aan die einde van die tyd vervul sal word.

Die digter bring 'n duidelike besef dat die voor-Christelike offer reeds die Christelike sterwensoffer prefigureer, in beelde reeds vooruit wys. Maar ten spyte van sy jeugdige beeldwete, "tot swymens toe" en afsonderend, kom besef van die Opstanding, in dié stadium nie na vore nie.

* * * * *

Tot so ver dan hierdie beknopte oorsig oor vroeë Sonmisterieë²⁶⁾ van die Suide en hulle neerslag in die kulture van Suid-Afrika.

Daar moet ook gewys word op twee sentra in Griekeland wat gewy was aan die Moedergodin: Eleusis en Efese.²⁷⁾

Eleusis : Saad

"Das Stirb und Werde zieht sich wie ein roter Faden durch alle grossen Mysterien hindurch... In Eleusis spielte sich alles noch im verborgenen Bereich des Innerseelischen ab; im Christentum ist das Seelenmysterium irdisch-leibliche Tatsache geworden. Der als Mensch Verkörperte Gott konnte den Tod bis in das Leibesgefüge überwinden" (Herman von Skerst, DER UNBEKANNTE GOTT, p. 86).

("Die Sterwe en Word! loop soos 'n rooi draad deur al die groot Misterieë heen... In Eleusis het alles nog afgespeel in die verborgenheid van die

innerlike siel; in die Christendom word die sielemisterie aardsliggaamlike feit. Die as mens beliggaamde God kon die dood tot in die liggaamstruktuur oorwin.")

Eleusis is 'n tempelgebied van die aardgodin Demeter vlak buite Athene waar die mense van die stad meer as duisend jaar lank, in diepste geheimhouding,²⁸⁾ geïnisieer is in die geheim van die sterwe en opstaan van die koringkorrel,²⁹⁾ en die terugkeer van Persephone uit die onderwêreld (vgl. ook aantekening 2 by Hoofstuk II).

Die "Groot Godinne" in die "Ryk van die Moeders" (FAUST II) kan voorgestel word as Rhea-Kubele, Demeter en Persephone (Weleda-kalender 1983). Die Ryk van die Moeders is die ryk van wording, ontstaan, waar vormkragte gedurig in stof in inkorporeer en weer exkorporeer. "That creative power can only be found in the primal intellectual forces that give birth to ideas and have in keeping forms past, present and future." (Inleiding tot FAUST II deur Philip Wayne, Penguin-edisie.)

Die Groot Moeder is drieledig: Oувrou, Vrou en Meisie. In Hera se grot=kombuis (SK 30) staan by die ontstaansvuur, tussen die "ouvrour ouer as oud" en die neutvars meisie met die sywurmhare: die vrou wat die ontoordroom deurgaen.

Persephone of Proserpina, die dogter van Demeter (Ceres), is genoem die Kore of "Meesie". Deur haar huwelik met Hades (Pluto), sê die mite, het sy ook koningin van die bendewêreld geword. Hy het haar weggesleep terwyl sy besig was om die narsingblom te pluk; in Sicilië word vandag nog 'n donker grot=ingang na die benede-wêreld aan besoekers gewys waar dit sou gebeur het. Persephone... "is called by the later writers Juno Inferna... in the mystical theories of the Orphics Persephone is described as the all-pervading goddess

of nature... The myth of Persephone...expresses the renewal of vegetation in spring, especially of the corn, after it has been buried underground in the winter, and this again in the mysteries was probably carried further so as to symbolise a future life." (DR. SMITH'S CLASSICAL DICTIONARY)

Nadat sy deur haar treurende moeder Demeter oral gesoek is, sodat die plante verdor het, word Persephone toegelaat om 'n gedeelte van die jaar bo die grond te bly. Dan is dit somer. Net so kan die siel teruggelei word van die donker aarde na haar tuiste in die lig. Dit is wat die Misterie dan wil teweegbring, deur o.a. die wegsteel van Persephone en haar weerkom as drama te wys.³⁰⁾

Die naam Eleusis is afgelei van 'n werkwoord wat beteken "om te kom" ('n verbuiging van ergomai) en kan gedui word as "die Komende", "die Een wat nog gaan kom". Die weergebore Dionusos van die slotseremonies (Iakchos,³¹⁾ Bakchos) was 'n soort toekomskind, miskien die geboorte van die Godheid-in-die-mens waarna uitgesien is.

Kon dit die "onbekende God" gewees het na wie Paulus verwys in sy eerste toespraak op die Areopagus in Athene? Von Skerst meen dit is in die Paasnagseremonies van die Grieks- of Russies-Ortodokse Kerke dat die plegtige gees van die Eleusis-inisiasie voortleef (op. cit., hoofstukke 12 en 13).

Die vroeë Christene uit Griekse agtergrond het ongetwyfeld hulle eie misteriewysheid en filosofie aanvaar as net so seer 'n voorbereiding op die Christusboodskap as wat die Ou Testament vir die Jode was. Die kerkvader Clemens van Alexandrië, wat waarskynlik vroeër by Eleusis ingewy was, sê bv.:

"Want Petrus het, soos ek meen, duidelik verkondig dat die een en enige God deur die Grieke op 'n heidense manier, deur die Jode op 'n Joodse manier, maar deur ons op 'n nuwer en meer geestelike manier erken word. Bowendien het hy egter ook gewys dat dieselfde God altwee die Testamente gegee het.

Hy wat ook aan die Grieke die Griekse filosofie geskenk het."³²⁾

Op die katakombemure in Rome verskyn naas die Teken van Jona ook Christus as die ware Apollo, die ware Orpheus of die ware Herakles. Daar in die grafkelders het die vroeë gelowiges hulle omring gevoel deur die "wolk van getuies" (Hebreërs 12) wat as martelare gesterf het.³³⁾ - geeste van die dodes by die verborge viering van die sakrament in die onderaardse kapelle (Bock en Goebel, DIE KATAKOMBEN).

Dáár klink Christus se woorde by die graf van Lasarus, deur Johannes oorge=dra, op so 'n manier op dat hulle deur elke nuwe Christen uit sy eie openba=ringsagtergrond verstaan kan word:

Ek is die opstanding en die lewe;
wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe;
en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid
nie.

Efese: die Melk van die Woord

Die oorgang van voor-Christelike tot na-Christelike in die Griekse wêreld kan ook gesien word in die geskiedenis van Efese. Die heiligdom van hier= die belangrike antieke stad was gewy aan die lewegewende Moeder as Maanvrou: Artemis of Diana. Hoewel die geloof van die skares meer oppervlakkig was (Handelinge 19), was dit hier in die binnekring dat die vroeë Griekse filo=sowe die konsep van die LOGOS ontwikkel het, die skeppende WOORD. Hier het die groot Herakleitos sy boek "Oor die Natuur" op die altaar neergelê voordat hy die bosse ingegaan het om te sterwe. (Vgl. Wilhelm Kelber, DER LOGOS VON HERAKLIT BIS ORIGENES.)

Daar word deur baie mense aangeneem dat Maria die moeder van Jesus in haar later lewe in Efese gewoon het. Die woonplek van die vrou wat in Johannes se sorg gegee is (Joh. 19:27), word aan besoekers gewys. Maria het in

sekere opsig Artemis se plek ingeneem as die Moederlike na wie pelgrims kom.

Johannes die Evangelieskrywer het baie oud geword in Efese. Dit was een van die Sewe Stede in die visioenboodskappe wat hy op Patmos ontvang het (Openbaring 2:1-7). "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die Boom van die Lewe wat binne-in die Paradys van God is", word belowe aan hierdie gemeente, waar daar so lank al gekonsentreer is op groeikragte, vormkragte in die plantenatuur.

In die geweldige proloog van die Johannes-evangelie - onuitputlik in eenvoud en diepte - gebruik Johannes die LOGOS-begrip van die Griekse filosowe om die allesomvattende Skeppingskrag tuis te bring van die Christus-Redder-Wese wat in Jesus geliggaam is.

In die begin was die Woord,
 en die Woord was by God,
 en die Woord was God.
 Hy was in die begin by God.
 Alle dinge het deur Hom ontstaan,
 en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

In Hom was lewe,
 en die lewe was die lig van die mense.
 En die lig skyn in die duisternis
 en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

By Johannes het dit tuisgekom dat die Wese wat hier op aarde in Jesus mens geword het, dieselfde is as dié wat reeds vantevore deur die Griekse denkers as die bo-natuurlike Skeppingsmag binne die natuur uitgeken is: die Logos, goddelike Woord, of "Rede".

O Onveranderlike, Oneindigende,
 Onbeginnende Woord.....

(SJ 1)

Van Wyk Louw se groot Logosofie-gedig is te vol om in hierdie kort bestek bespreek te word, oor

Die groot Tempel, die aktiewe Woord
 wat alles geskape het, wat oor die hele
 aardryk heers en die son opgerig hou
 tot afbeeldsel van die Lig vir alles
 wat ligbehoewend is -

...Dié dié: boordevolles
 van voorafbeelding...

(TR 60)

Die duiwel, sê Sheila Cussons, kan die inkarnasie van die allesomvattende
 Logos in menslike liggaamlikheid nie verdra nie. Vlees is vir hom

aanstoot genoeg,
 maar dat die Woord met spúg kon hu -

(SS 16)

Die begrip van die Logos of skeppende Woord soos dit voortleef in ons
 20ste-eeuse Westerse beskawing, stam wesenlik uit die Efese-misterie en
 die sfeer van die lewegewende natuurmoeder. In die "verborgenheid" het
 die ontwikkeling van Europa se filosofiese en teologiese denke begin.

Oor Efese as voorspel tot die Christus-ervaring skryf Sheila Cussons (meer
 in verband met die gevoelslewe) in haar Paulus-gedig Onderweg na Damaskus
 (SS 41),

in elke Diana ontmoet ek snags
 myself wat op 'n Damaskus wag.

Die lewegewende natuurmoeder is in haar beeltenis voorgestel met veelvuldige
 borste. Sy voed al wat lewe. - Cussons verwys in haar gedig na Paulus
 se woorde aan die mense van Korinte (I Kor. 3): "...ek het julle met melk
 gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie,
 en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, omdat julle nog vleeslik is".
 Die voedingskrag van die aanvanklike, eenvoudiger lering van die woord van
 God word in die Nuwe Testament ook as melk vir kinders voorgestel in die
 Hebreërbrief (5:12-14) en deur Petrus (1 Petr. 2): "...verlang sterk soos
 pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daar=

deur kan opgroei".

Sommige van die vroeë Christene was terdeë daarvan bewus dat 'n Christelike denkwysie as 't ware voor-Christelik al bestaan het.

Onder die kerkvaders het Justinus die Martelaar - 'n Griekse filosoof wat een van die vroegste verdedigings van die Christendom geskryf het - gesê alles wat waar en goed is uit voor-Christelike tye behoort aan die Christene, omdat die Logos wat in Christus volkome beliggaam is, van die begin af al soos saad in die mensegeslag werk.

Golgota

As 'n mens saam met Van Wyk Louw besef dat alles wat vantevore gebeur het, prefigurasie en voorbereiding is, in die "een groot vertelsel.../ oor Hom en ons, en deur Hom self vertel", wat die wêreldgeskiedenis vorm, dan word dit duideliker waarom gedigtereeke soos Mithraic Emblems of die Kombuis-van-Hera gedigte uit 'n "heidense" agtergrond kan voer na daadwerklike Christus-openbaring.

Blote belangstelling in die sinryke mites en simbole, wat vir 'n skrywer so fassinerend kan wees, - soos sê maar in die 7-reeke van Brendaan of by die Silbersteins - is egter nie genoeg nie. Dit bly verstandspel solank die offer ontbreek.

Die offer van die self is eerstens die dissipline van 'n pad van gebed, reiniging en diens. "Wees getrou tot die dood toe en Ek sal julle die kroon van die lewe gee." Hier het die buitekerklike Christene, die Katharoi of "Reines" wat martelare geword het, ook iets om by te dra.

Die groot aartssimbool wat lewend uitgeleef is - uitgeleef word - is dan die Kruis waar die Son verduister het / Paas-oggend en Emmaus-maaltyd.

In die volheid van die tyd word die "Heliand" op aarde gebore. Hy kom as mens in die geskiedenis om al die geheime voorafskaduwinge van die vroeër tye openlik tot vervulling te bring (vgl. Gal. 4:4, Rom. 1:20, Hebr.1:1). "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld dra", die uiteindelijke Offer wat alle skuld en vrees kan besweer. (Joh. 1) "Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon..." So is die Val van die mens gestuit en in die groot wendpunt van die aardgeskiedenis word die verloregeande verhouding met die geeswêreld weer moontlik. In vereenselwiging met die God-mens, deur die inwonende denke van sy Heilige Gees wat ook Hy is, gaan 'n nuwe, getransformeerde pad van heiligmaking dan vir die na-Christelike mens van stap tot stap oop. En saam met homself is die mens ook geroep om die Natuur te verlos (Rom. 8:19-23).

Hierdie val en opstanding, déúr natuur tot bo-natuur, is seker in Sheila Cussons se werk die hooftema, wat steeds van verskillende kante af benader word. Die Christus Jesus is nie net "man van Nasaret" nie, Hy is ook die Volheid van die al, die kosmiese Pleroma (vgl. aantekening 6 by Hoofstuk I). In Hom word die profetiese beeldspraak van die verlede vervul:

Hy is die Vis, die ICHTHUS (SW 36).⁷⁾ (Iesus Christos Theou Huios Soter = Jesus Christus Seun van God Verlosser).

Hy is die Feniks, wat soos 'n "Burnt Man" in Verheerliking herrys (SK 81, 82) uit die Son se "omtoorvuur".

Hy is die wesenlike Sonheld wat die inslukmonster van die benedewêreld oorwin en weer te voorskyn kom.

Hy is die Lig, wat soos Mithras die swaarte van die aarde oorwin en transformeer.

Hy is die Saadkorrel (Eleusis).

Hy is die Woord (Efese).

In Hom word Apollo en Dionusos verenig (Friedrich Hiebel, THE GOSPEL OF HELLAS).



Hy is die Hoeksteen wat die bouers verwerp het (1 Petrus 2), sê die later alchemiste wat voortbou op ou tradisies. (Vgl. die Böhme-aanhaling in die volgende hoofstuk, Toorklip, EK 42, Kleim, WB 3, ens.)

Hy is die vurige Graal wat voed en genees, die bron van alle transformatiewe ontwikkeling, gee die Graalverhale te kenne. Deur die vind van die Graal sal Visserkoning sowel as "Gryslan" genees word. (Vgl. SK 69 en die bespreking daarvan in die laaste afdeling van hierdie hoofstuk.)

Alchemie

Begrippe soos "Toorklip" (EK 42) of "Omtoorvuur" (SK 31) kom van baie ver vandaan, van die Fenikslande. In Egipte o.a. sou die "Hermetiese wetenskap" sy oorspronge gehad het. (Vgl. De Rola en Jung.)

Die Swart Kombuis, die "toorkombuis" van die aardmoeder, is inderdaad die werkwinkel van die alchemis, waar transformasie deur sy vuuroond teweeggebring word. "This darkness darker than darkness, this 'black of blacks', is the first sure sign that one is on the right path." (De Rola, ALCHEMY, p. 11).

Die alchemiste van vroeër eeue was, soos reeds gesê, nie alleen voorlopers van die moderne chemie en fisika nie, maar het ook geworstel om uitdrukking te gee aan die geheimenis van die innerlike transformasies waardeur die mens eintlik mens word. "Their chemical processes were so conducted as to study by means of natural forces the real processes of development of the soul".³⁴⁾

Wat is die Nigredo of "swart" stadium in die alchemiste se proses anders as wat in die beeldverhale van die Misterieë genoem is die "hellevaart" van die siel - soos Homeros dit vertel in die Odussea, of Virgilius in die Aeneïde, of Dante in die Divina Commedia - wat 'n tuiskoms of 'n hemelvaart voorafgaan. Die helder word van die swart, die tuiskoms van die held by sy geliefde, is soos 'n geestelike opstanding uit die dood.

Ook Christus het "ter helle neergedaal" in die drie dae tussen Kruisiging en Opstanding, sê die Geloofsbelydenis: In die Grieks-Ortodokte kerk se nagtelike Paasdiens en die Russiese ikone is daar begrip vir hierdie deurgang van die oorwinnende Lig deur demoniese duisternis, wat die oerbeeld is van die mens se gang deur aarde en dood.³⁵⁾

Die alchemiste wou sulke omsettinge van duisternis na lig, sulke transsubstantiasies, op die gebied van die stoflike net so seer as die geestelike laat geld. Hulle is dikwels uitgelag as mense wat gewone metale in goud wou verander. Eers in die tyd van die atoomfisika sou daar algemeen beseft word dat een element inderdaad onder sekere omstandighede in 'n ander verander kan word; en dieptesielkundiges sou weereens die beseft tuisbring dat daar prosesse van "intergrasie" in die mensesiel werk.'

Die Groot Werk van die alchemisteproses het deur verskillende stadia gegaan, waarvan genoem kan word die nigredo, die sg. cauda pavonis of veelkleurige "poustert" (soos reeds bespreek in aantekening 1 by Hoofstuk I), en die conjunctio oppositorum of vereniging van teenoorgesteldes - "identified by Jung with the close union, in Man, of the male principle of consciousness with the female principle of the unconscious" (Cirlot). Die vereniging van teenoorgesteldes, wat ook in die Graalverhale 'n belangrike rol speel, is 'n prominente tema in Sheila Cussons se poësie. Vgl. o.a. ook aantekening 2 by hoofstuk I oor die hieros gamos, en die laaste hoofstukke oor kringlope en die gedig Wonder (M 24). -

Die ou wêreld het die Heilige Huwelik tussen hemel en aarde in rituele beliggaam. Die mistici streef na 'n innerlike vereniging tussen die siel en God. Maar die "Chymiese" of "Alchymiese Bruilof" soos aangedui deur Christian Rosenkreutz³⁴⁾ "aimed at the union of the soul with the divine powers active in nature. Macrocosmic creative forces manifest themselves in the phenomena of living nature. The alchemists set themselves the task to know and understand these forces in their inner essence" (Zeylmans van Emmichoven, op. cit., p. 173 met aantekening p. 297).

Cirlot skryf soos volg oor die kleurvolgorde in die verskillende stadia van die alchemiese eksperimente: van swart deur wit en rooi na goud - "To wind up these observations on the psychic significance of colour, let us point to some correspondences to alchemy. The three main phases of the 'Great Work' (a symbol of spiritual evolution) were (1) prime matter (corresponding to black, (2) mercury (white), and (3) sulphur (red), culminating in the production (4) of the 'stone' (Gold). Black pertains to the state of fermentation, putrefaction, occultation and penitence; white to that of illumination, ascension, revelation and pardon; red to that of suffering, sublimation and love. And gold is the state of glory. So that the series black-white-red-gold denotes the path of spiritual ascension." (A DICTIONARY OF SYMBOLS, p. 55f)

Die misterieuse eindproduk waarna die alchemis gestreef het, was die Steen van die Wyse of Filosowesteen, die Lapis. Dán is dit as diamant gesien, dán weer as stralende goud. Sommige het daaraan gedink as 'n "toorsteen", ander het dit gelykgestel met die geheimenis van Christus se liggaam getransformeer in die Opstanding. Van die 13de eeu af kom die Christelike element in die alchemie na vore. Onder die belangrikste figure van daardie tydperk was Albertus Magnus, die leermeester van Thomas Aquinas, Thomas self, en Raymundus Lullus.

Zeylmans van Emmichoven wys daarop dat Raymundus Lullus die eerste was wat die verbinding Christusliggaam/Lapis daargestel het (DER GRUNDSTEIN, p. 54).

* * * * *

Al-chemis is glo afgelei van 'n wortel wat "swart" beteken (net soos Gam), die kleur van die Prima Materia, die oer-stof waarmee die alchemis begin het in sy "simbologiese" transformasies van stof soos dit gees of psige versinnebeeld. "The alchemists described the process of cleansing the soul in chemical symbols; the dark unenlightened soul was likened to coal, dark as a raven (and the name 'raven' was used for the alchemist in die first stage of his education, learning to handle the prima materia). When the soul cleansing began, the black raven became a black and white magpie, as described in the beginning of Wolfram von Eschenbach's PARSIFAL, and when the cleansing process was complete, the white dove indicated the holiness of the spirit. The Philosopher's Stone had to go through many colours, as told in the story of the Holy Grail, until at last the red substance of the Holy Blood indicated the completing of the Inner Way, appearing in such beauty that over it the White Dove of the Holy Spirit could hover. - Christ's blood in the crystalline vessel shows the final aim for which the Philosopher's Stone was created: to provide a vessel fit for the Blood of Christ and his selfless sacrifice. The way from the black coal to the white diamond, radiating in all colours, is the way of Purification... No-one who has followed English history through its legends and stories can believe that these things are dead. It is only necessary to translate them today into another language than that of alchemy and mediaeval symbols." (Walter Johannes Stein, in 'n artikel in Present Age 1936)

Uit die swart oermateriaal wou die alchemis uiteindelik deur vuur heen die ligdeurstraalde diamant wen, 'n innerlike Filosowesteen. -

In Kleim (WB 3) verdedig Sheila Cussons die stelling dat die gereinigde diamant nie weer terug kan val tot swart kool nie. Transformasies van die bloed kan nie ongedaan gemaak word nie. Besef die digteres self dat dit die geheimtaal van daardie vroeë dieptepsigoloë is wat sy gebruik? Sentraal kom die tema van die Diamant as Lapis ook na vore in die diamant-motief van Opperman se BLOM EN BAAIERD.³⁶⁾

Blom van die Baaierd (BB 67f) uit die bundel BLOM EN BAAIERD is sterk alchemisties reeds in die antitetiese naamgewing. Die baaierd is die oer-chaos waaruit die wêreld ontstaan het, die "blom" is die mees gevorderde, die diamant. "Blom van die baaierd" as naam vir die diamant is ontleen aan die aangepaste vroeë Afrikaanse versie wat in die loop van die gedig aangehaal word.

Terwyl Opperman uitbrei op die implikasies van hierdie Lied van die Diamant, verwys hy ook uitdruklik na die Lutherse skoenmaker-mistikus Jakob Böhme (1575-1624), wat sy insigte van eenheid met God en wêreld in alchemistiese beeldspraak uitgedruk het (Vgl. Evelyn Underhill, MYSTICISM, p. 140-148 en elders): Die skoenmaker in die gedig heet Herr Beume. Dié Koen, 'n boggelrug-rympiemaker, neem egter onwederregtelik een nag "die flonkerende steen van mag en kennis", wat hy voel dat God hom misgun, uit "die verbode kamp...", as smokkelgoed. Is dit die geheim en mag van die mens se goddelike wesenskern waardeur hy hom as skeppende wese met die Al kan vereenselwig, wat die digter te vroeg en nog onryp wou bemeester? Het hy moontlik o.a. die spiritisme waaraan hy meegedoen het, as 'n pad na verbode kennis beskou?

Later wens Koen dat hy sy vergryp ongedaan kon maak. As segsman van die wanskapenes, verarmdes en misdadiges van die aarde roep hy:

ons...
 ... sluit in wanhoop van die liggaam
 'n verbond met magte van die hel.

Waar is U towersteen, U fonkelende graal
 dat ek my skik na grense
 en tevrede met die plek wat U vir my bepaal
 - selfs as gedrog langs medemense,
 sien dat U regverdig bo die donker skepping straal?

In sy "verbond met magte van die hel" tree Koen as lokvink op en veroorsaak die dood van sy vriend Broer Ben, 'n prediker wat in die stryd teen die bose hom egter self ook op smokkelgeld verlaat het.

Die gedig gaan om 'n argetipe van verraad met newetone van die kruisiging. Die regter sê vir Koen:

Jy het weerstrewig die verbode steen gevat
 en op 'n nag my dienaar teen die bult vermoor.

Die protagonis eindig as kranksinnige wat blomme steek in die wonde van die gehate en geliefde "Broer Ben", 'n soort ander self wat hy verraaï het. Hy bid om die sondes van die mensdom.

Die gesteelde "blom fan di bajert, ferberg in di nag" is hier, volgens die aangehaalde Patriot-versie, die ewigheidskern van die siel:

'n kasteel fan kristal waar Gods lig uit skyn.

"So mooi as foor Adam syn tyd" is die lig en die glans van hierdie "binnelig uit God se eerste daeraad", 'n regte "wens van die Paradys", soos Wolfram se kluisenaar die Graal noem (PARZIVAL).

Dit is duidelik dat met die diamant van Blom van die Baaierd die digter niks anders in gedagte het as die alchemiste se lapis of "filosowe[^]steen" nie, die eindproduk van die Groot Werk aan die transformasie van mens en

aarde, gees en stof. Om te sê dis die Self waarna gesoek word (vgl. ook die aangehaalde werk van Charles Malan) is dalk te simplisisties. Dit bly ondefinieerbaar, hierdie punt van weervereniging met goddelike oorsprong en Paradys, van visioenêre eenheid met alle dinge. Dit is die "flonkerende steen van mag en kennis" wat Koen uit die verbode kamp néem, moontlik verwant aan Ballade van die Gryslan, met sy beeld van die wiel, se "spil van die siel".

Maar "the true Hermetic stone is not something which can be found but something which must be made..." (Evelyn Underhill, op. cit., p. 144). Wanneer die mens in Luciferaanse verrukking te vroeg en sonder eerbied na die geheimenis gryp, is dit gevaarlik. Die "fermanende woord" wat die diamant tot die siel spreek, is dat dit God se ewige lig is wat straal uit die mensesiel se "kasteel van kristal".

* * * * *

Die steen van die alchemiste word soms as diamant gesien en soms as goud. Die "Marco Polo" van Opperman se KOMAS UIT 'N BAMBOESSTOK soek na sywurmsy uit die Ooste. Sheila Cussons vind na haar deurkom deur die seegrot 'n meisie met goue hare soos dié van 'n sprokiesprinses: "sywurmhare".³⁷⁾

Oor goud as die eindproduk van die alchemiste se transformasieprosesse, is die volgende aanhaling verhelderend: "It is another image for the symbol which in the Orient was termed the Diamond Body or the Golden Flower." (Jolande Jacobi, THE PSYCHOLOGY OF C.G. JUNG, p. 14f) "...the secret of alchemy was in fact the transcendent function, the transformation of personality through the blending and fusion of the noble with the base components, of the conscious with the unconscious.' For in all probability

alchemy was **not** concerned at all with chemical experiments, but rather 'with something resembling psychic processes expressed in pseudochemical language.' The gold sought for was not 'the ordinary gold' (Aurum vulgi), it is the philosophical gold or even the marvellous stone, the lapis invisibilitatis (the stone of invisibility), the alexipharmakon, the 'red tincture', the 'elixir of life'.

"The number of terms employed for this 'gold' is endless... 'First and foremost, as a parallel to the collective spiritual life of the times, it was the image of the spirit imprisoned in the darkness of the world. In other words, the state of relative unconsciousness in which man found himself, and which he felt to be painful and in need of redemption, was reflected in matter and accordingly dealt with in matter.' Thus from the chaos of the unconscious state, represented by the disorder of the massa confusa which was the basic raw material of alchemy, the corpus subtile, the 'body of resurrection', the 'gold', was produced by division, distillation, etc., and through ever new combinations.

"But this gold, the alchemists believed, could not be made without the intervention of divine grace, for God himself is manifested in it. In Gnosis the man of light is a spark of the eternal light that has fallen into the darkness of matter and must be redeemed from it. Thus the result of the process may be designated as a uniting symbol which almost always has a numinous character... It is only in this light that we are able to understand how it was possible for the alchemists to experience the transformation of their own psyche in projection on chemical substance. And it is only when we have found the key that we perceive the deeper meaning of those mystic texts and processes, which is often extremely obscure, perhaps intentionally so." (Jacobi, op. cit., p. 142f).

Teilhard de Chardin was op sy besoek aan Suid-Afrika in 1951 geboei deur die invloed wat hy gevoel het dat goud en diamant op die mense het. "At first, the fascination of South Africa was its palaeontological and geological interest; later his interest was aroused 'by the elementary forms, schematic and extreme, that clothe (as in an enclosed laboratory) the human phenomenon : that extraordinary psychic ferment started by gold and diamond.'" (Claude Cuenot, TEILHARD DE CHARDIN, A BIOGRAPHICAL STUDY)

Het Suid-Afrikaners miskien ook behoefte daaraan om te soek na die innerlike goud en diamant van die "geïntegreerde persoonlikheid"?

In NEGESTER OOR NINEVÉ verlang Opperman so sterk na die Portugese ontdekkers se "ou goudstad Vigiti Magna" (NN 62).

Hoe kom dit dan dat die digter van die bundel se beelde van die weergeboorte van die lig - Vis en Feniks - ten slotte ná sy siekte in die Maraispark staan, met die spikkelveer van Feirefiz en Parsifal in sy hand by 'n "skuldpad", soos hy die park se skilpad noem, met die vraag: "Waarom is die skoenlapper swart?"³⁸) Ook die skoenlapper uit die kokon is 'n beeld van uitkom in die lig - hoe kan weer-herlewing swart wees?

Die oumens/kind van Maraispark vind die oopvou van die swart vleuels van Oupa se Statebybel nie meer genoeg nie. Om 'n ware alchemistiese transformasie in mens en natuur te bewerk, soos in ENGEL UIT DIE KLIP in vooruitsig gestel is, sou nuwe begrip gesoek moet word vir die kern van Paulus en Johannes se boodskap, en verdiepte insig in die aarde se transformasieprosesse? "Toorklip", "omtoorvuur" is meer as "Goddelike komiek".

Dirk Opperman stel sy lesers voor moeilike vrae. Kán volkome vereenselwiging van die mens met die skepping wat hom omring, in ons tyd reg bereik word sonder om te gaan deur die wesenskern waar mensedenke en buitewêreld

albei ontstaan uit die Goddelik-skeppende? Wat is die konneksie tussen hierdie skeppende Logos-mag en die eweneens skeppende woord van die digter? En ook, watter rol speel Lucifer en die illusies van grootheidswaan en trots as belemmeringe op die digter se pad? (Sheila Cussons se uiteensettinge met die opstandsendel kom in Hoofstuk VI ter sprake.)

'n Sekere voorbereiding moet nodig wees vir die oorgange waarvan die NINEVÉ-beelde van Vis en Feniks spreek. In die Dagboek van 'n Seun (KB 32) sien die digter homself in retrospeksie as die swart kriek agter die stoof wat soos baie ander, gedeeltelik deur die omstandighede van die tyd, nooit reg "aangeneem" kon word binne 'n geestelike gemeenskap nie. Hoe het die spiritisme van sy vader sy geestesontwikkeling beïnvloed? Die politieke geheimbond wat hy die Carbonari³⁹⁾ noem - d.w.s. swart Kolebranders, na 'n bevrydingsbeweging in Italië - vertoon as 'n nasionalistiese substituut-gemeenskap wat met "beswerings"-rituele, van die politiek godsdiens wil maak.

Die agt sonnette van Brandaan in ENGEL UIT DIE KLIP beeld dan 'n soort hellevaart uit in die verslag van die Ierse heilige St. Brendan se reis na die verre Weste,⁴⁰⁾ waar hy en sy reisgenote volgens die oorspronklike legendes hemelse sowel as helse ondervindinge deurgemaak het. Opperman verafrikaans die omstandighede en gee feitlik net die monsters weer, sodat die reeds eensydig voorkom in vergelyking met die oorspronklike. Al vuuroffer wat verskyn, in die vyfde sonnet, is dié van Hindoe-Vuurlopers in hulle trance; en al geboorte dié verwek deur die demoniese, sub-menslike Tikolosh' (Tokolosi, EK50). Sewende is die sielverstikkende stagnasie van Séance en die stad-benede-die-stad wat op onheilspellend atavistiese manier gevind is. Dié sonnet eindig met 'n roep om geboorte-verlossing: "Here, sny die koord." Wat het geword van Sinte Brendane se Paasfees op die eiland van die walvisrug, of ten minste die aansteek daar van 'n nuwe

vuur? "Ek het die wondere van God beskryf/en al die monsters uit my hart verdryf" - Is die slotreëls van hierdie Brendaan-reis, wat begin by die kaggelvuur en eindig by die kroegvuur, regtig genoeg om soveel monsters te besweer?

Die bundel ENGEL UIT DIE KLIP eindig met die klag om 'n gestorwe kind, 'n groot gebed om gesplinterde en gespieëelde lig, en om eenwording. Soos Isis na die verstrooide liggaam van Osiris, die uiteengekapte liggod, soek hierdie Pietà-moeder van Scheepers na haar seun, die digter na verbrokkelde lig:

...soveel beendere lê onder die roosmaryn...
Seën, Here, al die bleek gebeente van die stryd -

Sheila Cussons se Selebrant (SW 35) is soos 'n meer universele, meer gekonsentreerde Gebed om die Gebeente (EK 55) - haar insig verdiep deur die Christus-opstanding, wat by Opperman ook reeds geïmpliseer word. Dis asof sy met die inbegrip van die "donker vuur" van boete en reiniging ook die mededigter se vormende denke nog 'n stap verder, tot 'n volgende meta-morfose neem. Die reinigende lyding word erken, die prosesse van die "toorn van God" en die ander kant van sy liefde. Sy bid dat nie een verlore mag gaan nie; bid, teenoor die Son wat self offer is, tot koring en Brood geworde offer op die groot altaar van die aarde. Die digteres vereenselwig haar met die Priester wat die offer van lig en vuur bring:

Hy wy die ou gebeentes
op die altaar van die aarde
en dink in die woestyn
'n monstrans⁴¹) om 'n son:
" - laat in die donker vuur, donker vuur
keersy van u klaarte
geen dood u lewe afsterf
geen enkele siel vergaan."

Hier is dan die uiteindelijke, voedende hart van al die metamorfosebeelde: die Christusmaaltyd wat gestorwenes en lewendes en ongeborenes saam eet om

tot eenheid verbind te word in die liggestalte van die Liggaam-van-Christus, wat die wesenlike "Kerk" is.

Wanneer 'n mens die twee digters so saam lees, is dit asof die Kombuis van Hera-gedigte 'n ontwillekeurige voortsetting kan wees van sommige van die temas in ENGEL UIT DIE KLIP. Dan kom die eenoogmeisie⁴²⁾ soos 'n nuwe "engel" uit die klipgrot onder die klipboog uit, nie meer toornig nie maar lieflik, omdat 'n skuld besweer is... Versoen in die Christus-offer, blyk dit later in DIE SWART KOMBUIS, al was die aanvanklike dekor pre-Christelik.

Yea, I have understood
 How all things are one great oblation made:
 He on our altars, we on the world's rood.
 Even as this corn,
 Earth-born,
 We are snatched from the sod;
 Reaped, ground to grist,
 Crushed and tormented in the Mills of God,
 And offered at Life's hands, a living Eucharist.

Evelyn Underhill, IMMANENCE, p. 81

Graal

Teen die begin van die 13de Eeu verskyn daar in Europa 'n aantal ridderromans wat handel oor die soektog na die Heilige Graal deur ridders van die hof van Koning Arthur.

Die verhale van Arthur se ridders stam uit ou Keltiese agtergrond, veral Wallies, Iers-Skots en Waals uit Bretagne - Gaelic en Gallic. Merlin die goeie towenaar uit die Artus-verhale is bv. 'n laaste druïdefiguur. (Die druïdes was die ingewyde priesters van die Keltiese stamme)

Die Graal is 'n towersteen of -kelk, skaars fisiek teenwoordig, wat deur engele gebring word, en kom uit die Ooste. 'n Ontmoeting van strome

tussen Oos en Wes word dus uitgebeeld; en dié wat uit die Ooste kom, word voorgestel as verbonde aan die misterieuse opstanding van die Feniks (met sy Bennu-steen - vgl. vroeër in hierdie hoofstuk).

Von des steines kraft der fênîs
 verbrinnet, daz er zaschen wirt:
 diu asche im aber leben birt.
 sus rêrt der fênîs mûze sîn
 und gît dar nach vil lichten schîn,
 daz er schoene wirt als ê.

Wolfram, PARZIVAL, 469:8-13

(Van die steen se krag verbrand die feniks
 dat hy tot as word voorwaar:
 maar die as sal vir hom lewe baar.
 Daaruit moet die feniks verveer,
 en gee daarna stralende lig
 sodat hy nog mooier word as weleer.)

In hierdie reëls word 'n verband met voor-Christelike Sonmisterie aangedui.

Chrestien de Troyes skryf die verhaal van Parsifal, die Graalsoeker, in ou Frans, in opdrag van Philip, die Graaf van Vlaandere. Engelse lesers sal beter bekend wees met die Arthur-verhale soos hulle vertel word in Thomas Malory se MORTE D'ARTHUR, gebaseer op 'n later Franse variant, waar dit Galahad, Bors en Lancelot is wat saam met Percival by die Graalkasteel kom. Hierdie variant lê klem op die uitgestorwe toestand van die waste land rondom die kasteel van die ongeneeslik gewonde Graalkoning, waar groei=krag eers kan terugkeer wanneer die gewonde koning geheel is.

Wolfram von Eschenbach wou in Middelhoogduits die Graalverhaal volledig skryf. Hy plaas Chrestien se storie in 'n omraming van Oos/Wes swart/wit wat uiteindelik in 'n versoening van teenoorgesteldes die hele wêreld behels. Die ridder Gahmuret trou eers met 'n swart vrou uit die Ooste, daarna met Parsifal se moeder in Wes-Europa. Parsifal se halfbroer Feirefiz is 'n gespikkelde mens, swart én wit, soos dié waarna in die proloog metafories verwys word:

Ist zwîvel herzen nâchgebûr,
 daz muoz der sêle werden sûr.
 Gesmachet unde gezieret
 ist, swâ sich parrieret
 unverzaget mannes muot,
 als agelstern varwe tuot.
 Dr mac dennoch wesen geil:
 wand an im sint beidiu til,
 des himels und der helle.
 Der unstaete geselle
 hât die swarzen varwe gar,
 und wirt och nâch der vinsten var:
 sô habet sich an die blanken
 der mit staeten gedanken.

Wolfram, PARZIVAL, 1:1-14

(Is dubbelsinnigheid⁴³) die hart se buurman,
 sal dit die siel altyd suur te staan kom.
 Veroordeel sowel as geprys
 word daar wanneer onderskrokke mannemoed
 die tarentaal⁴⁴) se kleure wys.
 Tog kan so 'n mens nog hoop op heil:
 want aan hom het altwee deel,
 die kleur van die hemel en van die hel.
 die onstandvastige gesel
 het die swart kleur toetentaal
 en sal ook na die duister vaar:
 terwyl aan die wit vashou hy
 wat in sy gedagtes standvastig en getrou bly.)

Wolfram se verhaal is drieledig: dit gaan om die Graalsoekende helde Parsifal, Gawain en Feirefiz - denke, gevoel en wil? - deur wie se toedoen die Visserkoning se onheilbare wond uiteindelik genees word. Feirefiz is dit wat ten slotte met die Graaldrameisie self trou en die vader word van legendariese Priester Johannes (die priesterkoning van die Suid-Ooste op soek na wie Prins Hendrik die Seevaarder sy ridders van die Christusorde in die 16de Eeu gestuur het...)

Vir die Graalsoeker is sy geestelike ideaal verbind aan die geliefde na wie hy opsien. Die kode van die Hohe Minne of Courtly Love van die ridders en troebadoers was selflose diens en getrouheid aan die geliefde. In die teken van die onmisbare deug van standvastigheid en volharding vertel Wolfram dan ook sy verhaal van 'n mens op sy ontwikkelingspad - "a brave man slowly wise".

In sommige van die verhale verskyn die Graal as kelk wat die bloed van Jesus bevat (opgevang deur Josef van Arimatea). "Dis 'n simbool van transformasie wat sigself ook transformeer." Wolfram se Graal is 'n klip, wat sy wonderkragte ontvang van 'n wit duif wat elke jaar met Paasfees 'n nagmaalbroodjie daarop kom neerlê. En van die klip, soos reeds gesê, ontvang die Feniks sy krag om uit eie as weer op te staan. Hierdie "klip" het metamorfosekrag wat inwerk op die beskermende kring van geroepe ridders rondom.

"Wie is die Graal?" vra Parsifal. Van Raimundus Lullus af word die lapis van die alchemiste, die filosowesteen waarna hulle op soek was, vereenselwig met die liggaam van Christus, wat getransubstansieer is van lyk tot opstandingsliggaam.

Die Graal sou onder andere kan staan vir 'n gesuiwerde menswees, nie net geestelik nie, maar ook psigies en uiteindelik ook selfs tot by 'n getransfigureerde liggaam. (Vgl. Paulus, Rom. 8:23 en 1 Kor. 15)

Die transformasie van die stoflike en begeertenatuur deur die krag van die Christusbloed is 'n diep geheimenis, en om dit na te speur 'n soektog vir die mees vooruitstrewende.

So kon Rudolf Steiner hierdie verhaal (wat so seer ook op Suid-Afrika toepaslik is as innerlike versoening van teenoorgesteldes), voorhou as beeld van die inisiasieweg wat vir 'n moderne mens in na-Christelike tye beskik is. Sy Mensekunde het hy soms Inisiasiewetenskap of die Wetenskap van die Graal genoem. Geskik vir vandag is hierdie pad omdat dit deur geen abrakadabra van onbewuste trance gaan nie, maar bepaal word deur wakker bewussyn. Parsifal moet uit sy eie self uit vra na die betekenis van wat hy ervaar. Die vraag van medelye is vanself genesend: 'n kennis van die hart.

Dirk Opperman sluit aan by 'n Graal-tema wanneer hy in Ballade van die Gysland (NN 13) oor die moderne stedelike "waste land" skryf, na aanleiding van T.S. Eliot.

'n Knop het in my keel gekom
die oggend toe die peerboom
in die steenkoolerf wit blom.

In hierdie kring-gedig wil die "dun spil van die siel" in skuldgevoel versaak.

Blom van die Baaierd vervolg die motief van skuld en oneerlike toe-eiening van besit. Die gedig herhaal die motief uit die alchemistiese Toorklip (EK 42) - reeds genoem onder Alchemie - waar die digter vir homself 'n skeppingsmag toe-eien sonder om te erken dat eie kreatiwiteit spruit uit die Godverbondenheid van die sielekern.

In Blom van die Baaierd met sy indirekte verwysing na "Herr Beume" (= Böhme, die skoenmaker-mistikus), verwys die gesteelde "diamant" duidelik na beide alchemistiese lapis en Graalsteen. Die boggelrug Koen, wat "in wanhoop van die liggaam" 'n verbond gesluit het met magte van die hel", verlang steeds: na "U towersteen, U fonkelende Graal" wat hom sou wys hoe om in tevrede aanvaarding God se lig van geregtigheid oor die skepping (wat vir hom donker is), te sien straal: 'n versoening tussen "lig" en "donker" waarheen Sheila Cussons se gedig Wonder heenwys, soos bespreek in Hoofstuk XII.

Sheila Cussons skryf in Middeleeus op galop (SW 69) oor die Graalsoekers. Teenoorgesteldes van koel denke en warm bloed verenig in die hart; ys en vuur in 'n Noordelike wintersdag deurwaai van son.

Jy het my hart gevang in jou vurige lig
 stoutmoedige skone Januarie:
 dit is die son wat die fynloof waai
 tot stofgoud bladgoud geelgoud vuur
 in groen
 dit is die wind wat skitter in die alom-
 kaal ontsaglike blou:
 duisende ruisende vlamme blare en
 nêrens 'n ysige wolk:
 onder blasoene van blou en groen en goud
 stroom maanhare en pluime in die gloeiende vaart:
 die bloed brand onder die huid, 'n swaard
 brand in die brein
 en onuitbluslik brand in die hart
 die graal, suiwer en vurig en koud.

Die teenoorgesteldes van koue en hitte ontmoet mekaar in 'n klankbewoë beskrywing van vuur deur groen en blou, in lower en vlae, deur son en wind, vol beweging en vaart. Die hart is gevang in die vurige lig van 'n noordelike wintersdag (eerste reël): Onuitbluslik brand in die hart - tussen die fisieke brand van bloed onder die huid, en die swaard van die intellek - die paradoks van die vurige maar helder ideaal wat bloed en brein verenig (laaste reëls)⁴⁵⁾ (Vgl. vir hierdie brandende wydingsbewussyn ook "Christ of the burnt men", SK 81.)

Is hierdie koue wat vlam vat in die hartstogtelike ideaal van die hart, die direkte teenoorgestelde van die vuur wat verkil in Breyten se KOUEVUUR? In die beeld van kouevuur ("gangrene") is dit asof dié digter, net soos ander hedendaagse skrywers weereens met sofistikasie die ongeneeslike wond beskryf van die gryslandmens wat wag op verlossing deur die "reine dwaas" (Wagner).

- So bly hierdie ou beelde toepaslik op gedagtes en gevoelens van vandag. Vandaar die poging om in hierdie hoofstuk 'n kort, half-historiese verslag saam te stel van simbole uit geestelike ontwikkelingsprosesse van die verlede. Hoewel erg beknop, is dit bedoel om tog 'n effense agtergrond-oorsig in wyer verband te gee vir die bespreking wat hierop volg.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK IV

- 1) Lyall Watson, LIGHTNING BIRD, p. 207f. Vgl. ook die voorafgaande gedeelte in dié werk, en LIFETIDE p. 62f.
- 2) Een van die beste maniere om 'n kind voor te berei op die evangelies, wat hy as hy groter is eers goed sal verstaan, is seker deur hom sprokies van opstanding te vertel, soos dié van Rooikappie, Sneeuwitjie, Sikhulume, Ditaolane, ens.
- 3) Vgl. o.a. Stith Thompson, MOTIF INDEX OF FOLK LITERATURE, F 911, 912 en 913.
- 4) Die walvis is in hierdie gedig drieledig: voorlyf, buik en stert. Stel dit o.a. die verlede, hede en nog onseker toekoms voor van die aarde of aardmens? - die menslike bewussyn met sy hoë, vrye, kosmiese denke in die "gewelfde voorlyf" en bek; die aards-sintuiglike gevoels=ervaring van die gemoed: "in die blou buik...gevange" tussen hoogte en diepte, berg en myn; en die aktiewe wil, van die bewegende stert, as handeling in die geskiedenis en lotsverloop.
- 5) Vgl. die "onderwater"-periode van die Xhosa-inlywing tot kruiedokter of dolosgooier; sowel as al die Bantoe-sprokies oor die "onderwatermeisie" wat na 'n periode by die krokodil of Vis stralend en ryk te voorskyn kom.
- 6) Jessie Weston het T.S. Eliot beïnvloed by die skryf van The Waste Land. Die "waste land" was in die ridderverhale die land rondom die Graal=kasteel wat dor en onvrugbaar bly totdat die onherstelbaar gewonde Priesterkoning genees word deur die held wat die Graal vind. Vir

Eliot en Opperman is die "gryslan" die doodsheid en verdorring van mensewaardes in 'n moderne stadsomgewing (NN 15).

- 7) Vgl. ook Marthinus Versfeld oor "visstories" in die Bybel, KLIP EN KLEI, p. 74f. "Die ou Christene, toe die seewind van Galilea nog vars deur hulle gewaai het, het baie invoeling vir visse gehad... Vir die nie-Christen, en selfs vir die baie Christene wat nie mites en simbole, en dus nie die samehang van die Bybel kan verstaan nie, is die Skrif vol visverhale, waarvan die geboorte uit 'n Maagd nie die minste is nie. Ons is so letterlik. Vir ons is water H₂O, en nie ook die chaos wat die wêreld bedreig nie, nòg die rein en skoon suiweringsvloed waaruit ons die Eetgoed trek wat die wêreld sal heel, en in die dood waarvan ons gedoop word in die waters van die doopvont, soos Paulus dit voorstel... Dit is Koning-Visserman wat oor die Heilige Graal waghou, waartoe ons deur die waters van die doopvont gaan. Ten minste, so het Bonaventura die verhaal van Tobias verstaan... Dit lyk byna asof Doop en Avondmaal, wedergeboorte uit die waters van die chaos, 'n visstorie is."
- 8) Vgl. ook Alfred Jeremias, DIE AUSSERBIBLISCHE ERLÖSERERWARTUNG.
- 9) Daar bestaan nog baie half-vergete herinneringe aan die Feniks, die "Rooi Voël van die Suide", in inheemse verhale en ritus.
- 10) Eva Meyerowitz skryf in 'n gedeelte oor die Egiptiese songodhede: "Djoser...was the first king who created for himself a pyramid, a stone building of enormous size, the design of which is supposed to have been based on the pyramidically shaped ben-ben stone, the shrine of the Sun-god Re. At the top of this stone, it is said, Re first revealed himself in the form of the bennu bird. The Egyptian word

bennu means 'that which turns back', or 'revolves'. The bennu bird seems to be identical with the Akan sankofa bird...(which) is usually depicted with head turned backwards sitting on a pyramid... and, occasionally, on a truncated three- or four-sided pyramid. It is a royal emblem, the emblem of the sun-kings." (THE DIVINE KINGSHIP IN GHANA AND ANCIENT EGYPT, p. 90. - Vgl. ook die aanhaling op p.96)

- 11) 'n Seksuele konnotasie van die voëlbeeld kom na vore in die Nagstorm (NN 2).
- 12) Madeline Murgatroyd vertel in TALES FROM THE KRAALS 'n Zulu-storie oor rooi voël/wit voël.
- 13) Onder die rubriek Feniks moet seker ook gevra word! Watter soort voël is die Phoenix van GESTALTES 1947? (GS 24). "Sy skerp kloue steek, sy oë is swart en onkenbaar..." In 'n brief van 1946 waar die digteres blykbaar dieselfde droom beskryf, sê sy "...ek onthou die sierlike, kwaadwillende nek en rug, die harde swart oog; dit was daardie legendariese 'blue bird', metgesel van die melkweit eenhoring en die griffioen." In retrospeksie word hy almeer "paradysvoël" (VV 31, SW 28). In die vroeë jare het die digteres gedink oor engele wat lieflik is maar boos, soos uit sketsboek en briewe blyk; en die "kwaadwillige" in die blou voël se ligtheid en skoonheid kom Luciferies voor. Miskien is daar eerder as met die feniks, 'n verwantskap met die Amerikaanse bluejay? Roy Campbell het die wonderbare blou voël wat hóm eweneens in ellendige hospitaaltoestande geïnspireer het, geëien as die bluejay van die Noord-Amerikaanse Indiane.

Born of my wound, or out of Bosch remembered,
 Or by my own delirium designed,
 A strange blue bird, it seemed I knew the kind
 And the fierce look with which his eyes were embered,
 For they had been spectators of the Fall -
 Perched on my foot...

But as he would have flown I rose to follow,
 A will was born where all things else were hollow,
 And through those caverns of ancestral cedar
 Where all but downward streams had lost their way
 His voice of mocking laughter was my leader -
 The blue hallucination of a jay!

The Mocking Bird, (ME 93)

- 14) Peter Alexander, ROY CAMPBELL, A critical biography. Pp. 134-143
 gaan oor Mithraic Emblems.
- 15) "The Seven Swords are stages in Campbell's quest for unity: unity of being, union with (his wife) Mary, and union with God... His conversion was not as wholesale as he liked to think it, but in a sense the seven Sword poems mark the pivot on which his life turned, though the change was neither immediate nor complete."
 "It seems clear that in leaving 'The Seventh Sword' incomplete he is hinting at the impossibility of his fully achieving union with the objects of his desire, the 'grail whose glory I shall never see'."
 (Peter Alexander, a.w., p. 142)
- 16) Was Louw bekend met die Argentynse skrywer Jorge Luis Borges se verhaal The God's Script (vertaal in LABYRINTHS)? Die verhaal gaan om 'n priester van die ou geloof in 'n Spaanse kerker (met die enkele ligvenster bo) - en die tier, as 'n beeld waarin sy godheid kan verskyn: gids tot wysheid en draer deur natuurtydperke van die swart/wit geheim=skrif waarin die geheimenis van vereenselwiging met die godheid opgesluit lê. Daar is 'n verwantskap met Die swart Luiperd, veral in stemming.

Is daar enige verband tussen die vreemde tema van Die Hond van God en die byna swart-magiese Asteke-offer, wat ook 'n vereenselwiging van die martelpriester met sy slagoffer sou teweeggebring het? (Blykbaar was dit 'n oorwegende tema by die Russiese skrywer André Belyj: 1880-1934. - Vgl. die artikel oor Belyj deur Stewart Easton in die "Newsletter of the Anthroposophical Society in America", Winter 1981-82, pp. 12-21)

Kortom, moet 'n mens ook hier dalk soek na die werkinge van 'n "antieke geheue" of is dit vergesog?

Moet ek nou glo daar is om die geheue -
boeiende skrik - skaars iets?

Erfenis (OV 21)

- 17) Vgl. Rudolf Steiner, EURYTHMY AS VISIBLE SPEECH, p. 103f (Lesing 6).
- 18) Vgl. J.C. Kannemeyer, DIE GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE I, p. 420, "vryheid in gebondenheid".
- 19) Die tema van offerdood kom by Van Wyk Louw meermale voor; nie net in die Inkwisisie-brandstapel van Die Hond van God nie, ook in gedigte oor die martelare soos Arlésiennes, Die dood van die heilige Biblis, ens.
- 20) Vgl. die duiwe "hunkerend na paring" wat reeds in 1945 (PL 1) om die kerktoring vlieg.
- 21) Van Wyk Louw bring dikwels spanning tussen uiterstes na vore: gees en liggaam met bevraagtekening van die siel tussenin (Cartesiaan, TR 8). Koki en Raka, wit en swart, hoë lig en donker diepte, aardsheid en hemelgerigtheid. Hy is besonder bewus van klowing en gespletenheid: Die beitelkje, "sin vir afgrond". Vgl. die bespreking in die volgende

hoofstuk van "Die uile in die klipskeur..." en Sheila Cussons se antwoord op Cartesiaan (Slaaplose nag, M 11).

- 22) Daar is Ravenna-mosaïeke, in die kerke van San Vitale en S. Apollinare in Classe, wat by die sentrale altaar die offer van Abel en Abraham baie sinvol uitbeeld as voorafskaduwend van die Christus-offer (Bock en Goebel, DIE KATAKOMBEN, illustrasies 66-68).
- 23) Behalwe die blou van lug, gruis en lasuursteenmes is die kleure in dié gedig wit, rooi, goud en swart: dieselfde as dié in Cirlot se opgawe van die alchemieproses se kleuresekwensie, maar nie in dieselfde volgorde nie (vgl. volgende seksie van hierdie hoofstuk).
- 24) Die perd was in 'n ander konteks vir Van Wyk Louw ook sterk verbonde met die offergedagte. In Kinderfantasie vertel hy van iets wat gebeur het toe hy maar vier of vyf jaar oud was (MASKERS VAN DIE ERNS, p. 31). Saam met twee maatjies het hy 'n geheimsinnige "tempel" gehad in 'n donker hoek van die tuin agter donker sipresse en versteek deur struïke... "daar is offerandes gebrand vir die een of ander aanwesigheid aan wie ons geen naam probeer gee het nie, maar vir wie ons genader het met 'n skrik en huiwering wat ek vandag nog helder navoel... Daar was bloed en 'n wrede verrukking... En ons het nie met mekaar daarvoor gepraat nie." Toe hy op sy verjaarsdag 'n spesiale klein wit houtperd kry en een been per ongeluk afbreek, het hulle die ander drie pote ook afgebreek en die romp daar in die "tempel" regop gesit... "heel agter teen die muur; 'n beeld met 'n perdekop... Maar toe skielik het ons 'n naam gevind vir wat nog nooit 'n naam gehad het nie. En dit is wat my vandag laat dink aan oergelowe en primitiewe strome onder in die hart: die beeld was 'n Wit Ouma'..."
- Toe die vader in plaas van die gebreekte perd nog vier kleineres gee,

het hulle ál vier se bene afgebreek en hulle daar in die donker laat staan, twee aan elke kant van die Groot Wit Ouma: die vier Klein Wit Oumatjies.

- Die kinders is gestraf vir hulle stoute vernielsug. Die speletjie was op 'n end.

Maar wat 'n mens opval, is natuurlik dat die Wit Perd vir die vroeër Germane inderdaad die Groot Moeder voorgestel het, wat die kinders nie bewus kon geweet het nie.

- 25) Die dood van die Vrywillige Plaasvervanger - "'n vrye sterwe" - word reeds vermoed "in die oë van die ram" (vgl. Genesis 22, die offer van Isak). In Die doper in die woestyn (NV 15) onthou Johannes die voor= gevoel van sy kinderdae:

Ek wís die heiligheid is ná
en grypbaar byna - óm my speel;
van ek die eerste lam kon dra;

ván ek 'n skaap se slag onthou
en in sy sagte oog kon sien
hoe sterwe lewe vir ons hou.

- 26) Daar is natuurlik geweldig baie uitgelaat: oor die priesterlike Sonkoningskap van Egipte, Akan en ander Afrika-state (Vgl. Eva Meyerowitz)...miskien Swaziland (Sun City staan waar Elangeni gewees het); oor goud; oor Priester-Johannes en die Christendom van Ethiopië, ens, ens.
- 27) Vgl. ook Erich Neumann, THE GREAT MOTHER.
- 28) Daar word bv. gesê dat die dramaturg Aeschulos - wat in Eleusis gebore is - vir sy lewe moes vlug nadat die Grieke hom verdink het van die verraad van misteriegeheime deur sommige dinge wat hy uitgespreek het in sy dramas. Hy is alleen vrygespreek toe daar bewys kon word dat hy nooit ingewy was nie.

- 29) Sheila Cussons se gedig Pleroma (SK 24) gaan om die geheimenis van die saadkorrel, wat so klein is en so groot word. Dit is 'n wederkerende tema in Jesus se gelykenisse oor die Koninkryk. En dit is wel opvallend dat dit aan 'n afvaardiging van Grieke is, gebring deur Philippus, die apostel met 'n Griekse naam, dat Hy net voor sy dood die woord oor die koring gee: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug..." (Joh, 12:20-25). - Vgl. ook Zeylmans van Emmichoven, THE REALITY IN WHICH WE LIVE, p. 74-78 vir 'n kort opsomming van die verloop en inhoud van die Eleusiniese misterieë.
- 30) By hierdie misteriedrama van Eleusis, wat later ook na die Dionusosteater in Athene geneem is, het die geskiedenis van die drama in Europa begin.
- 31) Vgl. die slotkoor van Sophokles se ANTIKONE. Sou dit, in die lig van die Eleusismisterie, 'n weergeboortelied kan wees wat gesing word terwyl die prinses in die ondergrondse kerker sterwe?
- 32) Vgl. Von Skerst, DER UNBEKANNTE GOTT, p. 62f. vir verder aanhalings uit die werk van Clemens en ander Grieke.
- 33) Die Griekse woord martus beteken tegelyk "getuie" en "martelaar".
- 34) Vgl. Zeylmans van Emmichoven, THE REALITY IN WHICH WE LIVE, p. 173. Hy gee 'n kort uiteensetting van die werk van Christian Rosenkreutz en die alchemiste op pp. 172ff.
- 35) Vgl. Von Skerst, a.w., p. 78-86.
- 36) In ENGEL UIT DIE KLIP (1948) konfronteer D.J. Opperman 'n materialistiese wêreld "waar alles verstrak tot die rots, tot die ding". In die klipboog van sy kaggelvuur verskyn, in die eerste sonnet van

Brandaan sy toornige engel (Brandende Boek, EK 47), en uit die hawe= kroegvuur aan die slot sy skaduwee-dubbelgangers "lintdraak, kroeskop en likkewaan...afskuwelik en kwater" (Man met Horries, EK 54).

- Brandaan met sy engele uit die vuur en sekvensie van 8 (7+1), kan nogal vergelyk word met die Sheila Cussons se Kombuis-gedigte (soos bespreek in die volgende hoofstuk). Albei reekse, ook Opperman se Terse, is gegrond op wat in wese hellevaart en beelde van 'n oorgangs= proses is. -

Die jong Opperman spel sy program as digter uit "...in volsterkte vereenselwiging met alles om my heen... verlos ek deur die gedig die engel uit die steen" (Scriba van die Carbonari, EK 15). 'n Geboorte van die lig uit die klip, die wese uit die substansie, is dus wat ook hy as jong dikter nastreef. Soos 'n alchemis wil hy "die heelaal... deur die toorklip van die woord verander" (Toorklip, EK 42). Hy wil "die mens en hierdie land" verlos "volgens 'n ander alchemistiese ver= band" as God wat sê:

En ook het Ek my gees omsluit met stof
dat ieder, kwik, piriet of dowwe
erts op wie my Seun as Godsteen straal,
verander word in edele metaal.

Dis net duskant die begrip dat die Seun as Godsteen (wat transformasie en genesing bewerk) juis die Skeppende Woord in eie selwigheid is, en nie teenoor die digterswoord gestel hoef te word in individualistiese opstand nie.

Ek sien myself as seun weer - onbewus
in spel 'n middeleeuse alchemis
wat langs Bloukrans kristalle en agaat
optel, of korreeltjies permanganaat

in bottels water drup sodat dit pers
oopslier, of hoe ek snags 'n stukkie kers
aansteek en kyk dan of die blousalmander
in die goue glans sy kleur verander.

Toorklip (EK 42) - Wat Sheila Cussons in 'n brief 'n selfportret neem - gaan om die "Steen van die Wysies" wat transdormasie kan bewerkstellig, onedel metaal in goud verander. Die digter se woord kan die wese van dinge blootlê, voel Opperman, die "engel uit die klip" verlos. Maar nie in medewerking met die woord van die goddelike, die oer-alchemistiese prinsiep, die eintlike bron van transformasie, wil hy streef nie, eerder in eenselwigheid apart. Ook hy speel die rol van 'n Luciferiaanse rebel.

Maar ék verlos die mens en hierdie land
volgens 'n ander alchemistiese verband
tussen ons duister gees en U, o God,
as ek patrone skep...

- so die heelal
met mens, agaat en boomsalmander
deur die toorklip van die woord verander.

Hy wil hê sy woord moet eie transformasies bewerkstellig: hy neem die "toorklip van die woord" en die verbeelding vir homself. Die besef kom nie op dat die digter se woord alleen kan funksioneer as uitvloeisel van die makrokosmiese Woord wat alles in stand hou nie.

Is daar 'n misverstand oor die vryheid wat God die mens in die nuwe bedeling gee? Die ou-Testamenteise Godheid van Toorklip sien die aardbol as

'n retort
waar jul teen wil en dank gesuiwer word.

Omdat die "Seun as Godsteen" dan verwerp word, dreig die eie, aparte toorklip uiteindelik om swartmagies en destruktief in sy werking te raak. Blom van die Baaierd betrek o.m. die tragiese gevolge van die "steel" van die toorklip.

(In Dood van die Heilige Biblis - TR 54 - kom 'n ouer Van Wyk Louw tot 'n ander begrip van die vryheid wat God die mens gee:

Hy wág op ons, Hy kyk met driedubbel glimlag
soos 'n vader na ons glip en gly,
en wil nie met 'n vinger raak aan ons wil nie;
wil dat ons kom: heerlijk en vry.)

- 37) Vgl. die sywurm se lewensiklus as transformasiebeeld soos aangedui by die bespreking van Japanse skildery op sy (PL 9) in Hoofstuk II. Marthinus Versfeld skryf so mooi in KLIP EN KLEI (p. 57f):
 "...Die tuinier...het daar in die grond gelê, toegedraai soos 'n papie, en op die derde dag het hy uitgebroei en weer die tuin bewandel. So lê ons almal hier soos papies, skynbaar dood, hoewel die onbewuste innerlike metamorfose voortgaan. So af en toe kry jy een wat begin te verkleur, en deur die dop waarvan die patroon van sy vlerke sigbaar word..."
- 38) Vgl. die laaste afdeling van hierdie hoofstuk oor die betekenis van die swart/wit veer in Wolfram se inleiding tot die Graalverhaal. (Ook aan Wilma Stockenström, wat weet van "vergetelheid" én van "glans", wil 'n mens vra waarom die Moedergodinfiguur van DIE KREMETARTEKS=PEDISIE, in haar Lewensboom, ten slotte oorhel na die kant van die vlermuise?)
- 39) Die oorspronklike Carbonari het, as letterlike kolebranders in die bosse, gewerk met die alchemistiese geheim van die transformasie in die koolstofproses.
- 40) Vgl. Tim Severin, THE BRENDAN VOYAGE, NAVIGATIO SANCTI BRENDANI ABBATIS (red. Carl Selmer), John J. O'Meara, THE VOYAGE OF SAINT BRENDAN, ens.
- 41) Die monstrans is 'n houer waarin die Nagmaalbrood geplaas word.
- 42) Vgl. aantekeninge 11 en 13 by Hoofstuk II.
- 43) Die oorspronklike zwîvel gee die betekenis van twyfel as "tweeheid" beter weer.

- 44) In die oorspronklike is dit elster (Engels magpie), 'n Europese voël.
- 45) Oor die hart as ritmiese middelpunt en vereniging in die mens se drieledigheid is daar meer in Hoofstuk X en die aantekening 17 daarby.

HOOFSTUK V

Deur donker na lig

The emergence of (this movement) in the late twentieth century is rooted in the myths and metaphors, the prophecy and poetry of the past... The themes of transformation have emerged with increasing strength and clarity over time... At first the traditions were transmitted intimately by alchemists, Gnostics, cabbalists and hermetics. With the invention of movable type in the mid-fifteenth century they became a kind of open secret...

Marilyn Ferguson, THE AQUARIAN CONSPIRACY

Iwl tel you theres a working in this thing
theres a pattern theres mor connexions
nor wewl ever fynd reveals of.

Russen Hoban, RIDDLEY WALKER¹⁾

DIE SWART KOMBUIS, wat in 1978 verskyn het, staan in die teken van die ernstige brandwonde wat die digteres in 1974 opgedoen het.

Volgens Paul Alberts (Sarie, 15 Junie 1977) was dit juis in 'n standhuis-kombuis dat sy in 'n brand-insident erg gewond is. Sy was alleen, skynbaar deur vas en konsentrasie in 'n mate buite haarself, en het hom vertel dat sy na drie dae eers gevind is. Sy moes 'n lang tyd - twee jaar - in die hospitaal deurbring, het ernstige operasies ondergaan (SK 36) en baie pyn verduur.²⁾ (Ses op 'n tema, SK 68). "Haar gesig was onder meer erg vermink. In die hospitaal is vingers aan albei hande, asook haar een been, geamputeer." "Die twee jaar in die hospitaal was vir haar 'n geweldige, byna vernietigende ervaring. Alles het gestaan in die teken van verdriet."

Die "eenvoetig-spring" en "amper sonder vingers" sowel as die titel "Christ

of the burnt men" is dus ook letterlik op te neem. Dit was waarlik asof sy uit 'n brand-dood teruggekom het: en van hierdie byna grens=ondervindinge³⁾ is veral die gedigte in DIE SWART KOMBUIS en VERF EN VLAM die neerslag.

Die eintlike onderwerp van hierdie hoofstuk is die Kombuis van Hera-gedigte, wat as 'n reeks gelees moet word en miskien die kern van DIE SWART KOMBUIS uitmaak:

	<u>Boerderye</u>	SK 1
	<u>Sprokie</u>	SK 18
	<u>Kombuis van Hera</u> I	SK 30
	en II	SK 31
en	<u>Digter</u> II	SK 62

Daar word voorgestel dat hierdie gedigte uit droom- of beswymingservaring gelees word as die verslag van 'n werklike gebeure, anderkant die drumpel van die alledaagse bewussyn, wat lyk na 'n inisiasie of "wedergeboorte" uit voor-Christelike tye: 'n ontmoeting met wesens soos "die gode van benede en van bo", wat lei tot die verskyning van "'n nuwe self" (SK 62) "in die woord". (Sheila Cussons het haar na haar herstel met hernieude erns aan die digkuns gewy.)

Iets wat opgevang of onthou is uit "die galmende ruimte van 'n ontsettende antieke geheue" (GS p. 39) word inkleding vir 'n geboorte-van-die-self.

Daar word aangeneem dat in die ou tyd sommige van die voor-Christelike misterieë gekulmineer het in 'n groot ligverskyning van die godheid. Die "heidense" gedigte van DIE SWART KOMBUIS mond uit in die groot Christus-verskyning van die slotgedigte "Christ of the burnt men" en Verheerliking. (Vgl. die verder bespreking van die slotgedigte, en die

Apuleius-aanhaling, aan die begin van Hoofstuk VI.)

Hiermee kan vergelyk word die slotgedig van Roy Campbell se MITHRAIC EMBLEMS, 'n klimaks-gedig oor die Lig-Christus, wat die digter via Son-Mithras en Jan van die Kruis bereik (vgl. die vorige hoofstuk).

* * * * *

Die kombuis is by uitstek plek van transformasie. Rou gaan die kos in die oond in, heeltemal anders, gaar gebak, kom dit daaruit. Hier word met meel en eiers en melk 'n misterie voltrek - die beste verstaan deur die kind wat groot-oog toekyk hoe haar ma werk. (Onvergeetlik is die geure uit die kombuis van 'n mens se kinderdae.) - Want die huisvrou in haar kombuis is inderdaad 'n priesteres, as sy dit maar weet. Heilig is die geur van varsgebakte brood of nuutgemaakte botter - hier is die sfeer waar inkarnasie van gees in stof plaasvind, so gee die digteres in Klein ballade te kenne (SK 20):

my huis is Hare, my huis is Syne!

Die dorpskombuise van die tyd toe Sheila Cussons grootgeword het, was ook inderdaad meer skemerig-donker as vandag s'n, met 'n swart koolstoof waar= in die vlamme dans.

Vuur is by uitstek beeld van die gees, wat die transformasie bewerk. Vuur is die goddelike: die vuurkolom wat die Israeliete deur die woestyn lei (SS 45), die brandende braambos (Moses klim uit sy tydmasjien..., ens.) Die vuur voel so fyn deur alle dinge (SS 46).

In die kern sluimer vuur,
in die aardkors, in die skuur,
in erts, in are, bruin, asuur:
in lyf en gerf en steen, die Vuur.

Bouzouki (PL 30)

Vuur suiwer en reinig (Vagevuur, SW 42). Dit transformeer en verbind (soos in die weerlig-insig van Ecclesia, SW 70, en elders). Dit kyk na jou (Die sonderling, WB 26). Dit is die diepste self (SS 46). Die welslae van die offer hang daarvan af of die selebrant "met vuur vertrou" is (Kombuis van Hera II, SK 31).⁴⁾

Die kombuis met sy stoftransformasies in die proses van voedselbereiding is vir die huisvrou 'n lewende werklikheid.

* * * * *

Ewe aktueel is swart vir die etser. Vgl. bv. die kunstenaars wat self 'n etser was, se gedigte rondom die nagmerrie-swart van Hercules Seghers, "flonkerend van glure" (PL 17, 25; SK 34, 44).

Die swart kombuis is 'n plek van angs en lewensversaking,

geen mens beweeg hier binne
geen mens werk op die werf
êrens tussen middag en skemer
het die aarde se lug gesterf

'n middag hoe lank gelede
die swart kombuis is oud
daar wás nooit somer-sonlig
die swart kombuis is koud

So praat Depressie en waansin. Die oë wat toekyk in hierdie helse nagmerrie-plek is dié van skedels wat uitloop soos ertappels, of van heksetrawante uit die riffelskottel teen die muur.

Die swart in die titel van DIE SWART KOMBUIS dui op doodservaringe, duisternis, pyn, die hel-ervaringe van gedigte soos veral Gesel, Die swart kombuis, Naggeskiedenis, Die ateljee, Lyksang van die vergetenes of die einde van Brief aan Onse-Liewe-Heer-op-Solder (SK 46-50, 58). Die "plek

sonder deure", Tartarus, waar in die middernagure alle geloof en hoop ver= saak. Winternagswart.⁵⁾

Maar juis die Swart Kombuis word die plek van metamorfose, waar die "omtoorvuur" is.

Hierdie swart-en-vuur wat Sheila Cussons so diep besig hou, verskyn reeds in die kinderdroom waarmee haar prosabundel *GESTALTES* 1947 open:

"Dit is 'n brandende see en ek is daarin, 'n klein geparaliseerde liggaam ongeveer ses jaar oud. Rondom my is dit donker, asof hierdie see aan die onderkant van die wêreld woed. Die vlamme is in die golwe; hulle knetter soos vuur agter glas maar het geen hitte nie, net 'n vreeslike kleur en klank.

"Ek is, êrens in 'n helder kol binne my paniek, daarvan bewus dat die enigste lig in my spartelende liggaam gekonsentreer is, want alleen die vlamme wat die naaste aan my beweeg, is 'n donker en deursigtige rooi; dié wat buite hierdie woedende kolk vou en terugvou, is byna onsigbaar, en agter hulle strek 'n waterduisternis of 'n duisternis van vuur - 'n swart vuur met 'n rooi hart en binne die hart my blink sparteling terwyl ek her= haaldelik na my vader roep."

Daarna beskryf die digteres die droom van die twee pilare, die sterrepilare wat verenig tot geweldige boog, sodat sy voor 'n poort staan waardeur sy nog nie mag gaan nie.

"Smart begin, soos pyn in 'n nuwe wond, maar iemand, of liever, 'n soort abstrakte verstand wat nie hier in die kamer hoort nie, redeneer rustig met my. Dit is nog nie tyd nie, dit is joue maar jy moet nog wag daarvoor."

Is ook dit 'n soort inisiasie-herinnering; en 'n teenwoordigheid soos dié wat met die benaming "engel" aangedui kan word?

Op p. 28 suggereer die skryfster dat sy "die sintuiglike bevestiging van 'n jarelange vermoede" gevind het toe sy in 'n straat in Londen afkom op 'n muurtablet wat vertel van iemand wat op die brandstapel dood is vyf=honderd jaar tevore - naby 'n argitektoniese boog met embleme soos dié van die kind se droom. Weer kan 'n mens vra: wil die digteres te kenne gee dat hierdie vermoede blote fantasie is, of die werkinge van 'n "antieke geheue" wat 'n vorige lewe op aarde veronderstel?

* * * * *

Om dan oor te gaan tot 'n nader ondersoek van die Kombuis van Hera-reeks, as verslag van transformasieprosesse en 'n soort misterie-opstanding, 'n Jonas-herryseis: DIE SWART KOMBUIS se openingsgedig is Boerderye I en II, twee klein verse.

- I Ronde borde skottels kringe
 kringe skottels kringe binne
 potte kringe skottels kringe
 breek vyf eiers rondom roerom
 kitse bitse in 'n kitsom
 ou vrou en haar gans bak koek
- II Vyf boermeisies wit op die werf
 vyf kwaai ganse hees in die keel
 vyf boermeisies vyf kwaai ganse
 hees in die keel wit op die werf
 vyf op die werf kwaai in die keel
 ganse wywe gans te veel

Die eerste beelde in DIE SWART KOMBUIS is dié van ronde dinge, die kring; o-vokale herhaal: "borde", "skottels", "potte" - "binne". Die woord "kringe" word 5 maal herhaal in 3 reëls, voortgaande tot die r-alliterasie van "rondom", "roerom" (na "breek" en "eiers"), in 'n reël wat, na al

die herhaalde selfstandige naamwoorde skielik 2 werkwoorde bevat (r is die dinamiese rolklank.) Dan volg die kragtige k-alliterasie van "klitse' ... kitsom" en "bak koek" in die 5de en 6de reëls.

Wat by die eerste oogopslag lyk na 'n verwarde swymelgedig blyk by nader ondersoek baie goed gevorm te wees in terme van klank- en beeldbalanse.

Die siklus-beeld⁶⁾ kom later weer voor in gedigte soos Sirkel of Sfeer (SW 28, 58) na aanleiding van die bewegings van Son en aarde. Gedigte soos Jode met vlerke (SW 71) en Laat twintigste-eeuse aand (SW 55) toon 'n bewussyn van die ronde vorm en draaibeweging van ons planeet; wat saamhang met gedurige sensitiwiteit vir wisseling van seisoene en feeste in "die ronde jaar" (Orrel, WB 30). In Sfeer word die draai van die aarde selfs direk verbind met die "roer in 'n bord" van Boerderye - d.w.s. 'n wese wat in die sirkelbeweging werk word baie delikaat aangevoel.

DIE SWART KOMBUIS sal te doene hê met lig en duisternis in afwisseling, met die transformasie waar een in die ander oorgaan, 'n tema wat reeds aanwesig is in GESTALTES 1947 en deurloop tot by bv. Jakob Wüst en die Kabbala (WB 5.) Meer oor kringlope in die voorlaaste hoofstuk en na aanleiding van DIE SOMERJOOD, waar in sekere sin 'n nuwe siklus in die digwerk begin; met hernieude krisis, wat DIE SWART KOMBUIS se beelde van duisternis en vuur herhaal.)

- Nog 'n belangrike beeld waarmee Boerderye open, is dié van die eier wat breek⁷⁾: in mite-verband 'n beeld van oerbegin, maar hier ook in tipiese kombuiskonteks net soos in "Toe breek daar blink 'n eiergeel en 'n eierwit op ysterswart..." (VV 14)

Die "oopbreek" van die eerste gedig in DIE SWART KOMBUIS word weer herhaal in die tweede-laaste, intenser en meer persoonlik:

o my kosmiese Christus:
drie-en-dertig jaar verdoesel in die klein en donker vlees
wat jy in een nag oopgevlak het om j^ou vir my te bevry

Oor hierdie oopvlak van die "donker vlees" sodat die geeswese daaruit bevry kan word, gaan DIE SWART KOMBUIS.

Om te hervat: Die 4 werkwoorde van Boerderye se 2 strofes kom almal voor in die 4de, 5de en 6de reëls: "breek", "roer-", "klits-" en "bak", in dinamiese volgorde. Verder is daar net enumerasie van selfstandige naamwoorde: in die tweede strofe met hulle kwalifikasies en variasies. Die "gans" van die twee end-reëls bind I en II aan mekaar en in II wys die klimaks met sy woordspeling vooruit na die rol van die gans in die volgende gedigte.

Die beeld van die ou vrou en haar gans word in later verse uitgebrei. Ons is in die sfeer van sprokie en mite, soos die titels van die volgende gedigte, Sprokie en Kombuis van Hera aandui. Ons is by Moeder die Gans, Mother Goose, ma Mère l'Oie van die Franse sprokies, by die wyse ouvrou van die Grimm-broers se Gans-oppasster by die Put (GV no. 179), by uitnemendheid 'n verhaal van geheimsinnighede en transformasie.⁸⁾ Die boermeisies van Boerderye - seker met wit boerevoorskootjies en kappies? - is wit op 'n werf wat baie lyk na dié ouvrou s'n.

DIE SWART KOMBUIS sit op 'n wit noot in - en kondig die dinamiek van transformasie aan, sirkelgang en bakwerk. Dis 'n Paasfeesboek, met eiers en al. Uit die Swart Kombuis kom 'n Paasbrood met die Kruisteken op.

Die getal 5 word in Boerderye deur 6 herhalings beklemtoon. Daar is 5 eiers, 5 meisies, 5 ganse. Mense wat belangstel in die simboliek van getalle (geliefd deur Pythagoras en Johannes die Openbaringskrywer) sê dat die 5de stadium in 'n reeks van 7 ewel en krisis verteenwoordig. Die

ganse en vroue is oorweldigend, ondraaglik "gans te veel". - In Kombuis van Hera II is die volmaakte 7 dan blykbaar bereik in die indrukwekkende kyk van die 7 oë, wanneer die offer aanvaar en die koek gebak word.⁹⁾

5 5 5 5 5 5 5 5 5 5 5 5 5

Sprokie, die volgende gedig in die reeks, is in die vorm van 'n informele klein ballade. Die volkse balladevorm, met sy herhaling en dialoog, dramatiese eenvoud en onverklaarde geheimsinnighede, lewer 'n sterk gedig.

Ek het die loodregte rots geklim
met 'n skottel eiers en 'n beker melk
'n beker melk en suiker en meel
van my ma wat woon in baksteen

en toe in die klipgrotkamer gekom
die see-nat nael in die rots se buik
en die ou vrou ouer as ouderdom
sien sit op 'n omgekeerde fuik.

Geagte Hera hier is ek met eiers en melk
en suiker en meel dalk vir 'n koek
trap beduie die gans in die hoek
en trap beduie die bruik koekoek

gaan sê vir jou ma die offer is goed
maar sê die gode het afgetree
sy wys my weg met 'n mummiehand
en ek gooi die koekgoed weg in die see.

Die eerste strofe het geen rym nie, net 'n eind-assonansie in reëls 3 en 4. Die tweede strofe rym abab, die derde cddd (c 'n herhaling van 'n eindwoord in die eerste strofe). Die vierde strofe eindig op 'n assonansie met die vorige drie maal herhaalde rym - nog 'n herhaling van die vorige drie maal herhaalde end-oe! : die vokaal wat by uitstek vrees, en éérbied uitdruk, ontsag wat kan grens aan ontsetting. In die middel van die heel laaste reël sal twee van die oe-woorde weer prominent saam verskyn - koekgoed - in reliëf geplaas deur die voorafgaande. Die rym in die vierde strofe is efgf, die rymvokaal synde ee, wat kontrasteer met oe; en assoneer met die

"meel" en "baksteen" van die derde en vierde reëls. - Is dit toeval dat dit ook die vokale is van die groet aan Dionusos: e-u-o-e? ^{io)} Dionuses is 'n prefigurasië van Christus in die sin dat hy 'n god is wat sterf en herleef.

Die sterk wending in

trap beduie die gans in die hoek
en trap beduie die bruin koekoek

berei die hoorder voor op die wonderbare inkantasiekrag van:

Kombuis van Hera I

Hoe sal die ouvrou ouer as oud
hoe sal die stoof swarter as koud
hoe sal die hande sonder die hout
sonder die suiker sonder die sout
sonder die meel as die meel het drade
sonder die eiers as die eiers is vrot
sonder die skottel as die skottel het gate
hoe die koek bak geler as goud
wie die skuld hê waar die fout?

Roep die pou die pou se vure
roep die iris en die helder ure
roep die gans wat raaisels praat
orakel hy dan het ons raad
en is die koekoek 'n hen-koekoek
bak Hera weer besweringskoek.

Anderkant die volksheid van sprokie en ballade, voer die droomgedigte met die noem van Hera tot in die diep-mite in.

Hierdie dramatiese wendingsgedig kom as vraag en antwoord. In euritmie kon dit uitgedruk word deur 'n spiraal na binne, wat uitwend na buite in die antwoord.

Waar Boerderye hoofsaaklik selfstandige naamwoorde herhaal, herhaal Kombuis van Hera I hele sin-patrone. Die eerste strofe bestaan uit: 3 "hoe sal..." vrae, 5 "sonder..." frases en drie "as..." bywoordelike bysinne; afgesluit

deur 'n vierde hoe- vraag, en 'n wie-- en 'n waar- vraag. Ook byvoeglike naamwoorde in die vergelykende trap word herhaal: "ouer", "swarter" - "geler as goud" is kontrasterende eggo van die eerste reëls se "ouer as oud" en "swarter as koud". (Let op hoe die onverwagte gelykstelling van "swart" met koud die wármte in die kontrasterende geel uitbring.)

Die verwinging van die normale sinsvorm deur verskuiwing van die hulpwerk= woord in reëls 5, 6 en 7 is baie effektief om aandag te vestig op die dringendheid van die gebeure; ook miskien die verwinging ontstaan uit "die skuld", "die fout" wat hoewel onbegrepe, reggestel moet word.

In Lyksang van die vergetenes (SK 50) is die abnormale sinsbou in reëls 5 en 7 net so skrikwekkend. Die fout van die sondeval dring tot in die taalstrukture deur. Dit skok.

Die offer is in Sprokie geheel en al afgewys, in die see gegooi.

Kombuis van Hera I druk deur 'n inkantasie van vrae die radeloosheid uit van die protagonis wat wéér haar offer bring, maar nou die volkome ontoe= reikendheid daarvan besef. - Hoe dan gemaak om die swart te verander in geel, die koue in vuur, die ouderdom in jeug? Hoe kan die skuld van mens= wees besweer word?

Die wending kom deur: 'n Aanroep van die Lig. Lig en Woord. Dit word gedra deur 'n wonderbare alliterasie van die rollende r: drie sinne wat begin met die imperatief "roep", 'n kontrasterende weerklink van die eerste strofe se "hoe". Dieselfde oe-vokaal van vrees en ontsag word oor en oor herhaal, vantevore met die uitademende aspirasie -h, nou met die kragtige r. Wie word geroep? Die pou, die iris en die gans... gans en koekoek gee die deurslag.

Die pou is die klassieke voël eie aan Hera (Romeinse Juno). Sy "honderd

oë" is die oë van Argos, haar dienaar wat doodgemaak is toe sy hom aangestel het om 'n minnares van haar man Zeus te bewaak. Ter herinnering het sy die gestorwe Argos se oë op die pou se stert oorgeplaas - sy oë is na sy dood miskien die sterre aan die hemel. - Vir die alchemiste, soos reeds gesê, was "die stert van die pou" 'n tegniese term vir 'n ontwikkelings stadium waar die oorspronklike swart stof in die retort verander in veelkleurigheid, waar aardse "blindheid" begin oorgaan in sien van die meer as stoflike. Charles Malan sê: "Volgens die alchemiste was die verskyning van die cauda pavonis, die poustert, die teken dat die proses na 'n bevredigende einde beweeg." (MISTERIE VAN DIE ALCHEMIS, p. 137). Daar is reeds gewys op die waarde wat die beeld van veellogigheid vir Sheila Cussons gehad het: en sy is een van die sensitiefste digters in Afrikaans m.b.t. kleure.

Die pou se vure! word geroep. Die oë van Argos, geoffer in 'n soort liefdesdriehoek, het hemeloë geword. En die "iris" word geroep. Iris, die reënboog, die lugbrug of luggordel in sewe kleure van die lig - vir Grieke en Romeine was sy 'n boodskapper van die gode, en veral van koningin Hera. Sheila Cussons dink ook aan die iris as deel van die oog (Verwonde oog, VV 25) - dis weer 'n beeld van sien. Ook dink sy aan die iris as blom (Maartmiddag, SW 84).

hoe tuimel in hierdie groen lig alles
 wat wind-verruk en groen is
 groen of vuur is:
 die pers iris bloei nou en die witte

"Iris-skynselend" is die lig in haar kleur-oktaaf.

Met die twee metgeselle van Hera, pou en Iris, word dus beelde van lig en kleur en sien opgeroep - die kleure kan lei tot 'n hoër manier van sien.

Ná twee wesens van sien en beeld, volg 'n derde van klank en spraak: die gans (tog ook stralend wit) word opgeroep ter wille van wat hy sê. In antieke Rome is die ganse geëer omdat hulle die stad op 'n keer gewaar=sku het teen die aankoms van 'n vyand. Die hees gans, so kwaai in Boerderye en Sprokie, is in Kombuis van Hera I die orakeldier wat 'n ver=borge, bevrydende waarheid sal uitspreek.

Vierdens volg die koekoek, wat later as boodskapper van opstanding in natuur én gees weer by die "see-ontbyt" in Paassondag (SW 87) verskyn. Die koekoek met sy "potente tweeklank-roep" "klief die winter middeldeer" en kondig lente aan; die omwenteling van donker na lig, van dood na lewe.

* * * * *

Oor die opvlieg van verskillende voëls eie aan Wysheidsgodin en Aardmoeder:

In Die wekroep (SK 12) mag die arend wat ná die koekoek se wekroep uit die geliefde winter se swart klipskeur opvlieg, 'n nuwe denke voorstel - miskien selfs die "Johannése" denke, waar die Arend steeds as simbool en inspirator van hierdie evangelieskrywer gesien word, in die hoë vlug van sy gedagtegang.

Klein blinkende koekoek
die kleinstetjie in die land

jou potente tweeklank-roep
klief die winter middeldeer

in die yslug op
uit die swart klipskeur

skiet die verbaasde arend
sedertdien verstom

Verbasend, verstommend is hierdie ervaring van 'n weergebore denke wat uit petrifikasie oprys, na bo gewend, gevleueled. Daarteenoor:

Die uile in die klipskeur sit
en fonkel swart en goud en wit

Het hy uit hierdie dun lug
... geval? gevlug?

Van Wyk Louw, Dood in die berge (NV 7)

Sou dit vergesog wees om te sê: Van Wyk Louw sien, waar die uile van wysheid vonkelend en verborge wag, die val van die mens in gespletenheid en verharding in (in die "klipskeur"); en dan sien Sheila Cussons wát weer nuut opkom uit die spleet? In hierdie gedigte, sou 'n mens kan sê, sien jy hoe die wysheid waarom die gesplete mens van vandag so worstel, dan tot openbaring begin kom: 'n Herryzenis van die denke.

Van Wyk Louw openbaar meermale die gespletenheid van die hedendaagse mens: Raka/Koki, Renboot, Cartesiaan - ook Die Beiteltjie is klipgespletenheid, wêreldgespletenheid. 'n Verband met die Lucifer-val kan in Dood in die berge ook nie uitgesluit word nie, ewe min as die sondeval se splyting van goed/kwaad. - Vergelyk ook die boom gesplyt deur weerlig deur die mens se godsverloëning: wat weer verenig word in die twee balke van die Kruis (in die gedig Leeglêers,¹¹⁾ soos bespreek deur Van der Colf).

In Die wekroep sien die digteres na die wekroep van die koekoek die "verbaasde arend" opvlieg uit die klipskeur. In Athena, die gedig wat volg op Die kombuis van Hera, word daar gesê:

die gespikkelde uil vlieg uit
gaan sit op die nok

Athena (wie se voël die uil is) word in dié gedig gesien as wysheidsmoeder wat van bo af die evolusie van liggaam en bewussyn dophou, gehoorte én weergeboorte ("geslaagde sterftes" - Louw se "áánteel van siele", in sy gedig oor die martelare van Arles, NV 72):

Alles wat vertikaal gekeep is
 die kat se oog, die boude, die vrou
 se geslag, dwing geheimsinnig

klipskeur wat lok in 'n donker in
 bevolk deur die verbeelding

die gespikkelde uil vlieg uit
 gaan sit op die nok

van die stad wat sy gestig het
 orde om die olyfboom

beskerm en neem waar: Athena:
 oorlogskorrespondent wat die stryd

van die gene dophou (onder die dak)
 en roep - terug na die klipskeur toe? -

by elke sprong vorentoe in die sel
 by elke vonk hoër op in die filum

en opwindender roep by geslaagde
 mutasies - en geslaagde sterftes

wanneer die skerpsinnige siel
 lewensvatbaar, instap in die lewe

Dit lyk hier asof die nuwe wysheid wat by Van Wyk Louw nog vonkelend en verborge wag, by Sheila Cussons te voorskyn begin kom, in 'n bewussyns=ontwikkeling waar die "Val" omgewend word tot opstyging.

Sou hierdie omwending in die lot van mens en aarde, van afdaal tot opstyg, "die teken van Jona", die misterieuse ommekeer kan wees wat die Christus=krag bring?

Die splytende "kennis van goed en kwaad" van die sondeval uit die Paradys uit (wat die gevolg en voortsetting is van die opstandengel Lucifer se val uit die hemel) - word dus in die vroulike element, deur die wordings=prosesse van aarde en gees, verdiep tot wysheid. Dis dan hierdie lente=vernuwing, van kennis tot wysheid, wat die koekoek met sy wekroep aankondig. Die groei van bloot intellektuele kennis tot dieper insig, is veral die tema van DIE SKITTERENDE WOND, en word in Hoofstuk VII bespreek.

Die slotgedig van dié bundel, Paassondag, word meer begryplik wanneer 'n mens die koekoek se verband met "die meer en minder van verstand" deurdink. Hy wek tot die besef dat dit juis deur erkenning van sy onkunde is dat die mens tot opstanding in geloofswysheid kan kom. Die wond lei juis tot ekstra skittering ("glorie");¹²⁾ die sondeval, en sy folterende nadraai, tot andersins ongekende moontlikhede van weet (Die wond wat dink, SW 39).

Ná die koekoek en die arend, kom Athena se uil op uit die donker skeur. Die uil gaan sit op die nok waar die balke bymekaarkom. Hier word die donker diepte uitgewys as vrugbare skeppingselement - skeppingsvolle chaos, teenoor Athena se orde - waar op die eerste vlak die ontwikkeling van die gene plaasvind deur die vroulike as barendende liggaam. Die "sprong hoër op in die filum"¹³⁾ na "geslaagde mutasies" praat die taal van Teilhard de Chardin wat dink oor evolusie op die fisieke en biologiese vlak. Maar die wysheidsgeryppte priester praat ook oor hergeboorte deur "geslaagde sterftes", en bewussynsevolusie op die volgende vlak. Hy beskrywe ná die biosfeer om die aarde, 'n noösfeer waar menslike denke en wil 'n rol speel in die verdere evolusie van die planeet. "Daar is geen keer aan die noösfeer." (Taal, SJ 8) - (Bios is Grieks vir "lewe"; nous vir "gees", "gemoed", Engels "mind"...)

Intuïtiewe verbeelding is dan vir die digteres wat volg op Teilhard se spore, die donker vroulike element waaruit mutasies op die hoër geestelike vlak voortkom, d.w.s. weergeboortes soos dié van Jona uit vis en see, of van die afgewyktes in Die doek (SW 66). Die donker van die skeur waarop Athena ordenend neerkyk, is "bevolk deur die verbeelding".

Alleen die skeppende verbeelding kan begryp hoedat Jona se verhaal metafoor is vir Christus-passie, en Christus-opstanding vir die ontwikkeling van

Elkerlijck ("Everyman"). Alleen deur die begenadigde verbeelding kan die Heilige Gees by die mens insig wek vir sy eie ware wese? Dis uit 'n verbeelding bevry uit illusie dat nuwe visie en waarheidserkenning vir die digter groei.¹⁴⁾

Hier ontwikkel die groot vroulike, die verlore Iris, verby Christus-moeder tot die hervonde Sophia,¹⁵⁾ die Wysheid. (Wat natuurlik ook in die man aanwesig kan wees as 'n geestelike ontvanklikheid vir groei- en skeppingskragte.) Böhme ervaar die maagd Sophia as die moeder van die Christus-geboorte binne die eie self. "With the emergence of this new factor into the conscious field - this spiritual birth - the mystic life begins: as the Christian epoch began with the emergence of Divine Spirit in the flesh." (Evelyn Underhill, MYSTICISM, p. 123)

Die wysheid waak oor organiese ontwikkelingsprosesse op elke vlak... Salomo sien Sophia, die Wysheid, as teenwoordig voor die aangesig van God in die skepping van die aarde (Spreuke 8): "Toe Hy die hemele berei het, was ek daar... toe Hy die fundamente van die aarde vasgelê het - toe was ek 'n kunstenaar naas hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd, en het gespeel op sy wêreld rond, en my verlustiging was met die mensekinders."

As Minerva (die Romeine se Athena)
staan die kronende wysheidnatuurmoeder
ook in Pleroma (SK 24)
vir beide die natuursiklus van saad tot oes
en die hoër kringloop van geestelike ontwikkeling
waar kwellende denke oopbreek tot wysheidskroon.
Saam met die doringkroon van Christus
is dit die kroon

van 'n Demeterbeeld van Eleusis
 of van die Dianabeeld in Efese
 wat voor die gedagte oprys.¹⁶⁾

Sheila Cussons reik uit na die groot vroulike in die heelal soos sy deur alle tydperke heen al in so baie gedaantes vereer is. Ten slotte kulmineer die digteres se gevoel vir die "moeder van die siele" in 'n liefde vir Maria, die moeder van Jesus, soos dit in baie van haar gedigte en gesprekke tot uiting kom. Die verheerlikte Maria is vir haar die Koningin van die Engele, Regina Angelorum. Hier vind haar uitreik na die engele later in Katolieke devosie 'n ruspunt.¹⁷⁾

"Hera", die ouvrou in die seegrot, is 'n vroeëre beliggaming van die oermoeder.

Innie holsuigtes tussen die see se tanne
 sissie see in sy kuiste...

Kaartloos Kelties (SK 19)

Gaea (of Gaia), die Grieke se eerste Moeder Aarde, "kniers op kieste van basalt" (SK 43) terwyl sy geboorte gee aan die teenoor mekaar gestelde natuur-elemente. Aard-Gaea is in Meridiaan (PL 19) 'n "wentelende kolos" en haar gemaal (die son op middaghoogte/die denkende bewussyn van die digter) is haar "oogpit", haar "sibilleblik" van wysheid.

In Meridiaan is Sheila Cussons se duidelikste beeld van die een oog wat veelvuldige oog word, "oogpit" > "blink korrels oralsien" - soos viseiers, kuit:

haar oogpit ek, haar sibille-blik
 wat in-toe duikel en sink in haar bron
 maar ek brokkel daar in blink
 korrels oralsien, 'n kuit
 wat sal ryp tot 'n skittering van pyle
 boontoe in sy eie tyd.

Dit verwys na die Griekse ontstaansmite waar die seun later die vader wat hom verwek het, doodmaak en opvolg, Chronos vir Uranos, Zeus vir Chronos. Dit dui op die verbygaan van 'n era en die aanbreek van 'n nuwe: aard= evolusie en bewussynsontwikkeling. Ook Gaea word vervang deur Rhea, Rhea weer deur Hera. (Vgl. vir die veelvuldige oog ook Die tuinende vissers, SW 11, se "fishpond eye" > "wakker wingerde oogkorrels"; die gerub-oë van die motto by DIE SKITTERENDE WOND; en Die blaar - VL 8 - se "oerwoud oë uit eie kompos").

Die ouvrou word in Kombuis van Hera II uitdruklik getipeer as "wysheid". Oud, oud is die aardmoeder van die voortyd: met haar mummiehand so oud soos Egipte; met haar gans so oud soos die seevaardersvolk wat in die vroegste vroegtyd gekom het na Spanje en Suid-Frankryk, klein mensies van die "eendevolk", le peuple canard. Was hulle verwant aan die geheimsinnige Etruskers? aan die Atlantiërs? Was hulle verwant aan die makers van die megaliete-beskawing - Stonehenge, Gavr'inis, Newgrange, die klippe van Carnac in Bretagne?

In Toulouse word nog die herinnering bewaar van la Reine Pedauque van die Wes-Gote, "Koningin Gansevoet" met die gewebde voet.¹⁸⁾

Leef iets van die Aardmoeder in haar verbintenis met die gans miskien nog steeds in streke noord of suid van die Pireneë, waar Moeder Gans¹⁹⁾ vanouds haar wysheid in sprokiesbeelde versprei het? Wel is daar 'n herinnering aan die Aardmoeder bewaar in die óú beelde van die Swart Madonna wat nog vereer word in plekke soos Monserrat naby Barcelona waar Sheila Cussons gewoon het.

* * * * *

See, rots, die grot soos 'n baarmoeder ("nael", "buik") is tipiese beelde

geassosieer met die moeder. T.T. Cloete beskou as vroulike simbole in NEGESTER OOR NINEVÉ van Dirk Opperman ook "kring, sirkel, fuik... poel, kuil, spelonk, tonnel..." (DOLOSSE, p. 27f).

Die ervaarder van die seegrot-droom word - soos Rooikappie, in 'n insluk=storie²⁰⁾ - deur haar ma gestuur na die Ouma. "My ma wat woon in baksteen", sê Sprokie. Kombuis van Hera II praat van die ma wat "wegwring in 'n baksteen". Baksteen is, kan 'n mens sê, 'n soort sintetiese, mensgemaakte rots, vierkantig-rasioneel gevorm, en boustof vir die huis van die gesin. Die werklike moeder is 'n soort verteenwoordiger in die daglewe van die groot argetipiese Oermoeder van die diep-lewe.

Subtiel is die verhouding tussen moeder en dogter altyd, soos ons sedert Freud opnuut weet. Daar is 'n sekere spanning in "wegwring". Die verhoudinge van die kind se grootworddae speel mee in die seegrotervaring.

In die droom is dit die kind se moeder wat haar stuur na die nóg ouer, dieper moeder - die beeld van die moeder verteenwoordig in drome ook dikwels iets soos 'n vroeër sieletoestand, 'n vergange bewussynstadium. Af, af in die verlede wat verborge lê in die ondersese lae van ons menswees, gaan die tog na verlore Atlantis: na die "grondslae van die berge". Na die ryk van die Moeders, Demeter en Persephone miskien, want naas die oувrou verskyn daar later 'n Kore (die Meisie),²¹⁾ die Alice-in-Wonderland, witvoorskoot-siklopekind:

ek is nou met die sikloopkind wonderlik behep
en weet dis eintlik sy wat sin maak van die resep.

Die ontsagwekkende ou vrou "ouer as oud", word in die Kombuis-gedigte as Hera aangespreek. (Klink ook baie soos hiera, wat Grieks is vir "die heilige" en gebruik is vir die heilige voorwerpe in die Eleusismisterieë

van Demeter.) - Die Griekse Hera is die Romeinse Juno.

In Tant Emily van Oom Naas (SK 16), gedruk oorkant die later ingevoegde "bourgeois" Geel kombuis (SK 17), word Juno bygehaal in haar somerse aspek, as godin van die huwelik, vrugbaarheid en geboorte. (In Shakespeare se Tempest kan 'n mens sien hoe Demeter, Juno en Iris saam verskyn om 'n huwelik te seën.) - Maar hier in die "toorkombuis" is dit 'n ouer Hera, die pre-Olimpiese aardgodin, doodsgodin, godin van die kalenderjaar in al sy omwentelinge.

Waarom sou die Oermoeder in hierdie gedigte juis gesien word as Hera, en nie netsowel Moeder Gans, Gaea of Demeter nie? Hera was onder die Olimpiese gode 'n jaloerse bewaker van die huwelik, wat opgetree het teen Zeus se minnaresse. Miskien daarom dat sy hier sit as 'n soort regter oor die siele. As 'n Drumpelwagter tree sy op.

Hera verskyn met gans en koekoek: die gans wat raaisels praat. Orakels hoort by die aardmoeder. Selfs ná die liggod Apollo in Delphi oorgeneem het van die vroeëre Aardmoeder, het die orakel-openbaringe nog gekom van die vroulike priesteresse, waar hulle die onderaardse walms inasem deur 'n spleet in die rots... Die manlike priester het die raaisel maar net geïnterpreteer en daaraan vorm gegee. Ook die sibilles (wat Michelangelo in die Sikstynse kapel saam met die profete afbeeld) het waargesê uit hierdie oeroue soort aardwysheid uit, in toestande van ekstase en verrukking.

Erich Neumann (DIE GROSSE MUTTER) is van mening dat die vroulike ook in die sosiale lewe op die voorgrond tree in tye wanneer intuïtiewe denke oorheers (soos in die vroegste tye van die mens se geskiedenis); en die manlike, die patriargale, in tye van meer intellektuele denke. Die daglewesverhoudings van man en vrou in verskillende tydperke sou die verhoudinge

weerspieël tussen intellektuele kennis en intuïtiewe wysheid ("bewuste" en "onbewuste"). - Waar die wysheid uit die dieptes meer erkenning kry, kom die vrou meer tot haar reg ook in die organisasie van die godsdienst, as ampsdraer of priesteres. Miskien is die sg. bevryding van die vrou in die sosiale lewe van ons tyd dan ook simptomaties van die behoefte aan meer beregtiging vir verbeeldingskennis en aanvoelingswysheid.

- Gans en Koekoek. Antieke Hera het 'n koekoek op haar staf gedra. Die koekoek is die voëltjie wie se roep die lente aankondig. Hy is "die wekker". Volgens ou legendes het Zeus as 'n lente-koekoek verskyn en in 'n donderstorm onder Hera se mantel kom skuil. In die donderstorm, beeld van die huwelik tussen hemel en aarde,²²⁾ het hy haar gedwing om met hom te trou.

Maar "is die koekoek 'n hen-koekoek" - hoe moet dit verstaan word?

In die legende van Hera se huwelik was die wekker-koekoek dan juis die manlike? Sou dit beteken dat alles hier in die teken van die vroulike gehou moet word, met die seksuele, en geweld, heeltemal uitgesluit?

- Die digteres sê op navraag dat dit 'n hen-koekoek moet wees omdat dié 'n eier kan lê, wat nodig is vir die bak van die koek:

...roep die gans wat raaisels praat
orakel hy dan het ons raad
en is die koekoek 'n hen-koekoek
bak Hera weer besweringskoek.

In die laaste 3 reëls is daar 'n deurbraak. Diepmoederfakulteite wat al opgehou het om te funksioneer ("afgetree" sê Sprokie) kom weer in werking en lei tot die verskyning van die Kind.

* * * * *

In hierdie laaste reëls is daar dan teen die end van Kombuis van Hera I twee byvoeglike bysinne van voorwaarde sonder die voegwoord as. Dié met as in die eerste strofe word weer op 'n manier weerkaats, maar sterker vanweë die inversie, sodat die werkwoorde orakel en is elke keer aan die begin staan. In akkoorde van a, (veral ra) en oe word die klimaks van die kernreeks in DIE SWART KOMBUIS bereik: Hera neem die offer aan en voltrek die mirakel van die bakwerk. Die dans van die konsonante en vokale is indrukwekkend: die kombinasies veral van r, h, k; a, ee, en oe.

In die inkantasie-effek van hierdie gedig, is dit byna deur die krag van die woord as suiwer klank wat die magte van die chaos "besweer" word.

Miskien is een van die weinige Afrikaanse gedigte wat in liriese kwaliteit hiermee vergelyk kan word, Eugène Marais se Diep Rivier, O Donker Stroom; waar die deurbraak na die lig egter nie bereik word nie. ("Ek sien van ver die glans van staal en goud...")²³⁾

Vraag: Is inkantasie of mantram te reken as 'n spesiale genre van gedig, of gaan dit heeltemal buite die letterkunde soos ons dit ken in ander streke in? Die klank word self operatief en ontsluit magte: soos in die "Open Sesame!" van die sprokie of, met oergeweld,

die EFATHA!

die TALITHA KUMI!

van Christus.

So was die rune-spreuke van die vroegste Germaanse poësie, wat uitgespreek is om bv. 'n wond te genees of 'n swerm bye bymekaar te roep. - Kan die woordkuns van die toekoms weer in so 'n rigting gaan, waar die magiese krag van die klank herontdek word na 'n lang tyd van intellektuele verdorring?

"Words are death and resurrection."

Miskien is die offer in Kombuis van Hera in werklikheid 'n soenoffer. "Besweringskoek". Vir wie weet watter diepverborge skuld, vrees of verlange wat aan die wortels van menswees of vrou-wees lê.

Watter boom se bitter wortel,
watter beentjie van die tortel

sal die hart teen bese gees
beskerm en van eensaamheid genees?

sal die kranse en die wildepeer 24)
tot sin en ewigheid besweer?

Dirk Opperman, Wildernis (NN 9)

Opperman se gedig eindig met die nederlaag-figuur van Eugène Marais. Beswering van die wêreld se donker en droefheid lyk onmoontlik.

Ook in Sprokie misluk die offer, maar in Kombuis van Hera vind die redding plaas. "Goedig is die gode." Nie alleen word die bestanddele van melk, eiers, meel - sout - verenig in die koek nie; maar die figure van die seegrot word as't ware ingebrand in die offerbrenger in. Hierdie wesens uit die dieplaag kan voortaan tot uiting begin kom in die bewuste lewe van die nuwe self: die wysheid, dié insig, die raaiselagtige orakel= spreuk, die wekroep - al is dit soms menslik "aangebrand."

Let op die ironie wat nederigheid is. Beteuterd en verleë staan die mens voor die gode.

Die koek is enersyds die mees gewone saak wat deur die huisvrou in haar kombuis gehanteer word; andersyds is dit: die offer van Grieke of Egiptenare of vroeër nog, van meel of meelprodukte veral, aan 'n godheid - landbouprodukte, nie bloedoffer nie.

Die vrou as landbouer - soos ook by die Bantoe - word opgeroep, Demeter en haar koring wat moontlik vroegtyd van Afrika na Griekeland gegaan het.

Dis nie toevallig dat vandag nog die brood van die Kommunie gebak word van koringmeel nie. Nie alleen is die goue graan sigbare beeld van die lig wat deur die planteryk ingeneem word nie, maar ook is dit offer=gawe uit 'n ver tradisie, van voor Melgisedek af (Genesis 14).

* * * * *

Kombuis van Hera II herhaal die storie van die stuur na die seegrot meer uitvoerig. Wanneer die ma die dogter aan die begin van hierdie gedig beveel

kyk daar raak totdat jy raaksien

is dit 'n voorklank van die klimaks aan die end van "Christ of the burnt men"

opdat ek jou raaksien, raak weet, raak het... (SK 81)

Die vuur in die grotkombuis sal uitblom tot 'n "son om middernag", 'n "man gemaak van son": die kosmiese Christus, 'n "wit vuur naatloos een... met sy heelal." Die wese van die "omtoorvuur" word herken, goddelike oorsprong en bestemming wat die mens "verdoesel in die klein en donker vlees" dra.

Sien is altyd vir hierdie digteres van die opperste belang. Sy kyk doel=bewus, op elke vlak:

... en ek sê vir my oë: sien.
Maar voor my oë raak wát ek sien
meteens getransformeer...

Laatmiddagson oor die siënna-bruin vloer (VV 12)

Die dromer is deur haar ma beveel: eerstens om die gode te sien, tweedens om die skottel en beker is soos bord en kelk van die Nagmaal, die Tekens waarin die Christus-offer gegee word. Ook, so word in Kombuis van Hera II

ontdek, is die offer die offer van die self, "jouself in jou menslikheid".

"Die before your death" was nog altyd die aanmaning van die mistici, hetsy van die Ooste of die Weste. Waarby hulle natuurlik nie grof-materialisties bedoel het: Gaan maak jouself dood nie. (Soos Paulus sê: Dit tog nie...) Maar eerder: die afsterf van begeertes en gewoontes wat te vas aan die materiële lewe bind, om 'n leegte te skep ... waarin die vuur van die hoëre brandgemaak kan word -

Let wel dat die materiële nie gelykgestel kan word met die liggaam nie, wat veel meer is as sy stoflike komponente. Vlees en bloed kan die koninkryk van die hemele nie binnegaan nie, maar wel die verheerlikte liggaam, (1 Korintiërs 15) wat 'n einddoel is van die aarde se transformasieprosesse (Rom 8).

Is die besweringskoek dan resultaat van 'n offer waardeur skuld versoen word, die ou natuur sterwe en verander word tot nuwe?

Dra die skottel dra die bekken
dra die beker van die kopbeen
hoe't ek my dan so misreken
die week plek was nog nooit die hakskeen

Uit Kwêlafluit (SK 52)

Die skottel van die bekken, die "beker van die kopbeen" van die Kwêlafluit-kwatryn suggereer die gebiede van die geslagtelike lewe en die intellek as die areas waar die mens kwesbaar is en deur 'n vyand gewond kan word. (Dit is die gedagtegang wat later in DIE SKITTERENDE WOND verder ontwikkel word.) Hierdie is dan die lewens-areas wat geoffer en gewy moet word.

Soos vir Teilhard de Chardin, so ook vir die digteres, is die organiese proses waarin die negatiewe positief gedraai word (dood > lewe) van meer

belang as die legalistiese begrip van die Kruis as vergelding en skuld-uitdelging.²⁵⁾ - Tog spreek die skulddelging van eie offer in Christus-offer hier mee in die sakramentbeeld van skottel en beker: wat 'n reg=verdiging-in-Christus inhou, d.w.s. deur eenwording met Hom.

Nog 'n derde keer wys Kombuis van Hera II van die voor-Christelike na Christus as die vervulling van die misterie: Waar die dromer word van een wat sien tot een wat gesien word.

Gekonfronteer met die "sewe oë" van die gode het die protagonis in 'n sfeer nog anderkant die mite aangekom: by Johannes in sy Openbaring. D.w.s. in die hemelse hiërargieë wat styg tot by die Troon wat hulle omring. Tussen die kerse loop in Johannes se visioen "Een soos die Seun van die Mens". Hy hou die sewe sterre in sy regterhand. Die kerse is die sewe "gemeentes", die sterre die engele van die sewe "gemeentes" of gemeenskappe. Steeds hoër is daar die sewe geeste soos die sewe vuurvlamme voor die troon van God. En die geofferde Lam met sewe oë. - Almal beelde verweef met die sewetak-kandelaar in die Allerheiligste, verholde binneplek van die Ou Verbond, in die Joodse tempel, wat 'n aardse afbeelding van die ritueel in die hemel moes wees (Hebreërs 8:15). Dis asof Johannes van sfeer tot sfeer al dieper inkyk in die geheimenis van die sewe-lig by die offer-altaar.

Hieroor moet 'n mens nadink. Presbiter (= Priester) Johannes, soos hy genoem is, wat die Openbaringsgesig gesien het, het volgens oorlewering in Efese gewoon, die stad van die óú wysheid van Moeder Natuur, waar begrip vir die skeppende Woord bevorder is (Vgl. Wilhelm Kelber, DIE LOGOSLEHRE VON HERAKLIT BIS ORIGENES). Die proloog van die Johannes-evangelie het die Natuur- en Woordmisterie van Efese, wat ook die stad van die filosoof Herakleitos was, tot agtergrond.

En dis as 'n instrument van die woord dat die digteres haar nuwe self vind (Digter II. - Vgl. ook Hoofstuk IV).

Onpretensieus in taalgebruik, "beteuterd", staan die offerbrenger in die towerkombuis wat nou so wyd geword het. Hera is aardmoeder én hemelkoningin. Die gode van benede word die gode van bo.²⁶⁾ En die dromer vind by hulle 'n nuwe self in die "neutvars kind" met die "sywurm=hare".

Ná die oloop tot 'n klimaks van al die adjektiewe in die vergelykende trap van Kombuis van Hera I, verskyn in II die vuur (rooi? van die hart?)²⁷⁾ waarin die koek "geler as goud" gebak word: die Kind²⁸⁾ verskyn as die sin van die "resep", en die eindproduk van die proses.

Die neutvars Kind se hare is ook geel soos goud, geel en sag soos sywurmsy. Die lewensloop van die sywurm is metamorfose van wurm tot kokon tot mot. En die sywurm, soos die kombuis, is 'n herinnering uit kinderdae en moeder-nabyheid.

Geel is die komplementêre kleur vir die swart kombuis

stil dink is saggeel,
skerp dink is 'n snel geel, vlam, byna wit:
die wat bot is tot sielsiek word in geel kamers
behandel deur psigiaters

(Palet, SK 71)

Ernst van Heerden sê: "Geel is die lig-gewer, die herout, aankondiger van die koninkryk van die son. Dit is die stralekrans van die heiliges en die teken van hul transfigurasië. So is dit begryplik dat hierdie ligte, helder kleur simbolies gekoppel is aan begrip, kennis, intuïsie, intellek, grootmoedigheid!" (DIE DIGTER AS CHROMATOMETER, p. 9)

Denke en woord word geassosieer met die kind wat die digteres se nuwe self sal word.

"'n Digter van die Syn," sê Van Heerden ook, na aanleiding van Van Wyk Louw, "het in hoë mate te doen met die onsienlike en in sy hele poëtiese skepping openbaar hy juis as een van sy opvallendste beeldtegnieke die teleskopering van die abstrakte en die konkrete. En een van sy middele ter veraanskouliking van die onsienbare, die ontabstrahering van 'n affektiewe wêreld, is juis die kleurwoord" (op. cit., p. 8).

Die sygoud van die siernermeisie se hare herinner, omdat dit aan die end van die bakproses gevind word van die koek "geler as goud", aan die "goud" wat die eindproduk van die alchemiste se soektog was. Vgl. oor goud ook die aanhaling van Jacobi, en Cirlot s'n oor kleur-sekwensie, in die afdeling oor Alchemie in Hoofstuk IV.

Goud is in MEMBRAAN die kleur van

daardie ontsaglike Son-Hy
wat straal uit my krusifiks se goue kéérsy.

(M 32)

Die goue hare van die sprokiesprinsesse is beeld van 'n helder lig van sonnewysheid wat hoof en denke omstraal. So verklaar Rudolf Meyer dit bv. wanneer die Gansoppasstertjie in die Grimm-sprokie (GV 89) vir klein Koen-raad ("Wakker-verstand") wegstuur sodat sy haar goue hare kan uitkam en orden: as beeld vir 'n meditasie-prosedure. Die sprokiesprentjie sou sê: terwyl die wakker verstand elders besig gehou word, kan die Jonkvrou Siel haar met die dieper wysheid besighou en dit orden en skik (Rudolf Meyer, DIE WEISHEIT DER DEUTSCHEN VOLKSMÄRCHEN, p. 28f).²⁹⁾

Die "sywurmhare" van die Woordkind straal assosiasies na alkante toe uit. Die kind uit die seegrot kom terug met meer goue sy as Marco Polo.

Nog 'n sprokiesprentjie: Grietjie wat in die heks se kombuis met die

vuuroond gekonfronteer word, tot sy onverskrokke die heks self daar instop, en sy en Hansie met die heks se rykdom huis toe gaan.

* * * * *

Digter II

Eenoog-kind jy is toe
niks anders nie as ek
dit het ek na 'n blinde dwaal
toe deur jou oog ontdek

en om te kom uit Tartarus
het ek aan Zeus beloof
die dinge van die eenoog-sien
die donder in die voorhoof

wie dig en in 'n slaap dan
droom van die sikloopkind
aanskou die belofte van 'n self
wat hy in die woord sal vind.

Digter II is weer in die los ballade-vorm, reeds 'n nabetragting oor wat in die Kombuis van Hera gebeur het. Die reeks word afgesluit met 'n direkte aanspreek van die Kind, met die ontdekking dat sy 'n nuwe self en 'n nuwe soort sien is: "dit het ek... toe deur jou oog ontdek." Die vorm is bedrieglik eenvoudig, die betekenis diepsinnig, soos 'n orakel. In beelde steeds ontleen aan die Griekse mitologie, word vasgestel dat die bevryding uit die donker benedewêreld gevolg het op 'n belofte "aan Zeus", wat inderdaad die bevryder van die siklope uit hul benedewêreld-gevangenis was, om voortaan uit die "eidetiese"³⁰⁾ ouwêreld-kragte te dink en te skep. Die siklope was naamlik metaalsmede, kunstenaars wat uit dank ook hulle bevryding vir Zeus sy wapens, die donderkegels, gemaak het.

Die slot-strofe stel dan, na hierdie belofte, as veralgemening vas dat die aanskou van die siklopekind in 'n droom ook 'n belofte aan die digter inhou. Sy is "die belofte van 'n self wat hy in die woord sal vind."

Sal vind - die kind wys na die toekoms

Die belofte word direk aanskou, d.w.s. die mededeling aan en deur die digter is reeds in die direkte beeldtaal wat die onderwerp van die gedig is.

Hierdie nuwe manier van sien en praat spruit dus uit 'n soort ooreenkoms tussen godheid en mens, en 'n doelbewuste besluit; terwyl dit terselfdertyd bevrydende genade is. Dieselfde wedersydsheid van sien en gesien word, is daar ook in belof en 'n belofte ontvang.

* * * * *

DIE SWART KOMBUIS sluit dan af met twee groot gedigte oor die theofanie, die "sien van die God" wat die laaste fase in die misterieproses was. Direk sluit hierdie gedigte oor die aanskouing van Christus nie by die droomgesigte uit voor-Christelike konteks aan nie, maar soos ons probeer aantoon het, is daar tog ten opsigte van die transformasiebeelde 'n diep verband tussen die Kombuis van Hera-reeks as kern van DIE SWART KOMBUIS en die twee slotgedigte "Christ of the burnt men" en Verheerliking. Vir die myste of leerling kom daar uit die duisternis 'n groot lig.

"Christ of the burnt men"

Thomas Merton ³¹⁾

Jy sal my ook al hoe meer wen, glimlaggende
skerts-oog blink-oog Christus wat my vervaarde jare
op jou afstand gadeslaan het: jy het
jou hande nie tóé uitgesteek toe ek
jou sengende wonde aan my lyf ontvang het nie
maar fel jou kruis geteken oor my - in hand
en voet en romp en hoof, en deur die beswyming
onder druppende bloedplasma- en soutwatersakke
kom skyn voor my met net die trekking van 'n glimlag
van uiterste pyn om die mondhoeke, jou oë
blink van 'n verskriklike akkoord.
En ek begryp, jy het my geteken vir die avontuur
van jóú, ek wat vuur bemin en altyd waaghalsig was -

- O wat is die brand in brein en hart wat brandender brand
 as die vlam aan die lyf en wat gaan gloei in klip en sand
 onder my eenvoetig-springende begrip agter jou
 sagsinnigheid aan?: Nee, iets heerlikers; as jy eindelijk
 omdraai met oë wit en stip en ver en skouers gemantel
 met 'n verwoede en stormende son: o my kosmiese Christus:
 drie-en-dertig jaar verdoesel in die klein en donker vlees
 wat jy in een nag oopgevlak het om j^ou vir my te bevry
 omdat ek jou raaksien, raak weet, raak het, en nog wag jy
 dat ek moet sê, heeluit moet sê: gryp my hande dan,
 amper sonder vingers vir jou: kundige timmerman.

In Boerderye, as die ou vrou begin koek bak aan die begin van die bundel
 word die eiers gebreek, geklits, geroer. In "Christ of the burnt men"
 aan die slot, is dit die kosmiese Christus wat soos die son uitbreek
 ("oopgevlak word") uit die klein, donker kerker van die vlees.

Magdalena sien op Paas-oggend die son opkom oor die tuin.

Die walvis het vir Jona uitgespoeg.

Job se dogtertjie - wat soos die siklopemeisie nuutgebore is na die
 donker storm - lei vir Leviatan, die donker Chaos, die seemonster-
 krokodil van die benede-wêreld, "hondmak aan 'n lyntjie". (Die gesig,
 SK 13). Die donker magte is geïntegreer en skadeloos gestel, en daar
 word oor 'n drumpel beweeg na 'n nuwe wyer lewensfase.

In Verheerliking sluit die bruin kleed van die alledaagse lewe weer
 verhullend om die "mens gemaak van son" - "die doek" van die liggaamlike
 (SK 66).

Verheerliking

En toe ons wakker word sien ons 'n man gemaak van son en twee wat skynend is by hom: ou vaders van ons ras: ons drie het toe verstom gaan deurmekaar praat, iets van hutte bou - ag, enigiets om hierdie dag te onthou ons drie bewus van ons vuil voor sy verblindende wit - Selfs Hý het Hom grys gehou met 'n wolk vermom en vir Moses en Elia koesterend gevou in Hom, en met 'n stem gespreek in in ons bot begrip - en vir niemand het ons weer terug in die dorp kon sê dat ons vir een kort uur gesien het hoe hierdie Jesus lyk vir God...
 Nou loop hy weer argloos langs ons, bruin soos ons aarde bruin en skraal van ons karig eet en sweet ons sweet in die kleed wat Nikodemus hom gegee het, maar nou wanneer hy praat weet ons hoe sonder nate is sy woord en dat hy self 'n wit vuur naatloos een is met sy heelal.

Die ingewyde wat teruggekom het uit die dood, weet egter voortaan met nuwe sekerheid dat hy skynbaar in twee wêrelde leef, in verganklike materie sowel as ewigheidslig; maar ook dat dit eintlik net twee verskillende aspekte van dieselfde ondeelbare Eenheid is. Brug tussen die twee realiteite word die woord, die naatlose woord wat albei saamvat in die flits van 'n beeld, in klank wat met die kosmiese harmonieer.

Die ewigheidsmens word uit die klein, donker vlees bevry. Die diep Ondergrond, die stralende Teenwoordigheid, die ander sy van die materiële, word in heerlikheid sigbaar. Dit is die "verheerliking" wat die Christus-ontmoeting inhou.

Om die immanensie mis te kyk, die "Christus-in-my", die geboorte van die self, sou wees om 'n dimensie in hierdie gedigte te verloor.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK V

- 1) RIDDLEY WALKER van die kontemporêre Amerikaanse skrywer Russell Hoban is ook 'n "swart" boek (met sy Kolebranders en Mephistopheles-Punch) wat oplei na die Christus-verskyning in PILGERMANN, en die aanvaarding van 'n boete-dood.

- 2) In 'n brief van 1946 aan Marié Opperman skryf Sheila Cussons reeds (uit die hospitaal na 'n operasie): "Pyn is 'n wonderlike vreemde indringer - invader, visitant - banneling wat slu en onverwags sy wraak neem - die uiterste gevalle engel? Ek weet net hy moet pragtig wees soos hy blykbaar verskriklik is: 'n singende spektrum, 'n soort aurora borealis wat gil en sing! By my het hy net verbygeloop, met 'n 'lingering look', versluerde donker blik onder sy skitterende hare en verdwyn: maar ek praat van hom soos ek hom beloer het toe hy die vrou op die 'trolley' opgeneem het en deur haar geblaas het, soos deur 'n trompet; - en toe hy by die meisie in barenswee vertoef het.
(Vgl. GS 24)

"Soms verbeel jy jou dat so 'n iemand voor jou staan en eenmaal kyk na jou en dan verder gaan, maar sy verdwynende rug vertel dat hy weer sal kom, because of that glance exchanged. Ek wonder."

- 3) Dirk Opperman se KOMAS UIT 'N BAMBOESSTOK, wat ook van 'n mirakelagtige terugkeer vertel, het die jaar ná DIE SWART KOMBUIS verskyn. In LIFE AFTER LIFE, - The investigation of a phenomenon - survival of bodily death - vertel die mediese navorser Raymond A. Moody dat daar vanweë moderne mediese metodes ál meer mense voortleef ná ondervindinge wat feitlik na fisieke dood beskryf kan word. Hy poog

om by die teruggekeerdes vas te stel hoe hulle die oorgangstoestand tussen lewe en dood ervaar, en gaan na hoe hulle verslae ooreenstem. Daar word vertel dat die digter na sy terugkeer uit die hospitaal deur 'n kollega gevra is hoe dit voel om te sterwe. - Hy het geantwoord dit is soos 'n lang donker tunnel met 'n liggie aan die end. Die lig is Jesus. "En as ek nie vir Jesus liefgehad het nie..."

- 4) Vgl. ook D.W. de Villiers oor VUUR BY SHEILA CUSSENS.
Jung beskou drome van kombuis of oond as aanduiding van innerlike transformasieprosesse.
- 5) Ook oor die ervaring van swart gaan Etienne Leroux se NA'AVA met sy Hooglied-aanhaling "You are black but beautiful." Dis 'n boek oor dood en wag op weeropstanding in natuur en mens. Vgl. ook die bespreking van transformasiebeelde in MISTERIE VAN DIE ALCHEMIS deur Charles Malan, wat handel oor Leroux se werk.
- 6) Vgl. Hoofstuk IX oor Kringlope.
- 7) Vgl. aantekening 9 by Hoofstuk II.
- 8) Die droom waarvan Eugène Marais aan die end van sy lewe in 'n brief aan Edna Cross vertel, lyk verbasend baie op die begin van hierdie Grimm-sprokie - Leon Rousseau, DIE GROOT VERLANGE, p. 498f.
- 9) "Five is the number of evil. This will become clear to us if we again consider human beings. In their development men have become fourfold beings and thereby beings of the created world. Here on earth, however, the fifth member of their being, the spirit self, will be added. Were they to remain fourfold beings, they would be constantly directed by the gods - toward the good, of course - but they would

never develop their independence. They have become free through the gift of their germinal fifth member, but it is also from this that they have received the ability to do evil. No being can do evil who has not arrived at 'fivefoldness'. Wherever we meet with evil, such that it can actually adversely affect our own being, there a fivefoldness is at play. This is the case everywhere, including the outside world, but people are unaware of it, and our present materialistic world view has no conception of the fact that the world can be considered in this way... It is possible in many areas to show that the number five has meaning for outer events.

"...Seven is the number of perfection. Observation of man himself will make this clear. Today he is under the influence of the number five insofar as he can be good or evil. As a creature of the universe he lives in the number four. When he will have developed all that he holds at present as germ within him, he will become a seven-membered being, perfect in its kind. The number seven rules in the world of colour, in the rainbow; in the world of tone it is found in the scale. Everywhere, in all realms of life, the number seven can be observed as a kind of number of perfection. There is no superstition or magic in this." - Rudolf Steiner, OCCULT SIGNS AND SYMBOLS, p. 42-44. - Friedrich Benesch noem sewe "die getal van beweging, van wording, van tye en tydskringlope. In dié getal is daar altyd 'n begin, 'n opstyg of neerdaal in 'n evolusie tot by 'n hoogte- of dieptepunt, en dan 'n neerdaal of opstyg tot by 'n afsluiting van die involusie." (Friedrich Benesch, APOKALYPSE, p. 21 - vry vertaal)

- 10) Wat ook geskryf word evoe, euoi, ens. "...Van die klimopbegroeide hellings van Nusa se berge en die groen kusstreek van welige

berge kom u, terwyl die goddelike euoi-krete weergalm..." deklameer die koor in die vyfde koorlied van ANTIKONE terwyl die prinses in die rotskerker sterwe - en roep soos 'n verre belofte van weergeboorte die derde en jongste Dionusos aan, Iakchos, "O leier van die sterre= koor... verskyn, o Koning..!" (Sophokles, ANTIKONE, vertaal deur J.P.J. van Rensburg, pp. 51, 52) Vgl. ook die DIONUSIACA van Nonnos, wat later as Christen vir Christus as die ware Dionusos geprys het. (Aangehaal deur Hermann von Skerst, DER UNBEKANNTE GOTT, p. 35f)

- 11) A.P. van der Colf, POËSIE EN GODSDIENS, MET SPESIALE VERWYSING NA DIE GODSDIENSTIGE GEDIG BY N.P. VAN WYK LOUW, p. 214-248.
- Leeglêers is by later edisies van TRISTIA ingevoeg.
- 12) Thomas van Aquino, ST III, Vraag 54, Artikel 1, Antwoorde op Objeksies 1 en 2:
1. The scars that remained in Christ'd body belong neither to corruption or defect, but to the greater increase of glory, inasmuch as they are the trophies of His power; and a special comeliness will appear in the places scarred by the wounds.
 2. Although these openings of the wounds break the continuity of the tissue, still the greater beauty of glory compensates for all this, so that the body is not less entire, but more perfected...
- Vgl. ook bv. Mathias Grünewald se skildery van die Opstanding (Isenheimer-altaar, Colmar) waar die Christus-wonde rooi soos juwele vertoon en helder goud straal.
- 13) Filum of Phylum = stam, "a sort of shoot". Vgl. vir Teilhard se gebruik van die term bv. THE FUTURE OF MAN, Londen 1959. New York 1964, p. 158f.

14) William Blake het geskrywe

I rest not from my great task!

To open the Eternal Worlds, to open the immortal Eyes

Of Man inwards into the Worlds of Thought, into Eternity

Ever expanding in the Bosom of God, the Human Imagination

(JERUSALEM)

Hy noem die Menslike Verbeelding

the Divine Vision and Fruition

In which Man liveth eternally...

en sê

The Imagination is not a State: it is the Human Existence

(MILTON)

(Vgl. ook CW 605.)

Coleridge, die filosoof onder die digters van die Engelse Romantiek, skryf in sy BIOGRAPHIA LITERARIA o.a.: "The rules of the imagination are themselves the very powers of growth and production." En: "They and they only ... can acquire the philosophic imagination, the sacred power of self-intuition, who within themselves can interpret and understand the symbol, that the wings of the air-sylph are forming within the skin of the caterpillar; those only, who feel in their own spirits the same instinct, which impels the chrysalis of the horned fly to leave room in its involucrum for antennae yet to come. They know and feel, that the potential works in them, even as the actual works on them." (Aangehaal deur Owen Barfield, WHAT COLERIDGE THOUGHT, p. 77)

15) Die groot kerk van die Oostelike Christendom in Konstantinopel was gewy aan die Goddelike Wysheid, die Heilige Sophia (Hagia Sophia). In die

oostelike Ortodokse kerke speel die begrip van die Sophia, die goddelike Wysheid, 'n groter rol as in die Weste, waar dit egter tog ook nie onbekend is nie. Maria se hart is die sedes Sapientiae, die setel van die Wysheid, sê Thomas Merton. In die Katedraal in Leuven bv. is daar 'n Moeder-en-kind beeld wat genoem word Sedes Sapientiae. Die moederlike Wysheid en die wysheid wat leef in moeder Natuur word gesien as dit wat die goddelike in die mens en in die aardse wêreld in baar, en drá? Vgl. ook Erich Neumann, DIE GROSSE MUTTER; Gijs Bouwman, DE VROUWELIJKE WAARDEN IN DE THEOLOGIE VAN PAULUS, en Rudolf Steiner oor die soeke na die nuwe Isis, die goddelike Sophia, in die lig van die openbaringe aan die Herders en die Wyses (opgeneem in lesings oor DIE BRÜCKE ZWISCHEN DER WELT=GEISTIGKEIT UND DEM PHYSISCHEN DES MENSCHEN).

In Etienne le Roux se NA'VA, is Tante Sophia die moeder van George; en in OP DIE RUG VAN DIE TIER deur Anna M. Louw dans die leermeester met die meisie Sophia: miskien gedagtig aan 'n passasie uit Böhme, waar die Protestantse mistikus sy innerlike ontmoetinge in die volgende beeldspraak weergee:

"When Christ the Corner-stone (i.e., the divine principle latent in man) stirreth himself in the extinguished Image of Man in his hearty Conversion and Repentance," he says, "then Virgin Sophia appeareth in the stirring of the Spirit of Christ in the extinguished imago, in her Virgin's attire before the soul; at which the soul is so amazed and astonished in its Uncleanness that all its Sins immediately awake in it, and it trembleth before her; for then the judgment passeth upon the Sins of the Soul, so that it even goeth back in its unworthiness, being ashamed in the Presence of its fair Love, and entereth into itself, feeling and acknowledging itself utterly unworthy to receive

such a Jewel. This is understood by those who are of our tribe and have tasted of this heavenly Gift, and by none else. But the noble Sophia draweth near in the Essence of the Soul, and kisseth it in friendly Manner, and tinctureth its dark Fire with her rays of Love, and shineth through it with her bright and powerful Influence. Penetrated with the strong Sense and Feeling of which, the Soul skippeth in its Body for great Joy, and in the strength of this Virgin Love exulteth, and praiseth the great God for his blest Gift of Grace. I will set down here a short description how it is when the Bride thus embraceth the Bridegroom, for the consideration of the Reader, who perhaps hath not yet been in this wedding chamber. It may be he will be desirous to follow us, and to enter into the Inner Choir, where the Soul joineth hands and danceth with Sophia, or the Divine Wisdom." (Jacob Böhme, "The Way to Christ", deel 1, p. 23 - vol. iv van die versamelde Engelse vertaling van Böhme se werke; aangehaal deur Evelyn Underhill in MYSTICISM, 1952 edisie, p. 230)

- 16) Hierdie kroon-van-wysheid kom by Van Wyk Louw voor as die skynende wolke of sterre om 'n hoë bergtop, in 'n vroeë sonnet Sokrates (DIGTERS VAN DERTIG, D. Opperman, p. 177f) en die Nietzsche-sonnet in ALLEENSPRAAK - p. 32). In Die Hond van God is twyfel 'n doring=kroon, soos ook by Dirk Opperman in Scriba van die Carbonari. (Minerva word gewoonlik met 'n helm op afgebeeld; maar is natuurlik self uit die kop van haar vader gebore, toe dit na 'n kwaai hoofpyn oopgespring het om haar, volwasse en gewapen, uit te laat.)
- 17) Sonder om enigsins 'n verering van Maria in die plek van Christus of bygelowige afwykings voor te staan, moet 'n mens darem vind dat as die klem in Katolieke kringe soms te swaar op Maria val, sy onder

Protestante aan die ander kant onderskat word. Skiet 'n gedig soos Izak de Villiers s'n oor die "moedertjie Gods" bv. nie te kort nie? (Maria, GROOT VERSEBOEK, 4de uitgawe 1973, p. 416) Die grootse, stil vrou wat "al hierdie dinge in haar hart bewaar het", bly 'n leid-stêr vir kontemplatiewe geeste wat stilte en ontvanklikheid nastreef. Ecce ancilla domini bly 'n fondament=woord vir die Christen wat sigself as offer wil gee vir die geboorte van 'n hoëre (Lukas 1:38); sowel as vir die vrou wat moederskap as roeping kies.

- 18) Gérard de Sède sê in LE TRÉSOR CATHARE, p. 61f, die webvoet was ook 'n teken vir die roeispaan van die vroeë volke. - Koningin Pedauque was 'n spinster soos Charlemagne se ma, Bertha met die groot voete, of Bertha met die gansevoete. (Hertha, Bertha of Berthrada was name van die Aardmoeder in Wes-Europa - ook Brechta, Brigitte, Bridget). Die megaliete in Bretagne, daardie ongelooflike prehistoriese staanklippe, word genoem die spinstokke van die feë - die feë nie sommer vandag se storieboekfeetjies nie, maar natuurkragwesens wat onsigbaar spin en weef... en met wie die vroegmense in hulle kalendertempels wou saamweef, in die lig en skaduwees van die "standing stones"...
- 19) "Stories van Moeder Gans" heet Perrault se bekende Franse sprokies=versameling. En sommige meen dat dit Charlemagne se moeder, "Bertha met die Gansevoete", is wat onder hierdie benaming onthou word, omdat sy in die skole wat sy gestig het, haar onderrig in die vorm van sprokiesverhale gegee het. (D.J. van Bemmelen, Het karma van de vrije schoolbeweging en Bertha met de gansevoeten in "Mededelingen van de Anthroposofische Vereniging in Nederland", Junie en Julie/ Augustus 1975)

- 20) Vgl. Hoofstuk IV.
- 21) Vgl. Hoofstuk IV, Eleusis.
- 22) Vgl. aantekening 2 by Hoofstuk II.
- 23) Bitterbessie dagbreek van Ingrid Jonker het ook iets van dié inkantasië-krag. Maar ook vir haar is die lig van die gebroke spieël nie weer gevind nie.

- Ingrid Jonker en Sheila Cussons het as digteresse dit gemeen dat albei ook gefunksioneer het as "muse" vir ander (in die sin waarin Robert Graves die term gebruik in THE WHITE GODDESS). Die figure wat opgeroep word deur André Brink in DIE AMBASSADEUR of MISKIEN NOOIT, deur W.A. de Klerk in DIE UUR VAN VERLANGE of Van Wyk Louw in bv. TRISTIA en LEWENSLYN, dra insgelyks die stempel van die hetaera; van 'n begaafde en seunsagtige vrou wat sonder beperkinge wil leef.

In 'n brief van 8 Oktober 1947 skryf Sheila Cussons aan Dirk Opperman oor Eugène Marais: "Dit is interessant wanneer jy dink aan Eugène Marais se plek in ons digters-konstellasie. 'n Zodiak kom voor die oë op en 'n mens merk veral Aquarius op, daardie fatale element (vir die mens) waar geeneen herberg mag vind nie. Eugène Marais het nie herberg gevind nie. Van al die vroeë digters was hy ook die naaste aan ons eie gees..."

- 24) Ook in Scriba van die Carbonari (EK 13f) is daar 'n poging tot beswering, deur simbool en ritueel

...O God, waansinnig word die ritueel
waar ek in alles U verlos en loën.

Dis vir Opperman die digter belangrik "dat in die omskeppingsproses

die bose in die finale kunswerk besweer" moet wees (Kuns is boos!
Uit WIGGELSTOK, p. 155), Maar kry hy dit altyd reg?

'n Bekende roman benader ook die tema van beswering en versoening.
Die verteller in die verhaal vra:

"...watter Babel, watter ark, watter Olímpus, watter laaste skip om
weg te kom van Ninevé, watter laaste towerspreukie, watter sondebok
of soenoffer, watter enigiets, watter wat? Daar moet êrens 'n goeie
gees wees om te kan besweer, êrens 'n prys wat ek kan betaal, 'n
lobola vir die lewe..." (André Brink, LOBOLA VIR DIE LEWE, p. 158)

- 25) Vgl. ook hoofstukke 6 en 7 in GOD EN WÊRELD GEEN DUALITEIT -
TEILHARD DE CHARDIN van Albertus van der Westhuizen.
- 26) Vgl. Hoofstuk III, aantekening 3.
- 27) Vgl. die kleursekwensie van die alchemistiese proses: swart - wit -
rooi - goud, soos aangedui in die Cirlot-aanhaling in Hoofstuk IV
(alchemie).
- 28) Vgl. aantekening 13 by Hoofstuk II.
- 29) By die eerste teëkom van dié opvatting dat die prinses se harekam 'n
meditasie versinnebeeld, het dit baie vergesog geklink. Maar dit skyn
tog asof die Afrika-variante van die Gansoppasstersprokie vir Meyer
gelyk gee in sy interpretasie van die beeld. Onder die Afrika-
ekwivalente van dié sprokie is die verskillende variante van die
Mbulumakhasana en "Likkewaanvrou"-stories (Sotho Moselantja); maar
bondigheidshalwe sal die bespreking beperk word tot Callaway se
uNtombi-yapansi ("Die meisie van benede", H. Callaway, NURSERY TALES,
TRADITIONS AND HISTORIES OF THE ZULUS)

In die Afrika-verhaal is die werk waarmee die miskende prinses haar moet besighou - in ooreenstemming met die ganse-oppas van die Duitse verhaal - dat sy die voëls moet wegja wat by die sorghumlande die gesaaide wil opvreet. Wanneer sy dan ontslae raak van die oouvrou wat saam voëls jaag, gaan sy, in die toneel wat ooreenstem met die Ganseoppastertjie se harekam, na die rivier, waar sy in grootse tonele haar gestorwe familielede en haar lewe saam met hulle oproep. Op die werf van haar kinderdae dans hulle, al die mense en die bome dans saam, in 'n fees wat die uiteindelijke bruilofsfees aan die end van die verhaal voorafskadu. Nadat sy gevoed is deur hierdie gemeenskap met die geestelike wêreld, smeer sy haar stralende liggaam met swart klei, trek weer haar vaal ou kleertjies aan en gaan terug na haar werk saam met die oouvrou, wat oplet dat sy nie honger is en nie van hulle gewone kos eet nie.

'n Mens sou kan vind dat hierdie hele gebeurtenis "by die rivier" wat die Zulu-sprokie en ander Afrika-variante beskryf - waar die Meisie-van-Benede verplaas word in 'n vroeër toestand wat ook vooruitsien na 'n later toestand wanneer sy weer as Ware Prinses herken word - inderdaad ooreenstem met die verplasing in 'n ander geestestoestand wat die proses van meditasie kan inhou.

30) Vgl. aantekening 4 by Hoofstuk I.

31) Dit mag nuttig wees om die gedeeltes uit Thomas Merton weer te gee wat veral betrekking het op "the burnt men". Hy is 'n Amerikaner wat Cistersiënser-priester geword het en baie geskryf het oor die kontemplatiewe lewe, Katoliek sowel as Oosters.

Uit die slotgedeelte van die outobiografiese THE SEVEN STOREY

MOUNTAIN (vroeër in 1948 gepubliseer onder die titel ELECTED SILENCE):

...I hear You saying to me:

"I will give you what you desire. I will lead you into solitude. I will lead you by the way that you cannot possibly understand, because I want it to be the quickest way.

"Therefore all the things around you will be armed against you, to deny you, to hurt you, to give you pain, and therefore to reduce you to solitude...

"Everything that touches you shall burn you, and you will draw your hand away in pain, until you have withdrawn yourself from all things.

"Then you will be all alone.

"Everything that can be desired will sear you, and brand you with a cautery, and you will fly from it in pain, to be alone. Every created joy will come to you as pain, and you will die to all joy and be left alone. All the good things that other people love and desire and seek will come to you, but only as murderers to cut you off from the world and its occupations.

"You will be praised, and it will be like burning at the stake.

You will be loved, and it will murder your heart and drive you into the desert.

"You will have gifts, and they will break you with their burden...

"But you shall taste the true solitude of my anguish and my poverty and I shall lead you into the high places of my joy and you shall die in Me and find all things in My mercy which has created you for this end...:

"That you may become the brother of God and learn to know the Christ of the burnt men."

(p 422f)

In THE SIGN OF JONAS (p. 220) sê Merton oor die Bybelse skrywers:
 "They are more part of my world than most of the people actually living in the world. I 'see' them sometimes more really than the monks I live with. I know well the burnt faces of the Prophets and the Evangelists, transformed by the white-hot dangerous presence of inspiration, and the Seraphim flew down and purified their lips with fire. And I read their books with joy and with holy fear, cum tremore divine, and their words become a part of me. They are solemn and dreadful and holy men, humbled by the revelation they wrote down. They are my Fathers. They are the 'burnt men' in the last line of Elected Silence. I am more and more possessed by their vision of God's Kingdom, and I wonder at the futility of seeking anything else on earth but the truth revealed in them and in tradition..."

Op p. 294 sê Merton na aanleiding van 'n gedeelte uit die boek Job:
 "...these words had a dark fire in them with which I began to feel myself burned and seared." En dan skryf hy uit 'n ander oogpunt oor die vuur wat selfsug wegbrand, op p. 295:

"There is a certain kind of humility in hell which is one of the worst things in hell, and which is infinitely far from the humility of the saints, which is peace. The false humility of hell is an unending, burning shame at the inescapable stigma of our sins. The sins of the damned are felt by them as vesture of intolerable insults from which they cannot escape, Nessus shirts that burn them up for ever and which they can never throw off."

- Die liefdesgeskenk van die vergiftigde hemp wat brand soos vuur, waar=
 aan Herakles sterwe, is ook 'n beeld wat T.S. Eliot gebruik in Little Gidding IV - FOUR QUARTETS, p. 41 - 'n gedig waarvoor Sheila Cussons

lief is:

Love is the unfamiliar name
Behind the hands that wove
The intolerable shirt of flame. -

"It is the proud that have to be burned and devoured by the horrible
humility of hell... But as long as we are in this life, even that
burning anguish can be turned into a grace, and should be a cause of
joy", sê Merton.

HOOFSTUK VI

Die teken van Jona: Voortsetting

I also hope the reader will be with me, wholly One in Jesus our Lord, who is the God of Fire and Lord of Love to whom the Ancients look'd and saw his day afar off, with trembling and amazement.

William Blake, JERUSALEM

God self, as Hy vir jou wil leef, moet sterf:
Hoe dink jy om sonder dood sy lewe te erf?

Angelus Silesius

Om die drade van die vorige hoofstukke te probeer saamvat:

Voordat die ontwikkeling van PLEKTRUM se engelbeeld in twee rigtings deur die verloop van Sheila Cussons se verdere bundels kan gevolg word, moes die groot wendingsgedigte van DIE SWART KOMBUIS eers in oënskou geneem word.

Die "Swart Kombuis", is daar dan gesê, kan as 't ware as die werkwinkel van die Alchemis beskou word, waar die transformasie van die mens plaasvind, deur "swart" na "goud". Dit beeld in die klein dieselfde soort proses uit as dié waarin Christus, die Mensevertegenwoordiger, in die woorde van die geloofsbelydenis, "neergedaal het ter helle" en weer opstaan. In DIE SWART KOMBUIS word 'n stadium van metamorfose in die lewensproses vir die leser uitgebeeld soos dit in 'n individuele lewe voltrek kan word.

'n Oertipe van die misteriedood en -opstanding was Jona se herrysenis uit die buik van die Groot Vis. Jesus Christus dui sy dood en opstanding aan as historiese bevestiging van die voor-beeld in die misterieë van hierdie

transformasie deur dood tot opstanding.

In die Kombuis van Hera-gedigte van Sheila Cussons ervaar die leser dan hoe die Hadesvaart, offer en transformasie van die óú wêreld kon gevoel het. 'n Benede-wêreld van vrugbare chaos word veral gesien as domein van die Groot Moeder Diana/Demeter/Gansemoeder/Hera... Die voor-Christelike misterie wys vooruit na en smelt saam met die Christus-gebeure soos dit in die diepte van die siel voltrek word. In die gang van hierdie gedigte en die twee slotgedigte van die bundel, maak die leser as't ware 'n weeropstanding van die vroeë misterieë mee, soos Christus uit hulle herrys.

Die twee slotgedigte toon die "sien en aanbid van die godheid" wat Schütze laaste noem in die reeks van basiese vorme wat hy as tipies van al die misterieë beskou. (Alfred Schütze, MITHRAS, MYSTERIEN UND URCHRISTENTUM, aantekening 4a, p. 27)

Die geheime van die Misterieë is as 'n saak van lewe en dood bewaar, sodat byna niks omtrent hulle met sekerheid bekend is nie. Tog het die woorde van Apuleius oor die Isis-misterie behoue gebly (METAMORFOSES, XI 23, vry weergegee):

Ek het die poorte van die dood deurgegaan,
 ek het die drumpel van Proserpina betree,
 ek het deur die elemente gegaan en weer op die aarde teruggekeer;
 in die middel van die nag het ek die son in helder glans sien
 ek het die gode van benede en van bo genader /straal,
 en hulle aanbid van aangesig tot aangesig.

* * * * *

"Christ of the burnt men" is die groot hoogtepunt van DIE SWART KOMBUIS, die epopteia of "sien van die god": "jy het... deur die beswyming ... kom skyn voor my ... met oë wit en stip en ver en skouers gemantel/met 'n

verwoede en stormende son: o my kosmiese Christus..."

Wagner het 'n spesiale musikale tema in sy Parsifal-opera gevind vir die
Blik van Christus. DIE WOEDENDE BROOD toon op sy omslag Sheila
Cussons se tekening van die gestrengte woede-blik van Christus as regter.¹⁾
Maar aan die slot van Die dief en die digter in 'n vokaal-volle sin is
daar weer die blik van liefdevolle, hemelse bevestiging:

O, u oë, hoe glimlag u oë op my!

(WB 28)

Oor die blik van Christus skryf Merton in THE SIGN OF JONAS (p. 265):
"His eyes, which are the eyes of Truth, are fixed upon my heart. Where
his glance falls, there is peace... There too is joy... And He says to
those He loves - firmabo super te oculos meos. His eyes are always
upon us in choir and everywhere and in all times. No grace comes to
us from heaven except He looks upon our hearts. And what is more - He
looks at us from within our own hearts, for we and He are one."

Die dief en die digter, wat 'n opvolggedig van "Christ of the burnt men"
genoem kan word, eindig weer met die sien van Christus se oë:

Thomas Merton, toe hy nog net die eerste plukkie
gevoel het van Christus die magneet, het
Onse Liewe Vrou van Guadalupé om een gedig
gevra. Hy had miskien in gedagte iets liries
van vyftien reëls - nie veel nie, maar asseblief.
Hy wis hoe ver hy kon reik: Sý het hierdie illusie
die lug in geblaas met 'n detonasie wat oneindig
verder as die knerp van 'n klein gedig sou trek.

En so het Christus, dief van energieë, hom gebied
tot woorde wat in die skryf hulle skroeiwerke
in sy siel en op die papier sou laat.

O Meester,

ek weet, ek digter, going it alone, met my voete
gebind en my kop in 'n sak: "die doel van die mens
is die volste ontplooiing van sy vermoëns in
vereniging met God." En Heer, ek sál 'n heilige
wees, ás U dié enkel aardse begeerte wat kleef
soos 'n neet aan sy liefste objek, genadig sal duld.

Ek is geen waaghals nie, ek wat krampagtig klou
aan my pen, kreatuurlik bevrees: ás albei ons wille
net saam sou kon geskied...

Thomas, Thomas, waar jy nou is, weet ek dat jy
in een ding meer verheerlik is as in al die woorde
wat menslike sinne kan verruk: dat jy, al sou dit jou
deurklief, van haar van Guadalupé nooit weer 'n reël
sou vra nie -

"... die volste ontplooiing van sy vermoëns..."
O, u oë, Christus, o hoe glimlag u oë op my!

Hierdie gedig begin ook met 'n Merton-verwysing²⁾; weerspreek uitdruklik
"Christ of the burnt men" se stelling dat die digteres "altyd waaghalsig
was" met 'n erkenning van kreatuurlike vrees; en eindig eweneens met die
glimlaggende Christus-blik; wat namate die oorgawe van die digter groei,
toekoms-hoop en saligheid gee. In hierdie blik is die persoonlike glim=
lag en die heelal-groot erns verenig, wat in "Christ of the burnt men" nog
geskei en opeenvolgend was.

"Christ of the burnt men" toon 'n oorgang waar die liefde van die wyse,
alles-bewerkende Christus vir die eerste keer ten vólle aangeneem word:

...gryp my hande dan...

...kundige timmerman...

Omdat die groot kunstenaar, "Meester van die karma" of "Beskikker van
ons deel en lot", weet hoe elke lewe gevorm moet word, word die eie lewens=
lot aanvaar, selfs die verminkinge. In die ontmoeting van die oë kom
daar eenheid van oogmerk, eenheid tussen die mens en die diep Grond van
sy wese.

Die dief en die digter oorpeins 'n later punt in die ontwikkeling van die
offerlewe, waar die verhouding van die digter tot sy digwerk en teenoor
sy menswees, ter sprake kom - dieselfde spanning dus as dié waarmee Opper=
man hom vroeër besighou in Toorklip, Brandaan en Kuns is Boos! (WIGGEL=

STOK p. 143f) Die dief en die digter gaan eksplisiet oor die roeping van die Christen as digter, maar meer nog as mens voor Christus. Die digteres het gevorder tot 'n pynlike besef dat selfs wat vir haar die belangrikste is, op die weegskaal beland:

dié enkel aardse begeerte wat kleef
soos 'n neet aan sy liefste objek

dié

krampagtige klou
aan my pen

Sy sien in dat die ontplooiing van volmenslike vermoëns voorrang moet kry bo "al die woorde wat menslike sinne kan verruk"; en dat volle ontplooiing vir die mens alleen montlik is wanneer hy beweeg binne die groot baan tot vereniging met God;

ás albei ons wille
net saam sou kon geskied...

is die versugting.

Die digteres voel op hierdie oomblik dat die volle ontplooiing wat die Christus-blik beloof (en vereis), nie in hierdie lewe tot voltooiing kan kom nie, maar wel seker is in die na-doodse kontinuïteit waarin Thomas Merton reeds verkeer. - Hy het op 'n reis na die Ooste letterlik as 'n "burnt man" gesterf, doodgeskok deur 'n elektriese waaier.

Die groot Christus-teenwoordigheid van "Christ of the burnt men" en Die dief en die digter is skakel tussen hede, verlede en toekoms. Dit slaan in so 'n mate 'n brug oor die oorgang na die vol-aardse, d.w.s. die hemelse, dat dig of nie-dig ondergeskik word aan die liefde tot hierdie laggende, steeds teenwoordige oë.

Die slotsom waartoe Sheila Cussons gelei word deur die aanskou van Christus, beeld van die Mens, staan dan byna loodreg teenoor Dirk Opperman se gevolg=

trekking in Kuns is boos! dat "die kunstenaar se drinkebroer die duiwel is" en dat die goddelike doel van die kuns "duiwelse middele" regverdig. - Die leemte by Opperman is miskien dat hy nalaat om voldoende te peil wat hy hier bedoel wanneer hy praat van die mens.

Die volste ontplooiing van die mens se menswees, suggereer Die dief en die digter, is om te groei tot daardie Eenheid waarom in die groot gebed van Johannes 17 gevra word.

Die Luciferaanse versoeking tot selfverheerliking en opstand wat aanvanklik gepaard gaan met die mens se skeppingsdrang en wat kuns "boos" maak, kán dus verbygegroeï word, beeld-sê hierdie gedig. Op die pad van heiligmaking³⁾ wat volg op die gee van die self as 'n "burnt man", word steeds meer van die mens, of die kunstenaar, geëis. Christus is "die dief van energieë." Maar daar word ook steeds méér aan hom gegee.

Dit herinner aan 'n formulering van daardie ander digter, van Assisi, wat in die laaste instansie waar kan wees vir mens sowel as kunstenaar:

Want dit is deur te gee	dat ons ontvang
dit is deur te vergeef	dat ons vergewe word
en dit is deur te sterwe	dat ons gebore word tot die ewige lewe.

* * * * *

Daar is nog 'n paar gedigte wat ook betrekking het op die temas van DIE SWART KOMBUIS wat in die afgelope hoofstukke ter sprake gekom het:

<u>Die tuinende vissers</u>	-	Jona
<u>Ichthus</u> en <u>Paassondag</u>	-	see-ontbyt en koekoek
<u>Jacques Gans</u>	-	die Gansemoeder

Die tuinende vissers (SW II)

Twee tuiniers met vier blou oë
 een 'n visdam seeblou skaars pupil
 I spy with my fishpond eye
 dis eintlik hulle ken-oog dié
 som die vergroeide gevaarte in pesetas op
 het die siklope hulle etnas gesnoei
 visser-tuiniers miskien dat wingerde
 wakker oogkorrels teen die hange kon bloei? -
 beduie en kla oor die werk en wat dit gaan kos
 en stoot - dis Jonasoog - die groen baleine
 van die wilgers oop en verdwyn in die harige
 buik met 'n ou seelied en 'n visblink skêr.

In hierdie gedig word die siklope-oog van die nuwe insig duidelik geïdentifiseer met die weergeboorte van Jona. Die visdam-oog/ken-oog is ook "Jonas-oog".

Die beelde en sinstrukture is miskien te ingewikkeld, te gedwonge en parenteties. Maar, hoe kan so 'n inhoud anders as "gnomies" en geestig-saamgepers, verrassend, uitgespreek word?

Op die eerste vlak is daar klaarblyklik twee tuiniers wat vir die digteres in haar tuin 'n "vergroeiende groen gevaarte" van wilkerbome (onder andere) kom snoei. Die snoei gaan baie werk wees en duur kos - hulle som die boskasie in terme van prys op voordat hulle met hul skêr die groen ruigte binnegaan. - So moet 'n mens wat heiligmaking nastreef, mos ook eers die koste bereken van wat pynlik prysgegee en weggesnoei gaan word.

Die tuiniers se vier blou oë (apart getel soos Kombuis van Hera se sewe) herinner die digteres miskien aan die blou-oogkind wat in 'n visdam gesterf het (Tant Emily van Oom Naas, SK 16), en so aan die "aspaai" van 'n kinderspeletjie: weggroep en soek. "I spy with my fishpond eye": Deur die oog van die dode kan daar gesien word in 'n ander dimensie wat verborge is, weggesteek, "okkult".

Die sienersoog, word daar gesuggereer, hou verband met die benede=
wêreld van vis, van water, van doderyk; en met die Kind. "I spy
with my fishpond eye": dis die oog van die geïnisieerde, ken-oog,
Jonas-oog.

Dan kom daar by die beeld van die tuiniers, en van die kinderoog uit die
doderyk, in parentese nog 'n derde: dié van die sikloop - eintlik die
reus (Enceladus, of Tuphon, die seun van Tartaros en Gaea) wat in die
oorloë teen Zeus neergevel is, deur Zeus of miskien Athena, en toe onder
die vuurspuwende berg Etna op Sicilië vasgepen is ('n verskuilde vuurbeeld).

Tis said, that thunder-struck Enceladus
Groveling beneath the incumbent mountain's weight,
lies stretched supine, eternal prey of flames;
And, when he heaves against the burning load,
Reluctant, to invert his broiling limbs,
A sudden earthquake shoots through all the isle,
And Aetna thunders dreadful underground,
Then pours out smoke in wreathing curls convolved
And shades the sun's bright orb, and blots out day,
Addison

Die snoei van die chaotiese groen boskasie, en die ónderhou van die
titaanse oerkrag wat steeds wil uitbreek in vurige natuurgeweld, is albei
beelde van: dissipline en kontrole. - Daarby is Sicilië in die besonder
'n eiland verbonde met die mite van die Hades-vaart, omdat dit dáár sou
gewees het dat Pluto vir Persephone meegesleur het na 'n grot aan die water
wat glo nou nog deur die bevolking "die poort van die onderwêreld" genoem
word.⁴⁾

Wingerde word gesnoei sodat meer druiwekorrels teen die hange van die
vulkaniese Siciliaanse berge mag ... "bloei". Die tuiniersproses wat
tot bloeisel en vrug lei, is ook bloedig pynlik. Maar so kan die bloot
instinktiewe Id-krag (SK 63) verander word in die veelvuldige oog van
die motto in DIE SKITTERENDE WOND: "en hulle was rondom en van binne

vol oë" (Uit die beskrywing in Openbaring 4:8 van die gerubs om die Troon).⁵⁾ "Wakker oogkorrels". Die siklope sien in 'n halfdroom⁶⁾ maar die engele is wakker. En om van die benede-menslike na die bomenlike die oorgang te bewerk, verg pynlike kontrole.

As 'n tuinier sy vergroeide gevaarte snoei, 'n eenoog-sikloop die bedwang van sy Etna verduur, is dit tegelyk die pynlike maar vrugbare afdaal van Jona in die buik van die walvis in, die dood wat lewe word. Baleine is naamlik Frans vir walvis, en die "baleine" of harde kontrolerende stutstrokies van 'n buikomspannende korset is oorspronklik van walvisbeen gemaak! Die vergroeide gevaarte wat deur die tuiniers gesnoei moet word, die harige buik tussen die wilkerbome in, is dus ook die Walvis. Met 'n seelied en 'n "visblink" skêr gaan hulle die dieptes in: soos die Sonheld van 'n inslukmonster-verbaal⁷⁾ met sy wapen waarmee hy hom van binne gaan losveg.

Die organiese beeld van bevrugting en geboorte is duidelik. Ook in NEGESTER OOR NINEVÉ word die walvisbeeld betrek by fisieke geboorte sowel as weergeboorte.

Die twee tuinende vissers word op verbasende wyse as eenheid belewe, met hulle saamgestelde oë en één blou blik. Net so in eenheid soos wat visser en tuinier in dié gedig word.

Visser en Tuinier kan natuurlik albei beelde van Christus wees. Hy is Visser saam met sy dissipels by die meer, Tuinier waar Magdalena hom vlak na sy dood, in die tuin, by die graf, gekry het. Deur die bybring van Jona en die "teken van Jona" word visser én tuinier in dié gedig uitgewys as opstandingsfigure. Die tuinier het te doen met die lewensryk van die plantegroei, die visser met die waterelement van die vloeibare bewussyn,

van die nuwe sien en "prentjiesdink". Die lewensryk van plantegroei en visdam-oog - is dit die ryk van die vormende kragte waarin Christus opgestaan het en waarin 'n nuwe liggaam leef?⁸⁾

Die see-ontbyt

Ichthus (SW 36)⁹⁾

Hoe goed is van wees
 selfs die blote lyfwees:
 hoe glad glip die vogtige been
 in sy potjie
 die oog in sy kas, die tong
 in sy mond
 hoe dein die bors
 golf die bloed, snel
 die silwer skole van die sintuie
 af op hul prooi:
 hoe soos 'n dansende vloot
 in sy watterryk dié wees -
 Hy het die strande uitgesoek
 en vissers vir sy metgeselle
 Hy wat in haar verwek
 'n ruisende see beluister het
 - sy woord nog toegeskulp -
 toe Hy in Hom sy skepping
 herhaal het van wier
 tot intellek -
 en toe Hy herrese langs die see
 op hulle gewag het met
 'n see-ontbyt wat glinsterend
 op die kole sis
 het hulle bang gewonder oor Hom
 en dof eers, al hoe blinkender
 het beelde geswerm
 deur die kartelende brein
 totdat in katakombes later
 die silwer lig
 rimpel oor tekeninge van 'n Vis.

Paassondag (SW 87)

Die meer en minder van verstand
 is altemit ook sondeval -
 God het miskien ook voortreflikheid
 vir elke gees bedoel: gelyk
 ons almal in begrip, verskillend
 slegs in gawes, vir lied en rym
 wiskunde en argument -
 Maar dan was daar vandag nie hierdie
 Sondag nie, nie in my hand
 dié boek van Newman nie en hy
 geen kardinaal -

My kinders, het julle iets te ete?
 (al braai al klaar op die kole vis!)
 O Simon Petrus: by die avondmaal
 het jy kon raai hoe heerlik
 op jou tong sou smaak, hoe heerlik
 in jou oor sou klink: dié see-ontbyt,
 dié koekoek-roep van sy herryenis?

In Johannes 21 word die oggendmaaltyd beskryf wat die dissipels saam met die Verrese Christus eet. Langs die meer is dit 'n see-ontbyt van vis oor die kole gebraai. Dis die geleentheid waar Petrus se verloëningskuld uitgedelg word deur die roeping wat hy ontvang. Aan hom en Johannes word verskillende weë toegeken.

Die "avondmaal"-ritueel van die vroeë Christelike Eucharistie, die Katolieke Mis of die Christengemeenskap se Mensewydingshandeling verloop deur Verkondiging en Offer tot Transformasie en Kommunie. Die sakramentele maaltyd as argetipe word in dié vier stadia gevier.

Byna kan 'n mens wonder of in die Kombuis van Hera-reeks, Boerderye 'n soort Verkondiging is, Sprokie en Kombuis van Hera I die Offer, Kombuis van Hera II Transformasie... en die Kommunie-maaltyd dan in sekere sin die godsverskyning van "Christ of the burnt men" en Verheerliking. God gee Homself aan die mens. - Maar eintlik is dit láter, in die gedigte oor die "see-ontbyt", in Ichthus en Paassondag, dat die ontvangs van die goddelike voeding meer uitdruklik na vore kom. Daar is sprake van die gedeelde opstandingsmaaltyd, waarin die weergeboorte/opstanding herdenk en lewend gehou word.

In die Evangelie van Johannes sien ons ná Christus se Avondmaal die Donderdagaand saam met sy twaalf apostels (Matt. 26, Markus 14) ook die Oggendmaal gedurende die 40 dae, van die sewe met die Verresene, op die strand van die See van Galilea. In plaas van die nag-maal van lam, brood en wyn in die bo-vertrek (Bloed en Liggaam) is daar nou ook vroeg-

oggend brood en vis op die smeulvuur langs die see.

Volgens die oorleweringe van die Oostelike Kerk was dit die geheimenisse van die ritueel, deur die vroeë kerk se diep gerespekteer en geheim gehou, wat Christus sy dissipels gedurende die veertig dae tussen Opstanding en Hemelvaart geleer het.

Dis asof Christus se gee van Homself aan die skare in die vyf brode en twee vissies, na sy dood op 'n nuwe vlak herhaal word wanneer hy die see-ontbyt aan die sewe gee. Dit kom besonderlik by 'n mens tuis wanneer jy Tabgha aan die Meer van Galilea besoek en sien dat volgens oorlewering beide gebeurtenisse op byna dieselfde plek plaasgevind het. - Vgl. ook Lukas 11, waar die Vader se gee van die Heilige Gees gelykgestel word met 'n aardse vader se gee van brood, vis (en 'n eier) aan sy kinders.

Dis amper asof die heilige maaltyd wat die gelowige ontvanger verenig met die godheid en laat deel in sy getransformeerde liggaam en bloed, self getransformeer word gedurende die veertig dae na Christus se dood en opstanding, wanneer die dissipels van die Verresene leer oor "die dinge van die koninkryk".

Wat opvallend is, is dat Sheila Cussons blykbaar deur 'n droomervaring wat analoog lyk aan 'n voor-Christelike misterie-inwyding, gebring word tot Christus-ontmoeting en -insig. Deur 'n Jona-ervaring in die dieptes van die "see" gaan die digter tot die koekoek-aangekondigde see-ontbyt van ontwaking; want die sakramentsmaaltyd is ontwakingsbesef van opstanding en teenwoordigheid.

Hera se koekoek kondig nou as Paasboodskap die onsterflike teenwoordigheid van die dodes aan, 'n lente van die gees. By die verenigende maaltyd van die Christusliggaam is die gestorwe en nog lewende lede van die

Ecclesia saam in die gemeenskap teenwoordig. Hier is 'n brandpunt van ontmoeting en 'n brug tussen die twee wêrelde: tussen antieke en toekomstige, sowel as tussen sienlike en onsienlike.

Jaques Gans (WB 20)

'n Gedig wat nie oorgeslaan kan word by 'n bespreking van die Kombuis van Hera-gedigte nie, is Jacques Gans, uit die later stadium van DIE WOEDENDE BROOD: want hier verskyn DIE SWART KOMBUIS se Gansemoeder weer, Ma mère l'Oie, Mother Goose, in 'n verheerlikte gedaante, "'n Ou Vrou met 'n gelaat soos die son". (Vgl. Openbaring 12:1, Joh.17:2).

Die Groot Moeder of die ewige Anima leef, soos reeds gesê, in legende en sprokie as verbonde met die wit watervoël: la Reine Pedauque van Toulouse, die koningin met die gewebde gansevoet, of die Ou Vrou met haar trop ganse in Grimm se sprokie Die Gansemeisie by die Put (GV no. 79).

In Sheila Cussons se gedig van herinnering aan 'n skrywer-vriend van lank gelede, is daar eerste die realistiese portret van die man met die groot neus: een dag "in 'n kindlyfieliewe Hollandse son in Mei". - Let op die voorspel van besig wees om mossies te voer: subtiele kinderver-sorging- en voëlverwysings; ook op straat, peripateties op reis.

Dan word vertel van 'n herontmoeting op 'n keer, toe dié spotter oor die liefde moederlik sorgsaam met 'n kinderwaentjie gevind is, "met 'n gesig meer simpel-verbaas as sinies." En in een van dié oomblikke waar die innerlike werklikheidskern deurflits deur die daaglik sigbare, is dit asof die digteres sy telos sien, die visie wat voor hom uitgaan (miskien onbewus). "Sy engel" sou 'n mens byna kan sê. En hierdie "argetipe" word gesien in terme van 'n eie wendings-ondervinding wat die digteres

self deurgegaan het? Dis asof die strenge moeder van die seegrot in verheerlikte gedaante verbygaan en weer in die onsigbare verdwyn. Op straat, op pad.

Anders as Graves,¹⁰⁾ vir wie die Moeder 'n Maan-figuur bly, sien Sheila Cussons haar hier skynend soos die son. Vir Gans, bestem om akoliet te wees van die "Wit godin", is die ewige moederlikheid en ontvanklikheid "iets wat hy tot in sy hakskene weet/ hy hoort by en hunker om in te haal" (let op die h-alliterasie!) Hy is byna 'n soort swaanridder manqué.

Die digter, het iemand gesê, is die heilige manqué, die "mank" heilige wat nie heeltemal heiligheid bereik nie.. Afgedwaal, in menselot verseil, het Gans dan "maar aangestoot", al die diep gevoeligheid waarvan sy Cyrano de Bergerac-neus getuig, omgewënd tot 'n masker-skild van siniese skimpe en kwinkslae. "Armed vision"?: "glurend op sy bloedjie".

Is dit die transformasie van die bloed, van die liefde- en begeerte-natuur waarvoor hy bestem was, eros tot agape¹¹⁾ wat in hierdie mens onvolkome gebly het? - die Groot Moeder van die wysheid sy miskende leidster.

"Jou gans!" roep iemand vir Parsifal van die torings af na hy nagelaat het om die Vraag te stel, as gevolg waarvan die towerkasteel vir hom lank verlore sal raak.¹²⁾ En soos Parsifal verskyn die Jacques van die gedig, wat sy eie soektog en bestemming nog nie begryp nie, ook hier as 'n "gans"!

* * * * *

Jaques Gans kan tóg miskien vergelyk word met Elisabeth Eybers se swane-gedig, Twee Kleuters in die Vondelpark (BALANS, p. 64), wat ook gaan om: die ander werklikheid, die waterweerspieëling: hart-werklikheid se beeld-spraak wat in liefde ontdek word ("hand aan hand"); maar wat in die alledaagse, soos verteenwoordig deur die straat se rytuig-verkeer, net soos by Gans verdring raak. (Albei verse is geplaas in Amsterdam. - Vgl. Max Stibbe se kerngeskiedenis van die Nederlande, VAN ZWANENRIDDER TOT VLIEGENDE HOLLANDER¹³).

By die burgerlike paartjie raak die dieper werklikheid nog meer verdring as by die absurd-verdedigende Jacques Gans. Net die vrou onthou iets wanneer "webbe onderwater roer". Deur die mystique van vroulikheid en swangerskap kan iets van die geestelik-vloeibare en gevleuelde vir haar behoue bly. - Let op die wiel, van fiets of kinderwaentjie, teenoor die gewebde poot as bewegingsmiddel. -

Tog is die "engelteenwoordigheid" altyd daar, hoe misken ook al.
"Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer."

Miskien is dit tipies van die twee digteresse dat Jacques Gans se Gansevrou so dinamies verby beweeg terwyl Elisabeth Eybers se swaan stil-vergete blý. Elisabeth Eybers is meer Apollinies, haar bundels het titels soos BALANS of BESTAND. Sheila Cussons dra daarteenoor meer die wete van Dionusos se sterwe en herleef.

* * * * *

Ten slotte nog twee aanhalings uit Thomas Merton se SIGN OF JONAS:

"The life of every...Christian is signed with the sign of Jonas, because we live by the power of Christ's resurrection."

en:

"...there is something in the very nature of man that expects a Redeemer and resurrection from the dead. The Sign of Jonas is written in our being. No wonder that this should be so when all creation is a vestige of the Creator but also contains, written everywhere, in symbols, the economy of our redemption." (p. 333)

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK VI

- 1) Sou hierdie oë-van-Christus enige verband hê met die Kruis-skildery van Gustaaf van de Woestijne waarop Van Wyk Louw Ernst van Heerden se aandag gevestig het? (DIE DIGTER AS CHROMATOMETER, p. 20)
"Die skildery word geheel en al oorheers deur die twee enorme sta-
rende oë, soos twee vlamme onder die gestileerde doringkroon en die swart haardos."
- 2) Indien die verwysing is na die gebed aan Onse Liewe Vrou van Guadalupe wat Thomas Merton beskryf op p. 247 van THE SEVEN STOREY MOUNTAIN, is die digteres se gebruik van haar bron taamlik los. Merton vertel hoe hy gevra het vir die publikasie van 'n vroeë boek wat hy geskryf het: "I am only just beginning to realise how well I was answered. In the first place the book was never published, and that was a good thing. But in the second place God answered me by a favour which I had already refused and had practically ceased to desire. He gave me back the vocation that I had half-consciously given up, and He opened to me again the doors that had fallen shut when I had not known what to make of my Baptism and the grace of that First Communion." Later ontvang hy die inspirasie vir 'n gedig.
- 3) Vgl. ook J.L. de Villiers, WEES HEILIG, 'n Uiteensetting van wat die Bybel oor heiligmaking leer.
- 4) Vgl. Hoofstuk IV: Eleusis; en ook die artikel van Johanna Knotten=
belt, De nederdaling ter Helle in Verband met Oude Mysteriën op Sicilië in "Mededelingen van de Anthroposofische Vereniging in Nederland", Februarie en April 1972.

- 5) Vgl. H.F. Peters: "The vision Rilke had at Duino was that of the world as seen by the angel. 'This world regarded no longer from the human point of view, but as it is within the angel, is perhaps my real task', "he told a correspondent (RAINER MARIA RILKE, MASKS AND THE MAN, p. 130).
- 6) Vgl. aantekening 11 by Hoofstuk II.
- 7) Vgl. Hoofstuk IV: Inslukmonster, en Son.
- 8) Vgl. bv. A. Heidenreich, THE RISEN CHRIST AND THE ETHERIC CHRIST.
- 9) Vgl. Hoofstuk IV: Vis, met aantekening 7.
- 10) Robert Graves, THE WHITE GODDESS
- 11) Eros en agape is twee Griekse woorde wat albei "liefde" beteken, maar liefde van verskillende aard: eros is liefde in gesinsverband of erotiese liefde, liefde gebaseer in die natuurlike lewe; terwyl agape 'n volkome onbaatsugtige, gewende liefde aandui soos dié van Christus.
- 12) "Ride on," said the squire, "and bear the hatred of the sun. You are a goose. If you had only moved your jaws and asked the question!.." Wolfram von Eschenbach, PARZIVAL, Boek V, 247. - Dis die vraag van medelye wat gevra moes word na die koning se ongeneeslike wond in die lies. (Vgl. Hoofstuk IV: Graal)
- 13) Max Stibbe, ZWANENRIDDER EN VLIEGENDE HOLLANDER: vgl. veral die eerste twee hoofstukke, De gesiedenis van Helias, de ridder met den zwaan en De beteekenis van de legende van den zwanenridder voor Holland en voor de menschheid.

HOOFSTUK VII

Die wit heerskare

U wat die winde u boodskappers maak,
die weerligte u dienaars

Psalm 104:4

Hy maak sy engele stormwinde
en sy dienaars vuurvlamme

Hebrëërs 1:7

Is dit moontlik om te dink oor die engeleskare in hulle totaliteit?
"Bedink die dinge wat bo is", beveel Paulus tog aan (Kol.3:2). Die
evangelies praat van die hemele waarin onse Vader is, die Ou Testament
praat van die Here van die leërskare. Hoe kan 'n mens jou die hemelse
leërskare se range in hulle bewegende lewe dan voorstel, so ver bo ons
eie en tog so innig betrokke?

In Himne in wit (SK 65 - afgedruk in Hoofstuk II) daal Sheila Cussons se
"Jakobsleer" deur die hemele van

Elohim, gerubim, serafim

deur die menslike geskiedenis-stamboom van Abraham, tot Dawid,

en Jesus-geboorte

om op die laagtepunt 'n keerpunt te vind in die uitbars van

nuwe lente op die "kruin van Jerusalem" (Golgota/bovertrek):

'n blom wat oopkring, weer op deur die "sterrestelsels, wit heerskare"

tót die alles-omvattendheid van die Logos, A - U.

"O laat ek tak na tak weer styg in so 'n droom wat kruin in u heelal..."
bid Opperman se Ou Non (EK 23). Maar in hierdie Himne is die lewensboom
nie net ekstase-ervaring of droom nie, dit word ook dinksisteem. Die

struktuur van die Wêreldgeskiedenis word gelykgestel met die natuursiklus van boom en blom. Die verband tussen sterregroeperinge soos astronomies waargeneem, en hoë kosmiese wesenhede, word gesuggereer.

A en OE, die vokale alpha en o-mega, was natuurlik die eerste en die laaste klanke in die sinryke Griekse alfabet van 24 letters.

Ek is die Alpha en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom... (Openbaring 1:18) In die vroeëwêreldse alfabette het elke klank en letter sy eie betekenis en krag gehad.¹⁾

Vir die Christene van sekere periodes het die Griekse letters A en Ω beeld geword van: eers die afdaling en gekeerdheid na die aarde toe, en dan in omwending 'n ontvanklike gekelktheid na bo. Veral in die Neoplatoniese denke speel hierdie neerdaal in die aardse in en terugkeer na die hemelse 'n groot rol.

Die digteres reik telkens uit na wat Teilhard de Chardin noem die "Omega-punt" in die wêreldgeskiedenis, waar in die toekoms die evolusieprosesse van die aarde kulmineer in 'n hervereniging met die Christus-Logos wat een is met die Vader.²⁾ "Daar is geen keer aan die noösfeer" (SJ 8). Die mensegees en -taal werk mee in die fisieke evolusie om uiteindelijke oplossing en vereniging teweeg te bring. Die oral-teenwoordige eindpunt straal deur die gemeenskap van die na Christus-gekeerdes in.

Die "weerkoms" van die Christus (die Parousia) word noodwendig begelei deur engeleteenwoordigheid (Matt. 25:31). Net soos die engele by die skepping ook diensbaar daar moes gewees het in die sewe skeppingsperiodes. "...Waar is die aarde se fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê? Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?" - Job 38.

Gedurig op vlak na vlak onderhou die engele die werkinge van die heelal, gedrenk in die goddelikheid wat deur hulle stroom. Vgl. vir 'n bespreking van die rol van die engele in die Bybel Billy Graham, ANGELS, ANGELS, ANGELS.³⁾ Vir William Blake en vir Dante is die beeld van die hemel 'n blom, met kring na kring van hemelwesens wat soos blomblare die binneste kern omring.

Die Joodse pleroma-beeld⁴⁾, in ruimte en tyd, van Himne in wit word ingelui met 'n aanduiding van trapsgewys neerdalende ordening in die hoogste hiërargieë van hemelwesens: Elohim, gerubim, serafim... Elohim is die geheimsinnige meervoudsvorm in Moses se skeppingsverhaal wat in ons Bybel eenvoudig met God vertaal word. "Laat ons mense maak na ons beeld." (Gen. 1:26)

Die volgende wat Sheila Cussons in haar dalende rangorde noem, is die gerubs, en dan die serafs. Dit was gerubs wat op die Israelitiese Ark van die Verbond afgebeeld was, as draers van die godheid (vgl. Esegieël 10). Dis na die gerubs dat die leuse voorin DIE SKITTERENDE WOND verwys, "en hulle was rondom en van binne vol oë" (Openbaring 4:8). Vir Esegieël sowel as Johannes dra die gerubs die gedaante van Bul, Leeu, Arend en Engel-Mens, en word hulle met 'n sirkelbeweging geassosieer. Die gerubs is "volheid van kennis", sê Aquinas (ST Vraag 3, Art. 8), en die naam van die serafs beteken "die wat aan die brand is, of aan die brand steek". (Vgl. Jesaja 6).

Dionisius die Areopagiet, wat die Middeleeuse denke oor engele so diepgaande beïnvloed het, gee egter die serafs aan as hoogste rang net benede die Drieëinigheid.⁵⁾ "The seraphs are called ardent or ablaze" (THE CELESTIAL HIERARCHIES VII, I). G'n wonder dat die digteres van die vurige gees die geeste van brandende liefde in ere hou nie. In die ongetitelde gedig wat eindig "...vannag gaan knal die doringbos weer op Sinai" (VV 7) sien sy

in 'n wonderbare samesmelting van geesvuur en natuurbeeld hoe visioen berei word:

...agter die pluimende as
van die tamariske brand knetterend blou
die bewandelde see onder vurige voete van serafyne...

En: "Donker is die serafim", sê die uiterste vrees, in 'n drogbeeld van 'n wanhoopstoekoms vir die aarde (SW 68).

Engel, soos vroeër al te kenne gegee, is afgelei van die Griekse woord angelos = boodskapper (of gesant) en word algemeen gebruik om geestelike wesens van al die verskillende range aan te dui. "Is hulle dan nie almal geeste in diens van God, wat Hy uitstuur om dié te dien wat die saligheid gaan beërf nie?" (Hebreërs 1:14) Die engelenatuur, wat suiwer intellek of gees is (weer Aquinas), "staan tussen die goddelike en die liggaamlike natuur", en in hulle uiterlike handeling dien die engele veral God, en in die tweede plek die mens. "All the angels gaze upon the divine essence immediately" (ST Vraag 112, Art.2 en 3). - Vgl. Die ab praat (SS 62): "Hy vir wie die engele sien in daardie/ intellektuele lig wat uit Hom in hulle straal..." ("Sensasie deel ons met die diere, met die engele intellek" - VL 35)

Terselfdertyd is engel ook die spesifieke naam vir die groep in die hemelse hiërargiese orde wat naaste aan die mens staan, die laagste rang. In Syn (SW 51) is daar sprake van die persoonlike beskerm-engel in fetus- of planete-ontwikkeling (hoewel juis in kontras met die direkte kontak tussen God en die mens wat Samuel ondervind). Die gekwelde teenwoordigheid in Laat Engel (PL 7) suggereer ook iets van 'n persoonlike engel; soos ook miskien die groot Albatrosweese in GESTALTES 1947:

"'n Skaduwee soos dié van gestrekte vleuels daal neer oor my en ek voel my meteens die hart van 'n liggaam wat groot en rustig is. Ek word die

bewuste sintuig waarom sy ewewig hang. Ek besef, en fluister iets deur daardie liggaam: hy gehoorsaam met 'n handeling: tot my stroom 'n sagte ritme, 'n polsslag, die deining van 'n see - en ek weet ons beweeg nou ver buite alle herinneringe, waar geen geKaarte weë meer is nie. Wat ek aan die begin as beelde van tye en plekke gesien het, word die ingewinge waar= uit hierdie liggaam sy rigting moet raai. Alles is kennis, en alle tye is nou." (p. 27)

Baie groot, maar tog ook betrokke by die persoonlike leiding van die wor= dende individu, is die woord-aanwesigheid in die inisiasiedroom van die sterrepoort, die tweede van die twee kinderdrome waarmee GESTALTES begin: "...maar iemand, of liever, 'n soort abstrakte verstand wat nie hier in die kamer hoort nie, redeneer rustig met my. Dit is nog nie tyd nie, dit is joue maar jy moet nog wag daarvoor."⁶⁾

Daar is engele wat roep in Verlief in Venesië (VV 34), wat inspireer in Woord (SK 60) of Engele (SS 50); engele wat die dode opneem in Maria (SK 21) en Die geseglike dood (SW 44); en die beskermengel word later spesifiek weer genoem in Flits uit 'n braaipan en Die sonde (VL 35, 25).

Aartsengele, die volgende hoër rang, word gevind in die openingsgedig van PLEKTRUM - miskien die genius van 'n volk of kultuur (soos Migael, die "groot vors wat oor die kinders van jou volk staan" in Daniel 12:1⁷⁾); en in Retabel (SK 66) - die engel van die Aankondiging, Gabriël:

8)
'n stem, 'n glans, 'n glansende stem
wat diep in haar hart sy boodskap verklaar.

Die middelrange van kragte, magte, heerskappye of owerhede (exousiai, dynameis, kyriótetes) is bekend uit die briewe van Paulus (Kol. 1:16, Ef. 1:21, Rom. 8:38, Ef. 6:12, ens.) "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die heersers

van hierdie donker wêreld, teen die bese geeste in die lug." Dikwels verwys hy na die vyandiges onder die engele uit hierdie hiërargieë wat, hoewel hulle weggeval het uit die saligheid, tog nog hulle engelenatuur behou (vgl. Job 1, waar die Satan ook onder die engele voor God verskyn). Die misterie van die gevalle engelvors uit hierdie range, die kennisbringer, neem 'n sentrale plek in Sheila Cussons se werk in.

So kan daar bevind word dat sy oor die engele skryf binne die raamwerk van die Christelike tradisie sowel as uit persoonlike gewaarwording en denke.

In Jode met vlerke (SW 71) gaan dit om engele van "albei soorte", van lig en van duisternis. En tegelykertyd ook oor twee sieninge van wat 'n engel is.

Reeds is die ruimte naaste aan ons
 vol laboratoriums, weerstasies
 verkennings- en spioenasieposte
 wat mettertyd uitgedien verskiet
 en radio-aktief in ons atmosfeer uitbrand:
 die aarde bou aan sy stralekrans
 van denkende metaal
 en sal nog leer om die gegewens
 te vertolk en heen en weer te sein
 deur breine snel soos lig en sonder
 die moeisame bemiddeling van taal.
 Ou jode die engele betragtend
 het jode met vlerke gesien
 en kon nie dink dat Jakob op sy leer
 dalk nog sou opklim na een ras
 een enige soort vir steeds 'n intenser
 dialoog met engele - albei soorte -
 en 'n steeds stygender spanning
 tussen lig en duisternis
 totdat met 'n sekelswaai van pool tot pool
 Hy dié korrels samel tot Hom
 in wie hy end-uit geryp het, Aramees.

Die digteres is daarvan bewus dat 'n ou-Joodse engelbegrip agter die angelologie van die Christendom lê. Die Godsvolk van die verlede het die engele gesien as "jode met vlerke" (soos Chagall?) - onmiddellik, piktoriaal,

in samehang met volkstradisie en -taal; die moontlike saamgevloeiende "eenrassige" ruimtevaartmense van die toekoms aan die ander kant, benader die natuurmagte matematies-onpersoonlik, toor met straaltegnologie sonder taal. (Ook in Engele, SS 50, word 'n vroeëre piktoriale siening van gevlerkte engele gekontrasteer met die latere ervaring wat meer gewaarwording en woordinspirasie is; maar daar meer individueel).

In Jode met vlerke word die twee sienings, die twee tydperke - twee soorte kennis - verbind in die beeld van "Jakob op sy leer" vir die mens wat hoër streef - hetsy materieel in die buiteruim, of geestelik na binne. Jakob is 'n man van teëstellings, slim en slu maar tóg geseënd. Hy verlaat sy land én keer terug. Hy worstel met die engel wat vermink én seën.

In OMTOORVUUR is daar twee van Sheila Cussons se etse afgedruk wat Jakob se stryd met die engel voorstel (pp. 53 en 119). En in Maan oor die loopgrawe (SW 24) sien sy die jong priester Teilhard de Chardin, assistent in die Eerste Wêreldoorlog, as 'n Jakob wat naglank stoei "met iets verwikkelder as wanhoop", wanneer hy gekonfronteer word met die ysige werklikheid van die dood van alles wat aards is.

Ook die gedig Jode met vlerke het veel aan Teilhard te danke, want as beeld lyk die corona om die aarde wat beskryf word, die aarde se "stralekrans van denkende metaal", in sekere opsigte na die "noösfeer" wat hý hom om die aarde voorstel, "a thinking envelope around the earth".⁹⁾ Die gedig is 'n soort meditasie oor die noösfeer en sy inbeweeg na die Omega-punt¹⁰⁾ soos die wetenskaplike en teoloog dit verstaan; in verband gebring met 'n siening van die rol van die engele in die loop van die wêreldgeskiedenis, soos deur die skrywers van die Ou en Nuwe Testament gebied. Net soos Teilhard de Chardin self, beweeg die digteres steeds na sintese, vereniging.

Jode met vlerke handel oor komplekse aktualiteite, wil die ou én nuwe, uiterlike én innerlike, verbind om sin te vind vir 20ste eeu én ewigheid. Die proses van genesing vir mens én aarde loop deur die conjunctio oppositorum, die verbinding van teenoorgesteldes¹¹⁾ wat so sentraal staan in Sheila Cussons se gedigte. Dis die Christus-proses van verbinding tussen aarde/hemel, dood/lewe. In 'n spanningsklimaks word al die polêre uiterstes dan apokalipties saamgevat in die "sekelswaai van pool tot pool" (Openbaring 14:14-18); wat ons weer bring by die ronde aarde waar ons begin het, met sy paradoksale "stralekrans" van potensiële gevaar: gevaar óf verheerliking.

Selfvernietigend of heiligend-helpend is die dialoog met engele, is die hantering van kragte van lig en straling. Hier lê die skeiding van die weë: waar 'n nûwe wetenskap aan die orde kom, gebaseer op 'n meer gevorderde siening van die natuurkragte, wat hulle innerlike samehang met die mens herontdek - teenoor die gevaarlike demonies-onpersoonlike kontemporêre wêreldbeeld wat gevoel, verbeelding of intuïsie wil afmaak as "subjektief". Laasgenoemde wêreldbeeld het in so 'n mate dié van ons kultuur geword dat dit deur die meeste mense nie eens bevraagteken word nie. Dit word deur staatskole en offisiële wetenskap by kinders vasgelê in die opvoedkundige proses, en deur die media bevestig. Die polariteit van subjek/objek en "the outness of the material world" - Coleridge se frase¹²⁾ - word as finaal ervaar, bowenal in die sfeer van astronomie en ruimtevaart.

"Wanneer julle die twee een maak, en die binnekant maak soos die buitekant, en die buitekant soos die binnekant, dan sal julle ingaan (in die koninkryk)" lui 'n gesegde van Christus uit die evangelie van Thomas.¹³⁾ In die nuwe kennis in-Christus waarvan Sheila Cussons vir ons in Afrikaans 'n baanbreker mag wees, word ook die tweehed van subjek/objek, binne/buite

getransendeer. Aliënasië wil wegval.

Of als in die oog is of buite die oog
laat ek aan Husserl en Berkeley:
die dag wanneer woorde soos wyn in my werk
maak dit hoegenaamd nie saak nie

(WB 6)

Geryp en gered by die finale oordeel is in Jode met vlerke dan dié wat enduit getrou gebly het aan die menslikheid van die Rede wat ten grondslag lê aan die organisasie van die kosmos, die skeppende Logos, die lewende Woord.

Wat dit impliseer, is dat Aramees die volkstaal was wat Jesus gepraat het - soos die digter s'n Afrikaans is. Hierdie intimiteit van die eie-taal staan vir die woord in sy menslikheid ("Taal: die menslikste van wat ons/menslik het", SJ 8)

Want die uiteindelijke geheimenis is die eenheid van die Logos in buite= natuur en mensebinneste.

Die Logos is die pleroma, die ál. Die Logos is ook die innerlikste skeppende ek-kern van die mens soos dit gevoelwarm tot uiting kom in die taal. (Keer op keer peins die digteres oor die wondere van taal, woord, spraak.) Die skeiding van die mensdom in twee strome vind dan plaas op grond van hulle houding teenoor die engelewesens inherent in die natuur, en die soort taal waarin kommunikasie plaasvind. Want die gedig gee te kenne dat die koue, abstrakte taal van die ruimtewetenskap, die mens eerder in aanraking bring met negatiewe magte, die swart engele wat aarde en mens kan vernietig. Paulus se klem val op die moontlikheid vir die mens om deur vereniging met Christus en sy daad van metamorfose weer opgeneem te word in die eenheid waaruit hy weggeval het.

Deur die "sekelswaai" en "korrels" suggereer Sheila Cussons aan die end

van Jode met vlerke albei beelde van die Laaste Oordeel: koringoes en druiwepars. Sy bring ons by die "tekens" waarin Christus homself gee: saadkorrel en wynstok, Brood en Wyn. Die mens het rypgeword vir 'n hoër bestaansvorm omdat Christus in hom rypgeword het. (Vgl. Pleroma, SK 24)

Sou 'n mens aan die hand van Jode met vlerke kan sê dat die rypword van mens en aarde saamhang met 'n dieper begrip vir taal, en vir die werking van die engele?

Want die volheid van Christus wat vir die ecclesia beloof is, sluit sien=like en onsienlike aspekte van die kosmos in, en die sing van 'n nuwe lied saam met die hemelse leërskaer.

(O nietige koraal wat deel
 eenmaal bo die oseaan
 sal die hemelse wesens staan
 heiligtredend vrediggevoet
 op ons primitiewe bloed)
 stil is die rumoer onder my sonnevleg
 ek is deur die dromos van die pyn

S.J. Pretorius, La Chute, LEMMA 14)

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK VII

- 1) Vgl. bv. Werner Bohm, VON DEN WESENHEITEN DER LAUTE UND DER SINN DER ALPHABETE; Robert Graves, THE WHITE GODDESS, ens.
- 2) Vgl. Albertus van der Westhuizen, GOD EN WÊRELD GEEN DUALITEIT - TEILHARD DE CHARDIN, p. 45, Die punt Omega (p. 40, Die nošfeer - Denke); C.F. Mooney, TEILHARD DE CHARDIN AND THE MYSTERY OF CHRIST, Hoofstuk II, Christianity and the Outcome of Evolution, p. 34ff, veral pp. 42-48; Pierre Teilhard de Chardin, THE FUTURE OF MAN (L'AVENIR DE L'HOMME) p. 122f (p. 155f, The Formation of the Noösphere), ens.
- 3) Vgl. ook Hans-Werner Schreuder, MENSCH UND ENGEL, DIE WIRKLICHKEIT DER HIERARCHIEN; Rudolf Meyer, DE MENSCH EN ZIJN ENGEL, OVER DE RANGORDEN VAN DE WERELD VAN DE ENGELEN, ens.
- 4) Vgl. aantekening 6, Hoofstuk I.
- 5) Die rang-ordening wat Hans-Werner Schreuder aangee, in navolging veral van Dionisius die Areopagiet en Rudolf Steiner, is soos volg (op. cit., p.232, vry vertaal):

Die Nege Hiërargieë

I Hiërargie	(georden tot die Vader)
Serafim	"Geeste van die Liefde" Die God-aanskouendes (Jesaja 6) Die brandendes (Psalm 104:4)
Gerubim	"Geeste van Harmonie" Administrante van die offersubstansie (Esegïël 10)
Trone	"Geeste van die Wil" (Kolossense 1:16)

II Hiërargie	(georden tot die Seun)
Kyriótetes Wêreldbestuurders,	"Geeste van die Wysheid" Latyn <u>dominationes</u> - Afrikaanse Bybelvertalings <u>heerskappye</u> , of <u>heersers</u> (Kolossense 1:16; Efesiërs 1:21)
Dynameis Wêreldkragte,	"Geeste van Beweging" Latyn <u>virtutes</u> - Afrikaanse Bybelvertalings <u>magte</u> , of <u>kragte</u> (Romeine 8:38; Efesiërs 1:21)
Exousiai Openbaarders,	"Geeste van Vorm" Hebreeus <u>Elohim</u> , Latyn <u>potestates</u> - Afrikaanse Bybelvertaling <u>magte</u> , of <u>gesag</u> (Kolossense 1:16; 2:10; Efesiërs 1:21)
III Hiërargie	(georden tot die Gees)
Archai Oerkragte	"Geeste van die Persoonlikheid", "Tydsgeeste", "Oerbeginne", Latyn <u>principate</u> - Afrikaanse Bybelvertaling <u>owerhede</u> (of <u>magte</u>) - Romeine 8:38; Kolossense 1:16; 2:10; Efesiërs 1:21
Archangeloi Aartsengele	"Vuurgeeste", "Volksgeeste" Latyn <u>archangeli</u>
Angeloi Engele	"Seuns van die Lewe", Beskermengele Latyn <u>angeli</u>


Dionisius die Areopagiet: Ná Paulus die eerste keer op die Areopagus in Athene gepraat het, het verskeie mense "by hom aangesluit en gelowig geword, onder wie ook Dionisius die Areopagiet was..." (Handelinge 17:34). Volgens oorlewering het hierdie Dionisius die eerste biskop van Athene geword, en die hoof-kerk van die stad is na hom genoem. Die Franse ken hom as St. Denis.

Die boeke onder die naam van hierdie leerling van Paulus sien veel later eers die lig, en kom waarskynlik van 'n navolger beïnvloed deur die Neoplatonisme (net soos die Hooglied of Spreuke van Salomo bv. ook nie deur die wyse koning self geskryf is nie). Daarom word die

skrywer van "Die Name van God" en "Oor die Hemelse Hiërargieë" ook "die Pseudo-Areopagiet" genoem. In die Middeleeue, vertaal deur Duns Scotus, is sy gesag as draer van die leringe van Paulus aan 'n binnekring nie bevraagteken nie. Hy het 'n diep invloed gehad op die mistici van die Middeleeue. - Vgl. Evelyn Underhill, THE MYSTICS OF THE CHURCH, p. 71f en MYSTICISM, p. 456; REALLEXIKON FÜR ANTIKE UND CHRISTENTUM III, ens.

- 6) Die prosa van GESTALTES 1947 is vroeër as die meeste van die gedigte in die digbundels geskryf, maar eers na DIE WOEDENDE BROOD gepubliseer. Dit werp 'n nuwe lig op die engel-gedigte vanweë die geestes=toestand waarin die digteres haar rondom 1947 in Londen bevind het, toe sy onder andere 'n besoeker was by die eksotiese huis van die Karintiese Gravin Nora Wydenbruck en haar kunstenaar-man. Sheila Cussons skryf in dié tyd aan die Oppermans dat sy Rilke se Duino-elegieë in sy eie handskrif gesien het by die Gravin, wat hulle vertaal het en persoonlik met Rilke bevriend was (28 Julie 1947).

Op 22 Okt. 1947 skryf Sheila Cussons aan die Oppermans oor haar eerste winter in Londen:

"...Droomlandskappe, eteries en heeltemal van die vaste aarde vervreem. 'n Straat loop letterlik na niks uit... Jy loop maar kom nêrens uit nie omdat jy min of meer só voel: →  asof jy losgeglip het uit jouself en 'n yler dog groter kring van jou wese met 'n gedeelte van die klein aardse vlak dek: die res raak 'versweef' met die vormontwykende buiteruimtes. Tuis in ons land loop elkeen vas en sterk in sy self-bestek."

Dan praat sy weer van "...so 'n eienaardige dubbel-bewussyn soos ek

probeer beskryf... Hier het ek nie meer mure om my nie... Aspoes=tertjie erf 'n koninkryk, maar sy staan verwilderd...snaakse ete=riese goeters ontstaan... Iets nuuts het begin... Ek vertrou ék sal eindelijk daaruit verskyn."

Dit is iets van hierdie stemming wat aan gedigte soos Twee Winter=akwarelle of Laat Engel (in die volgende winter) hulle besondere kwaliteit verleen. In hierdie tyd het Sheila Cussons haar verdiep in die poësie van Rilke.

'n Mens sou kan sê dat Rainer Maria Rilke (1875-1926) se hele digwerk getuig van so 'n groter bewussyn, waarvan die ontmoeting met die engel die beeld is. Veral in die Duino-elegieë is die beeld van die engel teenwoordig. Hulle is geskryf saam met die Sonnette aan Orpheus, en albei reekse het as uitgangspunt die dood van die jong danseres Vera Aucama Knoop. Vgl. H.F. Peters, RAINER MARIA RILKE, MASKS AND THE MAN, p. 127f. "'Almost deadly birds of the soul' Rilke called the angels, who represent a state of 'pure being'..."

"Ein jeder Engel ist schrecklich". Sheila Cussons haal Rilke aan in GESTALTES 1947:

"Die digter sê: 'om elke engel is verskrikking', omdat hy dit soms reggekry het om in 'n donkerte soos voor blinde oë, woord vir woord sy eie beeld op te bou, deurstraal soos glas, vreeslik. Weet hulle dat jy jouself moet vrees wanneer jy buite jouself so helder gestalte aanneem?" (p. 31)

"To be sure, Rilke's angel is not the Christian angel of the New Testament", sê Peters. "We must rid our minds of the gentle, white-robed messenger of God, as Raphael and Botticelli painted him, if

we want to grasp the meaning of the angel of the Elegies. He is more nearly akin to the angel of the Old Testament with whom Jacob wrestled until he was blessed, although Rilke himself insisted that the angel of the Elegies has nothing to do with the angel of the Christian heaven (rather with the angelic figures of Islam...) But this explanation is more ingenious than convincing for, no matter how much his conscious mind rejected Christian concepts, there is no doubt that these were deeply imbedded in Rilke's subconscious and influenced the creation of the angel symbol. The difficulty of locating a specific angelic prototype for Rilke's angel should not, however, cause us to assume that he is simply a pseudonym for God... Like all of Rilke's symbols, the angel has a protean nature; 'Now he represents the glorious essence of pure being, now the terrifying demon of artistic vocation, then again the ebb and flow in historic becoming and finally (as Cämmerer calls him) the messenger, citizen and gatekeeper of the invisible. His basic meaning remains artistic.'" ...Later toon Peters aan dat: "The angel thus symbolises intensities of feeling that are not directed outward but concentrated in the heart, which under the impact of their radiance, become an angel or, as one might say, experiences pure being... Two attributes are inherent in the nature of the angel. He is glorious because he is at home in that vast open world that knows neither past, present nor future, but only pure space or pure being. He is terrible for us because we can experience pure being only at the cost of losing our identity... Death is the entrance into the angelic state...

"The vision Rilke had at Duino was that of the world as seen by the angel. 'This world regarded no longer from the human point of view,

but as it is within the angel, is perhaps my real task,' he told a correspondent." (H.F. Peters, op. cit., p. 127ff)

7) GESTALTES (p. 22) praat van "die glans van Michael in sy hemelvaart".

8) Op p. 20 van GESTALTES kom hierdie vermenging van die sintuie ook voor. Die skryfster is haar innerlik bewus van 'n menigte wesens "in grys en donkerblou mantels. Hulle praat met my en ek sien wat hulle sê. Hulle woorde word blink stippels in die sonlig. Die hele lug is vol stippels wat spring en draai en sweef..." "My sintuie is verwisselbaar", lui dit op 'n meer aardse vlak in Orrel in DIE WOEDENDE BROOD (p. 30).

9) "When Homo faber came into being the first rudimentary tool was born as an appendage of the human body. Today the tool has been transformed into a mechanised envelope (coherent in itself and immensely varied) appertaining to all mankind. From being somatic it has become 'noospheric'. And just as the individual at the outset was enabled by the tool to preserve and develop his first, elemental psychic potentialities, so today the Noosphere, disgorging the machine from its innermost organic recesses, is capable of, and in process of, developing a brain of its own....

"I am thinking of course in the first place of the extraordinary network of radio and television communications which, perhaps anticipating the direct inter-communication of brains through the mysterious power of telepathy, already link us all in a sort of 'etherised' universal consciousness....

"We have only to consider any of the new concepts and intuitions which, particularly during the last century, have become or are in

process of becoming the indestructible keystones and fabric of our thought - the idea of the atom, for example, or of organic Time or Evolution. It is surely obvious that no man on earth could alone have evolved them; no one man, thinking by himself, can encompass, master or exhaust them; yet every man on earth shares, in himself, in the universal heightening of consciousness promoted by the existence in our minds of these new concepts of matter and new dimensions of cosmic reality. It is not a question of simple accretion but of synthesis. Not, it is true (at least not yet, here below) synthesis pushed to the point where it calls into being some new kind of autonomous super-centre in the depths of the synthetised, but a synthetic which at least suffices to erect, as though it were a vault above our heads, a domain of interwoven consciousness, the site, support and instrument of super-vision and super-ideas."

(Teilhard de Chardin, THE FUTURE OF MAN, p. 166-169)

- 10) Vgl. aantekening 2).
- 11) Die conjunctio oppositorum of "huwelik tussen teenoorgeldes" is ook 'n begrip uit die alchemie, wat die proses van die "integrasie van die persoonlikheid" in terme van chemiese proses wou beskryf en deurvoer. Die verbinding van sekere stowwe word voorgestel as 'n "huwelik", omdat man en vrou ook komplementêr teenoorgesteldes is. Naas die "Heilige Huwelik" van die ouwêreld, is daar ook wat Christian Rosenkrantz die "Chemiese Huwelik" genoem het. Vgl. Hoofstuk IV.
- 12) Vgl. Owen Barfield, WHAT COLERIDGE THOUGHT, Hoofstuk V en die plekke aangegee in die sakelys van dié werk.
- 13) Spreuk 23 uit die sg. "Evangelie van Thomas", 'n gnostiese manu=

skrip gevind by Nag Hammadi in Egipte in 1945. Vgl. ook Spreuk
103:

"Jesus said:

When you make the two one,
you will become sons of man;
and if you say, Mountain, be removed!
it will move."

(pp. 136 en 181, THE SECRET SAYINGS OF JESUS ACCORDING TO THE
GOSPEL OF THOMAS, geredigeer deur Robert M. Grant en David Noel
Freedman)

- 14) Let ook op die alchemistiese wit/swart - einde van Pretorius se
gedig:

ek swart ethiopiër
uit die melkbaarmoeder gekom
begraaf en wit verkalk
uit die hoogond klip wat die bouers verwerp het

HOOFSTUK VIII

Die Gevalle Engel en die Kenniswond

Bewussyn is wêreld wat tril
 tussen die positiewe en negatiewe pole
 van geloof en denke, tussen
 die nuwe Jerusalem en die mislukte planeet.

Pleidooi vir die aarde (SW 68)

Erfsonde is die gebreklige geaardheid
 wat die chromosome die siel aandoen
 en waarmee sy 'n lewe lank sal worstel
 soos die gees moet gedoog
 dat 'n brein die pas aangee -

Vuurwa (SS 40)

Geloof teenoor denke, gees teenoor brein. Sheila Cussons worstel met die probleem van menslike kennis, epistemologie. Sy streef na 'n "verlossing van die denke."

THE REDEMPTION OF THINKING is die titel waaronder Rudolf Steiner se boek oor Thomas Aquinas in Engels verskyn. Hy wil aantoon in watter rigting die gedagtes van die 13de-eeuse Dominikaner ontwikkel sou moet word om vir die omstandighede van ons tyd opgewasse te wees.

Die digteres het vroeg al gelees aan die groot skolastikus wie se formuleringe oor Natuur en Bonatuur so 'n fundamentele rol speel in Katolieke teologie. Van Wyk Louw sê in TRISTIA

(sy's een wat in die gekantelde spieël
 'n tikkie meer rooi aan die lippe kan sit
 terwyl sy oor Visjnoe of oor Aquinas
 heelwat dink, en nog 'n klein oog-opslag
 vir môre bedink -

(TR 86)

en

Vroeër, eerder: toe jy háát was teen my trots,
toe jou eie-Ek paddastoel in jou gegroei het,
het ek meer geweet van Thomas as van kuisheid
- voordat hierdie heilige hulde hier kom groei het.

(TR 15)

Sheila Cussons peins oor die engel wat die mens tot kennis verlei het,
oor verlore en herwonne paradys, sondeval en erfsonde. Sy dink oor die
verskriklike wond wat die mens ontvang het toe Lucifer, die gevalle engel,
hom tot kennis van goed en kwaad verlei het: wat egter tot skittering
kom in die wonde van Christus.¹⁾

Is kennis 'n kneusing altemit
wat tot by die pit
pimpel en pers
aan ons, die Boom se vrugte sit?

vra PLEKTRUM reeds (Peinsend, PL 21). En in Die werf (SK 14) vertel
die digteres:

Ook die verlore paradys was net buite die huis:
'n groot ou pruimboom met sondige vrugte
wat net soos ons uit die hoogte geval het,
en as jy een optel kon jy betyds nog sien
hoe die kwaad weer haastig terugkruip
in die gekwete weefsels in -

Die tema van die "val uit die hoogte" is 'n leitmotif van vereenselwiging:
gevalle engel, gevalle mens.²⁾ Lucifer (letterlik ("Ligbringer" of
kennisbringer) is die leier-engel wat in opstand gekom het teen God en uit
die hemel uitgewerp is (Lukas 10:18). Verbind met sy val is die "sonde=
val" wanneer hy die paradysmens verlei tot die kennis van goed en kwaad wat
hom aan God gelyk sou maak, maar wat dan 'n te diep indaal in materialiteit
tot gevolg het. Die paradys-liggaam word grof en swaar, onderworpe aan
siekte, verwording, dood. Die weefsels van die mens se wese is gekwes,
gewond, deur hierdie vroegryp kennis.

Christene beïnvloed deur die Neo-Platonisme en mistici dink dikwels oor die mens in terme van 'n voorgeboortelike bestaan by God waarna die "val" in die aardse lewe in soos 'n ideaal in 'n digter water-element voorkom. William Blake noem selfs die digters "die Kinders van Noag" omdat hulle die enigstes is wat nog iets van die god-verbode lewe voor die "val" van die "sondvloed" onthou.³⁾

Christus se Golgota-dood bring dan die moontlikheid van omkeer en hernieude "opstyging" vir die mensdom. Deur geestelik-fisieke transformasieprosesse word die wonderliggaam van die mens herstel tot sy vroeër onafhanklikheid van grof-materiële putrefaksie en dood. Wete van die opstandingsliggaam is 'n nuwe wete oor natuur en mens wat die gespletenheidskennis van die sondeval transendeer en die mens weer verenig met sy goddelike oorsprong.

Christus verus Luciferus: Christus is die wáre Ligbringer, die blink Môrester van Johannes se Openbaring.

Soos die oopgaan van nuwe sintuie is hierdie nuwe kennis, wat Sheila Cussons soms "geloof" noem. En van DIE SWART KOMBUIS tot DIE SKITTERENDE WOND gaan veel van haar gedigte om hierdie groei vanuit die wond-kennis veroorsaak deur die opstandige engel, tot die ware wysheid van die geheel-mens in sy skitterende gods natuur.

Daar is drie Lucifer-gedigte in PLEKTRUM:

Die Gevallene (PL 5) is belangrik omdat hier heel aan die begin van Cussons se werk reeds die vraag na die oorsprong van die kwaad gevra word: "Ag, waarom wou jy dwaas wees?" (Die kennis waarna in opstand gereik is, blyk dwaasheid te wees.) - Lucifer dink aan homself in selfgerigte trots: "Ek was die skoonste, sonder weerga" - aan die verlede: in teënstelling tot die jonger engel, wat buite homself van vreugde en lig leef in 'n toekomsgerigte droom van "sy Kindgesig", in liefde.

Hoe veelsinnig sal die beeld van die Kind in Sheila Cussons se werk uitgroeï, deur Job se dogtertjie (Die gesig, SK 13) en die eenoogkind (Kombuis van Hera II, SK 31 en Digter II, SK 62), die kind wie se oog die dood oorwin (Die geen, SW 29), tot by die groot skildery van die Madonna-van-die-rosehaag, middeleeus óf modern, van Moeder-en-Kind, siel en nuwe self, Aarde-en-Christus (Ode van rose en rook, SW 74).⁴⁾

Die jonger engel se vraag in Die Gevallene is verwant aan Parsifal se vraag aan die gewonde Anfortas: "Oom, wat krap jou so om?" Dis die Graalvraag wat genesing inhou.⁵⁾ Gebore uit meegevoel van die hart, moet dit as die queste end-uit gevoer word (Middeleeus op galop, SW 69) lei tot metanoia, 'n heeltemal veranderde manier van dink. "Bekering", die vertaling wat gewoonlik gegee word vir die Bybelse metanoia, beteken letterlik: 'n omkering van denke, wending tot 'n heeltemal nuwe manier van dink.

Miskien het die engel vermom soos 'n "domastrante kind" wat Augustinus wil wys op die ontoereikendheid van bloot intellektuele kennis in Die brons Poseidon (SS 48), ook iets gemeen met die jonger engel van Die gevallene.

PLEKTRUM openbaar 'n stemming van verset in gedigte soos 'n Kleindorpse Fragment, (PL 12), Antieke Landskap (PL 15) of later Verlief in Venesië (VV 34) - "Met my vingers in my ore... doof vir engele wat Ursulas⁶⁾ roep". Lucifer (PL 8) skilder die oomblik toe verset daad geword het, Byronesk romanties... "toe jou hand so styf/die vransk glas omklem het..."

Die teëstuk waarin die beeld in hierdie gedig later omgewënd word, is seker die kwatryn Laaste arend (SK 42): "Toe voel hy meteens in sy gesperde klou die kruis..." En die tematies teenoorgestelde voortsetting van Verlief in Venesië is dan Karmeliet in haar sel (SK 64) waar dit die roep van die aardse is wat verwerp word. In 'n gedig soos Immaculata

(SW 81) is daar g'n verwerping meer van enige kant nie, net hervonde eenheid.

In PLEKTRUM se epigrammatiese pop art-versie Count-off (PL 23) staan 'n Icarus sonder vrye wil, weerkaats in "Lucifer se sonbril", gereed vir die noodlottige opstyg. Die titel verleen aan die gedig 'n ruimtevaart=dimensie wat reeds die lot van die aarde inbegryp in die persoonlike - vgl. die "opklim" van die ruimtevaarders in Jode met vlerke (SW 71); en ook die ekstatiiese opstyg in Savonarola (Toskane, VV 31) wat tot "skipbreuk" lei: maar dan ook verder tot die swart vlam, "keersy van u klaarte" (Selebrant, SW 35), 'n vagevuur waarin alle onsuiverheid weggebrand word (Volvoering, SW 38).

* * * * *

Die Lucifer-verse kan nie los gedink word van die biografiese gegewe van die Amsterdamse verhouding met die digtergenoot "Abélard" nie. Ook hy skryf gedigte oor Lucifer, skryf LEWENSLYN en ASTERION, oor die tema van die hubris.

Van Wyk Louw het Sheila Cussons in baie van sy verse in TRISTIA en NUWE VERSE aangespreek of uitgebeeld, soms met diepe bewondering en soms met kritiek: "die meisie: /fantaserend, fantasties, neuroties -"(TR 67). Hy huldig haar as iemand wat "aangespreek deur die gode" kan word en vir wie Zeus op die mistige berge "goud- en swaanaard leer aanvoel" (TR 81) - Hier maak Louw gebruik van Sheila Cussons se tipiese hieros gamos-beeld, wat sy reeds in 'n vroeë Stiebeuelgedig⁷⁾ aangeroer het.

Veral in LEWENSLYN lyk dit asof Van Wyk Louw sy eie selfondersoek projek=teer in 'n beeld wat baie trekke van Cussons toon. Hulle was albei immers mense met die "aristokratiese ideaal" om "mooi" en "hoog" te lewe wat in

dié stuk so genadeloos ontbloot word as selfbedrog. Esme-Ismy is 'n geliefde/gehate anima-figuur. "Hoogte, by jou, was eintlik net 'n ander naam vir: 'self groot wil wees': 'die eie-ek in die hoogte verheerlik' (p. 15). Dis 'n stuk van ontwaakte gewete en walg aan eiegeregtigheid. En dis Morse, die doodsengel, wat die spieël van waarheid ophou en die siel se waan afstroop.

Hier is dood maar nog geen opstanding nie. Oordeen en skuldbesef, maar nog nie vergifnis of transformasie nie. G'n ware spiraal nie, maar net herhaling van 'n doodloop-sirkelgang. Esme het nog nie geleer om te luister nie. Sy moes geluister het na die mense deur wie se stemme die engel sy waarskuwing tot haar rig.

Dis duidelik dat Van Wyk Louw in dié spel nou saamleef met Sheila Cussons se begrippe en hulle op sy eie manier aanwend. Esme se engel is bv. in LEWENSLYN nie soseer 'n bedrieër nie as 'n fiksie van haar eie selfbedrog.

Morse: Het jy die engel gesien?

Esme : Ek glo dit.

Hoe weet 'n mens van so 'n visioen?

Die teenstelling hier tussen weet en glo, is dieselfde kennisprobleem waarmee Sheila Cussons lank besig bly, totdat sy in VERWIKKELDE LYN voel dat sy by 'n "onaanrandbare pitweet" gekom het (VL 27).

Die Dood sê: ...Ek weet toevallig: dis my ambag. (LL 14)

Sien hierdie konfrontasie met Morse die doods-ontmoeting van die SWART KOMBUIS reeds vooruit? LEWENSLYN is meer fatalisties, en sluit die moontlikheid van ommekeer en transformasie nog nie in nie.

In LEWENSLYN val die seun Willie en die vrou Nel hulle dood na benede, Esme spiraal uit na bo. Na twee kante toe word die "wankele ewewig" van die koorddansers verbreek. Net soos Sheila Cussons het Van Wyk Louw ook 'n groot belangstelling in beelde van val of opstyg, die polariteit van swaarte en lig.

In hulle verse, soos in hulle lewe, is dit asof die twee digters in 'n dialoog met mekaar verkeer. Somtyds voer Sheila Cussons Van Wyk Louw se gedagte verder tot op 'n hoër vlak. Of is dit hy wat haar gedagte verhoog deur daardie onsigbare osmose tussen die lewende en die dode?

* * * * *

Tussen PLEKTRUM en DIE SWART KOMBUIS lê die waterskeiding van Sheila Cussons se brandkatastrofe, amputasie, hospitaalverblyf. Dis niks minder nie as 'n hellevaart wat in haar tweede bundel beskryf word. Gesel (SK 46), oor Judas, is een van die swartste gedigte omdat die vrye wil bevraagteken word. DIE SWART KOMBUIS skets 'n gang deur Tartarus en die misterie van die "omtoorvuur" Die alchemistiese inisiasieproses in hierdie bundel is reeds in vorige hoofstukke beskryf.

Die teenwoordigheid van die versoeker-engel in DIE SWART KOMBUIS is indirek maar diepliggend. "'n Berg genoem Tibidabo" (Voet vir voet, SK 73) staan in Barcelona, waar Sheila Cussons gewoon het. Omdat dit so 'n grootse uitsig het, is dit begryplik dat dit deur die plaaslike bevolking vereenselwig word met die berg waarop Jesus versoek is (Matth.1, Lukas 4). Tibi dabo, "aan jou sal ek gee", is in Latyn die begin van die duiwel se aanbod van al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid aan wie hom aanbid. Die antwoord daarop was: "Gaan weg, Satan! Want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."

Miskien kan Sheila Cussons se poësie alleen ten volle verstaan word deur 'n leser wat bereid is om die implikasies van hierdie antwoord te probeer deurgrond. Wat die volg van die eerste gebod van Moses inhou, die groot gebod (Matth 22: 37), is 'n volkome gee van die self: offer, pyn, Kruis.

Toe skeur jou spiere, breek jou oë
dat ek iets mag hê om weifelend te glo,
en dit was jou antwoord vir die vent
wat vir jou gesê het: tibidabo.

(SK 41)

Sy noem die kwatryn Repliek. Dit is die antwoord wat die mag van die versoeker breek. Die tibidabo van die versoeker word beantwoord deur die tibidabo van die Kruis: en op wat Christus hóm gee, kan die ontvanger net antwoord met sý tibidabo, die hele gee van homsêlf.

Die offer in die seegrot (SK 18, 30/31, 62) lê aan die hart van die gebeure in DIE SWART KOMBUIS. Dis by hierdie vreemde kruispunt dat die prosesse van transformasie en innerlike groei momentum kry.

Wat anders is die suiker en meel
die eiers en melk - vergeet nie die sout! -
as net jouself en jou menslikheid:
en is jy met vuur vertrou?

Kombuis van Hera (SK 31)

* * * * *

Ná PLEKTRUM is dit eers in VERF EN VLAM dat daar weer direk van die ontaarde engel gehoor word. Berg van versoeking tot berg van openbaring: soos Moses ná hy van sy skoene ontslae geraak het, spreek die digter op Sinaï die Engel van die Here aan (Moses klim uit sy tydmasjien effens in 'n dwaal, VV 29):

...ek staan reeds kaalvoet op jou heilige grond...
ek was van sy Gees die smettelose roos, soos jy
die vlam is, toe een van jou soort my in 'n leuen
verskrompel het...jou onfortuinlike broer...

Nog word die verleier engel genoem, "een van jou soort", veel later eers duiwel (SW 41, SS 34). Sy gemeenskaplike oorsprong met die goeie word veral in hierdie gedig beklemtoon: hy is die Engel van die Here⁸⁾ se minder voorspoedige, ongelukbringende broer.

Die liggaamlike skending van die pasiënt val in die verbeelding saam met die inkrimping tot primitiewe liggaamlikheid van die eerste mens - toestand van vernedering wat die verleier wat hulle veroorsaak het, "alsemvreugde" verskaf. Maar bitterder, galbitter vir die ontaarde engel, is die kruislyding waar Christus hom vereenselwig met die vernederde liggaam. Die kruisiging teweeggebring deur die vyand, lei tot sy eie nederlaag; dit was 'n "dwase stoot" in die strydspel. Hy verloor omdat hy hom nie met aardse liggaamlikheid kan vereenselwig: voete kan skeep nie. Hy was jaloers op die smettelose "roos" van die gevormde liggaam, "ondraaglik vir 'n ontaarde engel-oog/ dit verstaan ek nou...." Die digter het gekom tot 'n besef van die heilige waarde van die liggaam, in teëstelling tot die waan waaronder "die vader van die leuen" vroeër verlei het: dat die aardse liggaam geminag kan word? Dis nie die liggaam wat gedood moet word nie, maar die "vlees", d.w.s. die gevalle begeertenatuur wat aan 'n selfgesentreerde bevrediging van die liggaamsbehoefte voorrang gee.

Die hele gedig gaan om voete: die orgaan waarmee die mens die aarde betree. Dis te verstaan dat voete belangrik is vir 'n digteres vir wie die aarde en die liggaamlike - inkarnasie - soveel beteken. Kaalvoet is 'n begrip wat vir haar bevryding en wyding inhou: "kaalvoet in 'n gloed in" (Vuurloop, SS 9), "sinnelek kaalpoot" (Die steenslypers, SS 28), "die opklim uit die bloed/kaalvoet na God" (Laat Karmeliet, SK 42), "met spitse kaalvoet kennis" ('n Kleindorpse Fragment, PL 12), "die kaalvoet vel" (VV 11) - die voet ook as kennisorgaan. Daarteenoor is dit die negatiewe

wat in blinkleerskoene loop (Case History, VV 21; Saal C, SW 15; Vuurloop, SS 9).⁹⁾

"...die skewe heiligheid van my voete" is die woorde van 'n geamputeerde wat verlies tot offer maak; "onfraaie voete", gekruisigde voete... Nederige voete. Nederigheid is iets wat Lucifer nie ken nie.

In Die doek (SW 66) keer Sheila Cussons terug tot dié reddende voete.

Sy kan werklik nooit beskuldig word van blote herhaling nie. Al is die temas in baie gedigte eenders, val die kleurpatrone van die kaleidoskoop altyd anders. In beweging, plooi die voue van die naatlose kleed steeds verskillend. En by sorgvuldige lees is die lyne van ontwikkeling duidelik. En opwindend. "Mark well my words! they are of your eternal salvation".

In Die doek is die sterk antitetiese stelling veel vaster as in Moses klim uit sy tydmasjien... Die klem het verskuif van ou na nuwe bedeling: die brandende bos van die Vader wat uitgegaan het, keer terug as die Seun verhuul in die "doek" van liggaamlikheid. Dis 'n daad van uiterste ontluistering (Filippense 2:6-8). Die uittrek van die boklere en ombind van die doek om die voete van die geliefdes te was, is eintlik 'n beeld in die klein van die hele Jesus-lewe: die aanname van 'n liggaam ter wille van die herstel van die aardse ongeskondenheid van dié wat hom liefhet. Dis 'n lewe van neerdaal en gee: tussen voetewassing en die kruiswond van die voete is daar 'n innige verband: tussen die selfverloënende lyding ter wille van ander en hulle reiniging.¹⁰⁾

Een werk tot laat in sy laboratorium
om die ras te verbeter en verwens die kerk:
een knoop sy broek toe en kyk 'n geskonde
kind agterna: één die nuwe verlosser:
die ander uitskot, flater van die natuur -
maar die afstand tussen die armsalige
kinderbederwer en die koue trots wat tuur
deur 'n mikroskoop is net die breedte
van die mees verwronge glimlag -

Dit sal die eerste opwinding van die hiernamaals wees
om te leer hoe Hy, God, kon toegelaat het
dat 'n magtige engel ons beskeie krag versoek -
maar dit kan ons laat dink intussen:
Hy, God, het 'n doek om hom gebind om
ons voete te was -
en uitgeloop en deur die menigte stil
sy weg gebaan en met 'n steil pad op,
stil, en onbereikbaar vir ons troos, geklim
na Golgota, die hamerslae en
onpeilbare nag...

sodat tussen sy verlate roep en sy gefluisterde:
dit is volbring: in 'n oogwink van eeue en in
getalle sonder tal
'n stukkende man deur liefde heelgemaak
en 'n skrande man wat die ras verbeter het
deur te sterf as heilige, in die stad van God
kon kom op voete van so 'n besondere soort
dat dit daardie glimlag tot in ewigheid
afskuwelik moes verwing.

Tussen is 'n sleutelwoord in hierdie ryk gedig. In die lig van die twee
uiterstes van die verleier se skewe "alsemvreugde"-glimlag word die twee
teenoorgestelde tipes van verlorenheid gesien: die agnostiese wetenskap=
like met sy koue intellektuele trots, en die sinnelike vernielers met sy
submenslike drif - 'n koue en 'n warm pool, té bo, té onder. Verlorenheid
is skeefheid, wanbalans. So word die redding van die afwykende uiterstes
dan gesien in die ewigheidspunt tussen begin en einde van die Passie, die
nulpunt tussen verlatenheid en weervind. Die uiterstes word verenig en
gebalanseer in 'n "voete-transformasie". Stilte, eensaamheid, nag, die
verduistering wat die gees deurmaak in sy "doek" van vlees, bring die
omwending teweeg.

Ook in Retabel (VV 25) is dit deur "beelde van 'n Bloed wat gly/ uit 'n vasgespykerde Voet" wat Eva bevry word van die slang gekrul tussen haar borste: "la femme enfin restituée en grace."¹¹⁾

* * * * *

In Verwonde oog (VV 25) het die bese die gedaante aangeneem van 'n swart mot. Dis een van die wit/swart-gedigte. 'n Mens kan 'n hele boek skryf oor die wit/swart-gedigte by Sheila Cussons en van Wyk Louw met inagneming van Goethe se kleureleer waar die reënboogkleure "die dae van die lig" in die stryd tussen lig en donker is. Die Manicheïse element in haar werk is nie afgehandel met die heftige verwerping van Manicheër (SW 78) nie (een van die weinige gedigte waar die polêre uiterstes g'n derde brugpunt het nie.)¹²⁾

As 'n swart, slim mot, slu en sag, "verwik" die bese die oog, orgaan wat hier die hele mens tipeer in sy verskrompeling van sentrifugaal en ligverruk ("iris") tot sentripetaal en verduister. "Één oomblik van twyfelend binnetoe kyk" het die verandering teweeggebring: ongeloof en egoïstiese selfgesentreerdheid (wat byna sinoniem is). Hierdie kyk na binne kan verwant wees aan die "oogpit" van Meridiaan (PL 19) wat "ryp tot 'n skittering van pyle" en die "afkyk in die looggat" van Armed Vision (Van Wyk Louw, TRISTIA XLIII). 'n "Bitter kennis" is verwerf, die wêreld het wildernis geword, vol vyandskap en verminking: koeëlgate in 'n beleërde fort, woude het die oë geword, die liggaam 'n kerker. Die "swart stippel" bly binne sit en veroorsaak 'n heeltemal verwronge manier van kyk.

Die sentripetale inkrumping van die selfgekeerdheid word uitgebeeld in kristallisatie tot mineraal in die verstening tot "suikerpilaar" van die oujongkêrel in Bruilof (SW 5).

(Ook die hotnotsgot
 laat staan maar die bid
 as hy gogga-alleen
 in die gouestroop sit. - SK 52)

In toestande van ekstatiëse geluk, aan die ander kant, is alles straling en uitdeining (bv. in Namiddagson oor die siënna-bruin vloer, WV 12, Ontdekking, SW 31, of Los, VL 29).

In Vir 'n ongedurige jongeling (SW 67) word die leser daaraan herinner dat "die engel" ons na ons eie beeld wou skep, en dat selfgesentreerdheid en wegkeer van ons ware beeld lei tot kranksinnigheid, hel

Maar

...U wys my
 my skoon beeltenis
 Heer, en dis U
 om hierdie hoop
 waarmee U my vul

 adoreer ek U.

Vagevuur (SW 42)

want dis opkyk ná en vereenselwiging met die Godheid, beeld van die wáre self, wat redding bring.

In Behoud (SS 46) is daar die Pinksterwete van vuur ("...my sêlf")

wat alleen die weiering van Hom
 kan perverteer tot iets wat
 onuitdooflik gruwelik
 nie verteer nie: selfhaat, hel.

En wat die mens daarvan red, is miskien dat die aarde te eenvoudig en onkundig is - "arm van gees". Die aarde is deur die geperverteerde engel tot imbesiel gemaak (SS 7), en paradoksaal is dit juis die feit dat sy "ryk aan pyn" is wat haar red. Pyn en onkunde word uiteindelik as seën ervaar wat red van die selfgesentreerdheid wat eindig in selfhaat, "die luukse van 'n engel" (bitter ironies). Die twyfelende na binne

kyk word die nie-sien van God, die nie-vind van die ware self.

Want: Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie! (Mattheus 6:22,23)

"If the doors of perception were cleansed every thing would appear to man as it is, infinite", sê Blake in The Marriage of Heaven and Hell (CW 154) "For man has closed himself up till he sees all things thro' narrow chinks of his cavern".

Sheila Cussons sê:

Hoe ryk die vrugbare duisternis
van die erfsonde:
o gelukkige skuld wat alles weer
ongeken maak om te kan verken:
want daardie Liefde is só
dat dit hierdie tastende blindheid
soms begenadig met weerliggend
in 'n oomblik, één oomblik, so 'n sien
dat ons oorspronklike verlies daarmee vergelyk
ja, soms gering lyk...

Die wond wat dink, (SW 39)

Blindheid en sien is deurlopende temas: déúr die blindheid van die gevalle toestand tot 'n nuwe soort sien (Braille, SS 13). Die blindheid van bloot wêreldse kennis is teweeggebring deur die gevalle verleier-engel; die nuwe oë is gewaarwording van bonatuurlike teenwoordigheid: "'n sesde sintuig vlam in son en ys..." (Laat Engel, PL 7). Geloof is "die sesde sintuig wat die brein geblinddoek kweek" (Braille, SS 13).

Daar is 'n soort sien
waarom is dit seldsaam? - wat van
die hart is, eenvoudiger as oë
omvattend en ineens
maar daarvoor is baie stilte nodig

(SS 63)

* * * * *

Dit is veral in DIE SKITTERENDE WOND dat die digteres haar verkenning van die kwaad en van die val tot kennis voortsit, en deurvoer tot waar die dinkwond begin skitter in opstandingslig (Paassondag, SW 87).

Anders as by PLEKTRUM, word die verleier in Mol (SW 40) met walging geskilder. Die 'waarom van die versoeking' 'voor alles uitgeflakker het', voel die verduisterde mol-mens as

iets ouds, iets ouer as hy, 'n wellus
van nuuskierigheid na die geheim van God

Dit is die oorsaak van sy val, wat tot gevolg het

die swaar beneweling, die donkerte
en die pyn van 'n ontwrigte wil,
en die wete dat iets, iets ouds, iets ouer as
hy, nou altyd teen sy slaap sal aanvly
liederlik en desolaat -

weer die 'desolaat' van Verwonde oog (VV 25). Met haar gawe vir die regte woord, verkry Sheila Cussons dikwels 'n sterk effek deur woorde van Latynse oorsprong naas die uit Germaans te stel: 'desolaat' naas 'liederlik', gebind deur die lallende l-klank, is besonder effektief. 'Slaap' suggereer die voorkop, en dus 'n versoeking in die denke; tegelyk ook 'n slapende toestand ('aanvly'), 'n invloed wat veral in die onbewuste lewe en droomlewe onderkant die drempel werksaam is. (Vgl. Onderweg na Damaskus, SS 41, of Id, SK 63)

Maar as die mens 'geboggel en knipperend', gedryf deur sy obsene vrese, in die holtes van die aarde graaf (volgens die vloek wat op Adam geplaas is), hoor hy die 'snerpend suiwer ver musiek' van verlossing, vervulling van die ongevraagde belofte. Het juis die suur vrot van sy toestand hom hierheen gedryf? In Brief aan onse-liewe-heer-op-solder (SK 58) beskryf die mol-mens 'n vroeër meer wanhopige stadium van sy 'ondergronds omnagte dink'.

Ook in Maan oor die loopgrawe (SW 24), hoeveel van uit heeltemal 'n ander

hoek geskryf, is dit 'n soort nuuskierigheid, 'n poging om die 'diep maar skitterende duisternis van God' te peil¹³⁾ wat tot verminking lei. Die engel met wie hierdie Jakob stoei in die aangesig van doodsbeendere op die slagveld, is 'iets verwikkelder as wanhoop': Die verskriklike raaisel van die dood van die aardse. Maanbleek en yswit.

Dis die skuld van 'n engel dat sy 'n idioot is, sê by die val van die roos die aarde (Moeder Aarde, SS 7) waar alles sterflik is, soos 'n moeder wat haar kinders dood. Dood en gebrek aan insig word in verband met mekaar gebring in hierdie diepste konfrontasie met die ondergang inherent aan die geliefde aarde. - Nie net die persoonlike self of selfs die mensdom wag om gered te word van die gevolge van die val nie, maar die aarde self.

"Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God" (Romeine 8:19). Die redding van mens en aarde hang saam. Al meer gaan dit vir die digteres om ons aarde, en in die laaste gedig van DIE SAGTE SPRONG is dit die aarde self wat die mens roep.

Sê een fyn spook (SS 27) hoort seker ook in hierdie konteks van aarde en dood. Die roosrooi mond van aardse hartstog word gelykgestel met die 'swarter natter aakliker suig' van 'n honger grond aan die lyk. - Dis terloops 'n goeie voorbeeld van 'n verskil in benadering tussen Sheila Cussons se werk en dié van Van Wyk Louw. Hierdie gedig is geensins maar net "beïnvloed" deur Gesprek van die dooie siele (uit ALLEENSPREEK) nie. Die tweede gedig is 'n metamorfose en intensifikasie van die eerste waarmee dit in gesprek tree. Die verhewe dialoog van Gesprek van die Dooie Siele word grimas van ironie ('een fyn spook') en gruwelike skok-metafoor, soos die aantrekking van die aardse gestel word teenoor 'n té hoë, Luciferiese lig-verrukking.

Die "desperate glorie van 'n wond"¹⁴⁾ van Herfsmiddag (SW 22) se bloedlig

tussen die singende son en die verganklike, rôse vlees is skaars beskryfbaar. Die roos in die glas (WB 27) is die steeds behoue "roos van vlees", 'n spel van "geïnkarneerde lig".

Soos die roos-gedigte kan ook die gebeente-gedigte saam met Maan oor die loopgrawe gelees word: Selebrant (SW 35, aangehaal in Hoofstuk IV) en Die paleontoloog (SW 47). Die priester Teilhard de Chardin was 'n paleontoloog wat die ou gebeentes van die aarde opgedelf het. In hierdie gedigte, Die geen (SW 29) en Paassondag, slotgedig van DIE SKITTERENDE WOND, word die stryd teen die doodsbesef verder gevoer na 'n oorwinning; wat eintlik 'n gawe is.¹⁵⁾

Veral kenmerkend is dit dat in Paassondag die opstandingsvisie uit aanvaarding van onkunde vloei. Beperkte insig word 'n seën (soos ook in Advent, Die wond wat dink, Behoud - SW 41, 39 SS 46)

Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Ander vertalings: dié wat bedelaars na die gees is; dié wat hulle afhanklikheid van God besef (Mattheus 5:3)

Die trots van "die digter as intellektueel" gaan verby.

Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! (Mattheus 18:3)

Advent (SW 41) is 'n geboortegedig. Uit die Toorn van God teen die duiwel en al sy werke, wat tegelykertyd sy Liefde vir die mens is, word die Christus-liggaam gebore, met sy moontlikheid van metamorfose tot die liggaam van ná Golgota, wat 'n toekomsbelofte is vir die mens. Die roos is 'n beeld van transformasie.

God meet vir elke dag slegs
 'n teug belewenis
 beveilig ons met damwalle teen
 sy see van kennis
 al sou die duiwel ons graag
 'n volledige weet wou gee
 om hom te kan verkyk aan die inkalwing
 van die wil voor daardie vloed
 as die brein die brein bestorm

En was dit nie juis so dat
 hy ons geskaad het nie? Maar
 toe alles wat lieflik in ons was,
 ewewigting en nederig en klein,
 soos 'n uitmekaar-gerukte blom
 voor daardie verslindende blik
 in bleek fyn flardes val
 het 'n verskriklike Toorn
 uit sy eie hart gebars
 in 'n roos van vlees.

Vir die eerste keer word die verleier-engel 'duiwel' genoem. Hy staan daar as teëstander van God. God beperk die mens se kennis om hom te beveilig teen die 'inkalwing van die wil' wat die duiwel wil bewerk deur 'm vloed van kennis alles tegelyk, vir 'n wese nog nie daartoe opgewasse nie. Vgl. Johannes 16:12 - Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. - Ontwikkeling moet trapsgewyse wees, gradale.

Tog het die vernielers met sy 'verslindende blik' alles wat fyn en nederig aan die mens was, soos die blare van 'n blommetjie aan flarde laat val. Let op die verband tussen die ongevalle mens as fynblom (die 'smettelose roos' van Moses klim uit sy tydmassien..., VV 29) en die volmaakte Christus-roos. "Christ the Universal Man" (om weer 'n benaming van Blake te gebruik.)

Oneindig evokatief is die roos-beeld. Om in die taal van die oerbeelde te praat, is om aan poësie 'n ekstra dimensie te gee soos Kathleen Raine getoon het.¹⁶⁾

In haar verkenning van die sondeval, sy oorsake, gevolge en uiteindelijke ongedaanmaking deur die transformerende Christus - soos dit betrekking het op haar persoonlik, die mensdom, en die aarde - kom Sheila Cussons te staan voor die gevalle engel, die verleier deur wie die mens so diep gewond en beskadig is. Op heeltemal verskillende maniere word hy in verskillende verse benader, in 'n verskeidenheid van beelde en style. "Vlakke veelsinnig wat sluit en wissel/ som 'n lewe saam in die kop van 'n vrou" (SK 45).

Nie vir haar 'van gerymdheid meer as vol' die spel van die afgeronde eenheidsbundel nie. Sy is, terloops, 'n meester van die verplaaste rym, die amper-rym, die onverwagte of die wegval-rym: reëlmatigheid in balans met onreëlmatigheid. Sy kan 'n diep gedagte in 'n grappige epigrammetjie toëdraai, ballade of suiwer klankinkantasie skep, of 'n beredeneerde vers soos Eksegese van 'n tandeborsel voorlê (SW 45). (Waarom sê sommige kritici so geredelik dat laasgenoemde soort verse beïnvloed is deur Van Wyk Louw? Hulle het tog seker albei saam geleer, o.a. van T.S. Eliot. En Sheila Cussons lees dikwels soepeler as Louw.)

Weer bepeins sy Lucifer se opstand, steeds vra sy na die oorsprong van die kwaad. Nie abstrak nie: in die transparantheid van die dinge dink sy "engel en tandeborsel saam/ as oorsaak en gevolg" van bederf, en ontdek die mens se unieke waarde. "Ecce homo: huwelik van stof en gees/ enig in die heelal" (SW 59) oor wie selfs die engele hulle verbaas. Die onmiddellik sintuiglike bring gevoel by en verleen aan sulke "dinkgedigte" hulle resonans - vgl. ook bv. Woorde, SK 60: dans. Metafoor self is die ontmoetingspunt tussen twee dimensies.

In die aanhaling "Aanskou die Mens" uit die evangelies is daar weer die vereenselwiging van mikrokosmos en makrokosmos: mens/Mens, soos in die

klein blommetjie/Roos van Advent. Dit gaan om 'n herstelde beeld van die mens. Die mens is die hieros gamos in wie die 'twee strak helftes van die heelal/ nog steeds verlief' na mekaar buig en raak. Aardse realiteit soos tandeborsel of straleromgewing is stof tot denke; waaroor daar gedink word, is die verhouding tussen stof en denke, dualiteit en eenheid. Wanneer die mens ophou om soos 'n mensevreter aan homself te vreet, rys die beeld van die groot telos (einddoel), die Godmens van uiteindelijke vereniging (Johannes 17:21). Of liever: wanneer hy die mens-god aanskou, beweeg dit hom vanself om sy vernielende pre-okkupasie met sy vleesbeperkte self te laat vaar: ter wille van sy entelechie of hoër self, die Christus-in-my, wat wag om verwerklik te word.

* * * * *

In DIE SAGTE SPRONG, namate die vuur en lig van die Helende Gees toeneem, val die opstandige engel terug na die agtergrond. Soos reeds gesê: 'n mens begin byna voel dat die oorspronklike engel geleidelik tot tweeheid splits, namate die verleier-engel enersyds as duivel herken en weerstaan word, en aan die ander kant die oomblikke van stilte-ontmoeting met die goddelike toeneem.

In Die duivel praat Engels (SS 34) word die versoeking nie meer voorgestel as romanties óf walglik nie, net vervelig. Herkenning het hom (soos vir Repelsteeltjie) sy mag ontnem. Daar is 'n waaksaamheid teen sy herhaalde en ongemerkse aanvalle, somtyds so subtiel versteek "dat slegs/ daardie blik deur ons bestendige blik/ hulle vir ons kan ontwaar." (Die ab praat, SS 62)

Dit gaan in Die duivel praat Engels veral om versoekings op die terrein van die woord, wat nie net vir 'n digter nie, maar ook vir 'n mens van

gebed van die uiterste belang is. Ook gebede word in 'n mate deur woorde gedra, en elke subtiele vervalsing van gevoel word in hulle weerspieël.

"Die sondige vrug van spraak" - of dan weer "geletterdheid" - sien Sheila Cussons soms as manifestasies van die erfsonde, wat skeiding bring (Erfsonde, SW 77. Vgl. ook Bergpaadjie, SK 4)

O hoe beletterd
genadeloos spel
my elke letter
die jammer verskil

Vagevuur (SW 42)

Daar is die hoop

dat alles geskrewe nog sal verdwyn,
deur 'n enkel verlossende Woord deurskyn,

Jakov Wüst en die Kabbala (WB 5)

Die inglip-versoeking in Die duiwel praat Engels kom in die vorm van "wise-crack" of cliché uit 'n meer gesofistikeerde kultuur. En die slangengel word in 'n klankbeeld geïdentifiseer: sssss.

Vergelyk hiermee die S-alliterasies in Ou stad (SJ 19) en veral Nagrit met Raymond Chandler (SJ 14)¹⁷⁾, wat kulmineer in "sis" en die slang-beeld van die laaste reëls. Ook in dié gedig is 'n slim, sinlike sofistikasie die versoeking. In Ape sug nie (WB 31) word die sissende slang van die waansin opgejaag deur "die rustelose ongeneeslike sug na meer en / altyd beter as taal..."

Van Wyk Louw sê in Lucifer II (TR 70): "óm al die...magiese digselfs..."

krul anti-hemels
my satangse stert."

Tog bestaan daar die moontlikheid dat 'n kunstenaar uit die sterk persoon=

like Lucifer-inspirasie kan oorgaan tot meer Parakleet-geïnspireerde digting.

En met die direkte "pitweet"-aanraking tussen God en mens van Verklaarde kring (VL 27); of die "sypel-weet" van Die druif (M 23) deur die osmotiese membraan van die aardse deur, word die kenniswond genees.

Die hoogmoedskennis van die intellek, 'n blinde apartheid tussen die mens en sy eie diepste lewensbron, word 'n agtergelate stadium in die menslike ontwikkelingsgang.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK VIII

- 1) Vgl. aantekening 12 by Hoofstuk V.
- 2) Vgl. ook La chute in LEMMA van S.J. Pretorius, soos bespreek deur Anneke Cecile Cilliers in DIE VERHOUDING BRON: KUNSWERK.
- 3) So 'n siening berus natuurlik op die sg. allegoriese Ou Testament=verklaring (naas die historiese), wat vir Paulus of die kerkvaders nie vreemd was nie, maar wat anders is as meeste huidige metodes van Bybel-verklaring. (Vgl. bv. die gedeelte oor Sara en Hagar in Galasiërs 4).
- 4) Vgl. aantekening 13 by Hoofstuk II. In Wonder (M 24) openbaar 'n dansende kind die goddelike in die mens.
- 5) "Oeheim, waz wirret dir?" (Wolfram von Eschenbach, PARZIVAL, XIV, 795). Vgl. Hoofstuk IV: Graal.
- 6) Ursula was die heilige wat volgens die legende met haar gevolg van 11, 000 maagde op pad terug van Rome in Keulen deur die Hunne gedood is. Die martelaresse word uitgebeeld op 'n besondere relikwie-skryn in die Memlinc-museum van die St. Jans-hospitaal in Brugge wat Sheila Cussons moes geken het. (Vondel se tragedie Maeghden is op hulle gebaseer.)
- 7) Die verwysing is na Leda, wat deur Zeus in die vorm van 'n swaan besoek is; en Danae (in 'n toring opgesluit) na wie hy as 'n reën van goud gekom het.

Naas Tuin wys ook 'n geïmproviseerde rympte oor Leda se kinders uit die eier (in 'n studente-sketsboek by die RGN in Pretoria) en Swaan oor Leda (SW 17) hoe eie dié tema aan Sheila Cussons was. Ook by

die RGN in Pretoria is daar 'n pentekening van Leda met die swaan
(genommer SB 73, 46. 2)

Tuin (PL 2) is in 1946 reeds - onder die titel Henri Rousseau -
gepubliseer en STIEBEUEL. Henri Rousseau het sulke paradystuine
geskilder. By die oopwaaier van die pou se oë in dié tuin ervaar
die "ek" van die gedig 'n diep geluk:

'n Leda-gril
'n blou en koper floute in die diep namiddagson.

Wat suggereer word is 'n huwelik van die menslike met die goddelike
in 'n lig- en sien-ervaring wat tegelyk sinnelik en van die gees is.

- 8) Die "Engel van die Here" van die Ou Testament (ma'lak Yahweh) is 'n
diep geheimsinnige figuur. "In many passages he is virtually
identified with God as an extension of the divine personality, and
speaks not merely in the name of God but as God in the first person
singular" - soos bv. met Hagar in Genesis 16, met Abraham by die
offer van Isak in Genesis 22, met Jakob in Genesis 31, "Ek is die
God van Betel"; of met Moses op die berg Horeb: "Daarop verskyn
die Engel van die Here aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos..."
(Exodus 3).
- 9) Nog voete-verwysings kom voor in Dans (SJ 13) se gebed: "Keer my
voete, Heer, keer/ my voete, my voete dans/ my dodedans"; in Groen
grasskoene (WB 25); in die "konkelvoet" van Die sonde (VL 25); en in
Die skreeu (VL 10) se ekstatiëse, merkuriale
- ek sal nie skoene aan my voete hê nie en om my enkels
sal poeiervlerke waai -
- 10) Vgl. die meditasie oor die Voetewassing in MEDITATION van
Friedrich Rittelmeyer, p. 95-102.

11) "Die vrou uiteindelik herstel in genade", sê Paul Claudel van Maria in 'n gedig wat as voorgedrag gehoor is.

12) Vgl. GOETHE'S THEORY OF COLOURS (FARBENLEHRE), Cass Library of Science Classics.

L.J.R. Ort, MANI, A RELIGIO-HISTORICAL DESCRIPTION OF HIS PERSONALITY, Geo Widengren, MANI AND MANICHAISM, ens.

Mani was 'n godsdienstige leier van Persies-Babiloniese agtergrond wat in die derde eeu na Christus geleef het. Sy invloed het tot in Wes-Europa, Sjina en Noord-Afrika gestrek.

Mani het geleef en geleer vanuit die inspirasie van sy engel of "Tweeling", wat toe hy twaalf was vir die eerste keer aan hom verskyn het. Hierdie geestesgesel word in die Manicheïse geskifte geassosieer met Christus en met die Parakleet (die Heilige Gees).

Mani het homself beskou as 'n verteenwoordiger van Christus. Sy leringe, spruitend uit die Persiese (Zoroastriese) dualisme tussen Lig en Duisternis, sluit meer aan by die opvattinge van die Mandaeïese sekte of van die vroeë Siriese kerk as by die Wes-Europese vorme van die Christendom waarmee die huidige Suid-Afrikaner bekend is. Hy het baie klem gelê op die Christen se rol in die stryd tussen lig en duisternis.

- 'n Mens moet natuurlik onthou dat die Jodedom beïnvloed is deur die ballingskap in Persië-Babilonië. Die engele kom bv. sterk na vore in die geskifte van ballinge soos Esegïël en Daniël. - Ook is dit vir Afrika-Christene van belang om te weet dat die Christendom in Ethiopië wat deur soveel eeue standgehou het, oorspronklik deur Siriese monnike uit die Oostelike Christendom gevestig is. -

Mani se leringe oor die stryd tussen die Lig en die Duisternis (Ahura mazda en Ahriman - 'n dualisme wat voortgekom het uit oorspronklike eenheid) - het ingesluit die mite van die val van die Eerste Mens in die diepte van die duister in, en die proses van sy redding en weeropstyging na die lig.

Die aardse mens se taak in die natuurwêreld sou wees om die lig wat in die duisternis van die materie verstrengel geraak het, weer te bevry.

- 13) In Ape sug nie (WB 31) is dit ook 'n soort vurige nuuskierigheid na die geheim van die boom van lewe en kennis wat dreig om die digter tot waansin te dryf:

want dig
is speel met vuur -
...Tot oplaas
die rustelose ongeneeslike sug na meer en
altyd beter as taal, die slang, die pragtige slang
wat die verbode, onsegbare Geheim omkring,
opjaag uit haar kronkels, sissend na die brein -

"Minder vermetel lyk dit my", stem Sheila Cussons dan saam met die houding van die Spaans-Amerikaanse skrywer Jorge Luis Borges van wie se verhale sy ook vertaal het, "om liever tussen/ die dooie stene van tempels wat te laat te veel/ geweet het, met blink, veilige ogies aap-ongeërg te speel." Die Luciferiese versoeking van digterlike hubris, trots "verwatenheid", word hier afgewys ter wille van 'n meer nugter en speelse houding teenoor die literêre skepping.

- 14) Vgl. die "gedoemde glorie" van Hek-ode (SW 61). Die desperate glorie wat doem of wond beduie, skyn die direkte teenoorgestelde te wees van die wond wat skitter: die skittering wat wond (glorie beteken letterlik "ligheerlikheid").

- 15) Namate die opkyk na die engele sedert DIE SOMERJOOD verminder en liggaamsgebondenheid knellender word, verander die aard van die digteres se toekomsverwagting. In die plek van die vroeër bundels se ekstatiëse verlange na 'n getransformeerde liggaam, 'n nuwe aarde, die "herstel van alle dinge", kom daar ná die krisis van DIE SOMERJOOD 'n dieper indaal in die menslikheid, 'n verlange na die dood en die lewe wat anderkant daardie grens lê.

In DIE SOMERJOOD word die volle werklikheid van die ontbinding van die liggaam aanvaar, soos in A very successful death (SJ 29) met sy "oog des namaals" wat tegelyk aardse ontbinding en geestelike uitdeining is. (Kantel is 'n meerkantige woord. Kant-"dentelle" - is tegelyk vol gate en van groot skoonheid. Kantel = fokus verskuif. Uitgekantel: heeltemal uit sy raamwerk van driedimensionele ruimte uit, sal sien ná die ontbinding van die liggaam kom.)

Ou man sien sy koffer raak (WB 7) is doodsaanvaarding op 'n ligter en ironiese toon.

Klein ode op wit (SJ 22) kan vergelyk word met Wit-spel in DIE SWART KOMBUIS. Die Klein ode sluit aan by Louw se Groot ode (TR 123: ingaan in die koue dood). Vetkrytkrabbel (SJ 25) bied ook die skipargetipe, die beeld waarmee die Groot ode so betekenisvol eindig, op 'n ander manier. (Die "skip van die dood" is 'n beeld wat ook sterk na vore kom in bv. Marina van T.S. Eliot.)

Sheila Cussons skryf dikwels herinneringsgedigte oor tye wat verby is of oor mense wat al dood is. Sy praat met haar gestorwenes.

"Hallo, goodbye..." sê sy vir die telefoon van die geel affodil-trompel uit die donker grond (WB 16). Sy voel 'n blik op haar gerig:

'n Kleinood nou is hierdie foto
 waar jou gladde gesiggie met sy brilletjie vir my kyk:
 kyk, en wees my genadig, jy vir wie die Purgatorio
 van korte duur moes gewees het -
 Weg is die skaduwees in jou wang, veerkragtige Cussons,
 en in die oog van die koedoe kom 'n glans van die Paradys.

Klein biografie (SK 79)

In hierdie oortuiging van 'n volgehoue kontak met die dodes verskil Sheila Cussons van Afrikaans se ander groot religieuse digter, man uit 'n vroeër geslag. Vir Totius lê die bitter pyn juis daarin dat hy volkome afgesluit voel. "Onvindbaar is die dode," "geen stem of ritseling/ wat deur stilte en donker dring." Dis vir hom meestal aaklig swart... "net die lamp van my gelofie in my hart," die ge= loof dat hy sy kinders eendag as hy self dood is, weer sal sien (PASSIEBLOMME 20, 34, 35).

Klein ode op wit handel ook oor wit as doodskeur. Dit herinner aan die Amsterdamse sneeu van Aandenking (VV 35) of Magnetic North? (SK 28). Die wit bevrydingsleer suggereer die dodes in hulle aansluiting en insluiting by die hemelse heerskares. Iets van die stemming van vroeër wintergedigte vanaf die Amsterdamse winter-akwarelle en Laat Engel in PLEKTRUM word in die Klein ode hervind. (Hierdie gedigte herinner aan A. Roland Holst.)

Al die sneeuverlangens word een, die verlange na suiwerheid en ver= gifnis, na die verlore geliefde, na hemelse verlossing, die terugkeer van die siel na sy tuiste. Alles gaan end en begin word, juiging en sneeu - dood word

... the unimaginable
 zero summer

T.S. Eliot, THE FOUR QUARTETS,
Little Gidding I

Hierdie doodgerigtheid groei dan in die volgende bundel tot sulke oortuigende gedigte soos Harry Rozema, Die erfglasie en 13 Januarie (WB 4, 23, 9). "Het gaat sneeuwen," het Harry Rozema lank gelede gesê toe die uil roep. Nou, ná sy dood eers, kom die woorde in hulle volle betekenis tuis; die innerlike kern binne die uiterlike hulsel gloei skielik op in 'n oomblik van herkenning, langs die rivier.

In 13 Januarie sien die digteres die dood wat binne alle lewe skuil. Ook hierdie gedig, geskryf vir die dag van Jesus se doop, is 'n neer= dalingsvers, wat weet van opstanding (die Sonduif), maar nou die teen= woordigheid van die doodsvöëls in die donker ervaar, die wit wat ge= bore word uit die swart. Geheimnisvol is die "lower swart van vlerke". Al hierdie voëls van die swart winterbos was: die sneeuvlokke wat gaan val. Die onsigbaar swermende dodes is "elke knipperende oog".

Baie fyn word 'n innerlike toestand van afwagting in-gesien in die uiterlike landskap en jaargety. Dis 'n oomblik van oorgang van een toestand tot 'n ander:

Christusdoopfeesdag	-	'n oorgang van hemel tot aarde
weerstoestand	-	donker koue tot sneeu
gemoedstoestand	-	'n blik op die oorgang tussen voor= doodse en nadoodse

Die dag van Christus se doop herdenk die neerdaal van die lig in die donkerte in (Johannes I), die inkrimp van sonwarmte in die koue van die water (hyle) in.

My bloed by net die dink daaraan
krimp klein na binne toe -

G'n duif vlieg op hierdie dag vir die digteres op nie (soos in 1945, PL 1), nòg van aardse liefde, nòg van stralende gees-openbaring.

Daar is net die geheimsinnige oë in die lower, die wagtende sneeu=
vlokke... 'n wit leër aan die oorkant.

In VERWIKKELDE LYN word daar meer afgetrokke gedink oor "wat dit
is wat die lyf oorleef" (VL 17); en oor die dood van Emily Dicken=
son, eindelik verlos uit "die brandende noute van 'n hart" en gevlot
"op die soepel ewewig van haar adelaaraard" terwyl haar lyk agterbly
so lig soos 'n eierdop.

- 16) Op 'n plaat in 'n reeks waar moderne digters van hulle eie werk voor=
lees, het Kathleen Raine as inleiding tot haar gedigte gesê dat die
studie van die taal van argetipiese beelde, vir die digter 'n voorver=
eiste is. Haar eie gedigte toon wat sy bedoel.

Robert Graves vertel in THE WHITE GODDESS iets van die kursus van
dié aard wat die Keltiese barde vroeër moes deurloop. En in BLAKE
AND TRADITION wys Kathleen Raine hoedat die digting en visuele kuns
van William Blake berus op tradisionele beelde verwant aan dié uit
vroeër mitologie en misterie.

- 17) Raymond Chandler is 'n bekende skrywer van speurverhale uit die
veertig- en vyftigerjare. Sy werke sluit o.a. in THE HIGH WINDOW,
THE LADY IN THE LAKE, THE BIG SLEEP, ens. Hy skep 'n besondere
atmosfeer, 'n soort nostalgiese goedigheid gekombineer met dekadente
sofistikasie, 'n mengsel van brutaliteit en teerheid.

HOOFSTUK IX

Die duiwel: versoeking en bevryding

Maar my oog is op jou en my oog sal op jou bly
tot jy verskrompel, Selsug

Die ongedierte (M 53)

Voor u my vir ewig red van die murgdiep
kankerende nyd van u Teenparty.

(M 56)

Waar DIE SAGTE SPRONG geëindig het met 'n begeerte na stilte en transen-
dering van die aardse, kom in DIE SOMERJOOD die swart-en-vuur beelde van
DIE SWART KOMBUIS weer na vore in verse oor versoeking en inkeer. Is
Jeanne d'Arc wat die vuurdood sterf, heilige of heks?¹⁾

Die kennisval staan in die volgende bundels nie meer so op die voorgrond
nie, en die versoeker heet ook nie meer Lucifer nie. Eerder is die trots
van die sinnelike daar, hernieuwe konfrontasie met dood en aardsheid.

Daar is eintlik net twee werklike engelgedigte in DIE SOMERJOOD:
Respyt oor "Belial", die teëstander (SJ 16), en 'n Aankondiging heeltemal
anders as dié in bv. Retabel (SJ 9, SK 66).

Respyt is een van die uitvoerigste van Sheila Cussons se gedigte oor die
duiwel en sy hel en sluit aan by Behoud in DIE SAGTE SPRONG (SS 46):
selfhaat is die "luukse van 'n engel".

Die hel het geen enkele eienskap
om 'n duiwel te interesseer nie,
die mens wel, o haat en walging,
die mens wel, Vlees is aanstoot genoeg
maar dat die Woord met spuug kon hu -
Belial, dit nog boonop. Maar wanneer
dié afleiding hom ook eindelijk
ontneem word: die verdorring van
die huid, die kastrasie
van die skoonstes, die verblinding
van die oog, sal hy van die tortuur
van ons ten minste dan bevry wees
om sy eie, hy van die lewendige
verstand, minusieus te bestudeer.

Respyt beteken "uitstel van betaling" of "onderbreking, ontspanning".

Die marteling van die mens in sy vleeslikheid is in dié gedig maar net 'n
uitstel en afleiding totdat, wanneer die vlees versaak in ouderdom, die
selfmarteling van die te wakker verstand 'n hel van self-analise word.
Vlees en verstand is twee uiteenvallende pole.

Of miskien kan "warm" en "koue" pole gekarakteriseer word in terme van
"Lucifer" en "Ahriman". "Ahriman" is 'n benaming uit die ou Persiese son-
religie, die naam vir die teëstander van die Lig, donker en onderaards;
werkend in 'n bloot materialistiese wêreldbeskouing en die koue intellek.

- Hierdie siening van die bese as tweeledig kom tot uiting in Rudolf Steiner
se groot houtsneebeeld van Christus. As die ware Mens wandel Hy tussen
die twee uiterstes om steeds nuwe ewewig te skep. Een arm na die hemel
gestrek oorwin die mag van die aardgebondenheid; die ander gestrek oor die
aarde in seënende werksaamheid, breek die vlerke van Lucifer se weerstrewige
wegstreef van die aarde af. -

Die teëstander, "hy van die lewendige verstand", word in Respyt Belial
genoem. Sou dit wees na aanleiding van 'n gedeelte in Paulus se tweede
Korintiër-brief? (Korinte lê aan die voet van 'n Venusberg.)

"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliäl,²⁾ of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode?

"Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir my 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here: en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

"Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring." (2 Kor. 6:14-7:1)

Respyt staan tussen die Raymond Chandler- en Rubens-verse enersyds (SK 14 en 15) en die wonderlik vreedsame Die wit huis (SJ 17) andersyds.

In die gedigte van DIE SOMERJOOD oor die verleiding van die trots van die sinne is die gewete baie wakker - byvoorbeeld in die slangbeeld vir die bese stede in Nagrit met Raymond Chandler. (Vgl. aantekening 17, Hoofstuk VIII.) In Pieter Paul in die paradys word die gebeure gade=geslaan deur 'n "preutse pou wat soos 'n takhaar staan en toekyk"... Die gewete openbaar twee aspekte, een dié van die gestrenge sedeleer van klein=dorpse patriarge uit die kinderdae ("takhare"), wat nou nie meer soos in PLEKTRUM summier verwerp word nie maar een geword het met die wysheid van die engeleblik. Dit is 'n paradysgedig, net soos Tuin (PL 2). So staan vir 'n siener-persoonlikheid die blik van die "Overself" op wag by die

intree (" 'n Leda-gril") en uittree van sinnelike verrukking (soos ook by die inwyding in die grot van die Groot Moeder...(SK 30)?).

Helaas die mens: Tuin is bewuswording van geluk, Pieter Paul... van skuld; en in Respyt word die blik op wat verby is, martelend. In Respyt gaan dit om sinneverleiding en gewete. Hier is 'n meer abstrakte stelling van wat in Raymond Chandler en Pieter Paul in die béélde aanwesig is.

Wat dit moeilik maak om oor Respyt te skryf, is die onduidelike fokus: is hierdie duiwel "buite" of "binne"? In die versoeking van die vleeslike en die eie pyniging skyn mens en duiwel verstrengel.

Let op die "martelende" effek van die gespanne lang uu-klanke en die moeisame uitspreek van die vreemde woord minusieus.

Ten slotte kan 'n mens nog opmerk dat Respyt ook aansluit by Moses klim uit sy tydmasjien... (VV 29) in die mate waarin albei die duiwel se jaloerse belangstelling in vlees en liggaam beklemtoon; en die pyn wat Christus se vereenselwiging met die liggaam vir hom is - 'dat woord met spúúg kon hu' (steeds hieros gamos) heet dit in bewussyn van die Logos-god (Joh. 1:1)

Moses klim uit sy tydmasjien... is geskryf vanuit die hospitaalondervinding (rondom die Kruisiging), Respyt vanuit die gevoel van naderende ouderdom en oorgaan na die liggaamlose toestand, met verwysing na 'n verhoogde Christus in die skeppingswonder van spraak. Die heel verskillende benadering van verwante stof toon weereens watter veelsydige digteres Sheila Cussons is.

Wat styl betref, is Moses... 'n byna-verwarde swymelgedig, Respyt aan die ander kant 'n netjiese sekwensie. Aankondiging (SJ 9) is in styl eerder verwant aan Moses...: skokgedig vir 'n uiterste skok-ervaring. En weer

is dit moeilik om vat te kry omdat die fokus so verskuif. Waar, oplaas, is "buite" en waar "binne"? Een oomblik skyn mens en engel bomenslik een te wees - in die skeppingsgawe van Verbeelding; in mistieke eenheidservaring; in herinnering aan 'n voorgeboortelike of 'n slaaptoestand? - en dan zoeëi het die brandbos uitgegaan en staan die mens daar in sy naaktheid verlate.

Alomvattend meer as mens
 kring ek oor die harde aarde
 dwing ek huise uit die klippe
 dwing ek uit chromosome die oë
 van haar aandag (God het sy só gelyk?)
 stamel ek kuwewringend
 Wees gegroet en kan ek nie verder nie
 (O God: moenie verder nie!)
 omdat ek ermsalige
 in die asyn wat ek is, mens, stik.

In hierdie Aankondiging word die geboorte-engel/skeppings-engel self aartsengel wat val. Die blik verskuif van bo-af op aarde/godsmoeder tot 'n binne-ondervinding van die mens gekerker in sy liggaam. Mens en engel is ineengestrengeel. Dit werp groot vrae op oor die verhouding tussen liggaam en gees, voorgeboortelike syn, 'n Platoniese neerdaal in die hyle in...Des te meer omdat die toestand van a-syn, nie-wees, vervreemding van God/eie-self die aliënasië-toestand van die "outsider" in ons samelewing beliggaam en die depressiwiteit van dié wat die psigiatrieklinieke vul. So 'n gedig is vir die mens vandag van akute belang. (Vir 'n bewussyn van indaal in die aardse in, vgl. ook Toskane: Vyfhonderd jaar, VV 32, Erfsonde met sy verwysing na Blake, SW 77, Eksistensie, VV 22, en Groen Grasskoene, WB 26, sowel as Verklaarde kring, VL 27).

Aankondiging eindig met dieselfde asembeweging as die laaste 'snik' van Die Somerjood of 'skrik' van Glimp (SJ 31) - SJ 30 plaas die versweë 'sluk' van die woordspeling 'onopgeslik' in 'n sleutelposisie.

Die implikasies van Aankondiging lê op so baie vlakke dat dit moeilik is om hulle saam te vat. 'n Mens sou kan sê: die kunstenaar se gods=bewussyn ly skipbreuk en strand in skielike bewuswording van aardse beperktheid, die a-syn van die menslike toestand. "Kuweringend" staan die engel daar - wat 'n woord, in klank én beeld! 'n Ont-engelde engel, vis-mens, regressie na 'n evolusionêre oeraanvang? Die gedig kulmineer in 'n woordspeling, suur-op-die-tong asyn en a-syn, "onwees", met selfs miskien 'n toespeling op die asyn wat Christus aan die kruis gedrink het. (Eloi, Eloi!: Waarom het U my verlaat? is 'n Kruiswoord wat in gedagte geroep word in Verklaarde kring, VL 27).

Bonatuur en natuur val in hierdie Aankondiging uiteen, inkarnasie kom nie tot stand nie. Die siel deins in hewigste vrees terug voor die nuwe geboorte wat moet plaasvind. Sonder engelbewysyn of inspirasie van bo is menswees nie-wees.

* * * * *

Uitgedryf uit die paradys, engelvervreem, sal die blik in die volgende bundel meer gerig wees op die mënslieke. Dié gedig skyn 'n keerpunt te vorm.

Teenoor die waardige middeleeuse katedraalstandbeeld van die eerste gedig uit PLEKTRUM, vertoon die vallende engel van Aankondiging met sy verskuifde fokus soos iets uit Guernica van Picasso. 'n Hele periode van bewussyns=ontwikkeling - vir die mensdom, 'n kultuur en 'n individu - is in beeld gebring.

Wanneer bevestiging weer kom, is dit anderkant die engele uit; dit is in die nagmaalbrood, Woord of ongestorte lig, dit is Hý (SJ 20, 26, 32, 33).

Ongestorte lig in die gestorte traan, Hý in sy menslikheid.

Die later bundels is oor die algemeen soberder en meer na die menslike gekeer.

Groen grasskoene (WB 25) herhaal die tema van die mens se wegval uit gods= verbondenheid op 'n ligter, speelse manier. Na 'n lang afwesigheid, is Zeus en sy bruilof weer hier. Maar as die roes van meeleeft met goddelike magte in die natuur wegval, en die versoberde mens huil oor die "verdwyning" van sy planeet: dan is "grasskoene" die enigste uitweg: As die mens dan vas op die aarde moet staan, in sy gestroopte menslikheid, is vers en fantasie sy troos, "verdigsel". Dis 'n woordspeling: verdigting uit die geestelike tot materie is ook die menslike toestand. En met "verdigsel" word gewoonlik leuen bedoel. Is poësie dus net 'n uitvlug?

In DIE WOEDENDE BROOD voel die digteres haar

gebreinspoel en gevonnis tot
nugterheid lankal,

Die roos in die glas (WB 27)

genoodsaak om te onderskei tussen "feit en verbeelding". In Noudat ek...

(die slotgedig) wil sy skryf oor die goddelike as

iets feitlik niks metafisies nie...
...baie konkreet eenvoudig...

In Beelde (WB 12) word alle skepping, God s'n van die mens en aarde sowel as die digter s'n, gesien as 'n "vlug in beelde in". Die mens is die "arme sondige beeld van God", "gelont" met ondergang.

Daar word al meer verby die taal van beelde gestreef. Verklaarde kring (VL 27) noem

verbeel: die dink in prentjies van 'n beliggaamde gees,
surrogaat vir kennis, troos vir die beswyming van weet -

en bid

...Beelde is
al wat ek het, ontferm U! Maar meer as beeld is ek:³⁾

Anderkant die sintuie en die dink-in-beelde aan hulle ontleen, voel die digteres dat sy die "onaanrandbare pitweet" van 'n intuïtiewe, sakramentele eenheid wil bereik.

Oor die engele word eweneens anders gedink in die later gedigte. Hulle word meer selde en tersyde genoem, meer as begrip om die bo-aardse uit te druk (WB 25, 30, 35) dan as die numineuse teenwoordigheid van GESTALTES 1947 of van PLEKTRUM.

Die digteres voel in DIE WOEDENDE BROOD dat

al die klein, baie,
angstige dinge waaruit ek bestaan

haar

onderskei van, sê, 'n engel of 'n orkaan

15 Augustus: Maria-hemelvaart (WB 22)

Want
noudat ek gekom het tot vyftig jaar en plus,
voel ek nie meer die engel van trots by die besef
dat ek té menslik is om hom slegs te adoreer,
soos 'n engel -

... ék ken my nou:
klein, afhanklik, hulpeloos -

Noudat ek (WB 35)

Lank tevore het Van Wyk Louw in sy Ballade van die Bose (uit GESTALTES EN DIERE) geskrik vir die gedurige teenwoordigheid van die skaduwee=dubbelganger, wat vra:

Ken jy my nou?
Het jy die spieël gesien
en ken jy jou?

Asof in antwoord sê Sheila Cussons, wat die duister meeloper in die

gesig gekyk het,

ék ken my nou:
klein, afhanklik, hulpeloos -

en gaan voort in die nugter mirakel van daaglikse onderskraging, wat
dáár is wanneer dit gevra word.

* * * * *

Miskien het die digteres van die begin af gevoel dat daar 'n element van
oordreweheid en selfverheffing in haar blik op die engele kon wees. "Ek
is met hulle / behep van ek my kan onthou" sê sy (Engele, SS 50), en behep
is nogal 'n sterk woord: die KERNWOORDEBOEK gee die betekenis aan as
lydende aan, gepla met, besete met, bevange met.⁴⁾

Die Jakob-stryd met die engel voer tot 'n besef van die tweeheid Duiwel/
Christus.⁵⁾ Tot waar die stryd teen die duiwel doelbewus opgeneem word.

In Enkele observasies (WB 17) het die houding teenoor versoeking ontwikkel
tot 'n punt waar die digter 'n volgehoue stryd teen die Bose onderneem;
maar baie sober, soos die huisvrou se volgehoue stryd teen stof onder die
bed. Dis 'n ver ontwikkeling sedert die bewondering vir opstand in
bv. PLEKTRUM se Lucifer (PL 8).⁶⁾

Is dit die stryd van die kunstenaar om die suiwerheid van sy kuns wat
waargeneem word, die worsteling om Lucifer se vuur te transformeer tot
ware Pinkstervuur, die egoïstiese illusie tot persoonlik-universele
waarheid? -

Ek dink oor woorde
dink 'n haastige hongere tongige wind wat
pinksterend weer 'n wête in ons woorde sal kom inlek

(SK 58)

Johanna Knottenbelt skryf na aanleiding van 'n akteur se ervaring:

"Zo is deze impuls, in die spraakvorming gegeven, een weg om het Woord te dienen, als kunstenaar zich beschikbaar stellend voor een waarachtig Christelijk gebeuren. In deze houding leeft de nieuwe vorm van kuisheid, die de oude Luciferiese erfenis overwint. - De leerling blik terug op die tijd, toen hij vol vuur begon, Luciferisch vuur, dat de persoonlijke spirituele impuls zo machtig kan inspireren. Aan deze opvoering beleefde hij, hoe dit naïve vuur van die beginneling kan worden tot het, al het persoonlijke, toevallige verterend, heilige vuur, het Pinkster vuur, dat aan het moderne kunstenaarschap zijn werkelijke wijding vermag te geven." (De drie geloften, "Mededelingen van de Anthroposofische Vereniging in Nederland", Mei 1980, p. 99)

* * * * *

Teen 'n agtergrond van soeke na die "gebed van stilte"⁷⁾ as direkte band tussen die mens en sy Wesensgrond, kan die later bundels se gedigte oor die bouse gelees word. Behalwe Die vete - oor hekseywe betrokke in 'n parodie-ritueel, WB 29⁸⁾ - of Ape sug nie - oor die kunstenaar en die sissende slang om die boom van kennis - is dit veral Enkele observasies en die titelgedig uit DIE WOEDENDE BROOD wat in die konteks van hierdie hoofstuk ter sprake kom.

Die pomp is die hartgedig van dié bundel (WB 18). Dis een van die herinneringsgedigte gewy aan 'n dode, en aanvanklik net so koud soos die sneeu-dood van Klein ode op wit, Harry Rozema of 13 Januarie (SJ 22, WB 4, 9). Vol melancholie is die vokale in 'n reël soos:

O die ou, koue yster, hoe oud!

Die toneel wat in Die pomp beskryf word, skyn die binnehof te wees van

die klooster van die Parakleet waar die historiese Heloïse voortgeleef het na die dood van Abélard; miskien ook een of ander klooster waar die digteres 'n periode van tydelike retraite deurgebring het. Die skree van die pomp herinner aan die skree van Abélard - toe hy gekastreer is? toe hy dood is? Of soos in Groot Ode die

uitskreeu na ánders as hy is
- heiligheid en volledigheid -

(TR 133)

In Die pomp klop die hart van die minnaars saam as een, die oorlewende en die gestorwene. Word hierdie liefde in "natuur en bo-natuur" soms deur Sheila Cussons as 'n sentrale impuls in haar werk beskou? (Gestorwe Dante, oorlewende Beatrys.)⁹⁾

In LEWENSLYN lyk dit asof Van Wyk Louw die moontlikheid van 'n voortgesette band tussen Esme en haar gestorwe jeugminnaar Willie afwys as illusionêr. Tog voer ook W.E.G. Louw in Naggiesprek 'n nadoodse dialoog met sy broer.

* * * * *

Net voor Die pomp staan Enkele observasies (WB 17), bedrieglik koel met sy saaklike titel en dagboek-inskrywings.

Eers die bottel, toe die kers.
Die wyn loop dun uit oor die marmerblad
soos water uit 'n sy, lig bloed-betint.
Geen gil, net 'n fyn en rinkelende klag
van skerwe gevee in 'n skop in.
Peinsend gaan sit ek elders, en foeter
met my voete op die tafel 'n brandende kers
in 'n blaker om. Smak van koper op hout,
maar 'n koeël nie vinniger as die hande
van my skrik nie. Wyn ontfles gaan lê net
breed, dun uit en drup oor die tafeland,
hoogstens met 'n nat verwyte. Maar vuur
vee jy nie in 'n skop, week jy nie met
'n dweil op nie. En tog is jy ook gedoem,

langsaam sinkende vlam: elke ding
 waardeur die dood kom, dra sy eie dood
 in hom. Het ek moord gepleeg?
 Dikwels seker, op hoeveel vreugde,
 hoop en verwagting in die hart van 'n ander?
 Die aard van alles is 'n verwronge aard -
 Ek sal in my dagboek later noteer:
 " 'n Bottel goeie klaret gebreek,
 en amper skade van vuur gehad."
 Dan bid en beloof, soos stof onder die bed,
 om die Duiwel voortaan effektiewer te haat.

Twee gewone huishoudelike ongelukke, die breek van 'n bottel wyn en
 die omstamp van 'n brandende kers, word beeld van die onontkomelike
 skuld van die mens. Skielik is die wyn wat uitloop, "soos water uit
 'n sy, lig bloed-betint": deel van die verskriklike Golgota-wond
 (hart-wond), waaraan ons almal skuld het; en die vuur wek die vraag:

 Het ek moord gepleeg?
 Dikwels seker, op hoeveel vreugde,
 hoop en verwagting in die hart van 'n ander.

Die slotsom is:

Die aard van alles is 'n verwronge aard.

Die wond kon nog nie wêér tot skittering kom ná die tweede skrik van die
 vuur nie. Gevallenheid word in hierdie gedig sterker gevoel as opstan=
 ding. Maar daar is die nugter besluit, in aanvaarding van die duiwel se
 gedurige versoeking, om voortaan met groter volharding daaglik die kwaad
 te bestry (meer aktief as in Die ab praat, SS 62). Die voorneme word
 gestel in die huisvrou se terme van die daaglikse pligsgetroue stryd teen
 stof wat uit alle hoeke weggee moet word. Besem en dweil is ook die
 beelde wat die eerste twee episodes aan mekaar bind. Dis die werktuie
 waarmee die vrou skoonmaak en orden, regstel wat verkeerd is: bedrieglik
 alledaagse beelde vir diep menslike nood.

"Die erns van wat gesê word:
 dié merk ons nie."

Van Wyk Louw, Groot Ode, TR 126

Net na Die pomp staan Die woedende brood, die gedig waaraan die bundel sy titel ontleen.

Hulle wat brood eet, nie brood metafories
 nie, maar brood met olie en sout op,
 is nooit soos dan so heel nie, volkome,
 soos die vingers wat die brok hou,
 die kundige edel vingers van die hand
 wat die sweet van die aanskyn wegvee -
 Jesus en sy twaalf eet brood,
 brood met olie en sout op; Jesus met net
 so 'n mond, sulke hande, geneem uit Maria,
 en al wat Hom van hulle onderskei, is in
 sy Hart en sy Hart in die Vader, die Gloed
 waarin alles ontstaan het, die korrel
 koring, die aarde, die brood, die honger
 eens heerlik, tot verhongering vermink,
 en die Furie en die oorvloedige Bloed.

Die titel is weer oksimoron, adjektief in paradoksale teëstelling tot sy selfstandige naamwoord, maar so te sê in tru-rat: in "die skitterende wond" word die "wond", wat negatief is, tot positief verander omdat hy skitter.

Maar hier word die brood, wat voedend en gerusstellend is, iets verskrikliks omdat hy woedend is. Die Vadergod, "die Gloed waarin alles ontstaan het", word straf-God, Furie; met 'n woede teen die magte van die bose wat aan die Hart van die heelal ontstaan en in die Bloed van Christus weggevoer word.

Dit gaan nie meer net om die ontstaan van die kwaad soos in vroeër gedigte nie, maar nou ook om die gevolge van die kwaad; ook nie net om die opstanding nie, maar om die versoenende lyding in sy volheid. Die drif vir die herstel van balans en heelheid is dwingend.

Die klank self is 'n strukturerende element. Die diep oe gevolg deur d of t, lei van woedende in die titel na Gloed en die herhaalde oorvloedige Bloed. Die assonansie van die herhaalde oe en nog meer dikwels herhaalde oo (3 keer in die eerste reël, 2 keer in die tweede, 4 keer in die derde)

vorm wat Edith Sitwell "dissonansie" noem,¹⁰⁾ die wisseling van vokale wat ná aan mekaar is, byna eenders; so ook die u van Furie en die oe in die laaste reël. Die smal, gespanne ü naas die diep oe dra wesenlik daartoe by om die paroksisme van toorn teenoor die versoenende tot-vrede-stroom uit te beeld.

Die openingskonsonante bind brood aan brok. Die alliteratiewe h in Hulle, heel, hou, hand, Hart en honger omweef die hele gedig met sy stemming van - aspirasie? (Dis eintlik in euritmie wat mens 'n spesiale gevoel vir die moeilik in woorde definieerbare kwaliteit van die verskillende klanke kry,¹¹⁾) Dan is daar weer die k en r in korrel, koring, die afkapklank van vermink, die -ink volgend op die meer vloeiende -ing in twee woorde wat met ver- begin: verhonger vermink. Daarna Furie en oervloedig. Drie keer na mekaar volg dus v(f)...r, dan rvl... bl... Die klankteksture is soos weefwerk en vol betekenis. Die manier waarop Bloed aan die end dan rym met 'n reël 'n entjie vroeër - net die een end-rympaar in die hele gedig - is kenmerkend.¹²⁾

Die gedig is drieledig. Die eerste deel gaan om boeremense, Spaanse of ander Mediterreense peasants - soos in die eerste gedigte van VERF EN VLAM, veral VV 5, en Die rivier (WB 33): "Saans, een vir een ná brood, vergader/...sy akoliete..."

Dit is die mense van die aarde wat met hulle hande werk: "kundige, edel vingers." "Kundige" is 'n woord wat Sheila Cussons reeds in die klimaks van 'n gedig vir die timmerman-Christus gebruik het ("Christ of the burnt men", SK 81 - vgl. ook Ecclesia, SW 70, en Lied van die hout, WB 24). "Sweet" verteenwoordig vir die digteres vereenselwiging met die menslike (Taal, SJ 8) en met die goddelike soos Hy in die mens is (6 Augustus: Transfigurasië, WB 21, en Eucharistie, VL 2). Hierdie boermense is nog

natuurmense, in hulle arbeid een met die goddelike en die aarde wat hulle brood gee. Hulle is héél en volkome in hulle eet van die eenvoudige brood met olie en sout op, edel.

Jesus en sy twaalf is net sulke mense, sê die tweede deel van die gedig. Ook hy is 'n mens uit die boerebevolking wat met sy hande werk en sy brood in eenvoud eet (vgl. SJ 30), die seun van sy Moeder.

Maar derdens, sê die gedig, is daar dit wat Hom van hulle onderskei: sy Hart. En in die oneindigheid van sy Hart is daar 'n hele kringloop. (Herinner dit nie aan van die ou-Ierse Kruisfigure met spiraalstromige kosmiese patroon oor die hartgebied nie?)

Sy Hart is een met die Hart van die Vader, die "Gloed", saam met wie Hy skeppergod word, ¹³⁾ Oordeel, Versoening. Alles verloop baie gedronge, soos in Pleroma (SK 24), daardie ander gedig oor koringkorrel en aarde, waar die einde ook soveel tegelyk wil sê dat dit die asem amper weg= slaan van geladenheid.

Daar is iets onbevredigends aan hierdie einde van Die woedende brood: wat beteken dit presies, is dit behoorlik afgesluit, kom dit regtig uit die verf uit? Maar miskien is dit juis so bedoel. Die gegewe is te groot en alle woorde ontoereikend vir die Onverwoordbare (WB 21).

Dit reik uit na die omvattendheid van ritus, dié brood en bloed uit die hart. Vermoedelik is dit 'n kring-gedig, waarvan die tweede helfte verswyg word. ("Poetry is made up of words and their silences," het Juffrou Schoon ons op skool geleer.) In die sluit van die kring word die Bloed weereens voedsel. "Kyk, tot heil het die bitter, ja, bitter lyde my geword". ¹⁴⁾

In die hart dan, die proses: van natuurlike brood en honger, skielik soos die Paradys verlore, tot die tragedie van verhongering. Die brood en honger, sien ons nou, is beeld vir die hele begeertelewe, wat as dit deur die bese van balans getrek word, lei tot gebrek en vermindering.

In "verhongering vermind" word twee groot temas van Sheila Cussons se poësie ineengeskakel: voedsel en verwonding. Die leser word weer gekonfronteer met die misterie van die kwaad wat groei uit dieselfde bron as die goed, die goed net verkeerd-om gekeer.

"Furie", die sinoniem van woede of toorn wat hier gebruik word, herinner aan vuur. Dis 'n ander manifestasie van die Gloed, "keersy van U klaarte" (Selebrant, SW 35). Ook herinner dit aan die Griekse furieë of wraakgodinne wat die geboorte van die innerlike gewete voorafgegaan het. Klanksgewys is dit ná aan die "tortuur" van Respyt (SJ 16).

Die Bloed wat vloei is verbonde met die vermindering, oorsaak of gevolg van die Furie teen die bese. Dis tegelyk straf en versoening. Die mens se lyding word Christusbloed uit die hart van die heelal. Menselyding in Christus-lyding so oorstelpend vol en diep, voer alles weg. Die sillabes van "oorvloedige Bloed" is so vol dat hulle ongemaklik is om te sê. Spraak verstom in hierdie vloed...

Ek is die Brood van die lewe
(Johannes 6)

Om sonder hierdie voeding van eenwees met God te lewe, is vermindering: is om die "Toorn van God" teen die bese te ondervind, die "donker vuur" (Savonarola, Vagevuur, Selebrant, VV 31, SW 42, 35).

Die woedende brood gaan, in Paulus se terme, om die eerste Adam en die tweede Adam (1 Korintiërs 22:45-49). Die eerste Adam is van die aarde aards. In edel eenvoud eet die nog paradyslike mens die brood van die natuur en werk met sy kundige hande. Maar daar is die wegval - honger: dis ook deur die éét, van die verbode vrug, deur begéerte, wat die eerste Adam uit die Paradys verban word. Christus is die tweede Adam, deur wie die versoening kom: die eerste van 'n nuwe geslag mense, 'n nuwe volk, uit die een Bloed, wat deur Christus se omvorming van die mens se begeertenatuur, en die substansie van sy liggaam, tot stand kom.

Hierdie beker is die nuwe testament (= die nuwe verbond)
in my bloed

is instellingswoorde by die wyding van die wyn in die Nagmaal (Lukas 22:20, 1 Kor. 11:25).

Die verband tussen die Furie en die Christus-wonder is dieselfde as in Advent (SW 41). Ook in Advent is dit uit die Tóörn van God teen die teëstander wat die "roos" gebore word, geweldig uit sy hart.

Die rooi roos was nog altyd simbool van die Christus-transformasie van bloed- en begeertenatuur.¹⁶⁾

Soos 'n weerklank op die openingswoorde, in die titel, klink die slot:
Woedende Brood (oor) vloedige Bloed

In fonetiese skrif, die vokale en dan die konsonante:

u ə ə ɔ v..d..nd.. br..t

u ə ə u -fl.d...x.. bl..t

Brood/Bloed. Die woede word versoen deur die oor-vloed.

Dis 'n groot sakramentsgedig. Musterion is die Grieks vir sakrament: geheimenis. So gladweg word daar soms gepraat oor skuld en versoening.

So 'n gedig ruk vir ons weer die diepte van die aarde se Hartsgeheimenis oop, die oergeheim van liefde en van lyding.

Dis die "oop geheim" van die lewende brood (Joh. 6): oop omdat dit geskryf staan in elke stukkie kos wat Moeder Natuur skenk; geheim solank as ons die skrif nie kan lees nie.

* * * * *

In VERWIKKELDE LYN word die duiwel gesien binne die kader van die versoening en vrede met God

met maklike sekerte myne - o U, my maklikheid -
en die pyn wat ek weet is bewys van hoe ek weer reguit groei.

Rigtings (VL 20)

In Verklaarde kring (VL 27) word daar gebid:

Verskoon my dan - U sal

en in Flits uit 'n braaipan (VL 35) verheug die digteres haar dat

elke beskermengel...
...gesprekke kan voer met oplaas
'n ontvanklikheid waar eers net stugge verbystering was -

Sy voel haarself en haar spraak "lós, verlós" en bevry van die Duiwel wat "besorg is oor (haar) boosheid" en haar laat hikkakel. Die woord duiwel is immers afgelei van diabolos wat "aanklaer" beteken. Dis hy wat die mens beskuldig; by God is genade, liefde en vergiffenis.

In VERWIKKELDE LYN is daar in verskeie gedigte 'n fyn verkenning van dinge wat geestelike groei kon belemmer of teëstaan: "gevalle vrees" en die begeerte om soos 'n kind gesus te word (En as ek vurig antwoord: ja! VL 1); Sondag-ligsinnigheid by plesiermakers sowel as priesters (Divertimiento, VL 5); die versoeking gepaard met éét (Kok, Heer vir spys en drank, VL 7, 19); die verset teen die kerk deur Marxistiese werkers en die

lekkergelowigheid van die rykes (Huis paleis... VL 9); oppervlakkigheid van die moderne teologie ('n Soort wat leviteer, VL 11); die "droef verdwaalde instink" van die oorspelige vrou in Johannes 8 (Rigtings, VL 20); die priester se onvermoë in die aangesig van ondeurgrondlike pyn (Die priester, VL 22); hartlose minnary (Die kundige minnaar, VL 33).

Veral Die piekniek en Die sonde (VL 18, 28) gaan om demonie en versoeking.

Die piekniek

Oom Jukskei krap in sy borshare,
 kyk kamtig rond: die ander ooms staan nader,
 en in die kring van hul bukkoppe
 nes of hulle bid, orrel oom Jukskei iets
 tot die sirkel spat soos hulle skater; net Pa
 loop weg met 'n snaakse gespalkte glimlag
 om doenig te raak met die vuur: die vleis by
 die omdraai bloei in die kole
 wat suig van genot soos die duiwels in die hel.
 Bottels bier lê tussen gras en water in groen
 koelte soos bruin vroutjies wat nie kan swem nie
 maar wat tog die nat geniet so langs mekaar
 op hulle rûe. Oom Jukskei weer: vinnig gryp en
 onthoof hy een: sy sterf in 'n skuimbol ingewande
 om haar keel. Die ander toe hy haar opraap
 het klein glasgilletjies gegee.
 Ek haat oom Jukskei met die yslike kuite;
 ek haat hom nog meer as die mes in sy harde vuis
 die waatlemoen oopkloof - dit kreun.
 Die brose eiers, die ronde tamaties lê onskuldig
 heel op die tafeldoek, Ek het nou niks honger nie.
 En vir die eerste keer van heeltemal buite myself
 sien ek hoe mense lyk - selfs Pa.
 Net die groot, stil bome, die sagte water en
 die ver lug bo wat ek wens wil my wegneem, kyk na my
 en verstaan.
 Later gaan sit ek alleen waar die bruin vroutjies
 so gelukkig was, miskien vir mekaar gesê het:
 "Haai, dis heerlik hier, issit nie?" En dan onthou ek
 dat dit my verjaardag is, en eindelik bars
 my huil en ek huil, huil, huil en huil.

Die titel Die piekniek is onskuldig-ironies. Wat 'n plesiertoggie moes gewees het, word bitter soos die hel.

Oom Jukskei is 'n grof-materiële beliggaming van die bese, geen eteriese

Lucifer nie. Hy krap in sy borshare, hou in sy harde vuus 'n mes vas, en het yslike kuite wat herinner aan die "bonkige boeredye" van die voetbalspeler in "En eindeloos vergiffenis vir als" (VL 28).

Onder die beeld van die goedge oom met sy jukskei-en-braaivleis loer die geweldenaar uit wat in elke mens skuil. Sadisties verkrag die brute geweld van die manlike die vroulike, die blanke die bruine, die mens die natuur. Hierdie besef word weergegee deur die oë van die kind wat op haar verjaarsdag "vir die eerste keer van heeltemal buite (haar)self/sien hoe mense lyk".

Oom Jukskei, die vulgêr-gemoedelike alledaagse mens, is soos die priester van 'n anti-godsdiens. As hy 'n kras grap vertel, staan die ander ooms nader en

in die kring van hulle bukkoppe
nes of hulle bid, orrel oom Jukskei iets

Die bierbottel-vroutjies word stukkendgeslaan om geniet te word.

Die waatlemoen word soos met 'n bajonet oopgekloof.¹⁷⁾

Die vleis by
die omdraai bloei in die kole
wat suig van genot soos die duiwels in die hel.

Hierdie gedig toon die blind-genotsugtige mens as handlanger van die duiwel. Genot word gesuig uit die lyding van ander, die onskuldiges.

Die kind haat oom Jukskei. Sy huil onkeerbaar.

Net die groot, stil bome, die sagte water en
die lug ver bo wat ek wens wil my wegneem, kyk na my
en verstaan.

Cry, the beloved country. Sheila Cussons het Suid-Afrika lief, en sy skryf oor die land se leed en skuld in terme van die Afrikaner se onder-
vinding.¹⁸⁾

Ek het jou lief my land...
 ek bid 'n potblou klein gebed
 wanneer ek wakker lê vir jou

Blou (SS 51)

Hoop! bid die bloed (binnewaarts bloedend) want wat
 is hoop anders as weet van genade, en dat ek dit gló
 in in sy Oor in, in dié woorde, in hierdie taal.

"En eindeloos vergiffenis vir als" (VL 28)

Oom Jukskei lyk na 'n soort verpersoonliking van die skaduweekant van die
 Afrikaner; 'n plaaslike ekwivalent van die oralteenwoordige renoster-
 mens¹⁹⁾ vervreem van alle sensitiwiteit, soos Eliot se Sweeney.

* * * * *

Die sonde

'n Steelse gedagte verras my, een so swart soos roet
 en onmiddellik borrellag my duiweltjie:
 o hoe vinnig, wat 'n blitsbegrip! En o hoe verkneukel
 hy hom in my verslaentheid. Wel, ek kon dit verwag het,
 dit kom van vroom wil wees, pure sweetness and light,
 en hý die sit en loer hoe ek swel en swel en swel,
 al hoe heiliger opblaas - sy ogies wieletjies pret,
 en my beskermengel wat sy asem inhou - tot dun nie
 dunner kan nie, en hy, engel, kan ook nie, mag nie raak
 aan my wil nie - Plof! sonder 'n knal
 Klein verfrommel wag ek op die toorn Gods, soek ek
 sy Oog deur die rook van die swart bedinksel. Maar kyk!
 die hemele en alles hou stand. Tot, soos 'n naald,
 'n fyn aanmaninkie pynlik priem aangaande 'n weinig
 aantreklike daglang uitgestelde taak...Vir een kritieke
 telling weifel ek, synde nog baie benede, verneder en nors;
 dan kruip ek pligwaarts traag; en voor ek weet, jaag ek
 gevlerk deur die moeilike doen, en álom is engele net,
 engele, engele, engele, en ek sing soos 'n dol ding
 in my hart want nou oplaas begryp ek: die sonde was voor
 die gedagte al: hoe ánders sou simpelsiel as afstuur op
 'n ramp - tot o hoe afgrondelike vermaak - met lastige,
 netelige versuim vertrap onder konkelvoet?

Steeds lag Sheila Cussons se duiwelfiguur sy spotlag. Van Moses klim uit
sy tydmasjien... of Die doek (VV 29, SW 66) tot by die "borrellag" van
 hierdie persoonlike duiweltjie, lag hy sy skewe "alsem"-glimlag

en in die koel sakristie
 waar U aan u saaklike kruis my bot blik beantwoord
 met ondeurgrondelike pyn, Here, hoe lag die Ander dan as²⁰⁾
 ek my regruk en herinner: "tu es sacerdos in aeternam"

Die priester (VL 22)

Die duiweltjie ('n regte klein Screwtape) en die beskermengel staan teenoor mekaar in Die sonde se geestige ontleding van die aanleiding tot 'n versoekingsgedagte. Die duiwel praat alweer cliché-Engels oor die selftevreidenheid van té veel sweetness and light. Die beskermengel bly besorgd op die agtergrond en veroorloof die mens sy vryheid van wil.

Hý
 wil nie met 'n vinger raak aan ons wil nie,
 wil dat ons kom heerlik en vry ²¹⁾

Alles hang tussen duiwel en engel in die balans.

...Vir een kritieke
 telling weifel ek....
 dan kruip ek pligwaarts traag;

Soos Respyt (SJ 16) is Die sonde 'n gedig van analitiese introspeksie, selfondersoek. Teenoor die blindheid van oom Jukskei is hier 'n akute ek-bewussyn in die ondersoek van die psigiese proses in eie binneste, en 'n naspoor van die verborge oorsaak van versoening

Dan blyk dit dat nog vóór die swart gedagte, daar 'n toegedekte daad van versuim was,

'n weinig
 aantreklieke daglank uitgestelde taak

- "dan kruip ek pligwaarts traag" sleep die gang van die vers
- "En voor ek weet jaag ek/gevlerk deur die moeilike doen"
- met 'n byna middelrym word traag ge-eggo deur die ligter jaag.

Die hele gang van die vers verander daarmee, soos met die energieke enjambement: gevlerk

en álom is engele net,
 engele, engele, engele, en ek sing soos 'n dol ding
 in my hart want nou oplaas begryp ek...

Steeds strewe die digteres nog om die kwaad en sy konsekwensies vir die menselewe te begryp. Nou sien sy dat die sonde wat in die bewuste gedagte so flagrant tot openbaring gekom het, reeds spruit uit die wilsversuim wat die siel konkelend vir homself toegedek het - tot "afgrondelike vermaak" van die duiweltjie.

En net soos die engele en die lied hierdie oorwinning van 'n nuwe kennis en die vrye wil begelei, so sing die engele ook in Kleur van amandel elke tint toe waar die siel groei van kluit tot lig.

"Wer immer strebend sich bemüht, den können wir erlösen", het die engele gesing vir Goethe se Faust, wie se negatiewe dubbelganger uiteindelik teen wil en dank meegewerk het tot sy verlossing.

"Wie immer strewend moeite doen, hom kan ons verlos."

"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk," sê Paulus in die groot agste hoofstuk van die Brief aan die Romeine.

"Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of Hoogte of Diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."

Sal selfs die demone oor vele aeone ook gered word en weer herstel word tot die lig, en is die medewerking aan die transformasie van die bose self tot weer-goed, een van die redes waarom die mens hulle versoekinge moet weerstaan? In die gees van hierdie Gnostiese waarheid wens Sheila Cussons in Dag-end-gedagte (M 33) met 'n suigling se geloof: dat ook die klein duiweltjies wat versoekings tot die mens se versterking verskaf, uiteindelik

uit hulle ondankbare rol verlos mag word.

In MEMBRAAN is daar verdere verse oor die daaglikse versoekinge, oor die herkenning van die bese en die bevryding deur Genade. In Die onge= dierte (M 53) is daar die besef dat die Ou Slang se "oervaste" tuiste is in eie ingewande en "ondersese self". Drieluik III (M 52) is 'n gebed dat die eie vuil getransformeer mag word, "verpulwer" tot nuwe opstanding:

verander my grondig
tot stof waaruit ek opnuut kan kiem,
kan verrys met my beste in my behou,
eindelik myself, myself in U!

Uiteindelik is dit deur prosesse van transformasie-in-Christus soos beskryf in die hoofstukke oor DIE SWART KOMBUIS, dat daar gehoop kan word om die bese te oorwin en bevry te word.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK IX

- 1) Die historiese Jeanne (of Jehane) d'Arc - Johanna van Arke - het engele gesien. Die stryder-aartsengel Migael het aan haar verskyn en haar die opdragte gegee wat daartoe gelei het dat sy Frankryk van die Engelse bevry en die loop van die geskiedenis verander het. Sy het die Kroonprins oortuig van die egtheid van haar visioen en die juistheid van haar insigte.

Later is sy deur haar vyande as heks aangekla voor 'n regbank van kerklikes, en verbrand op die brandstapel. Uiteindelik is daar egter bewys dat die beskuldigings van towery en onkuisheid vals was, en sy is tot heilige verklaar.

As dubbelsinnige figuur verskyn Johanna in Brandende stomp (SJ 3) in 'n vuurdood waar die vuur 'n vernietigende minnaar is. (Vgl. Kers en hout, SJ 4). Die "meisietjie" van Cuadro negro ("Swart prent", SJ 10) kom uit dieselfde verwysingsveld:

daardie gesiggie
tussen die hekse vasgekeer

Uit haar biografieë kry 'n mens egter nie die indruk dat die Maagd self lank getwyfel het nie.

- 2) Die naam Belial kom ook in die Ou Testament voor. Die konkordansie sê dat 'n "seun" of "man" van Belial eenvoudig beteken het 'n roeke=lose of wettelose mens. - Die aangehaalde gedeelte uit die Korintiërbrief word beskou as sterk onder die invloed van die Esseense sekte van Qumran en elders, met die uitgesproke antitese tussen lig en duisternis, God en Belial, wat eie aan hierdie gelowiges was. (Vgl. Joseph A. Fitzmyer, ESSAYS ON THE SEMITIC BACKGROUND OF THE NEW TESTAMENT, p. 205f).

- 3) "Die mens is metafoor en meer," sê Opperman in 'n heeltemal ander konteks (KB 10f). By Sheila Cussons dui die meer-as-beeld op 'n wesens-eenheid van die mens met God wat in sakramentele gebedseenheid ervaar kan word. Opperman sê:

alles wat jy raak
word beeld, simbool:
skroewedraaier, geld word wisselkoers
die mirakel
van Armstrong op die maan: mistiek
van 'n Goddelike Komiek.

By Opperman staan Armstrong, die mens van die 20ste eeu as materialisties-wetenskaplike ruimtesoeker, dan daar, geënkapsuleer in sy lomp kostuum; en hy word vir die koppelende verbeelding in sy afgeslotenheid van alles buite homself, karikatuur van die beeld van God waarin Adam geskape is (Genesis 1). In sy absurditeit kan hierdie fratsmens geskep deur die wonder van die moderne tegnologie, net gelyk wees aan 'n soort Grapmaker-god: mens én God soos in die 20ste eeu voorgestel, skyn deur Opperman in sy na-siekte toestand ironies waargeneem te word as grensend aan die absurde.

- 4) Vgl. ook aantekening 3 by Hoofstuk I. In Sheila Cussons se studentekunssketsboek by die RGN in Pretoria is daar 'n vroeë tekening van sluwe Lucifer; en twee etse van Jakob se stryd met 'n duister engel.

Miskien moes GESTALTES 1947 meer aandag gekry het in hierdie hoofstukke oor die Luciferiese: die hele stemming van die beelde van 'n innerlike biografie in die prosabundel is nogal wêreldvreemd, los van die vaste aarde. Stoffel Nienaber, die digteres se eerste man, skryf in Oktober 1948 aan die Oppermans: "En Sheila, sy bly maar aan die dig, sy kan nie daarvan loskom nie... Ek wonder hoeveel van haar lewe bring sy in die werklikheid deur en hoeveel daarvan in 'n

droomwêreld wat sy in woorde wil vaslê." Vgl. ook wat sy in Oktober 1947 aan hulle geskryf het oor haar eerste winter in Londen, soos aangehaal in aantekening 6 by Hoofstuk VII.

In 'n brief van Maart 1949 herinner sy Dirk Opperman hoedat sy en haar man hom eendag onverwags by 'n séance in Maritzburg gevind het. Sy haal 'n versie aan wat ook vroeër in die briewe voorkom, oor die geur van rose en die teenwoordigheid van gevleueldes in 'n donker plek. Sy praat oor die stemming van "'n soort wellus van die sesde sintuig?" Voorbode, een van die vroeër verse gepubliseer in OMTOORVUUR (OV 126), gee die ondervinding weer van 'n "boeiende skrik" (OV 122):

iets onsubstansieels
 liefkoos my linkerwang
 met dodelike moeite
 asof van ver, van ver...
 stip wag ek wetende
 hoe skrik tot wêét gaan sper.

- 5) Of liever, die tweeheid: Duiwel/Migael. C.S. Lewis het op 'n vraag oor die duiwel geantwoord: "The proper question is whether I believe in devils. I do. That is to say, I believe in angels and I believe that some of them, by die abuse of their free will, have become enemies to God and, as a corollary, to us. These we may call devils. They do not differ in nature from good angels, but their nature is depraved. Devil is the opposite of angel only as Bad Man is the opposite of Good Man. Satan, the leader or dictator of devils, is the opposite not of God but of Michael." Hy het verder gesê dat hoewel die geloof in duiwels nie deel van sy credo is nie, is dit een van sy opinies. "It seems to me to explain a good many facts. It agrees with the plain sense of Scripture, the tradition of Christendom, and the beliefs of most men at most times.

And it conflicts with nothing that any of the sciences have shown to be true." - (Roger Lancelyn Green en W. Hooper, C.S. LEWIS, A BIOGRAPHY, p. 193)

In sy oorspronklike voorwoord vir THE SCREWTAPE LETTERS in 1942 het Lewis geskryf: "There are two equal and opposite errors into which our race can fall about devils. One is to disbelieve in their existence. The other is to believe, and to feel an excessive and unhealthy interest in them." (Roger Lancelyn Green en W. Hooper, Op. cit., aanhaling op p. 193)

- 6) In 'n gedig soos Die rivier (WB 32) is die opstand nog steeds daar, maar dit het 'n meer "lojale verset" geword. Die weerstand is nou gekeer teen die godlose moderne masjienbeskawing wat die mens van sy wortels in die natuur vervreem.
- 7) Vgl. Evelyn Underhill, The Degrees of Prayer in COLLECTED PAPERS OF EVELYN UNDERHILL, ed. Lucy Menzies.
- 8) Een van die weinige gedigte van Sheila Cussons wat anti-manlik is, en die enigste waar die Moedergodin in negatiewe aspek gesien word, as die "Ewige Wyf".
- 9) Hoewel Sheila Cussons by tye in aanraking met spiritisme was, is dit duidelik dat die kontak waarvan hier gepraat word op 'n ander vlak van toepassing wil wees. Die spiritistiese medium maak gebruik van fakulteite wat oorblyfsels uit 'n verre verlede is, gedeeltelik geatrofieer, vatbaar vir allerlei illusie en die inkom van elemente wat nie deur die bewussyn gekontroleer word nie. 'n Gedig soos Die werktuig (VL 4), oor die skildermedium Ella Mcleod, toon met ligte ironie aan hoe irrelevant hierdie vorm van geestesoeke kan wees.

(By Dirk Opperman aan die ander kant, is dit asof beelde uit sy verlede saam met 'n spiritistiese vader ontstellend bly spook, soos in die gipsmaskers - skedelmasker - van Onse Vader of Tot Siens! KB 31, 137)

Gedigte van Sheila Cussons soos dié genoem in aantekening 15 by Hoofstuk VIII toon 'n liefdevolle uitreik na die dodes, "in-Christus", soos waaraan elke mens wat glo in die voortbestaan van die siel behoefte het.

'n Ander digteres skryf vir 'n ander digter 'n Ode to Death.

Here in this room the waves of sound begin
Where thou didst die.
From some deep underground of thought and mind
The waves begin to sound:
What ministry of air
Is this I hear?
What secret unbethought, impossible?

Dorothy Wellesley, LOST PLANET 36 (vir Yeats)

- 10) Vgl. Edith Sitwell, A POET'S NOTEBOOK, veral pp. 129/130, in die bespreking van die klankteksture van die sterwenswoorde wat Shakespeare Cleopatra laat uiter:

"In the lines with which Cleopatra's speech begins:

Give me my Robe, put on my Crowne; I have
Immortall longings in me; Now no more,

- the first line has the same two long dissonantal o's as in the first line of Lady Macbeth's

And fill me from the Crowne to the Toe, top-full
of direst cruelties; make thick my blood

- but the place of the dissonances is reversed, and the effect is utterly different...

...indeed throughout the first lines there are echoes, some lengthening some dying away, some more air-thin than the sound of which they are a memory, because of the difference between the consonants that embody the vowels. And these echoes give the verse the miraculous soft balance of the whole." Ens.

11) Vgl. Rudolf Steiner, EURYTHMY AS VISIBLE SPEECH, ens.

12) Vgl. bv. in dieselfde bundel:

Uitleg (WB 13) - "klein", "brein";

Thalassa (WB 15) - "see", "ontklee";

Kleim (WB 3) - "moet", "bloed", ens.

Die vrye vers word sterk afgesluit deur so 'n rym, veral waar in Die woedende brood die titel se sleutelklank oe (wat 'n sensasie van iets soos vrees of eerbied dra) herhaal word.

13) Die Seun is as Woord wat van die Vader uitgaan, die Skeppende Mag wat weef deur ruimte en tyd, en wat in die mens werk vir die herstel van die aarde tot volle gemeenskap met die hemele. (Johannes 1:3, Kolossense 1:16)

14) Jesaja 38:17. Koning Hiskia sê ook na sy wondergenesing, "maar U, U het my siel liefgehad en getrek uit die kuil van vernietiging. Want U het al my sondes agter u rug gewerp."

15) Die proses word uitgebeeld in Aeschylus se Orestes-toneelstuk. Die begrip "gewete", wat ook deur Paulus gebruik word, ontstaan eers in die tyd van die Griekse dramaturg: suneidesis, wat iets beteken soos "om saam met jouself na jouself te kyk en jouself te beoordeel."

- 16) Wie kan 'n verklaring skryf van wat vasgelê is in die roosvensters van die katedrale?

The Rose upon the wall
 Cries - "I am the voice of Fire:
 And in me grows
 The pomegranate splendour of Death, the ruby, garnet,
 Dews: Christ's Wounds in me shine," almandine
 ...high upon the wall
 The Rose where the Wounds of Christ are red
 Cries to the Light
 "See how I rise upon my stem, ineffable bright
 Effluence of bright essence... From my little span
 I cry of Christ, Who is the ultimate Fire
 Who will burn away the cold in the heart of Man..."

Edith Sitwell, THE CANTICLE OF THE ROSE 262

Een van die eerste "gestaltes" wat die kind van GESTALTES 1947 vir haarself opgeroep het, was 'n soort roosfee ("spectre de la Rose" - GS 17). Die roos-beeld is vir Sheila Cussons nou verbonde aan die idee van die liggaam, 'n "roos van vlees";

Want lelies is engelegestaltes
 en rose is Inkarnasie

Die roos, die lelie (M 49)

(EEN ROOS VAN VLEES is ook die titel van Jan Wolkers se bekende roman - Amsterdam: De Bezige Bij, 1963)

- 17) Ook in Heer vir spys en drank wat direk volg op Die piekniek is daar dieselfde weersin in die geweld wat die mens die tere natuur aandoen ter wille van sy eie aptyte. Hoe kon Christus hierdie kant van die menslike natuur in homself verduur het? Die "nuk teen 'n vyeboom" impliseer 'n buierige onredelikheid in die God-mens self. Hoe kon hy 'n boom wat nie vrugte gedra het omdat dit nie vrugtetyd was nie, laat opdroog het net omdat sy honger teleurgestel is?

Maar het die verhaal van die evangelies oor die verdroogde vyeboom

nie miskien 'n ander strekking wat min met fisieke honger te doen het nie? (Mattheus 11, Markus 21, Lukas 13:6-9 en 19:29-38)

Die gebeurtenisse van die Jesus-lewe was immers transparant, elkeen 'n "teken" of gelykenis, soos die dade van geen ander lewe nie.

Lukas vertel van die onvrugbare vyeboom as gelykenis en nie as gebeurtenis nie.

Die "onvrugbare vyeboom" wat moet uitgekap word, is hier duidelik 'n beeld van ou Joodse godsdiensvorme wat onvrugbaar en nutteloos geword het. 'n Ou bedeling is verby, en met Golgota - die instelling van die Sakrament en die Opstanding - sal 'n nuwe begin. As 'n moontlike alternatiewe eksegeese vir die vyeboom-verhaal, dus die volgende aanhaling oor die hoofstukke waarin die intog in Jerusalem, die verdorring van die boom en die lering oor die geloof wat 'n berg versit, saam vertel word:

"There is a certain quiet place which even today is shrouded in mystery. It is upon the road which every morning and every evening of Holy Week was traversed by Jesus and His disciples, whether leaving the city for Bethany in the evening or returning to Jerusalem in the morning. Crossing the summit of the Mount of Olives, coming from Jerusalem, and slowly descending the other side towards the valley, where from the depths of the Judaeen wilderness glitters the sub-earthly mirror of the Dead Sea, one comes to a spot surrounded by high walls. It lies half-way between the Mount of Olives and Bethany. Black cypresses rise above the walls and point heavenward like solemn beacons. In the time of Jesus there was a settlement here, Bethphage, 'the House of Figs'. This village was not like other villages. A group of persons led there a life in common, united by a special

spiritual tie. The simple huts in which they probably dwelt were surrounded by a hedge of fig trees which gave the place its name. These fig trees, however, were not mere bearers of fruit, they were sacred to the people who lived there, visible symbols of their special training for the spirit. These were people who sought to preserve in their circle a spiritual Mystery of the past, the same Mystery which is hinted at in the story of Nathanael. The group at Bethphage cultivated a condition of supersensible sight which was called 'sitting under the Fig tree'. It was attained by means of meditative exercises, supported partly by special postures of the body.

"It was from Bethphage that in the early hours of Palm Sunday Jesus instructed Peter and John to fetch the ass and her colt. For just as there were trees there which were held as sacred, so too were these animals. The asses kept there were no beasts of burden; they too, symbolised a mystery...The sacred animals harboured at Bethphage indicate that the supersensible vision cultivated there was somnambulistic and bound to the physical body...

"The ass's colt upon which Christ rode into the holy city on Palm Sunday belongs to the realm of memories associated with Bethphage...

"When the day drew towards evening, Jesus went to Bethany with His disciples to rest, as also on the following days. In the night the echo of popular ecstasy with its 'Hosannas' echoed in His soul. And when next morning they passed by Bethphage on the way to Jerusalem, neither He nor His disciples remained unchanged by what had taken place. There was something deeply earnest in the bearing of

the Christ, something inexorable. The disciples wondered why Jesus should expect to gather figs, when it is not their season. And they heard Him speak the strangely harsh words: 'Henceforth shall no man eat of this fig tree forever'. Perhaps they dimly felt in this moment that something greater lay in the words than just a statement about the tree and its fruitfulness. But the scales did not fall from their eyes...

"Then the night is again spent at Bethany, and the next morning Jesus and His disciples come by Bethphage at dawn. There the sight of the withered tree suddenly confronts them, and the disciples ask Jesus to explain it to them. It was no crude miracle, as though Jesus through his angry word of power had robbed a creature of its existence. How could He have destroyed a tree belonging to the people who had willingly placed at His disposal the ass and the ass's colt! No, it was a spiritual act, denoting an important moment in the Mystery of Holy Week.

"...He approaches the fig tree at Bethphage and wishes to show the disciples how little value should be attached to the 'Hosanna' of the old visionary clairvoyance, given by nature, and bound to the body. The words He addresses to the fig tree are, as it were, a challenge to the whole realm of ancient ecstatic vision. Here a momentous decision is made in the history of mankind. Jesus rejects the Hosannas of the people, and Himself brings about the transition to their cry, 'Crucify Him'. He has the courage Himself to summon the spiritual blindness through which the people will fanatically demand His death. Humanity must act out of a consciousness that leads to freedom, even if it means tragedy; even if men in their

spiritual blindness nail Him on the cross.

"When the fig tree of Bethphage is seen again by the disciples on the morning of Tuesday, a wholesome disenchantment has come over them. They see the withered tree, just there on the spot which they have always treated with veneration. They receive teaching from Jesus which serves as a prelude to what they will hear from Him in the evening hour on the Mount of Olives. Then they are led to realize that some day there will be a new 'sight' for mankind, and that 'faith' is to be the germ of this. Jesus says to His disciples: 'If ye have faith as a grain of mustard seed, nothing shall be impossible unto you. Ye shall say unto this mountain 'Remove hence to yonder place' and it shall remove!' - There will be no barrier before you; the mountain of the sense world which bars your sight will disappear. Through the rocky stone of earthly existence you will see the true nature of things permeated by divine thought.' - The power of faith will bring to maturity in the human heart the eye of the new vision. The Sermon on the Mount speaks of this: 'Blessed are the pure in heart, for they shall see God.' But in between the old moon-vision, no longer serviceable, and the new sunlike vision of the heart, there lies a time of darkness, of blindness to the spirit. And in this stage of blindness Christ will be nailed on the cross.

"On that Monday in Holy Week Christ rejects a temptation. Had He allied Himself with the ancient clairvoyant forces, He might have found public recognition. Not only would people have cried 'Hosanna'; they would have crowned Him King. But a final pronouncement is made: Christ will form no link with the ancient forces. His sole aim is

that mankind should find the way to awakening and freedom. It is no unloving curse that He utters on the fig trees of those who had lent Him the ass and the colt. He acts purely from the nature of His own being. He is the Sun, and when the Sun rises, the Moon perforce grows pale. So the moon-forces of the old vision fade away." (Emil Bock, THE THREE YEARS, pp. 207-211)

18) Ander gedigte uitdruklik oor Suid-Afrikaanse omstandighede is

<u>Gebed van die loot aan die wynstok</u>	SS 33
<u>Blou</u>	SS 51
<u>Afrikaner</u>	SJ 5
<u>Stoet</u>	SJ 6
<u>Kleim</u>	WB 3
<u>"En eindeloos vergiffenis vir als"</u>	VL 28

(Lg. titel is 'n aanhaling uit Van Wyk Louw se Grood Ode.)

19) In Ionesco se "absurde teater"-stuk Rhinoceros is die mense besig om een vir een in dikvellige renosters te verander.

20) "U is priester vir ewig"... (Hebreërs 7:21)

21) Van Wyk Louw, Dood van die Heilige Biblis, TR 45

HOOFSTUK X

Stilte... leegte en ontmoeting

honger, blindheid, holte, nie-wees -
via negativa, die weg van verlatinge

at the still point of the turning world

T.S. Eliot, THE FOUR QUARTETS

Dit skyn, soos reeds gesê, asof die engel wat, soos in PLEKTRUM se Laat Engel, in die stilte voor die digteres gestaan het, later in twee rigtings ontwikkel. Enersyds is daar die verse oor Lucifer, die gevalle engel wat al meer as duiwel herken word. Aan die ander kant word daar gestreef in die rigting van 'n "gebed van stilte"¹⁾ en is dit asof oomblikke van intense vereenselwiging met die "Onsegbare" beleef word.

Thomas Merton, die Amerikaanse monnik en skrywer oor die kontemplatiewe lewe wat meermale deur Sheila Cussons genoem word, het sy outobiografie genoem ELECTED SILENCE. Dis 'n aanhaling uit die gedig The Habit of Perfection waarin die priester-digter Gerard Manley Hopkins paradoksaal, uit die aflê van elke uiterlike sintuiglike ervaring, 'n ryker innerlike belewenis verwag.

Elected Silence, sing to me
And beat upon my whorled ear,
Pipe me to pastures still, and be
The music that I care to hear.

Shape nothing, lips; be lovely-dumb;
It is the shut, the curfew sent
From there where all surrenders come
which only makes you eloquent.

Be shelléd, eyes, with double dark
and find the uncreated light...

Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid...wat eerder as na aardse kos en drank, verlang na daardie vereenselwiging tussen morele orde en natuurorde wat die begrip vertaal as "geregtigheid" (šdqh)²⁾ oorspronklik vir die Jode ingehou het. Salig is dié wat só honger en dors, en wie se begeerte na die goddelike Binnemens gekeer is, word daar gesê want hulle sal versadig word.

Een van die seminale vrae in PLEKTRUM is: "Hoe maak 'n honger brood?" (PL 20) Hoe die wond geheel en die honger versadig word, wanneer honger so erg is dat dit vermink, is die tema van Die woedende brood (Vgl. Hoofstuk IX, waar dit gaan om die Voedende Bloed.)

Brood en Wyn is vir 'n Christen sentrale werklikhede, die Tekens van Liggaam en Bloed. Uit hierdie voedingsbron wat gesamentlik gedeel word, vind gelowiges eenheid en daadkrag. (Vgl. ook Brood op my Balkon, M 47.)

Die antwoord op PLEKTRUM se vraag "Hoe maak 'n honger brood?" word in Die stoel en die beker gebied (SS 4):

hoe sal ek vir U skink
tensy U self die beker van my nooddruf,
man van Kana, uit my hande neem?

Dis net Christus, wat by die bruilof in Kana die leë wynvate met nuwe wyn kon vul, wat die leegte van die dorstende, behoeftige siel sal volmaak.

Die leegte en gebrek moet eers besef word. Salig is die wat arm van gees is - die "bedelaars na God", dié wat hulle afhanklikheid van Hom besef. Hulle hou die beker van hulle nooddruf uit om deur die bruilofstransformasie gevul te word, waar gee en ontvang ineenvloei, want die wyn wat van Hom ontvang word, is ook dié wat vir Hom geskink word. "Dis deur te gee

dat ons ontvang" (sê Franciscus van Assisi in sy bekende gebed).

Die beker is 'n holte, leeggemaak voor dit gevul kan word. Die offer is askese óf liefdesmaal: 'n gee van die self, en 'n losmaak uit uiterlike gebondenhede.

Die digteres verstaan die voedsel van die sakrament omdat sy as huisvrou in haar kombuis die wesenskap van kos en drank beleef. Sy identifiseer haar met Martha, die besige gasvrou. Martha was eers nog te trots op wat sy self gehad het om te gee, nog te min "benarde rots" om die water van die lewe te kan ontvang (PL 29). Maar later wanneer sy in groter oorgawe byna die skottels uit haar hand laat val wanneer sy geroep word, is dit aardse Martha, verenig met die kundige timmerman, wat die eerste Kerkgemeenskap vorm. (Ecclesia, PL 70)

Die honger moet eers daar wees voor dit gestil kan word, of iets kan ontvang om te gee; die leegte voor dit gevul word; stilte, voor die Woord gehoor kan word. Die pad na God loop deur Nie (Gebed, PL 34).

Die SWART KOMBUIS is 'n donker nag van die gees voordat, deur langdurige pyn, die "Christ of the burnt men" daag. Reiniging kom deur duisternis, donker vuur, die "keersy van u klaarte".

* * * * *

* * * * *

Vir enigiemand wat die Bybel as 'n eerlike kroniek van menslike ervaring aanvaar, bestaan die engele onteenseglik. Keer op keer is hulle aan die patriarge geopenbaar: Abraham...Gideon, ook Daniël nog. Die mens was anders as nou, en die toegang tussen die "twee wêrelde" meer oop. Die verskyning van die God-mens op aarde was omring deur engelverskynings, singend by sy geboorte, troostend na sy versoeking, verduidelikend na

sy dood en hemelvaart. Vanaf die Pastor van Hermas en Dionisius die Areopagiet tot by Abraham Kuyper en Billy Graham of Izak de Villiers skryf teoloë oor die engele. Augustinus se Godstaat (civitas dei) bestaan uit mense en engele saam. (Vgl. Marthinus Versfeld, A GUIDE TO THE CITY OF GOD.)

Aan sy eerste dissipels het Jesus beloof dat hulle die "hemel geopend" sou sien "en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens" (Johannés 1:52). En Petrus, Paulus en Johannes het inderdaad die besoek van die engele ondervind (Handelinge 12, 27; Openbaring).

Maar net so seker soos hulle bestaan is, so seker is dit ook dat die engele nie met gewone sintuie waargeneem kan word nie. Om hulle te sien, of hoor, is ander oë en ore nodig. Hulle kom in drome na Josef of die Wysies uit die Ooste, na Johannes terwyl hy "in die gees" is (Openbaring 1:10). Die dissipels sien hulle in die besondere geestes=toestand waarin hulle verkeer na Jesus se dood.

Sheila Cussons raak aan die stilte waarin die engele kom in die "stille spanning" van Middeleeuse Wandtapyt (PL 10).

Wie durf nog handel en wees, waar slegs
hulle swye daad is?

Vier is 'n getal van integrasie en balans, soos Jung beklemtoon. Twee en twee is die engele van hierdie gedig op die muurtapisserie uitgebeeld, wit en swart gevleuel, teen 'n geweefde agtergrond van plante. Die klank en ritme weef 'n stemming: die herhaalde klem op lang ee's en ie's kontrasteer met die diftong eue-rym, die plasing van ll'e in die eerste strofe, die assonansie en herhaalde ritme-patroon in twee helftes van die derde reël. En die woorde skuil en tintel, op die klimaks van passiwiteit, is net reg gekies en geplaas. 'n Lewe agter die stilte van die

plante begin om vermoed te word.

Herinner die stemming in dié vers en in Twee winter-akwarelle van Amsterdam (PL 6) aan Rilke? Engele of dodes was ook vir hom subtiel teenwoordig.

Mag auch die Spiegelung im Teich
oft uns verschwimmen:
wisse das Bild.

Erst im Doppelbereich
werden die Stimmen
ewig und mild.³⁾

In Hoepel (SS 43) word Rilke en Freud vergelyk, nie net omdat hulle altwee seuntjies met Victoriaanse kniebroekies en hoepels was nie, maar ook omdat altwee 'n wete gebring het van die ander domein. Freud se vertolking van die onderbewussyn was skokkend en afbrekend vir sy tydgenote en is van verbygaande waarde; maar wat Rilke sê, vloei uit die aanraking met 'n hoë ligwese wat sang inspireer, en dit bly lewe.

In die chiaroscuro van Twee Winter-akwarelle is die stemming van leegte, afwagting nog sterker as in Middeleeuse Wandtapyt, die kwaswerk nog fyner:

asof deur water kom die nag;
asof alleen met God, en ek nie hier
en niemand hier...

Die son is onsigbaar, bewusteloos, blind, "'n ongebore of vergete vuur."
Die kinders speel nog, maar "ver uit die weste sien die dag wat moet gaan/ hul verduistering aan,/ en verlate strate luister."⁴⁾

Hierdie wagtende afwesigheid is die aanloop tot Laat Engel (PL 7). Dieselfde winter: dennenaalde en yskrisante dui in die leegte 'n onsigbare teenwoordigheid aan, sy spitse voetspore. 'n Sesde sintuig vlam "'n ruimte teen die lig, so vol van hom, so leeg." In 'n tyd

van krisis en lotsbestemming voel die digteres die engel se blik op haar gerig.

Met Laat Engel kan 'n mens vergelyk Die geseglike dood (SW 44) waar 'n holte geskep word deur die ou man se gewilligheid om te sterwe, sy aanvaarding en sagmoedigheid. (Dis ook 'n doodsoorwinning-gedig).

En toe

het daardie holte meteens 'n iets
'n meer as iets in sigself ervaar
asof dit 'n engel geword het wat sku
op sy hurke buite gaan sit het
in 'n warm roerende voorjaarlug
soos in 'n wolk van vlinders
verbluf oor sy eie aard
en magteloos van ontsag.

Deur die twee vergelykings ("asof" en "soos") maak die digter wat fisiek afwesig is, tog so aanwesig dat ons hulle kan sien - die engel, en die vlinders. Die stilte tril:

...das Leere in jene
Schwingung geriet, die uns jetzt hinreisst und tröstet und
hilft ⁵⁾

Die vlinder is van altyd af opstandingsimbool: en hier hurk die engel nederig, nie met groot vlerke nie, maar met 'n lentewolk van klein vlerkies.

Daar is 'n gedig van Hélène Kesting oor die ontmoeting met 'n dode in 'n droom:

'n Voël van God
- en groter as ek -
het gisternag in my droom
neergestryk
en haar kransgrys vlerke
rondom my oopgevou
en my toegevou
en my liggaam en my gedagtes
het weggesmelt
in die goudlig van volkomendheid
Die oë van God het in myne gekyk

Gisternag het 'n Voël, SKIP NA DIE SON

Die tema en stemming kom ooreen met wat Sheila Cussons skryf, die uitdrukkingswyse is meer direk-eenvoudig, soos by Totius of 'n Sufi-digter.

In Die geseglike dood kan 'n mens sien dat Sheila Cussons gegroei het in sekerheid van segging en in volwassenheid van gevoel sedert Laat Engel. Waar daar in die vorige gedig kwelling en liefde en deernis was, is daar nou hierdie matelose ontsag. Die engel self is oorbluf deur sy eie aard, wat miskien dié van die ou man in sy "transparant"heid insluit.

Die gedig wat eintlik direk by Laat Engel aansluit, is Engele (SS 50), 'n meer diskursiewe vers oor hoe engele waargeneem word. Die vroeër gevleueldes is nie meer daar nie, hulle yskrisantvlerke het lankal ontdooi, sê die digteres.

"In lyne van my hand lê skerp
die spore van sy gang" het ek
by yskrisante aan 'n ruit
een skitterende winter in Holland
van 'n engel opgemerk, en toe
waar ons later aan tafel gesels
en beduie, sê Hennie meteens:
kyk! daar loop nou nêr een
oor jou duim! - Ek is met hulle
behep van ek my kan onthou
en al het hulle wonderlike vlerke
soos die yskrisante al lank ontdooi
herken ek hulle besoeke nog
aan die vuurvliegies in my brein.

Die salige lig is nou "gestalteloos soos 'n engel" (Bouwerk, SW 21).

In Retabel is die engel wat Maria besoek

'n stem, 'n glans, 'n glansende stem
wat diep in haar hart sy boodskap verklaar.

SK 66

Lig én woord is kenmerke, waar die Laat Engel woordeloos was (glans en stem so onmiddellik saamgedink dat hulle hul apartheid transendeer).

In Engele word die hoër wesens ervaar in 'n vorm wat op inspirasie en woordingewing dui. Die skeptiese vriend met dieselfde voornaam as Orloff in LEWENSLYN sê tergend: "Kyk! daar loop nou nêr een/ oor jou duim!" asof dit 'n insek is. Sheila Cussons neem die idee op, en transformeer die fantasietjie tot waarbeeld. Deur "vuurvliegies in my brein" word die engelbesoek nou vir haar herkenbaar. Die "engele" praat met haar deur woorde wat in haar opstyg soos inspirasie.

In Feërie (SS 8) vertel sy van die ligbruiloffies van die vuurvliegies "sewe tree uitmekaar" in die gras. Die hieros gamos tussen lig en aarde het klein geword (klein en lumineus).

* * * * *

Klein. Die punctum, die byna nie-bestaande punt waar wat aards is, oorgaan in hemelse volheid... Dié begrip, wat van ver af kom (Blake, Böhme, Eleusis...) ⁶⁾ - kan dit beter vir ons tyd uitgedruk word in terme van die "negatiewe ruimte" van die moderne projektiewe geometrie? ⁷⁾ - ontwaak by die digteres, en kom op verskillende manier tot uitdrukking.

Intens in gedrongenheid is die beeld van die saadkorreltjie wat groei tot pleroma (= die volheid van die Al) ⁸⁾ in Pleroma (SK 24). Dis 'n Christus-beeld (Johannes 12:24, Mattheus 13, 1 Korintiërs 15) wat mens en aarde sin gee en verbind. (Ook 'n kennisgedig: Minerva-Athena is wysheidsgodin, wapenlose vryheidsvegter.)

In Kennismaking is dit 'n kind se proe van reëndruppels blink uit die blitsstorm (steeds hieros gamos-beeld) wat gelykgestel word met die digteres se "proe"

van woorde, blink uit die brein (SK 26),

(Vgl. ook 'n Sny brood, SS 53).

Kennismaking wys vooruit na die reeds genoemde Engele en die "vuur=
vliegies in die brein". En ook na Woord (SK 60):

Dan uit nêrens spring die regte woord
en kom sommer op sy plek tussen
die woorde staan, ontstaan gestalte, kolskoot
uit 'n êrens deur die neurone op die papier.
Gees: die buite, buite die ruim selfs,
wat minder as 'n speld 'n ruimte nodig het
hebbende gaan dele, ondeelbaar en eenvoudig
(hoeveel engele kan op 'n speldekop dans)
inwonend maar nie omvat nie: operatief,
ook nie woon nie, ís
therefore exceeds any concepts of vastness,
en wat op die klein punt van my bewustheid
in die tyd kom dans.

Dis 'n gedig wat sentraal staan tussen dié oor inspirasie, ingewing van bo.

Hoe baie ou skilderye is daar nie van die engel wat agter evangelie=
skrywer of profeet staan en hom die woorde influister nie. Maar "na
Freud sal die Christendom nooit weer dieselfde wees nie" (Murray Janson),
en na Jung e.a. groei weer die besef dat "van bo" ook "van binne" kan
beteken.

So afgerond soos 'n netjiese skolastiese argument is Woord. Die digteres
verenig: die abstrakte, droë logika en definisie van daardie ou skolas=
tiese denkers met die konkreetste, warm daadwoord van kuns en liefde:
dans. Abstrakte denke word getransformeer tot reidans van die engele.
Die skolastiese debatteervraag, Hoeveel engele kan dans op die punt van
'n naald?, later voorgehou as voorbeeld van die absurditeit waartoe
abstraksie tot 'n spits gedrewe kan voer, word getransformeer tot bloed=
warm werklikheid. Denke is waar "die klein punt van my bewustheid" of
die senuweesel in die brein ("neurone") die danspunt word vir totaal on=
meetbare Gees. Op hierdie speldpuntjie ontmoet ruimte en die onruimlike.

Logiese denke word in ere herstel, maar 'n stap verder gevoer tot ver=

beeldingswete, wat die sintuiglike en die liefde insluit - nie net ten opsigte van inhoud nie, maar ook in die vorm van die gedig. Ons sien hoe droë definisie tot metafoor ontvlam.

Eenwording.

In Desibel (SK 37) het die punt verband met pyn:

- ek skreeu geluidloos al my kontinente
se agonie uit 'n penpunt.

In Skepping (SW 23) ook. Inspuitingsprik/doodsoomblik: weer ontmoet in punctum: "kleiner as klein" en "'n magtige heerlikheid".

In DIE SAGTE SPRONG word die beeld van die punt nog verder ontwikkel. Die kers (SS 52) met sy sirkels uit uitgedoofde middelpunt tot steeds wyer kringende omvang, is 'n asemblerowende beeld van - die Self wat uitdein wanneer die self geblus is? Soos geopenbaar in 'n historiese persoonlikheid. Thomas Aquinas het kort voor sy dood by 'n oomblik in sy ontwikkeling gekom toe hy letterlik van al sy vorige werk gesê het: strooi. En daarna het hy nie meer geskryf nie, in matelose ontsag voor dit wat aan hom geopenbaar was, "blind van Majesteit". Is hierdie in= krimp en uitdeining hoe die dood sal wees?

In Die koekie seep (SS 61) is daar weer die steeds verdiepte oomblik van ontmoeting tussen natuur en bo-natuur, die onuitspreeklike rykdom wat "verby deur 'n kier kon geflits het, speldkopklein"

want daardie Liefde is só
dat dit hierdie tastende blindheid
soms begenadig met weerliggend
in 'n oomblik, één oomblik, so 'n sien...

Die Wond wat dink (SW 39)

Ook die vlieg aan die begin van DIE SOMERJOOD is baie klein in die

groot hand van God. 'n Mens kan hierdie bundel met sy klein, gekon= sentreerde gediggies groot van inhoud, byna noem: 'n punctum-bundel.

Vermetel tuis het die verrukte vliegjie in sy ekstase geraak (SJ 1), 'n kommatjie in die Logos (bewuste komma en g'n "koma" nie), "Then am I/ a happy fly/ if I live/ or if I die."⁹⁾

'n Mens wonder of daar nie in DIE SOMERJOOD iets soos 'n nuwe siklus in die werk van die digteres begin nie. Die somer van rus in die wete van God het so volgegroeï dat hy móét omkeer in nuwe leegte in. Die bomenslike Somerjood, blou-wit, is self 'n soort engelfiguur, elementêr bewegend in die siklus van die jaar ("die ronde jaar", WB 34): in die uit- en inademing van die aarde.

Die somervolheid van die Jaargod keer tot snik. In DIE SOMERJOOD is daar vir die eerste keer tranen.¹⁰⁾ Visie faal (Aankondiging, SJ 9). Dis in 'n kortstondige traan se lig dat die oerlig ervaar word (SJ 32)¹¹⁾ Dis met die snik van Thomas, die visielose, wat die hostie in blote gelóóf tot God word (SJ 20).

In DIE SOMERJOOD is daar, na die uiterlike geoordeel, minder as in die vorige bundels: maar miskien ook meer. Hostie, traan, vliegjie, silwerlepeltjie - in 'n hele reeks "punctum"-gedigte word die klein voorwerp raakpunt tussen buite- en binne-werklikheid. Ja, die vorm self het klein geword. DIE SOMERJOOD word gekenmerk deur klein, veelseggende verse soos kristalletjies. Die vorm het punctum geword, vol eerbied vir die omringende stilte...

Die wegsterf van die uiterlike oog in A very successful death (SJ 29) word die oopgaan van die "oog des namaals". Miskien is die oog nog die belangrikste klein punt van ontmoeting dwarsdeur die werk van die digte=

res: "ons sien U aan deur u pupille" (Verklaarde Kring, VL 27). Dis 'n hoogtepunt in die gedigte van ontmoeting met die goddelike in 'n punt van stilte.

In DIE SOMERJOOD is dit asof Sheila Cussons se hele digterskap deur 'n smal poort gaan, 'n klein tregter van "verdigting"; "'n poort in skaduwee" (SJ 17), voordat daar beweeg word na die nuwe volheid van DIE WOEDENDE BROOD en VERWIKKELDE LYN.

* * * * *

Wees nederig dan, wees klein,
die nietigste, wees niks, soet niks

sê die raadgewer in tradisionele Katolieke terme¹²⁾ aan sy kontemplatiewe leerling in Die ab praat (SS 62) -

so soet onselfbewus, want só wanneer
die siel haar greep aan eie-dunk
en elke begrip en beeld loslaat, en sy
gewigloos slegs één liefde, één aandag is,
as Hy dit wil, sal sy in matelose vervloeiing
weggly in haar Heer -

PLEKTRUM het gesien

die feit is van die droom deurgloei
soos klei deurskynend in 'n vuur.

DIE SAGTE SPRONG begeer die vervloeiing van die siel in God soos yster in vuur, tot dit deurskynend vuur word, en nooit so wesenlik soos dan yster nie (Die ab praat, SS 62). Dis 'n beeld oor die opgee van die koue, begrensde "waanself", uit die skat van die Christelike mistici van die verlede.

"Thus Böhme, trying to describe the union between God and the soul, says 'I give you an earthly similitude of this. Behold a bright flaming piece of iron, which of itself is dark and black, and the fire so pene=

trateth and shineth through the iron, that it giveth light. Now, the iron doth not cease to be; it is iron still; and the source (or property) of the fire retaineth its own propriety; it doth not take the iron into it, but it penetrateth (and shineth) through the iron; and it is iron then as well as before, free in itself; and so also is the source or property of the fire. In such a manner is the soul set in the Deity; the Deity penetrateth through the soul, and dwelleth in the soul, yet the soul doth not comprehend the Deity, but the Deity comprehendeth the soul, but doth not alter it (from being a soul) but only giveth it the divine souce (or property) of the Majesty.'

"Almost exactly the same image of deification was used, five hundred years before Böhme's day, by Richard of St. Victor; a mystic whom he is hardly likely to have read. 'When the soul is plunged in the fire of divine love,' he says, 'like iron, it first loses its blackness, and then growing to white heat, it becomes like unto the fire itself. And lastly, it grows liquid, and losing its nature is transmuted into an utterly different quality of being.' 'As the difference between iron that is cold and iron that is hot', he says again, 'so is the difference between soul and soul: between the tepid soul and the soul made incandescent by divine love.'" 13)

In die openingsgedig van VERWIKKELDE LYN keer die digteres terug na hierdie beeld:

...En 'n moed blink op: die yster was rég
vir 'n oomblik, God. Maar nie lank genoeg nie, nee;
inert is ek nog, en ek wil, o wil, wil smelt,
gevalle vrees te bowe, te buite kom, my sag en heet
en gans in U los: ek: angs, knoets, verweer
van waanself teen daardie ánder, en die ander is ék
en ek weet dit, lós, verlós, vir die vloei, vinnig,
ondenkbaar, in al u voeë in -
Hoe sal dit wees?

En as ek vurig antwoord: ja! (VL 1)

In Steeneik in die waaireën (SW 73) en Iraanse vrou met geweer (VL 3) is die yster hard verwrik deur skok en pyn.

* * * * *

Wat opval in die latere verse, is dat dink oor engelebesoek plek maak vir dink oor godsbesoek.

In Die verlosser (SW 37) is dit deur die transformasie van die liggaam wat Christus teweegbring, dat die engele van die óú wêreld verdring word,

want sonder Hom
was die hemel slegs 'n briljante winter
skrynend van afwesige bloeisels
'n ruimte waar 'n Tuin was
brandend van engele
maar toe Hy te midde van hulle staan
glansend gevlees
juig skepsel skepsel toe; dié asem
en dié warmte en dié bloedklop
van 'n Paradys wat sag sy wonde sluit.

In Die verlosser word 'n parallel getrek tussen die aardse groei en bloei van die seisoene, en prosesse van die mens se ontwikkeling op 'n hoër vlak. Van "Paradise lost" na "Paradise regained" is soos die oorgaan van winter na somer.

- Sou 'n mens kan sê die digteres van gedeeltelik Keltiese afkoms, praat in die gees van die ou Ierse Christendom, vir wie Christus "die Heer van die Elemente" was? Vir die sendelinge uit Ierland wat ons ou Germaans-Keltiese voorvaders in Noord-Europa die eerste gekersten het,¹⁴⁾ het die stem van God gesing in wind en water. Hulle het sy dood en opstanding gesien in die wisseling van die seisoene en Hom gelees in die boek van die aarde. 'n Hervonde sin vir die aarde spreek uit Sheila Cussons se werk. En hoe nodig is so 'n hernieude wete nie, in 'n tyd waar die aarde onpersoonlik beskou word en vir alle uitbuiting blootlê.¹⁵⁾ 'n Pad van

ontwikkeling wat in natuur weer bo-natuur vind, is seker een van die moderne mens se grootste behoeftes vandag.

Wat ruis in die donker flikkerende bome
in die wind, en glans in die driftige vlae
van die reën, roer in die wortel, stoot
in die sap? - besige Christus, Jy.
Hoe kon ek jou ooit misgekyk het
die sin van dié stuwing gemis het
en so afwesig gestaar het na my?

Corpus Christi (SK 70)

- Oorgangsgedigte van die engele na 'n hoëre Wese, is ook Syn (SW 51) en Mot.

In Syn word gesê

God het geen ster maar Samuel aangespreek.

Want

sy intense hart trek met 'n punt
na die wat inniger aan hom
verwant is as 'n hele firmament

So ook word die liefde wat God vir die mens het, beklemtoon in Die ab praat (SS 62):

Hy vir wie die engele sien in daardie
intellektuele lig wat uit Hom in hulle straal
mag ons slegs momenteel en rakelings
besoek, uit deernis met ons vlees,
maar o, besóék, want daar is vir sy verlange
na ons, om ons ontwil, geen woorde
in enige taal...

"Daardie liefde", "daardie gloed". Selfs die pyn veroorsaak deur die Hubris van die mot (SS 36), wat uit vrye wil die verterende sentripetale vlam gekies het, word eindelijk weggestreel deur "daardie Gloed", wat troos en genees. (Dit is die twee aspekte van die vuur: die swart vuur van toorn, reiniging: of die Parakleet, Trooster.)

Die aanraking wat die siel in Die sagte sprong (SS 60) ondervind, is "vreugde, verbasing, vreugde, herinnering." Die instraling in Die koekie seep (SS 61) is 'n vreugde tot in die grond van alle dinge in. In Glans (SJ 32) is dit die ongestorte lig...In Die erfglasie (WB 23) sal dit wees stromende musiek; in 6 Augustus: Transfigurasie eenvoudig "die Onverwoordelike: God verlore in God".

* * * * *

Die laaste strofe in DIE SAGTE SPRONG is direk aan die leser gerig. Na aanleiding van die lewende woorde van een wat reeds dood is, vra die Aarde die mens om leeg en stil te word sodat hy op die nuwe manier kan leer sien.

"Ja - dit, en dat, is die noodsaaklike besigheid van die wêreld, maar meer en meer voel dit vir my dat ek die wêreld afsterf.

Laat die politici vir ons ons heil uitwerk: hoe kan hulle weet - en in elke geval, wie het my laat besef? - daar is 'n ander.

Daar is 'n sien, 'n soort sien - waarom is dit seldsaam? - wat van die hart is, eenvoudiger as oë omvattend en ineens

Maar daarvoor is baie stilte nodig... verbeel jou: 'n wêreld wat tot inkeer kom: stilte op straat en ampstoele leeg;

'n leier wat bedank om 'n berg te klim, sonder behoefte om 'n vlag op die kruin te plant. 'En daar was stilte in die hemel.' "

Ek glip die velletjie weer in sy plek
 "noodsaaklike besigheid van die wêreld"...
 'n Straaljaer êrens in die nag en in
 'n laboratorium die ligte aan tot laat.

Ek is die aarde: hoor my: maak stilte
in julle harte sodat ek deur julle
kan vrug dra in die Heer
want slegs so sal julle my, en ek myself,
uiteindelik transendeer.

Op 'n velletjie vergeelde papier in 'n antiekwareiese
boek (SS 63)

Die ware "vrugte van die droom van stilte" is dan diens aan die aarde?¹⁶⁾

* * * * *

In die Groot ode (TR 132) skryf Van Wyk Louw in doodsafwagting

Stiller gaan die wêreld word
 Hart, my hart, jy is so bang
 dat die aarde nooit sal word nie
 iets wat my van hom verlang

nooit oplosbaar in sinteses
 hart, my hart, dit weet ons al;
 die adamiëse verleentheid
 was in appels by die val

stiller, stiller gaan dit word
 - elke stilte is al goed -
 stil: om nie te luister nie;
 stil, en onbeluister soet.

Hy sê hy vrees en weet dat daar geen versoening of sintese op aarde kan kom tussen wat in die sondeval uitmekaargesplyt is nie. Tog skryf hy in dié gedig anders oor die hart - wat in 'n sekere sin as orgaan van die siel of gemoedslewe beskou kan word - as wat die volgeling van Descartes vroeër in Cartesiaan (TR 8) oor die siel geskryf het. In Cartesiaan is die gedurig ongedurige gevoelselement met walging gerepudieer as sentrale binding tussen lyf en gees. Dis 'n "moeras" wat "slu na weerskante toe besoedel", 'n "kwyldraad" wat "in wane en liefdes vroeter". En veral die Middelaargedagte: "God-byna-mens", Die-mens-so-half-'n-God" - dié wou die volgeling

van Descartes nie aanvaar nie.

Tog skryf Van Wyk Louw in die Groot ode waarna Sheila Cussons graag verwys, anders oor die hart:

O bitter hart; 'n ander hart is bitter,
 en bitter nie oor eie daad: oor j^óú;
 dié pyn kan sluitend om jou smarte vou!
 Kyk Glasgesig!: 'n ander wang is witter.

En moenie roep-roep langs die pad ooit sit:
 - kyk julle hier: Waar eis 'n smart soos myne!
 een ken jou pyn: jy weet nie eens van Syne:
 Hy't al ons pyn se aandag moes besit.

"Hy't al ons pyn se aandag moes besit" is ook die gevoel wat tot uiting kom in Sheila Cussons se Kaapse vers Slaaplose nag, vir V.W.L. (M 11). Ontstem deur fisieke stremming en slaaploosheid, ontvang die digteres skielik die Christuswoord aan sy dissipels in Getsémané as ingewing: "Kan jy nie eens een uur saam met My waak nie?" Sy pyn eis al haar pyn se aandag op, en wanneer sy haar in sy Getsémanéstryd verdiep, word haar pyn in Syne draaglik en verstaanbaar.

Wakker tot dag het ek gelê -
 Teen 'n swaar grou waar Leeukop moes
 gewees het, het die meeue geskitter van son -
 Ek het my koffie versonke gedrink, bewus
 van sy brandende oë, my dors, my slukgeluide
 net of dit Syne was - Ek weet dit
 seker nou: jy had nie gelyk nie, my vriend.

In hierdie gedig verdedig sy ten slotte die siel uitdruklik teen die beskuldiging wat soos in Cartesiaan teen hom gemaak word. Die mens is nie net liggaam en gees polêr afgegrens teenoor mekaar nie: in die Donker en Lig gemeng van die siel, die pyn en vreugde gemeng van die hart, kan die Liefde groei wat die mens se bestaansrede op aarde is (Vgl. Jakov Wüst en die Kabbala, WB 5). "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe", sê Salomo. (Spreuke 4:23)

Ook in Flits uit 'n braaipan kom die digteres op vir "die ingewikkelde,/ huigelende, dapper, gedrogtelike hart": die gemoed, tussen die lyf en sy sensasie aan die een kant, soos die diere ook het; en die intellek wat die mens met die engele deel aan die ander. Na die Paas-verandering is dit vir haar "die einste hart" - tussen lyf en gees, half-dier en half-engel - wat twyfelloos die lewe goedvind (VL 35). In die juiging van die Hart se Paas-omswaai, is by bitterheid, twyfel en splyting verbygegroeï.

Die siel, die gemoed, die hart neem 'n steeds belangriker plaak in Sheila Cussons se later bundels in. Dis ook te verstaan as 'n mens dink aan die mens in sy drieledigheid van gees, siel, en liggaam, die drievoudigheid wat psigies tot uiting kom in denke, gevoel en wil, en uiterlik in Hoof, Hart en Hande: Die ronde rustige kop huisves die "ligpool" van denke en sinneswaarneming; ledemate en metabolisme die "donker pool" van die wil wat grotendeels uit die onbewuste uit werk; en die ritmiese sisteem van asemhaling en bloedsomloop pols verenigend tussenin.¹⁷⁾

* * * * *

Ná die ontmoetinge van DIE SAGTE SPRONG, en die tweede gedeelte van DIE SOMERJOOD se lig-in-die-traan of Teenwoordigheid in die hostie (die skyfie Nagmaalbrood, SJ 20) verskyn in 1982/83 GESTALTES 1947 en VERWIKKELDE LYN.

GESTALTES is 'n retrospektiewe bundel, reeds ook omdat dit so laat gepubliseer word. In 1947 in Londen het die digteres teruggekyk na sekere kinderdrome, en aanvoelinge van on-fisieke "gestaltes". Die boek mond uit in 'n soort droom-gelykenis, drieledig, oor die Dromer, die Minnaar en die Digter, wie se betekenis verklaar word deur 'n Hermes-figuur wat dans met harlekynhoed en gevleuelde voete.

In die laaste gedeelte, getitel Son, word 'n koers dan aangegee. In die paradoks wat nou reeds aan die leser bekend is, wil die skryfster langs die donker baan van haar skaduwee stap na die ligte horison "waar tyd en plek en kloppende hart een wese sal hê." Die diep verlangete om buite- en binne-ondervinding te versoen, as Één te hervind, is einddoel.

Uitgegroeï tot volwassenheid, vooruitkykend na die dood, verken VER= WIKKELDE LYN in 'n gans ander toonaard die oomblikke van eenheid. Die hieros gamos-ontmoeting word nie meer souseer in beelde van Zeus en sy gades of van reën-rein aardmoeder Maria weergegee soos vroeër nie, maar eerder in terme van eie geestes- en sinne-ondervinding.

In eie gemoed, in die hart, word die ondervinding van die "sagte sprong" telkens herhaal. Dit is genade-oomblikke van insig in die eenheid van natuur en bo-natuur wat in die siel voltrek word.

Tussen die informaliteit en die soms ligte geselstoon deur, is een van die deurlopende temas van die bundel VERWIKKELDE LYN die herhaalde kruispunt van die begeerde ontmoeting tussen God en mens. Die vereniging word nie net daar in kerk of ritus voltrek nie, maar vir die toegewyde

in die "hier" van elke
handeling bewus van U

Eucharistie (VL 2)

In die kombuis blink daar meer-as-aardse lig in die sweetdruppel op die vel.¹⁸⁾

Evelyn Underhill praat van "the sacrament of the present moment." Waar ook al die daad van die oomblik in bewuste toewyding verrig en die deur-stromende genade daarin ontvang word, daar is die kommunie tussen God en mens, die heilige handeling. Rudolf Steiner sê in sy kommentaar op Goethe se natuurwetenskaplike geskrifte: om bewus te word van die Idee

binne die realiteit is die ware kommunie van die mens (GOETHE THE SCIENTIST, p. 95). En Hagen Biezantz voeg by: "We know that every true intuition - the short moment of enlightenment vis-a-vis a problem - penetrates our whole gestalt with its force of light. This experience is like a premonition of what Rudolf Steiner in later life describes as 'spiritual communion'."

Sheila Cussons praat van 'n tas na "die Idee skemerend in die materie" by minnespel of kunsskepping as gedeeltelik vergelykbare ervaring (Daad en beskouing, VL 21).

Deur ademing, deur sien, deur lig, voel die digteres dat sy al meer so 'n sakramentele eenheid in stilte bereik. "'n Voël kan nie roep, 'n kleur nie gloei, of/ my hart begeer U." In Die skreeu vind sy die "asemhaling wat ekstase is" deur die see en reën se werweling van "elementale water, dit wat die eerste was/ gekom om sy eie op te eis" (VL 10). Ook 'n Soort wat leviteer (VL 11) vind sy klimaks in die pneuma; in die Lewensritme van die asemhaling.

Hoe goed om net
te sit ademend in en uit, en hoe goed dat rede klein is
en dat ek dit seker weet, so seker soos deur God en mens,
tot God en mens een is, in ewige sirkelgang
sag, egalig, oneindig, o my Lewe, u asem gaan, u asem gaan.

Sonkol op 'n wingerdstam is oor die "buitesien" van 'n kol sonlig; en dan oor die "anders as aardse lig" van "binnesien" (VL 24).

Die groot sleutelgedig Verklaarde kring (VL 27), wat bespreek word in Hoofstuk XI, vind ook sy klimaks in sintuiglike ervaring veral van die oog. - Wie het gesê: Die oog is gemaak déúr die lig vir die lig? -

Los (VL 29) beskrywe die toestand van aan die slaap raak, "die vrye val in, weg uit my voete uit/ los soos 'n gelukkige klip oneindige nagdieptes in..."

...uit

my boeie 'n juig van wilde wolke in, in prag, roes van
dwarrelende woorde een ontvangende grenslose Aandag in. 19)

In Daad en beskouing word die ontvanklikheid van die biddende siel be-
klemtoon. "Maar o die siel moet die vrou in haar ken om God/ te onder-
vind" (VL 21). Kleur van amandel (VL 30) is eweneens 'n ondervinding
van verdonkering in die aanskoue van die matelose wolkelug daarbo. Die
oomblik van glansende insig laat die digteres agter, "onsigbaar...geraak
tot die lewe, roerloos, blink."

Om af te sluit, kan 'n mens seker sê dat Sheila Cussons in haar hunkering
na Unio, die vereniging met die goddelike, ten spyte van 'n studie van
die tradisionele mistiek van Thomas Merton of die Karmeliete, tog nie die
óú weg van asketiese lewensverlating as hare gevind het nie. Haar pad
van stilte lei déúr die sintuiglike na die Gees wat in die natuur leef,
en ook in haar eie hart. Sy besef dat die gees daar buite en die gees
hier binne, mekaar in die mens ook kan ontmoet, deur die genade, wanneer
daar met volle bewussyn nuut gekyk, onegoïsties geluister of geproe word.

Om dit te leer, is dissiplines van omkeer en konsentrasie nodig, "verwy-
lende aandag".

Vlugtige aandag glip, verwykende aandag wórd;
die een bly kliphuids heel, die ander brokkel, week, 20)
syg weg, en stoot 'n oerwoud oë uit eie kompos op.

Kompos is 'n goeie beeld vir 'n abnegasie wat nie steriel is nie maar
vrugbaar, waar die dood van 'n vroeëre stadium die lewe van die volgende
voed, en uit stilte en verworping dieper lewe roer.

8 8 8 8 8 8 8 8 8 8 8 8 8 8

Oor aanvaarding, ontmoeting en verdiepte sien is daar waardevolle verdere
verse in MEMBRAAN. Om alles, enigiets, gewillig en adorerend te gedoog

word gesien as 'n "feilloose Kruisresep" (Só, M 36). Die gelate aanvaarding van lyding en alledaagsheid word 'n pad na vereniging.

In vroeër bundels was daar oomblikke waar die alledaagse tot ekstase opgevlam het - in MEMBRAAN word die ekstatiëse geleidelik ingeweeft in die tekstuur van die alledaagse. Hierdie aanvaarding en toegee aan die goddelike wil - die herkenning van pyn as noodsaaklik vir groei en vorming - dit maak "die hele verskil tussen pyn en vervoering", en hierdie verskil, sê die digteres, is "U" (M 51). Die teologies opsommende Drieluik (M 50-53) is belangrik in die tematiese ontwikkeling. Die toegee aan die wysheid van die Grotere, al breek en skeur dit, bring die sagte geluk van eenheid.

Weer is daar sprake van 'n "kundigheid" soos dié van die Timmerman in "Christ of the Burnt Men", wat die hout laat sing het onder die skaaf in Lied van die hout (WB 24 -vgl. ook Unio mystica in P.W. Buys se PLEROMA).

U breek my kundig, en hoe meer ek toegee
hoe meer sien ek, laat U my sien -

In Die blik (M 15) word die ervaring van sien selfs nog hoër gevoer as in Verklaarde kring (VL 27), wat in Hoofstuk XI bespreek word. In die ontmoeting en vereenselwiging tussen die oë van die "heilige" en van die Roofdier, kan 'n "oomblik" lank die essensie van wat oog is en van "die uiteindelijke Sien" tot openbaring (God as werkwoord). Deur Christus kan haat-loosheid die "óú Haat" se onmag uitwys. "Láát verword" kan die bose - hier versinnebeeld deur die luiperd - "wel, maar skép kan dit nie". In hierdie Sien word die Duister Bedreiging ontmasker en selfs "broeder" genoem, net soos Franciscus se wolf.

In Gebed vir dié in die wêreld (M 45) is die toonaard steeds, soos meesal in hierdie bundel, heeltemal nugter en bondig. In die wissel-

werking tussen God/ en die mens, wat déur Hom leef, is daar 'n "wisselvloei".
 "Tyd en wêreld" is soos 'n osmotiese vlies, die membraan van die titel,
 waardeur die uitruil van wesenlikheid kan plaasvind.

U vloei in ons en ons in U, en in U word
 ons arme vog gesuiwer en vernuwe,
 en ons self keer uit U terug in ons in
 deur die membraan wat tyd en wêreld is.
 Membraan of illusie, so dun is dit, so nie,
 so nêrens vir u begenadigdes -

Die natuur word nie meer gevoel as 'n skeiding tussen mens en Bo-natuur
 nie.

Dankie vir die gladder as asemhaling heen en weer
 tussen U en ons; dat tyd en ewigheid
 mekaar deurdring, nie twee is nie maar een.
 Dankie, God, vir dié wonder, waarin die harde seer
 wat wêreld is, sagter as asem oplos en verdwyn.

Daar is tye wanneer die Eenheid tussen natuur en bo-natuur sonder drama
 sag soos asemhaling geleef kan word.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK X

- 1) In die COLLECTED PAPERS OF EVELYN UNDERHILL is die eerste essay 'n goeie uiteensetting van die sogenaamde grade van gebed.
 "...we should be very chary of taking at face value the advice given in little books about 'going into the silence' and so on: and should never treat this advice as though it were applicable to every soul at every time. Real inward silence is not achieved by any deliberate spiritual trick. It develops naturally; and most often from the full exercise of mental prayer, which is in its turn the child of properly practised vocal prayer. Therefore I think that no one ought to set to work to practise such inward silence until they feel a strong impulse so to do. If we try such artificial methods, we probably drift into a mere quietistic reverie; and such reverie, though pleasant, has nothing in common with real contemplative prayer." (op. cit., p. 39)

- 2) Vgl. bv. John Reumann, RIGHTEOUSNESS IN THE NEW TESTAMENT: die hoofstuk oor dié begrip in die Ou Testament, p. 12f.
 "...שֶׁדָּק in Hebrew thought can be appreciated only against a background like this, a background of cosmic order. Under this heading the ancients would have brought together such basic ideas as kingdom, wisdom, law, nature and its fruitfulness, war and victory, and cult and sacrifice; all these things depend on "righteousness/justice" in a unified view of the world."

- 3) Rainer Maria Rilke, SONNETS TO ORPHEUS no. 9. Die vertaling van Herter Norton:

Though the reflection in the pool
 often swims before our eyes:
 Know the image.
 Only in the dual realm
 do voices become
 eternal and mild.

Vgl. ook aantekening 6 by Hoofstuk VIII.

- 4) In 1947 skryf die digteres uit Londen aan Dirk Opperman oor die "prosagedig" wat in 1982 as *GESTALTES 1947* verskyn het: "Iets soos 'n vrees hou jou deurgaans gespanne: 'n vrees vir dit wat alomteenwoordig is maar tog nie gesien kan word nie." Vgl. ook wat sy in dié tyd skryf oor die "eienaardige dubbel-bewussyn" wat sy in die Europese herfs ervaar (brief van 22 Okt. 1947, aangehaal in aantekening 6, Hoofstuk VII).

- 5) Rainer Maria Rilke, *DUINESER ELEGIEN I*, vry vertaal:

...die leegte het so begin pols
 dat ons daardeur meegevoer en getroos en gehelp word.

- 6) To see a World in a Grain of Sand
 And a Heaven in a Wild Flower,
 Hold Infinity in the palm of your hand
 And Eternity in an hour.

William Blake, Auguries of Innocence (CW 431)

Vgl. Kathleen Raine, *BLAKE AND TRADITION*, veral Hoofstuk 22, The Opening of Centers, p. 151f. "...The poem Milton is full of images of the nature of inspiration, given to the poet by the Daughters of Beula, who stand 'between every two Moments.' Above all Blake attempts, in this poem, to describe all manifestation as proceeding from the atemporal moment - 'smaller than a Gobble of Man's blood' and 'less than a pulsation of the artery' - which opens into eternity. The poet must find this moment:

For in this Period the Poet's Work is Done, and all the Great Events of Time start forth and are conciev'd in such a Period, Within a Moment, a Pulsation of the Artery.

CW 158

- 7) Vgl. George Adams and Olive Whicher, THE PLANT BETWEEN SUN AND EARTH.
- 8) Vgl. aantekening 6 by Hoofstuk I. Die gedig kom ook ter sprake in Hoofstuk V.
- 9) William Blake, The Fly, uit SONGS OF EXPERIENCE, CW 213. Die "vermetelete" tuiswees van die vlieg in die openingsgedig van DIE SOMERJOOD kan vergelyk word met die "slu" sekerheid van die suigeling in Noudat ek, die slotgedig van die volgende bundel (WB 35), Verrukking of sekerheid word té vol en die sirkel slaan - soos in Die somerjood - weer oor na die negatiewe toe.
- 10) Gedigte waarin trane of huil voorkom, is Hostie en Glans (SJ 20 en 32), Groen grasskoene (WB 25), Huis paleis..., Die piekniek (V1 9 en 18) en Trane in MEMBRAAN (M 18).
- 11) Traan en sweetdruppel is vir die digteres van groot belang as 'n ontmoetingspunt (Eucharistie, VL 2).
U..."so blink-onmiddellik op my vel". Vir die sweetdruppel op haar ooglid sê sy:

- Klein nattigheid van my vel, jy
weet nie hoe besonder jy is nie: hier en nou
in die Onverwoordelike: God verlore in God.

6 Augustus: Transfigurasie (WB 21)

Vgl. ook die mense-sweet van Christus in Verheerliking (SK 82) of die edelheid van die werkershande "wat die sweet van die aanskyn wegvee" in Die woedende brood (WB 19). - In 1948 het die digteres

al in 'n brief uit Amsterdam geskryf: "Sweet en trane vervloei tot 'n soort vog-vanuit-die-onmagtige-en-sterflike wese."

- 12) Om 'n uiteensetting te gee van die leringe van die Katolieke mistiek val buite die bestek van hierdie werk, wat poog om 'n blote inleiding tot die werk van Sheila Cussons te wees. Die leser kan verwys word na werke soos dié van Dionisius die Areopagiet, Thomas Aquinas, Theresa van Avila of haar mede-Karmeliet, Jan van die Kruis. Oor die teologie van dié digter-mistikus het Thomas Merton 'n uiteensetting geskryf, THE ASCENT TO TRUTH. Werke soos MYSTICISM OF THE MYSTICS OF THE CHURCH van Evelyn Underhill gee ook 'n goeie oorsig.

Onder die mistici van die Christendom verwys Sheila Cussons veral na Paulus, Augustinus, Thomas van Aquinas, Franciscus van Assisi, Julian van Norwich, Theresa van Avila en Jan van die Kruis. Eietydse "heiliges" buiten Teilhard de Chardin en Thomas Merton na wie verwys word, is o.a. Jean Vianney (die Curé van Ars, wat op Kweekskool beskou was as die domste student!); Matt Talbot, 'n eertydse alkoholis wat 'n totale ommekeer beleef het; en die kinders wat die visioen by Fatima gesien het. Emily Brontë en Emily Dickenson ("die eensame van Amherst") was albei digteresse met kontemplatiewe aanleg.

Evelyn Underhill sê dat diegene wat neig tot die mistiek, veral beelde gebruik wat in drie groepe val: 1. dié van die Reis, 2. dié van die Bruilof en 3. dié van Alchemistiese Transformasie (MYSTICISM p. 125f, die hoofstuk oor Mysticism and Symbolism). - Ten opsigte van die Afrikaanse poësie is dit duidelik dat Dirk Opperman veral lief is vir die Reismotief (die reis na die goudstad van Vigiti Magna, NN 62; die reis van Jorik, of van Marco Polo in KOMAS bv.); en dat by Sheila

Cussons veral die bruilofsmotief deurklink, saam met dié van transformasie deur water of vuur. George Weideman se bundel KLEIN MANIFES VAN 'N REISIGER is ook 'n voorbeeld van die geestelike reis, of tog, as tema.

- 13) Evelyn Underhill, MYSTICISM, p. 421, haal aan uit die 17de-eeuse vertaling THE THREEFOLD LIFE OF MAN, hoofstuk vi 88 (Londen 1909) en DE QUATUOR GRADIBUS VIOLENTAE CHARITATIS (Migne, PATROLOGIE LATINA cxcvi)
- 14) Die koms van die Skots-Ierse monnike in Frankryk en die Dietse lande nog voor die sendelinge uit Rome, is 'n interessante stuk kerkgeskiedenis. Die "sendingstasies" van hierdie natuur-georiënteerde Christene in Europa het uitgegroeï tot belangrike kultuursentra: Luxeuil, St. Gall, Reichenau, Bobbio, ens. Die Ierse monnike was 'n invloed aan die hof van Karel die Grote, en dit was Johannes Scotus Erigena wat die werke van Dionisius die Areopagiet vertaal het. "Of his writings it was the translation of the pseudonymous Dionysian treatise that awakened the most approving response. It may be said to have fixed in the medieval consciousness the image of the Heavenly Hierarchy with its earthly counterpart." (John T. McNeill, op. cit., p. 187)

Vgl. o.a. Walter Delius, GESCHICHTE DER IRISCHEN KIRCHE

A.C.J. Loos, DE OUD-IERSE KERK - ONDERGANG EN OPSTANDING
VAN HET KELTENDOM

John T. McNeill, THE CELTIC CHURCHES, A HISTORY A.D. 200
TO 1200

Alexander Carmichael, THE SUN DANCES, PRAYERS AND BLESSINGS
FROM THE GAELIC

Die voorwoord van lg. werk sê o.a. oor die vroeër geloof van die plattelandse Iere: "The beings of the invisible worlds, whether angelic or human, are not thought to be concerned only with the well-being of man's soul - but also with his work, his crops and his animals. Cow or hen are not more or less efficient machinery for producing food, but have their own rights, and need of blessing. Through everything a harmonious order can and should work, if men are sufficiently awake to the helping power of the invisible.

"This order is in the end the revelation of the Being of Christ. Without Him, nature has been in chaos, and would fall again into darkness. In the mysterious verses here called 'He Who was Crucified', in which it may be that fragments of several poems have been joined, we find this most uncompromisingly expressed:

A time ere came the Son of God,
 The earth was a black morass,
 Without star, without sun, without moon,
 Without body, without heart, without form.
 Illumined plains, illumined hills,
 Illumined the great green sea,
 Illumined the whole globe together,
 When the Son of God came to earth.

If we believe that what the physicist can describe is the whole reality of sun or moon, such words may seem nonsense to us. But the measurements of a colour or of a sound - or of a human being - convey their reality only to a very limited extent. When the writers of these poems see the Christ through the light of the sun, or the growing field or the breaking wave, they are restoring the unity of vision which the analysing mind could not help losing" (p. xviii).

- 15) Vgl. Werner Georg Haverbeck, ENTSCHLUSS ZUR ERDE, ZERSTÖRUNG UND LEBEN IN UNSERER HAND, oor ekologie en Christendom in sy hoofstuk

oor Die verantwoordelikheid van die Christene:

"'n Verwoeste denke kan die aarde tot woesteny omskep...

"Hierdie 'sondeval van die gees' het tot uiting gekom op godsdienstige gebied: In teëstelling tot die sendbodes van die Christendom uit die destydse woudlande Ierland en Skotland, het die sendelinge wat uit die Suide gestuur is, die omkap van Germania se heilige bome ingelei; en sodoende is meer verniel as net plekke waar die goddelike Skeppingskrag gesien in die werkinge van die natuur, vereer is. Want die wortels van die volk se geesteslewe is deur Bonifatius se byl noodlottig gekwes - soos die bedoeling ook was - toe hy as voorbeeld die Donar-eikeboom by Fritzlar afgekap het.

"Vyandskap teen die natuur het daarmee in die Christendom sy intree gedoen. Die Westerse mens, besig om van homself bewus te word, is meer en meer vervreem van sy ou, innige verhouding tot Moeder Aarde. Dit het in monnike-askese so ver gegaan as die veragting van sy eie liggaam.

"Natuurlik was die losmaak van die mens se kinderlike binding aan die natuur vir die menslike evolusie noodwendig, net soos wat seuns en dogters hulle uit hulle ouerhuis uit ontwikkel. Maar hierdie proses het uitgegroeï tot so 'n dimensie dat die historiese Christendom swaar belas is, en hom vandag van die kant van die natuur-bewaringsbeweging die verwyte op die hals gehaal het van medepligtigheid aan die omgewingskatastrofe. Is dit nie opmerklik nie, dat die duur reklameblad van 'n groot industriële onderneming op die titelbladillustrasie van 'n landskap oorkoepel deur 'n reënboog, die opdrag aan Adam aanhaal: 'Onderwerp die aarde!?' En so beroep die

paragrafe wat daarop volg, hulle ook - vir die regverdiging van moderne industriële installasies - op hierdie deur die eeue verkeerd geïnterpreteerde 'wettiging', en wil so blykbaar die ontwaakte ge-wete tot swye bring.

"Net in landstreke met 'n sterk volksoorlewering het natuurvroomheid in die kerklike lewe oorgegaan. Ten minste sedert Rudolf Steiner weet ons dat die hier geskilderde teenstrydigheid tussen gees en natuur die wese van die Christendom miskien, en heeltemal strydig is met sy oorsprong en roeping. Dit is 'n infeksie wat oorwin moet word, 'n sondeval van die Christendom." (Vry vertaal uit 'n aanhalingshoofstuk in 'n advertensiebrosjyre van die uitgewery Urachhaus.)

Telkens, gekonfronteer met alles van groen onskuld wat sig so stil uit die aarde bietjie-bietjie soet voed, voel ek kompleet 'n wildevark...
O waarom, waarom kan ons nie anders nie as roof?

Heer vir spys en drank (VL 19)

In nog 'n ekologie-bewuste gedig, Die piekniek (VL 18), verskyn in Oom Jukskei, heeltemal kontemporêr en bekend ingeklee, die mens as geweldenaar wat natuur en medemens verniel vir eie persoonlike genot: in wese 'n handlanger van die duiwelse (Vgl. Hoofstuk IX).

- 16) Moet daar dan reeds nou opgerol word vir Bio-Dinamiese landbou: met die oog op 'n tyd wanneer swart en wit sáám sal kan werk, uit die stilte uit, om die geskonde aarde te herstel en die groot voedingskragte van Moeder Natuur in hulle ritmiese werkinge terug te wen?
- 17) Die mens staan in die teken van 'n drieledigheid wat eerstens

fisiek is: in die drie liggaamstelsels van enersyds harsings -
 senuwees - sintuie, daarteenoor die ledemate en metabolisme, met die
 ritmiese sisteem van hartklop en longe tussenin;
 tweedens psigies - denke, gevoel en wil;
 en ook geestelik in die verhouding tot die Drieëenheid van Vader,
 Seun en Gees.

Uit gees, siel en liggaam bestaan die mens; 'n grondwaarheid wat
 Rudolf Steiner op veelvuldige maniere belig. - Oral kom hierdie
 drievoudigheid van twee teenoorgestelde pole met 'n brug-element in
 die middel, tot uiting.

Gedigte van Sheila Cussons wat uitdruklik betrekking het op die
 hart of siel is die volgende:

Hek-ode (SW 61) en Huis paleis...(VL 9)

Middeleeus op galop (SW 69)

Enkele observasies, Die pomp en Die woedende brood (WB 17,
 18, 19)

15 Augustus: Maria-hemelvaart (WB 22)

Die eensame van Amherst (VL 6)

Flits uit 'n braaipan (VL 35)

Slaaplose nag en Drieluik I (M 11 en 50)

18) Vgl. nota 11 hierbo.

19) "Want slapendes is biddendes, hulle verkeer met God. Die kluisenaar
 en die heilige bid hulself los uit die wêreld soos elke besige stedeling
 dit snags onbegrypend doen...Mense is sonderling begenadig om die siel
 met twee weë te kan bereik..." (GS 34-35)

- 20) Hier is nogeens die beeld van die veelvuldige oog wat vanaf die vroeë Tuin se pou-oë (PL 2) reeds daar is in Sheila Cussons se gedigte. - Vgl. aantekening 1 by Hoofstuk II en die bespreking van Meridiaan en Argos in Hoofstuk V.

HOOFSTUK XI

Kringlope

In my end is my beginning

T.S. Eliot, FOUR QUARTETS

An aged man is but a paltry thing,
A tattered coat upon a sick, unless
Soul clap its hands and sing, and louder sing
For every tatter in its mortal dress...

O sages standing in God's holy fire
As in the gold mosaic of a wall,
Come from the holy fire, perne in a gyre,
And be the singing-masters of my soul.¹⁾

W.B. Yeats, Sailing to Byzantium

Ronde borde skottels kringe
kringe skottels kringe binne
potte kringe skottels kringe
breek vyf eiers rondom roerom
kitse bitse in 'n kitsom
ou vrou en haar gans bak koek

SK 1

Die lewe van die mens speel hom af in die kringlope van die tyd: lig en duisternis, dag en nag, wakkerwees en slaap; somer en winter, saad en oes, jeug en ouderdom, lewe en dood... Die aarde draai om sy eie as, die aarde en planete wentel om die son, die son volg sy eie baan in die yslike spirale van nog groter stelsels. (Wanneer met 'n kringloop daar tegelykertyd vooruitbeweging is, is die beweging spiraal.) Die kringe, ovale, lusse van die steeds veranderdne sterreheemel om die aarde is soos 'n groot kosmiese dans: orals 'n "wiel binne-in 'n wiel" (Esegiël 1:16, 10:10).

Hierdie bewegings vorm die raamwerk van die tyd. Dag en jaar hang af

van die verhouding tussen die aarde en die son, die maand volg die maan se groei en kwyn, die dae van die week is genoem na die "sewesterre".²⁾ Die wisselgang van aarde en hemelliggame vorm die lewende tyd. Noudat horlosies nie altyd meer die twaalf stasies rondom soos die sodiak het nie, kan dit maklik vergeet word.

Binne die sirkelende bewegings van hemelen aarde bevind die mens hom, tussen die "lig" van sy denke en die "duisternis" van sy wil, met die ritmes van sy hartklop (inkrimping en uitdeining), sy asemhaling (in, uit) en ander organiese prosesse.

The dance along the artery
 The circulation of the lymph,
 Are figured in the drift of stars
 Ascend to summer in the tree
 We move above the moving tree
 In light upon the figured leaf
 And hear upon the sodden floor
 Below, the boarhound and the boar
 Pursue their pattern as before
 But reconciled among the stars.

T.S. Eliot, FOUR QUARTETS

Sommige van die vroeë misteriegodsdiensete was feitlik gebaseer op ervarings van die ritmiese wisselinge in die kringloop van die jaar. 'n Bewuste meeleeft met die seisoene het 'n pad tot inisiasie geword³⁾; by Eleusis of op Sicilië bv. waar die verhaal van aardmoeder Demeter (Ceres) en haar verlore en hervonde dogter Persephone (Proserpina) hulle tuiste gehad het. Terwyl Persephone koningin in die onder-wêreld is, is dit winter. Wanneer sy terugkom uit die doderyk, in die lig in, is dit lente en somer. So word die seisoene beeld of "teken" van die mensesiel se winterverduistering en aardgebondenheid, en haar weeropstanding in die lig. Eleusis se misterie van die koringkorrel wat sterf en weer opstaan, word 'n wegbereider vir die Paasfees. (Vgl. Hoofstuk IV.)

Dat die werk van Sheila Cussons verwant is aan die stroom van die vernieuende en gekerstende misterieë, skyn aangedui te word nie alleen deur die verloop van DIE SWART KOMBUIS, soos reeds in vorige hoofstukke aangedui nie, maar ook deur haar preokkupasie met die kringlope van die tyd, die uiterlike seisoenswisseling sowel as die feeste van die Christelike jaar.

Om te begin by GESTALTES 1947 wat voor meeste van haar ander werk geskryf maar later gepubliseer is: Dit gee vanself 'n kringloopeffek as die vroeëre eers ná die latere gelees word. "In my beginning is my end." Dit word duidelik dat in die kind se drome reeds opgekrul was wat later in die gedagtepatrone van die ouer vrou sou ontplooi.

Baie vroeg word die metamorfose-gang van die maan al ontdek: "eers net 'n wit strepie agter die gordyn, dan 'n wit skyfie, dan 'n ronde wit ding se helfte, dan driekwart van 'n ronde ding: langsaam, onafwendbaar" (GS 10). Wanneer die skryfster ouer word en die Kind wat sy was, verloor, voel sy: "Voortaan sou ek alleen wees in 'n wêreld sonder 'n bo of 'n onder, 'n begin of 'n einde. Dit het eenmaal stilgestaan om haar uit te laat. Nou draai dit weer soos 'n wiel waarvan jy die speke kan sien in hulle ronde vlug. Eenmaal het dit hier waar ek aandui, stilgestaan. Sy het daarvoor gehardloop soos oor 'n smal brug, na die buitenste kring, en verdwyn.

"Soms het daardie speek vir my dieselfde betekenis as Februarie, sonderling in 'n kringloop van twaalf verwante maande, of Vrydag-die-dertiende waaroor mense bygelowig is. Dit flits verby, gaan, flits verby, gaan, flits verby..." (GS 23)

Steeds is dit die unieke oomblik waar tyd en die buite-tydelike mekaar

kan ontmoet, wat die skryfster boei: binne die draaiende wiel van die tydelike, daardie sport na die onsienlike.⁴⁾ In GESTALTES 1947 is die onsienlike waarna verlang word veral die herinneringswete van onsigbare metgeselle, 'n engelagtige wese met wie die kind in die verlede kon saamwees. In later werke is dit op baie verskillende maniere die moment van vereniging met 'n gestaltelose Bo-tydigheid: die sagte sprong, die openbaringsmoment in die blink traan, of sweet; die Kyk deur eenselwige pupille, die mistieke eenheid in die ademing...

"Materie is wording en ontbinding" (GS 29)... "Beurtelings deur geboorte en sterwe, deur vergetelheid en herinnering, soek die mens sy ontwekene..."

"O droom, word helder soos die wassende maan in my en lei my tot kennis" (GS 31)

GESTALTES 1947 is steeds afskeid en begin. Die laaste bladsy bevestig: "Dis asof hierdie dag 'n afskeid is of 'n begin... Ek is alleen met die laaste glans van die son en my skaduwee het sy uiterste lengte bereik, strek voor my uit in roerloze spanning, 'n donker baan waarvan die verste punt my lok... Vinnig, en met 'n ligte tred, begin ek langs die donker baan van my skaduwee loop na daardie steeds verbreedende kim waar tyd en plek en kloppende hart een wese sal hê." (GS 39)

Die invloed van A. Roland Holst, Yeats en Rilke is duidelik in GESTALTES. Rilke word uitdruklik aangehaal op p. 31: "Die digter sê 'om elke engel is verskrikking',⁵⁾ omdat hy dit soms reggekry het om in 'n donkerte soos voor blinde oë, woord vir woord sy eie beeld op te bou, deurstraal soos glas, vreeslik. Weet hulle dat jy jouself moet vrees wanneer jy buite jouself so helder gestalte aanneem?" (GS 31)

Die "engel"-gestaltes van hierdie tyd word nog nie in verband gebring met

die engele van die Christendom nie. Die latere engelverwysings, in VERWIKKELDE LYN bv., openbaar soms meer van abstrakte of selfs konvensionele religieuse denke. Hulle word agtergrondfigure in 'n religieuse opset wat meer tot die figure van die Drie-eenheid en Maria gerig is. Die engele in GESTALTES daarteenoor, wil meer soos Rilke s'n wees, amper 'n soort belewenis van drumpeloorgang, uit 'n kind se vroeë herinneringsveld en fantasie: die jong man in die grys mantel, die Albatros (GS 25), ens.

"Die tweede gestalte was onafhanklik van enige voorwerpe. Hy het gewoon in 'n landskap wat ek maar net kon vermoed. Hy het in sy wysheid verkies om onsigbaar te bly; sy enigste toegif aan my was die ongeveer menslike persoonlikheid wat hy aangeneem het. Tegelykertyd was hy die wese en die plek, die figuur en die landskap. Omdat beelde nodig is, het ek hom só gesien: skraal en rank soos die mense van my eerste eensaamheid: 'n jong man met 'n grys mantel; grys-blonde hare, ruig en gekrul " (GS 17f).

"Die nuwe kind lê in sy stootwa en kwyl...Tussen hom en die kind verskyn die tweede gestalte. Hy is onsigbaar, afgesien van 'n soort koelte, die gevoel van 'n donker kleur. Dis nie die jong man met die grys mantel nie, en tog is dit hy." (GS 18)

"Hulle is hier, en hulle is almal hy. Een se mantel is grys en 'n ander s'n is donkerblou. Daar is 'n menigte van hulle in grys en donkerblou mantels. Hulle praat met my en ek sien wat hulle sê. Hulle woorde is blink stippels in die sonlig. Die hele lug is vol stippels wat spring en draai en sweef - daar is 'n silwer stof, orals om my. Almal praat, ek hoor elkeen, en hoor almal..." (GS 20)

"Toe my verlange na my terugkeer, gewaar ek 'n oop plek tussen die digte lower van bome waarheen ek onwetend moes gestap het. 'n Donker koelte omvou my, maar deur die opening sien ek 'n goue man hoog in die lug staan. Skielik stroom iets oor hom, soos reën uit 'n onbewolkte hemel, en onmiddellik daarna stort 'n engel voor hom verby, sodat hy 'n oomblik agter die stralende figuur verdwyn. Toe hy weer sigbaar word, is hy twee persone. Hulle kyk mekaar aan en elkeen hef 'n hand en klap die ander teen die wang. Hulle kantel en val. Die blare bewe en 'n verre, helder weerklank draai om die plek waar hulle verdwyn het." (GS 21)

"Ek het uitgereik na 'n plek wat eindeloos deur 'n opening in die digte lower verbrei - of eenmaal gesien deur klare water van 'n see, of in 'n droom besoek toe dit orals koel en donker was. Ek het verby my kragte na daardie plek gereik, en wie sal sê dat hulle wat so iets probeer doen, nie 'n groot skuld het nie? Maar dit was meteens iets toegankliks, iets wat geopenbaar is..." (GS 22f)

"Waar die stad op 'n hoogte uitloop, tussen ontluikende bome, herken ek die plek waar 'n engel die eerste maal gejuig het en toe verheug om hom rondgekyk het na my verdeelde vermoëns, na elke glinsterende talent se skielike gestalte. Hy het hom verlos in 'n veelvoudigheid van kleur en vorm en geur, en met elke hernieuwe kreet het 'n golf oor sy skepping geplooi en ander vermoëns tot vreemde voorwerpe laat bloei. Toe sing hy geweldig en die plooi uit om hom, en in die mens die siel se herinnering aan alles wat voorafgegaan het, maar die mens se bloed was sy eerste moeder en wou nie dat hy alles onthou nie.

"Deur die innige bloed hoor ek hoe hy hom roekeloos uiteensplyt, en na elke oorstelpende skepping weer snel tot homself terugstroom. Hier is die eerste krokus suiwer soos 'n vuur. Dit sal verwelk, want materie is

wording en ontbinding, dog 'n tweede blom sal kom, en eendag iets meer as blom of mens of ster. Wat moet kom, sal uitgaan in die liggaam vol verlange en herinnering nog êrens in die soet swaar las van aardse wese verborge. Sal dit vlie soos 'n voël, ruim opwaarts lewe oor wolk en ongekaarte seë? Orals is lied, ver en tuitend naby my asof 'n siel hoog deur die ruimtes helder vreugdevonke afgee - borrels, vlamme - en elkeen soos dit kom, 'n voël " (GS 28f).

* * * * *

Spesifieke kringloop-gedigte in DIE SWART KOMBUIS is Boerderye en Pleroma (SK 1 en 24). Pleroma, soos reeds genoem in vorige hoofstukke, gaan om die kringloop van saad tot oes as signum vir mens- en aard-ontwikkeling. (Vgl. aantekening 6, Hoofstuk I.) Boerderye sien die sirkels van hol kombuisgerei, die breek van die eier (wat ook 'n end- en beginbeeld is) en die lewenskeppende om-beweging van die ou vrou Aardmoeder-Sophia waar sy omroer by die vuur. - Soos in Esegïël se visioen van die gerubs en hulle "ratwerk" is die geesteswese en die sirkelende beweging onlosmaaklik een.⁶⁾

Sirkel in DIE SKITTERENDE WOND (28) sien die styg en daal van die son as beeld van 'n lewensloop. Op middaghoogte is hy "'n ryp geel eier/oesgeel". Maar die ingaan in die skaduwee in, na die blou kant van die spektrum, bring reeds weer

van die eerste vroegste verlore
paradysvoël die hervonde blou. 7)

Oudword word die hervind van die kind-bewussyn, die sirkel sluit van aand na môre. - (Vgl. ook die "rondheid" en "ryp geel kring" van Pastorale, M 22.)

Die pragtige Laat-twintigste-eeuse aand (SW 55) begin met 'n liggie in 'n kamer, eindig met die swaar draai van ons planeet om sy as in die gitswart ruim: dit wys die vertrouende onwetendheid van die kleinmenslike soos hy beweeg binne die ongewete werklikheid van die hemel=liggame se beweging.

Sfeer (SW 58) begin weer by die beeld in Boerderye, uit die kosmiese kombuis:

Roer in 'n bord...

en onderskei tussen twee sieninge van die herhalinge wat die aarde se sirkelgang bring: as ál leër en verveliger, of as ál sinryker namate die lewende Son gevoel word. Die biografiese loop van die mens word bepaal deur sy vind of nie-vind van die immanente Son van die misterieë, die Christus-son wat die lewegewende spil is waarom alles draai.

In 'n gedig soos hierdie bied die werklike sien van die uiterlike in die innerlike en die innerlike in die uiterlike die volkome versoening van die sirkel wat sluit.

Die Welt im Ich erbauen,
Das Ich in Welten schauen
Ist Seelenatem.

(Om die wêreld in die self te bou
om die self in die wêreld te aanskou
is asemhaling van die siel)

lui die begin van meditasievers. 8)

In DIE SAGTE SPRONG bied veral Hoepel en Die kers die kring-beeld (SS 43, 52). Hoepel is 'n droombeeld wat Freud en Rilke kontrasteer, twee Duitse seuntjies uit die 19de eeu wat met hulle hoepels speel. Albei wil werk met 'n voltooide kring van bewussyn: Freud as eerste wat weer in die onbewuste gaan soek het na antwoorde op die mediese pro=

bleme van die mens se bewuste lewe, maar nog op 'n kru wyse; en Rilke as digter wat die numineuse Anderkant in sy siening van mens en natuur insluit. Freud skok die burgerlike teeparty en laat glasskerwe en vernietiging agter. Maar Rilke se hoepel rol singend verder voor die aangesig van die groot beeld van Apollo, god van musiek en genesing.

In Die kers kring die vraag na God se eie-wese eindeloos konsentries uit van Aquinas se kersvlammetjie in die oneindigheid in:

doof en roerloos swaar bly sit
 waar die kers al lank nie brand nie
 Aquinas blind van Majesteit

Die doodgaan van die vlam, die "blind"heid van Aquinas waar hy instaar in die groot Negasie anderkant die aardse, die niks wat Alles is, plaas hierdie gedig in die mistieke tradisie. Naby sy dood, sien die priester in in 'n lewe wat ál verder kring.

Dit gaan om die polariteit van middelpunt en omtrek, sametrekking en uitdiening, lig en donker - selfs 'n binneste-buitekering wat 'n meta= morfose in die sirkel self bring. Namate die klein kersvlam van die eie-lewe wegsterf, groei die Sjekina-glorie⁹⁾ van Majesteit; en as die ongeskape lig uit die donker skyn, word miskien selfs 'n ommekeer bereik wat sirkel tot lemniskaat kan maak.

8 8 8 8 8 8  8 8 8 8 8 8

In die paradoksale titelgedig van DIE SOMERJOOD (SJ 24) word die ommekeer inherent aan die gang van die sirkel uitgespreek. Die wiel van die son rol - daardie geliefde simbool van die óú wêreld se gelowe. Onder word bo en bo onder, een seisoen gaan oor in die teenoorgestelde en stemminge wissel.

Die somer het uitgespan,
 dwaal los en lekker tussen
 sy tente rond. Hy knee
 sy spiere, kou gras, Hy
 is 'n blou-oog-jood, sy oë is
 komme blou. Sy weiding
 blêr soos melk, sy oë glinster
 vol. Hy rek hom uit. Hy
 is so aangekome en vol en
 volkome soos 'n snik.

Dis asof Joodse en Griekse voortyd saamsmelt wanneer die patriargale, outestamentiese herderfiguur verskyn met sy blou oë en witmelk-kuddes. Hy is die somer, die ene losheid en uitdeining. Maar blydskap wat té vol word, moet keer tot droefheid. Die snik is diep inademing en 'n soort saamballing in die innerlike.

Teenoorgesteld sien Klein ode op wit (SJ 22) weer uit na die winterkoue van die dood as 'n jubelende bevryding:

en alles sal eindig en begin
 en juiging wees en sneeu

Die titelvers van DIE WOEDENDE BROOD is ook in sekere sin 'n kringgedig. Aangesien die gedig reeds bespreek is in Hoofstuk IX, kan hier net gewys word op: die onuitgesproke tweede helfte waar die Bloed weer voeding word, 'n instroming van genade, in die sakrament, ná die woede versoen is. Om die transformasie van die bloed gaan dit, 'n hartmisterie.

In die hart van Christus kom die metamorfose wat dit vir die mens moontlik maak om sy draai te kry vir die pad verder, weer na sy oorsprong, soos die Verlore Seun.

Orrel (WB 30) praat van die "ronde jaar" met sy rykdom van wisselende ervarings.

En elke
 jaargety kies sy sintuie uit -
 winter is pure oor - en meng hulle
 weer tot elk in elk die ander herken,
 en popelend van kreature,
 verwickeld kontrapuntaal, om
 die ronde jaar die groot Te Deum
 galm, met al die registers oop.

Maar dit is dan eintlik in VERWIKKELDE LYN met sy meer beskoulike gedig=
 te dat daar voluit oor die kring-simbool gedink word, veral in die
 titelgedig en in Verklaarde kring (VL 27).

In 'n Soort wat leviteer (VW 11) word die oomblik van vrede en vereniging
 met God gevind in die lug-wisselende sirkulasie van in- en uitademing.
Ruach, pneuma, umoya is mos woorde in verskeie tale wat tegelyk "wind",
 "lug", "asem" en "Gees" beteken.

- Hoe goed om net
 te sit, ademend in en uit, en hoe goed dat rede klein is
 en dat ek dit seker weet, so seker soos deur God en mens
 tót God en mens een is, in ewige sirkelgang
 sag, egalig, oneindig, o my Lewe u asem gaan, u asem gaan.

In die mikrokosmos van die rustig-bewuste menslike asemhaling word die
 hele gee en neem tussen mens en God - of tussen God en sy skepping -
 aangevoel.

* * * * *

Die gedagte van die kringloop is nie nuut in die Afrikaanse kuns nie.
 Die gevoel vir die wisselgang van die seisoene kom by baie skrywers
 na vore, van Leipoldt tot Breytenbach. N.P. van Wyk Louw noem 'n
 bundel DIE HALWE KRING, en wys op die oopgelate kring van sy jeug,
 wat deur die groot wese wat hy in die dood ontmoet, eers voltooi kan
 word (HK 30). Sy Vier Gebede by Jaargetye in die Boland en hulle voor=
 spel Fragmente van die Tweede Lewe (HK 47ff) dink oor menslike ontwik=


keling in terme van die wenteling van die seisoene.

Daar kom in my 'n stil vermoede
dat alle lewe só sy volheid kry
en heerlik gaan in die rustige dood se hoede...

Wat in die voorwoord van die Kestings se KLEIN AKKOORD gesê word oor die Japannese haikoe-vers, is ook in 'n mate toepaslik op sommige van Sheila Cussons se kringloopgedigte:

"Haikoe word in harmonie met die seisoene geskryf. Temas bly vervleg met die son en die maan, die sterre, wind en reën, met die mens as deel van die elementale. Die haikoe-belewenis is eenwording met die natuur, eenwording met God. Sin word gegee aan elke manifestasie van die lewe. Dit is om 'God in 'n engel te sien as engel en in 'n vlooi as vlooi'. Vir die digter word die haikoe-ingesteldheid 'n leefwyse...

"Die digter....gee uitdrukking aan die ervaring van 'n moment, aan 'n flitsinsig in die hart van dinge. Die kosmiese onbewuste in hom tree in werking. Die eie-syn van elke skeppingsverskynsel word ervaar. Die sewentien-lettergripige vorm is egter 'n onomskrewe weergawe van die flitsinsig, omdat dit eksplisiet onbeskryfbaar is. Op sy hoogste vlak transendeer die haikoe die bloot sintuiglik waarneembare. Die mistieke word gewoon, die gewone mistiek".

- En dan, op enkele rotse in Noord-Transvaal of Zimbabwe is daar die spiraal- of konsentriese sirkel-tekens ingegraveer of geskilder deur die geheimsinnige vroegmense. Daar is ook die teken van die sirkel met middelpunt,  'n beeld vir son of fontein.¹⁰⁾ Verwikkelde lyn (VW 17) bied diagrammaties gesproke die halfsirkel of gesplete sirkel en volsirkel; in sy volheid gaan die gedig oor die skoonheid en genot van die lyf, en wat dit is wat die lyf oorleef.

Eers 'n paar strepe getrek, een lenig
soos 'n biesie stampvol sap, en toe 'n sinlike kurwe
gevolg deur 'n oomblik as aarseling: wat nou?
tot die siën, tot die voel deur my hele lyf heen
van wat dit dwing om te word; dan vinnig arseer my pen
vorms, volumes oop en uit die plat papier en siedaar!
boude, fraaie bille.

Die lyf is lieflik: die halfmaan-deukie om die nael,
die modellering van die fyn kniekuil; maar hoe
ingewikkeld moes daardie Luim gewees het - ernstig én
geestig én teer, en alleswarm van wellus
deursing - wat uit die onderent van die rugstring
twee sulke boude kon laat blom.

So gestoffeer net vir sit? Nut alleen die bedoeling?
Nee, dit rym nie met oë en hande en verbeelding nie -
Kyk verder: die boog van die lip: kyk waar jy wil deur
die jonkheid: tuin, álles, begeer en geniet.

En vir die winter, herinnering...

Miskien was daar nog iets in daardie Oog - ek plaas
ingedagte, angsvallig nou, 'n strepie meer hier en daar -
iets te kompleks vir my woord; menslikerwys sou ek dit
weemoed noem, diep deur en verby die kurwe, die sterk
lyn ontspringend aan sy Hand -

My tekening klaar, dink ek : ja, dis mooi: trek afgetrokke
somer kringe, kringe, en wonder wat dit is wat die lyf oorleef -

Erik Holm skryf na aanleiding van 'n Khoi-gravure van verskillende soorte
dierespore dat die gesplete hoef vir die jagters 'n maanteken kon gewees
het, die rond-uitstralende van mensehand of leupoot intendeel 'n son-
signatuur.¹²⁾ Interessant dus dat in Sheila Cussons se gedig die vlees=
like onmiddellikheid van die boude, met hulle keep, fyner ge-eggo word
deur die halfmaan-duikie om die naelholte.

Die maankragte en maanritmes hang saam met aardse groei en vergaan in
plant of mens. Die landboublaaië verskaf deesdae 'n maankalender vir
plant en saai: en die verband tussen die maan en ovulasie of bevrug=
ting is oorbekend. Wanneer Verwikkelde lyn dus die halvesirkel van die
verganklike vlees stel teenoor die volsirkel van die blywende gees, kan
dit miskien gesien word as 'n "maanteken" teenoor 'n "sonteken".

* * * * *

Hoe anders hulle ook is van styl en aanvoeling, voer hierdie Verwikkelde lyn 'n mens tog terug na die slotgedigte van Dirk Opperman se jeugwerk NEGESTER OOR NINEVE. In dié bundel verken hy eweneens die fluks van wording en vergaan en herlewing in die natuurlike wêreld, en eweneens vra hy wat dit is wat oorleef?

Oor sy volk vra hy:

Sak ons so doelloos ná die vlam
met vegter, stad en blaar gestook
net tot 'n donker baaierd rook?

Vuur (NN 58)

geboorte, dood, geboorte, dood.
Uit agterstruïke van my denke skryn
dit douvoordag met dié refrein,
ek vra my daeliks die koers en sin
van eeu na eeu se kring

Rooi Voël, Wit Voël (NN 60)

Die wese agter die patroon van die kringloop is wat bly, sê hy: die Feniks - vuurvoël, sonvoël - wat beeld en wese is van die ewigherhaalde herlewing (vgl. Hoofstuk IV).

Na 'n veldbrand het ek 'n vlakvoël
nog op haar eiers swart verkool
gevind, en uit wit klip 'n vrou
wat op haar skoot 'n kind vashou,
ru op Hlomo Amaboeta
mans gespalk, op Golgota
die Man wat aan 'n kruishout hang;
en tussen vlam en rook en vlam
moet ek, my kind, ook hierdie uur
'n God herken, vuur in die vuur.

In die laaste strofe van sy gedig Vuur (NN 59) vergelyk Opperman eers die swart verkoolde vlakvoël op haar nes (in die konteks is dit 'n Feniks-beeld) met die wit Vrouemonument-standbeeld van die moeder met die gestorwe kind op haar skoot. Die teëstelling swart/wit wys o.a. duidelik na 'n alchemie-motief, selfs 'n Graal-motief op die agtergrond?¹³⁾ Deur sy

ooreenkoms met die tradisionele Pietà-beeld waar Maria haar gestorwe seun op die knieë hou, suggereer die Boereoorlogstandbeeld die Christus-tema van sterwe wat tot herlewing lei.

Dan stel die digter parallel hiermee die doodslaan van die Voortrekkers deur Dingaan op sy teregstellingskoppie teenoor die doding van Christus op Golgota. Die tema van sterwe in vuur of sterwe as 'n liefdesoffer vir ander, word aangedui as steeds 'n openbaring in die geskiedenis van die wesens-Godheid wat "vuur in die vuur" is: 'n Christus wat verrys soos die son, of die Feniks uit 'n verkoolde nes. Dit sien Opperman dan hier as 'n kernbeeld van die Afrikaanse geskiedenis, nota bene.

So sluit hy hom aan, miskien gedagtig aan sekere beelde van Roy Campbell,¹⁴⁾ by die vroeë religieë van Fenicië, Arabië, Egipte,¹⁵⁾ die wierooklande vir wie son en vuurdood van sentrale belang was.

Ook vorm Opperman se beelde van Feniks en Walvis¹⁶⁾ 'n verbinding met die vroeë Christendom, wat die "teken van Jona" op die katakombemure geskilder en die Feniks as 'n prototipe van Christus beskou het.

Ook daar word die vorige misterieë gesien in verband met die Christus-gebeure. Die getransformeerde misterie-beelde vorm 'n kernbestanddeel van die vroeë Christendom.¹⁷⁾

Rooi Voël, wit Voël en Vuur van Dirk Opperman bied dus eintlik dieselfde kontras as Verwikkelde lyn: die verganklikheid van alles wat vleeslik of materieel is, eie liggaam of hele stad en beskawingsvorm teenoor die ewige wat beslote lê in die geestelike begryp van die sirkelgang: as lewensvorm binne die tyd, van 'n Vuurwese wie se uiterlike signum die fases van die son is.

Die Feniks is 'n opstandingsimbool. En die verband tussen Opstanding

en hemelligame word nog altyd erken in die datering van Paasfees. Dis 'n beweeglike fees en val altyd op die eerste Sondag na die volmaan van die lente- of herfs-ewening. Daar word steeds in die vasstelling van dié feesdae rekening gehou met die wisselende verhoudinge tussen son en maan in die natuur daarbuite.

* * * * *

In haar meer beskoulike ouderdomsverse skryf Sheila Cussons meer uit persoonlike gevoel oor die liggaamlik-sintuiglike. In sy vurige jeugverse skryf Opperman oor fases van die geskiedenis. Maar die essensiële teëstelling en slotsom is dieselfde, en die twee digters vul mekaar aan.

Die somberheid van die slot van Verwikkelde lyn vloei uit die noodsaaklikheid van dood en afstand doen. Sonder die "offer" van al wat in 'n vroeër fase verwerf is, kan die volgende fase nie tot geboorte kom nie. Pyn, en vrywillige pyn: "vuurdood" of kruis, is ingebou in die konsep van metamorfose en groei, vir enkeling óf groep.

So kan daar wanneer die liggaamskragte vergaan, al is dit met menslike weemoed, opgekyk word na nuwe kringlope van bestaan; en wanneer 'n beskawing in vlamme opgaan, na die ewig sigself vernuwende Feniks-Christus.

Ook Jesus, die beliggaamde Christus self, praat in terme van die seisoene. "En wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie... daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnood en pes-siektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom... En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is... Let op die vyeboom en al die bome. Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is

wanneer julle hierdie dinge sien gebeur... Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie... Waak dan en bid altyddeur " (Lukas 21).

* * * * *

Verklaarde kring

Sheila Cussons se gedig oor die voltooide kring word aangebied na aanleiding van die musikus Arnold Schönberg se "Verklaarde nag", en dit heet Verklaarde kring (VL 27). Die paradokse van halwe kring/vol kring en donker nag/helder nag word tegelykertyd gebind aan die tweeheid probleem/verklaring.

Die volkring bring lig.

'n Oog word helder. In die lang soeke na kennis, wete, wysheid word 'n uiteindelijke, wesenlike "pit-weet" bereik.

U doop ons so vlugtig in hierdie Nou
asof U ons slegs wil blansjeer;
'n in en uit in 'n oogwink, 'n vinnige vlagie beproewing,
'n telling net in u ewigheid.
En skiet 'n skok deur U ook dan, duur dit vir U
soos dit vir ons duur, so fel soos dit kort is,
gedronge, geweldig? En dooi U 'n oomblik soos ons
ingewikkelder dooi as die spanning en knerp
van suiwer net gees wees, kruimel in die vloed
van die bloed in? -
In hoeveel breuke kan 'n minuut verdeel word
(Eloi! Eloi!) - in hoeveel minute 'n lewe, gemeet aan
'n asem, ekstase, sweet? -
U dompel ons net lank genoeg in ruimte en tyd
vir daardie genoeg om gou, onmiddellik, genoeg nie
te wees nie, en om ons te laat klamp aan digtheid,
aan vondste van sien en hoor en ruik en voel en proe,
én verbeel: die dink in prentjies van 'n beliggaamde gees,
surrogaat vir kennis, troos vir die beswyming van weet -
Verskoon my dan - U sal - my primitiewe beeld:
een God-telling te lank in hierdie walmende Nou
sou die brosheid uit ons wegweek, die vinnige vatbaarheid
waardeur U in mens na mens u skepping steeds ontgin,
deur selfs dié betwyfeling heen, dié sputtering
van amper insig, dié diagrammetjies...

En alles, dit alles samel U in, vir U nie: vir my - wete wat ek betrap het, onaanrandbare pitweet, waaraan ek so vas hou soos U aan my: 'n voël kan nie roep, 'n kleur nie gloei, of my hart begeer U! maar dan na my aard: hoe is U? Beelde is al wat ek het, ontferm U! Maar meer as beeld is ek: ek glo nie ek voel verniet nie dat U vra ek moet kyk na U: U soek my blik, myself soek my, en wil dit in niks wat U nie is nie. Dè, oortref my: ons sien U aan deur U Pupille.

Doop. Die indompeling van die tydlose gees in tyd en ruimte gedurende die periode tussen geboorte en dood, word in hierdie gedig as 'n soort doop gesien:

U doop ons so vlugtig in hierdie Nou

Die religieuse doop is onder andere ook 'n reiniging. Blansjeer beteken letterlik "wit maak". Dis 'n kookkunsternorm uit die kombuis, wat o.a. gebruik word met betrekking tot die amandel, daardie wit pit met die bruin skilletjie. In blansjering word die amandelpit 'n oomblik in kookwater gedoop, net lank genoeg om die skilletjie maklik te laat loskom. Vgl. die bruin-en-wit in Kleur van Amandel (VL 30) wat gaan om die wit lig wat deur bruin aardsheid kom. In Klein ode op wit was daar 'n wit wat deur ou bloed gekom het, gelerig (SJ 22). Maar hier reik die proses dwarsdeur die "walmende Nou" tot by die suiwer wit weerontmoetingspunt van die pitweet-eenheid in Sien.

Hier is weer die begrip, wat Kathleen Raine Neo-Platonies noem, van die siel wat indaal in die waters van die aarde in -

u ysige doop
toe U deur droewe water
ons donkerte aangeneem het - 18)

en wat dan weer terugkeer na sy goddelike oorsprong: U

Plato self het die sirkel voltooi deur die verhaal van die soldaat Er, wat vertel hoe hy op die slagveld as dood agtergelaat was, en hoedat hy toe ervaar het dat hy opgeneem word in die hemele en daar kan sien hoe

die gestorwenes met die geesteswesens raadhou oor hulle afgelope lewe en self kies hoe die volgende verloop van hulle lewe op aarde weer moet wees. Voordat hulle weer neerdaal op die aarde, gaan hulle deur Lethe, die rivier van vergetelheid, sodat hulle vergeet van die vorige lewe en hulle verblyf in die geesteswêreld. 'n Spirale groei, van lewe beurte= lings in die aardse in en dan weer uit in die geestesruim, word gesugge= reer (Plato se REPUBLIEK, boek 10).¹⁹⁾

Die betekenis van die sintuiglike ervaring wat net die materiële aarde kan gee, is in Verklaarde kring: die ontmoeting van mens en God hier benede, hulle vereniging in die nuwe sien van die verklaarde oog ander= kant intellektuele dink, anderkant beeld-dink verby, in 'n intuïtiewe gemeensaamheid van Ek-in-my.²⁰⁾

"Dooi" beteken smelt, vorm verloor deur omringende warmte; "kruimel", opbreek. Die woord roep duidelik ook die assosiasie van dood en sterwe op, en is klankgewys verbonde aan doop. "Eloi! Eloi!" is Christus se kruiswoord, waar Hy vra waarom God hom verlaat het. Paulus vergelyk in die sesde hoofstuk van die Romeine-brief die doop se indaling en uitkom uit die water met Christus se afgaan in die graf en weeropstan= ding. "...Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die doop, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is... ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding..." Doop is 'n vorm van inisiasie, die sterwe van 'n ou self en die herlewing as 'n nuwe mens.

Aan God word in die gebedsgesprek van Verklaarde kring gevra of Hy self ook 'n oomblik, 'n Gods-telling lank, dooi net soos die mens, by die indompeling van "gees" in "bloed", d.w.s. 'n verdigting uit die nie-

materiële tot in die vastheid van vloeistof (en dan mineraal) in. Hierdie gedagte van die sterf van God self in sy skepping in, wys vooruit na die einde van die gedig, waar alles wat in die natuur gesien word, Hom oproep, terwyl selfs die oë waardeur gesien word, Syne is. Die afleiding kan gemaak word: dat in die ontwikkelde mens, die kroon op die evolusie-leer, die skepping van homself bewus kan word. Deur die geopende oog van die verligte mens, kyk God as't ware na Homself, en die hele skepping vind sy konsumasie...

U vra ek moet kyk na U: U soek my blik

Jesus se eerste opdrag aan sy volgelinge in die Johannes-evangelie is eenvoudig twee werkwoorde in die imperatiewe vorm, een vir die voete en een vir die oë (vir wil en Denke: KOM KYK (Joh. 1:40)

Nadat Hy self 'n "telling" lank ingestorf het in sy skepping, skyn hierdie gedig te impliseer, herleef God weer deur die herlewing van die mens: wat ook Sy herlewing is, en deur Homself bewerk? Want in sy dood en opstanding openbaar Christus die werke van die Vader.

In die herkenningsoomblik herleef die Godheid, en staan die mens op uit sy aardgebondenheid. Die God-in-die-mens word wakker, die mens begin "word wat hy is". Dis 'n lewende ondervinding van Eenheid en hervonde oorsprong.

In 'n sekere sin is Verwikkelde Lyn en Verklaarde kring in Sheila Cussons se agste bundel tweeling-gedigte, net soos "Christ of the burnt men" en Verheerliking aan die einde van DIE SWART KOMBUIS.

Verklaarde kring herhaal die oorgawe van "grýp my hande dan" uit "Christ of the burnt men" met die verruimde "Dè, oortref my". Hierdie "oortref" is 'n weerklank van die slotgedig van DIE SAGTE SPRONG. Daar het die

aarde om stilte van hart gevra

sodat ek deur julle
kan vrug dra in die Heer
want slegs so sal julle my, en ek myself
uiteindelik transendeer.

Op 'n velletjie vergeelde papier in 'n antikwariese
boek (SS 63)

Die velletjie vergeelde papier het gesê:

Daar is 'n sien, 'n soort sien -
waarom is dit seldsaam? - wat van
die hart is, eenvoudiger as oë
omvattend en ineens

En Die wond wat dink, 'n sleutelgedig van DIE SKITTERENDE WOND, praat
van in 'n weerlig-oomblik

só 'n sien
dat ons oorspronklike verlies daarmee vergelyk
ja, soms gering lyk

Verklaarde kring is 'n soort kulminasie-gedig, 'n samevatting van baie
drade uit die vele gedigte van Sheila Cussons wat handel oor die wonder
van sien en die ontmoeting met goddelike werklikheid aan die pit van
sintuiglike ervaring.

Die daad van sien is in Verklaarde kring 'n uiteindelijke ontmoeting.

Die vereniging wat die sluit van die sirkel bring, is 'n huwelik in die
lig.

Verklaarde kring bied dus 'n verdere ontwikkeling in die reeks van vroeër
oordenkings oor menslike kennis, wat eintlik onkunde blyk te wees, teenoor
'n dieper insig en wysheid wat uit geloof en die besef van ontoereikendheid
gebore word. (Vgl. Hoofstuk VII). Die mens begin met sintuiglike er=
varing, sê die gedig. Materialistiese vasklamping aan die aardse is 'n
versoeking wat die mens skei van sy goddelike natuur. Abstrakte intellek=
tuele kennis omtrent die sigbare dinge word afgesweer as 'n beswyming van

weet". Maar ook verbeeldingskennis, "die dink in prentjies van 'n beliggaamde gees" word verbygestreef.

Reeds in DIE WOEDENDE BROOD was daar bedenkinge oor wat die digteres daar noem "die vlug in beelde in" (Beelde, WB 12) en hier "'n surrogaat vir kennis". - "Verdigsel" in Groen grasskoene (WB 25) word gesien as 'n soort vertroostende dronkenskap. In 'n nuwe nugterheid word die brood in DIE WOEDENDE BROOD se titelgedig dan uitdruklik genoem "brood nie metafories nie"; en die Hand van God in Noudat ek... (WB 35)

iets feitliks niks metafisies nie, maar baie
konkreet eenvoudig net 'n Hand

- Die mens is die beeld van God, maar "gelont" met die noodsaaklikheid van destruksie en omkering (Beelde, WB 12).

In Verklaarde kring keer Sheila Cussons terug na die mens as beeld van God: die maya van die uiterlike wêreld sowel as die mens se innerlike prentjiesdink bied net beelde, sê sy. "Beelde is al wat ek het, ontferm U!"

Maar meer as beeld is ek

In die innerlike wesenskern word 'n werklikheid nog anderkant "verbeelding" aangevoel, waar die mens op vaste wesensgrond begin staan. Dit is die on=verwoordbare pit-wete wat onweerlêbaar is en nie na die periferie gebring kan word nie. Dis "onaanrandbaar"!

U soek my blik, myself soek my, en wil dit in niks wat U
nie is nie...

"The prevenience of God" noem Evelyn Underhill hierdie soeke van God na die mens, wat al die tyd gedink het hý soek na God, om dan te ontdek dat sy soeke juis ook die vooraf-reeds soek van God na hom, en in hom na Homself was.

Byna Oosters doen hierdie eenheidsbesef aan. Tog is dit gefundeer nie in 'n uitwissing van die ego of die lewe in die sintuie nie, maar in 'n wakker-belewende "ek" wat insig en lewens-impuls wil vind uit dit wat tydloos is binne die tydelike. Golgota is die fokuspunt van die geskiedenis.

In die "diagrammetjies" van Verwikkelde lyn se sirkel en halfsirkel kom daar wat die skryfster noem "'n sputterende insig". Verwikkelde lyn aanvaar die verganklikheid van die aardse halfsirkel met die teken van die maanvormige boud; en stel 'n vraag met die somber trek van die sirkel: wat is dit wat die lyf en sy lewensgenot oorleef?

In Verklaarde kring word die sirkel helder met die vind van 'n antwoord. Rede is "klein"; DIE SKITTERENDE WOND het dit 'n soort onkunde genoem. Maar dan word 'n verdere wete van intuïsie of aanvoeling gevind: die "onaanrandbare pit-weet" van die Ek in U, U in my,

so seker soos deur God en mens,

'n ewige Ons wat deur die metamorfoses van die skepping dartel in die aanrakings van die altyd-Nou.

Verwikkelde lyn en Verklaarde kring: Dit is asof hierdie twee sirkelgedigte 'n soort afsluiting bied, Die "oogelate kring" van vroeër werk kom tot afronding.

In haar beskouinge oor "bo-natuur" het die digteres begin by die aangevoelde engel-figure van GESTALTES 1947 of PLEKTRUM. Hierdie aanvanklike engel-belewenis het 'n Luciferiese inslag en die bedwelming van 'n uitgaan in die eteriese in. So skryf sy in 1947 uit die Londense herfs (in 'n brief aan die Oppermans) dat sy loop deur "droomlandskappe, eteries en heeltemal van die aarde vervreem." Sy sê jy voel "asof jy losgeglip

het uit jouself en 'n yler dog groter kring van jou wese net 'n gedeelte van die klein aardse vlak dek: die res raak 'versweef' met die vormontwykende buiteruimtes en snaakse eteriese goeters ontstaan..."

Maar aan die slot van haar agste bundel, ná bekering, katastrofe, studie en gebed, het bo-natuur vir Sheila Cussons definitief geword: die ervaring van immanensie, U wat kyk deur my oë, ek wat in elke ontmoeting met klank en kleur U wil sien, deur verhelderde sintuie en in 'n nuwe onmiddelikheid van dink.

Dit is asof die hele betekenis van die mens op aarde en die kringloop van sy ontwikkeling op 'n nuwe manier gesien word: In die mens kan die goddelike Skepper van die hele evolusie-ketting klip-plant-dier-mens self van binne uit weer bewus word van sy skepping waarin Hy as't ware weggestorf het. In die mens se blik en in sy begrip word die aarde an alle aardse weer van sigself bewus. So hervind die aardse dinge hulle goddelike oorsprong en wese wanneer die mens homself in volle eenheidsbegrip vind.

Hier sluit die kring van die natuurlike skepping. Uiteinde word herontdekte oorsprong. Gespleteneid en enkelheid openbaar hul doel: as deurgangstadium van vryheid, waar elke mens sy koers moet kies, na hervonde eenheid of steeds groter afsondering: hemel of hel. Deur die openbaarmaking van die kinders van God kan die hele skepping verlos word.

Die sprokiesprins wek die prinses uit die towerslaap waarin sy geban was. Die "kranse en die wildepeer" kan tog uiteindelik deur die kringlope heen tot "sin en ewigheid besweer" word.

"Alles wat sterflik is, is net 'n gelykenis", het Goethe gese:²¹⁾ die buitewêreld is 'n soort beeldspraak of prenteboek van onderliggende werklikheid.

En om by hierdie direkte pitweet - Amandelboom, o lentebruid! - weer uit te kom, is dan die pad waarop ons menswees ons wil lei deur die kringlope van die tyd.

Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige...Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid...En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood (Openbaring 1)

Miskien is dit in die kringende beweging van die sterre of die mens se lewensloop wat die engele vandag gesoek moet word. In die gang van die seisoene, die kurwe van die mens se lewenslot, word hulle werking sigbaar.

Wandelend op aarde, ter helle neergedaal of ten hemele opgevaar: oral kan die Mensevertegenwoordiger, die "Seun van die Mens", gevind word, omring deur sy leërskares,

besige Christus, Jý.

As die Ruiters op die wit perd in Migaelsgedaante, veg Hy teen die bedreiging van die bose.

Hy stry om 'n vernuwing van die menslike denke wat die kronkels van die draak kan beheers.

Om op te kyk is om te sien dat die stryd op aarde dié in die hemele weerspieël, en dat die oorwinnende engele die mens wil help in sy groei.

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK XI

- 1) "...perne in a gyre..." beteken iets soos wentel ("gyrate") in 'n spiraal. In sy boek A VISION sit Yeats 'n wêreldbeeld uiteen wat gegrond is op 'n diagram van om die beurt verbredende en inkrimpde spirale, "the gyres".
- 2) Johannes sê in sy Openbaring van die "Een soos die seun van die mens" wat hy gesien het:

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou (Openbaring 1:16). Hy hoor later: "die sewe sterre wat jy gesien het, is die engele van die sewe gemeentes" (Angeloi - vers 20).

Kon Johannes teen die agtergrond van die Joodse en Griekse leer van waaruit hy geskryf het, iets anders bedoel het as 'n verband met die "sewe planete" van die vroeër godsdienste, wat nou as deel van die Christus-magte in sy beheer gesien word? Die 7 gedifferensieerde kragte van die vroeër siening straal almal saam uit Sy hand.

Die Babiloniërs het reeds die week verdeel in sewe dae en vernoem na die simbole van die hemelse magte wat as opeenvolgend inwerkend in die tydperiodes beskou is. Ons weeksdag het nog altyd benaminge wat na die "sewe sterre" verwys:

Sondag

Maandag

Dinsdag (Tuesday, in Frans Mardi) - genoem na Tir, die Germaanse Mars

Woensdag (Wednesday, Frans Mercredi) - genoem na Wotan, die Germaanse ekwivalent van Mercurius

- Donderdag (Thursday, Jeudi) - genoem na Donar or Thor, die Germaanse ekwivalent van Romeinse Jove of Jupiter
- Vrydag (Frans Vendredi) - genoem na Freya, die Germaanse ekwivalent van Venus. Op hierdie dag val ook die hoë liefdesoffer van die kruisdood.
- Saterdag - genoem na Saturnus, was die Sabbat, die dag van volkome stilstand en rus.

Met Sondag, die opstandingsdag, begin die siklus van 7 opnuut.

- 3) "Kalendertempels" soos Stonehenge; die grafkamer New Grange in Ierland waar die sonstraal net op 'n presiese oomblik van die jaar na binne val; Monségur van die Kathare in Suid-Frankryk, ens. ens., hou almal verband met Druïdiese en prehistoriese kultusse waar die mens 'n verbinding tussen die mikrokosmiese en die makrokosmiese wou maak. Vgl. bv. EARTH MAGIC van Hitching, DER GRAL IN EUROPA deur Gerhard von dem Borne, ATLANTIC TRADITIONS IN ANCIENT BRITAIN van Anthony Roberts, ens. ens.
- 4) Mircea Eliade skryf oor "the breakaway from profane time through a moment which opens out into the Great Time" in MYTHS, DREAMS AND MYSTERIES, p. 30 en 34ff.
- 5) "Ein jeder Engel ist schrecklich" kom voor in die sewende reël van Rainer Maria Rilke se Eerste Elegie uit die DUINESER ELEGIEN, en in die aanvangsreël van die Tweede Elegie.
- 6) Esegieël 1, veral vanaf vers 14, en Esegieël 10, veral vanaf vers 13, - Vroeër eeue het geglo dat elke ster 'n "engel" of "intelligensie" het wat in sy beweging leef en dit beheer: die leërskare van die hemele wat saam beweeg in die harmonie van die sfeer. By die sterrekundige Johannes Kepler (1571-1630) is nog die nadraai van sulke op=

vattinge te vind. "In sy opvatting van die Wêreldharmonie het hy musikale intervalle, astrologiese aspekte en snelheidsverhoudings in die plantebane saamgevat onder die oorkoepelende begrip van harmonie" (RGG, vry vertaal).

- 7) Vgl. aantekening 13 by Hoofstuk IX vir ander plekke waar die blou voël genoem word. - Die sirkel is hier 'n kleuresirkel.
- 8) Rudolf Steiner, gedeelte van 'n langer vers, VERSES AND MEDITATIONS, p. 60.
- 9) Die Sjekina is die Lig-heerlikheid van God, sy Glorie, soos deur die Israëliete beleef.
- 10) Erik Holm, DIE FELSBILDER SÛDAFRIKAS, Deutung und Bedeutung, p. 12ff en 18ff.
- 11) Vgl. aantekening 10 hierbo.
- 12) Vgl. Hoofstuk IV: Graal.
- 13) Roy Campbell, MITHRAIC EMBLEMS, Sonnette XII, XIII en XIV. Campbell skryf aan die Mithraiese raaf 'n vuurdood en -opstanding toe wat nie gewoonlik as eie aan hom gesien word nie, maar wat eerder hoort by die solêre Feniks. Vgl. Hoofstuk IV.
- 14) Vgl. Sigismund von Gleich, MARKSTEINE DER KULTURGESCHICHTE, die tweede deel van Band II, Das Königreich Saba und die Phönixmysterien; en ook Hoofstuk IV: Feniks.
- 15) Vgl. Hoofstuk IV, en ook die aangehaalde werk van Sigismund von Gleich, p. 171f.

- 16) Vgl. ook die rubrieke Feniks (Phoenix), Fenicië (Phoenicia) en Heliopolis/On in die CHRISTELIJKE ENCYCLOPEDIE en die RGG vir vollediger verwysings.
- 17) 13 Januarie (WB 9)
- 18) Hier is ongelukkig nie genoeg ruimte om in te gaan op blyke af en toe van 'n gevoel vir iets soos reïnkarnasie by Sheila Cussons nie; en ook nie op die verhouding tussen reïnkarnasie en Christendom nie. Die leser word verwys na werke soos: Rudolf Frieling, CHRISTIANITY AND REINCARNATION, Friedrich Rittelmeyer, REINCARNATION IN THE LIGHT OF THOUGHT, RELIGION AND ETHICS, Hugo Verbrugh, EEN BEETJE TERUGKOMEN, Guenther Wachsmuth, REINCARNATION AS A PHENOMENON OF METAMORPHOSIS, ens.
- 19) Of dit meer die sg. Mistieke Huwelik van die middeleeuse of Oosterse mistici is (van die siel met God), of eerder die "Chemiese Huwelik" van Christian Rosenkreutz ('n verbintenis met die gees in die stoflike) - word daargelaat.

Sheila Cussons se 1984-bundel MEMBRAAN sien die sintuiglike wêreld as 'n osmotiese vlies waardeur verkeer tussen God en mens plaasvind (M 45).

Die wetenskaplik-geöriënteerde Westerse mens vind sy ontmoeting met die Goddelike nie net in afsluiting van die sintuie nie, maar juis ook deur die regte, onegoïstiese gebruik van die sintuie, d.w.s. wanneer hulle nie net vir eie-plesier of gewin gebruik word nie, maar geskool is tot liefdevolle kennisorgane. - (Daarom dan ook dat dit so belangrik is om die natuurlike ontwikkeling van 'n kind se waarnemingsvermoëns nie te steur deur te vroeë TV of oormatig baie

oudio-visuele leerapparaat nie...)

20) Vgl. aantekening 13 by Hoofstuk XII.

HOOFSTUK XII

Engel op aarde, 'n Nawoord

Die gees is oor my vaardig
 nie met meditasie nie maar besinning
 nie met visioene nie maar herkenning
 Breyten Breytenbach, VOETSKRIF ¹⁾

It is part of their purpose to confirm
 that all the gains of man come from conflict
 with the opposite of his true being.

W.B. Yeats, A VISION ²⁾

Ter afsluiting van hierdie gedagtes oor Engel en Aarde, "natuur en bo natuur" by Sheila Cussons: 'n gedig uit die Kaapse verse van 1983. Ná haar terugkeer na Suid-Afrika sit die digteres graag in Kaapstad se Tuine en kyk na die mense om haar. By die opening van 'n uitstalling van haar grafiese werk en vroeë skilderye in die gebou van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging het sy o.a. 'n gedig voorgelees oor 'n kind wat in die park dans.

Wonder (M 24)

Sy's jonk, sy's lenig, sy's lig
 soos 'n druppel.
 Sy's bruin, bietjie lelik -
 klonterige trekke -
 Haar oë is donker, sommer net
 donker.
 Haar hare is ook maar
 sommer so.
 Sy vaar oor die grond op haar
 vinnige voetjies
 so seker soos enige ballerina.
 Sy boei my aandag totdat sy
 weg is
 en ek wonder van vooraf
 oor hierdie wêreld,

die meng-meng wees wat ek nie
 kan ontfrons nie,
 waarin ek tuis ongedurig
 ontuis is
 en geen alternatief wat ek kan
 bedink nie.
 En weg moet ek ook nou al wil ek
 nie juis nie,
 haas my skaars siende, die hekke
 gaan sluit.
 Snaaks hoe maklik mens leer
 aanvaar -
 Ek sien nou glad niks nie vanweë
 'n woord:
 ás ek aanvaar, onthou ek
 iets beters?
 En dan verbaas: die wónder
 oor beter:
 is dít nie einste beter dalk
 self nie
 en wrewel net prikkel opdát ek
 kan wonder?
 O, so-so meisie, lig soos 'n druppel,
 dan was jy 'n engel die hele tyd?

Die titel is twee-duidend. Aan die een kant is wonder as s.nw. 'n
 mirakel. In Noudat ek (WB 35) het die digteres reeds geskryf oor die
 mirakels van die alledaagse wat vertrouwe versterk in 'n bonatuurlike
 werksaam binne die natuurlike:

Daaglik, word honderde klein mirakels
 vir my gewerk...

As werkwoord aan die ander kant, beteken wonder om verbaas of selfs eer=
 biedig te wees; om jouself iets af te vra. Die sien van die donker
 dogtertjie so lig op haar voete, en die noodsaak om die "tuin"³⁾ te ver=
 laat wanneer dit te donker word om te sien, wek vrae. Die gedig loop
 deur drie stygende vrae op na sy klimaks. Die laaste kan ook opgeneem
 word as 'n vraag na die medemens,⁴⁾ na die hemelse kern wat versteek is
 in elke aardwese:

O, so-so meisie, lig soos 'n druppel,
 dan was jy 'n engel die hele tyd?

Die engel word nie gesien nie, maar wel vermoed in die fisieke, temporele omhulsel.

Sou hierdie "raak-weet" van dit wat lewend straal selfs binne 'n uiterlike wat in sommige opsigte onaantreklik is, dalk in die ware sin van die woord liefde genoem kan word? Dit is tog die liefde wat die oë open vir die ware wese van 'n ander.

So gesien, het Wonder dan 'n verband met Jakov Wüst en die Kabbala (WB 5),⁵⁾ waar dit ook gaan om die vermenging van lig en donker, van vreugde en pyn, en die vernedering van die aardse toestand. Die uiteindelike oplossing daar is die moontlikheid van 'n liefde, sterker as woorde, wat die kern van die self raak, die Naam; sodat die arme, ellendige mens bevestig word in 'n blye Godsverbondenheid. Dit is asof in Jakov Wüst eerstens die self aanvaar word, in Wonder die naaste. - Die gebod om jou naaste lief te hê soos jouself, sluit ook die nodigheid van selfherkenning in.

Meng-meng. So-so. Die gebruik van hierdie verdubbelingsvorm in Afrikaans is vermoedelik afgelei van die inheemse tale, waar sulke konstruksies algemeen voorkom. Die meisie so lig soos 'n druppel met haar donker hare en oë is van gemengde bloed. Sy dra lig én donker in haar. Sy is lig op haar voete soos 'n swewende ballerina, en tog dra sy ook die bruin⁶⁾ van die aarde en iets van 'n swaar grofheid in haar "klonterige" trekke... Sy is mooi én lelik, anders in haar bewegings as in haar uiterlike voorkoms. Sy is 'n gewone mens / én 'n goddelike boodskapper. Hierdie dubbelsinnigheid - ongerymdheid - disharmonie in die meisie dwing die toeskouer om vrae te stel en sodoende tot nuwe insig te kom oor die aard van wêreld en mens. Dit is die teenstrydigheid wat vrae wek, juis die "donkere" in die kind naas die lig wat as boodskapper praat.

"Lig soos 'n druppel" is 'n besondere vergelyking, veral as 'n mens ont=hou van watter betekenis die traan- of sweetdruppel⁷⁾ dikwels vir Sheila Cussons was.

'n Waterdruppel het die amper-ronde vorm van die hemelligame of die hoof. Waterdruppels is eenders en tog ook afsonderlik. 'n Druppel is deel van 'n watergeheel waaruit dit afgeskei is en waarby dit weer sal aansluit, net soos 'n mens geïndividualiseer is en tog tegelykertyd deel vorm van die groot goddelike Eenheid. Die druppel is lig en nie swaar nie. Hoewel tog onderhewig aan die aarde se swaartekrag, val dit grasieus en nie soos 'n klip nie, want die water-element is meer mobiel as die aard-element.

Die druppel weerkaats en bevat die lig, dit lyk soos 'n hulsel vir die lig.

Selfs in die klanke l en r in druppel is daar 'n teëstelling.

Die gedig wissel lang en kort reëls met mekaar af, en ook reëls met 'n stygende teenoor ander met 'n dalende metriese patroon.

ſy's jonk, / sy's lenig, sy's lig
 soos 'n / druppel.
 sy's bruin, / bietjie le / lik -
 klonterige / trekke ens.

Dwarsdeur die gedig, saam met 'n l- en r-alliterasie, ontwikkel die her=haling van woorde met die aksentpatroon van druppel - wat aan die begin en end voorkom - tot 'n kulminasie in engel: wonder (4), donker (2), seker, beter (3); lenig, lelik, maklik. En dan is daar nog trekke, hare, hekke; hele, siende...

Die g-alliterasie is die mees deurlopende, van die eerste reël se "Sy's jonk" tot by die tweede-laaste se "O, so-so meisie...dan was jy...", wat in kontras staan met die ll'e van "lig soos 'n druppel", engel en hele. Soos 'n slot-akkoord is die twee t-klanke van tyd, met die assonansie wat die strelende diftong van einste en meisie herhaal.

Ook die v/f-alliterasie is betekenisvol, soos dit van

Sy vaar oor die grond op haar
vinnige voetjies

deur "...vooraf..." en "...ontfrons..." lei na die betekenisvolle aanvaar (2), verbaas, en self.

Die b kom voor in bruin, bietjie, en die netjies afrondende Romeanse woord ballerina, wat gevolg word deur boei. Later is daar bedink, en die belangrike beter of beters.

Ook die w speel 'n rol:

Sy boei my aandag totdat sy
weg is
en ek wonder van vooraf
oor hierdie wêreld
.....
En weg moet en nou al wil ek
nie juis nie

Die klank loop oor aanvaar en vanweë en woord, dan tot wonder, wrewel en weer wonder.

Wonder, druppel en engel is drie sleutelwoorde in die gedig.

Die eerste vyf sinne van Wonder gee 'n beskrywing van die meisie. Dan word die gedagtes beskryf wat sy by die toeskouer opwek. Die toegaan van die parkhekke en die koms van die sig-rowende donkerte word gemeld: 'n intimasie van dood en ouderdom. Van die uiterlike gebeure skuif die fokus 'n tweede maal na binne. Die vermindering van buitevisie verskerp

binne-aktiwiteit. Skolastiese, dialektiese vrae word gestel oor die aanvaarding van die donker element naas die ligte - die "aardse" naas die "hemelse": oor die tweeledige en gemengde kwaliteit van die menslike bestaan.

Betekén aanvaarding van wat is, dat daarteenoor die herinnering aan iets beters van vroeër bestaan?

Dié wonder oor 'n beter toestand bring egter 'n verbaasde besef dat die wrewel oor die onbevredigende aard van die duister-deurmengde bestaan miskien juis daar is om so 'n bewuswording van die moontlik betere te prikkel. Waar die digteres in vroeëre bundels nagedink het oor die oorsprong of gevolge van die kwaad, is dit asof sy hier die funksie van die kwaad wil naspeur.

Die betere sou die suiwer enkelheid van 'n vroeëre Paradysbestaan wees, soos dié van die Kind in GESTALTES: of die Omega-bestaan van die verre toekoms, die wedervereniging met sy goddelikheid waarna die aardmens ver=lang.

Dat hulle "almal een mag wees", het Christus as 'n eindvervulling vir sy dissipels gebid, "...Ek in hulle en U in my..." (Joh. 17).

Paradoksaal is dit dan dat juis die donker gemengdheid se aansporing om oor lig-en-donker te wonder, self hier die betere genoem kan word, omdat dit die mens tot bewustheid dwing. Juis die gedurige ongedurigheid en die ontuis wees op die aardse tuiste, bring 'n lewende besef van die werk=likheid waaruit die mens weggeval het en waarheen hy wil teruggaan. Die engel geban in die mineraliteit moet loskom "uit die klip", en dit is moontlik eers deur bewuswording van die dualiteitsbestaan van engel en klip dat vrywording teweeg gebring kan word. Anders as in 'n filosofiese

argument, kan 'n gedig die intimasie, die verbysweef van waarhede bring wat nog nie vas gegryp kan word nie... Dit dans verby, verdwyn, is tog nog daar: die onsigbare "Idee" binne die uiterlike realiteit. - So 'n wete is die "nie-weet-nie, wind-skeef góéd-weet" waarvan Van Wyk Louw praat in Groet in bruin (TR 103).

Kan selfs die kwade dan aanvaar word omdat dit 'n begeerte na die goeie aanwakker? ("To Thee my strayings tend", sê 'n liturgie.) - Is die "betere" dan so 'n aanvaarding waar ou skuldgevoelens versoen en die gespletenheid deur begrip geheel word? (Vgl. ook aantekening 18 by Hoofstuk II)

"Did He who made the Lamb, make thee?" vra Blake vir die verskriklike tier; en groei deur die gespletenheid van SONGS OF INNOCENCE en SONGS OF EXPERIENCE, deur To Tirzah,⁸⁾ na die uiteindelijke vereniging van sy JERUSALEM.

In die halfdonker van Wonder groei die insig dat die teenstrydighede van die aardse bestaan miskien juis daar is om die vraag en verlange na die nog onbekende betere in die mens te wek. So kan elke menslike mens met wie die kyker gekonfronteer word, nie net in die flits van 'n insigsoomblik nie maar ook agterna in die kalm deurdagte vraag, geopenbaar word as: 'n boodskapper en gestuurde wat die wonder van die goddelike in die aardse omhulsel bring.

"Ons het hierdie skat in erdekruike," sê Paulus (2 Kor. 4:7),

In Wonder gaan daar vir die toeskouer 'n innerlike insig oop terwyl die uiterlike lig verdof - soos die hiernamaals-oog in A very successful death (SJ 29) oopgaan namate die aardse verweer.

Die bruinmeisie in die park is die ewige Kind wat die toekomsmoont-
 likheid in haar hou. Sy is een in 'n hele reeks: Job se dogtertjie
 wat die Leviatan-monster aan 'n lyntjie lei, die eenoog-meisie ná die
 deurgaang van die grot, die Kind wie se oog die monster oorwin in
Die geen... Hulle is almal voorbeelde van die Kind wat die magte van
 onheil besweer. Deur die Kind is dit dat die boodskap van die Goddelike
 kom.

Natuur en bo-natuur word verbind in 'n gelouterde waarneming, en "through
 all this fleshly dress" word daar gevoel: bright shoots of everlastingness.⁹⁾

Die wonder waaroor die opletende nie kan ophou om te wonder en met
 ontsag vervul te wees nie, is dat mens en aarde geïnkarneerde hemel=
 wesens blyk te wees (dit nog die hele tyd was, incognito). Die mens
 is 'n wonder, in vlees gehul, 'n gespikkelde Feirefiz.¹⁰⁾ Hy is die
 boodskapper, en in sy dubbel-wese lê die boodskap beslote: Gnothi
s' auton. "Ken jouself" het die spreuk op Apollo se tempel in Delphi ge=
 sê. Ken die duiwelse, maar ook die goddelike wat in jou is.

Kennis wil herleef as wysheid. Die sondeval se wete van lig en donker
 kan getransformeer word tot nuwe eenheidsbelewenis. Dit is die slotsom
 waartoe Sheila Cussons se gedigte lei, en so gee hulle sin aan die bonte
 bestaan.

"Ek weet dat my Verlosser leef en sal opstaan uit die stof", sê Job,
 geïnisieer deur die stormwind. Juis deur die materiële, die aardse,
 die vleeslike, wat die werkinge van engele en Godheid aanvanklik duister
 vir die mens verhul - deur die swart heen word Hy uiteindelik nuut ont=
 dek in die kleureswaai van die Lig.

Die gevalle of neergedaalde engel, wat geblyk het 'n blywende teken in Sheila Cussons se digwerk te wees, wil in hierdie gedig herrys uit liefde vir die naaste, en vir die bruin aarde. En die herkenning is self deel van die herrysenis.

In die meisie se beweging word vir die toeskouer die engel op aarde kenbaar.

@ @ @ @ @ @ @ @ @ @ @ @ @ @ @

So 'n aanvaarding van onvolkomenheid is daar ook in Die priester (VL 22). Die priester voel homself hulpeloos ontoereikend in die aangesig van sy mense se lyding, "senustomp tastend na U". "Ek is geen besweerder; ek is 'n voëlverskrikker in hierdie /buurt woes van lewe en werklikheid", sê hy. Dan vra hy hom af of dit nie juis in sy stomgeslane verstrengeldheid met sy armes is, wat God se wil lê nie. Is dít sy kruis en sy deelname aan die offer van die Groot Hoëpriester?

Ook hierdie gedig, net soos Wonder, eindig oop, met 'n vraag: kan dit so wees? So paradoksaal; en teenoorgesteld aan wat iemand sou verwag wat net "sweetness and light" begeer.

Die priester as sakramentsgedig verdien aandag, want dit kan waarlik betrokke genoem word. Luciferiese wêreld-ontvlugting word gekonfronteer met die volle aardsheid van die Kruis:

...Maar hóór my nou: al klaar weer die poëet,
die hygerige eie-self; netnou, sommer netnou gevang aan
die lokaas van 'n woord, 'n beeld - En vir hulle, toevertrou
aan my, my skat, die hoë, bitter, genadelose weg na U,
kon ek nog nooit 'n woord vind nie, 'n brug, 'n vlerk, 'n vlug -
ek arme, stom en hulpeloos verwar met hulle pyn
tot aan die einde toe - Of het u dit juis net so bedoel?

Miskien word die leser in gedigte soos Die priester of Wonder gelaat met

die vraag na Sheila Cussons self wat so dartelend dig, "seker soos enige ballerina". Sy was in haar lewe 'n omstrede persoonlikheid, 'n vrou wat ook duisternis en lyding moes deurmaak om tot wysheid te ryp.

Kyk daar nie soms deur haar self die verhulde engel nie?

O so-so meisie, lig soos 'n druppel,
dan was jy 'n engel die hele tyd?

Dalk is dit in herontdekte nederigheid en kinderlikheid ook aan haarself dat sy die vraag vra.

- Is dit regtig waar dat ons elkeen in ons 'n geestelike wese dra, binnekant die koevert van vlees, wat spartel om vry te word: wat die liggaamlike nie alleen wil transendeer nie maar ook transformeer?

Glo ek... dat dit in ons sit
(soos die pêrel)
om op die waters te wil loop, die berge te wil gebied
die brode te vermenigvuldig
(omdat)
met ander woorde, te wil transfigureer
(Hy in ons knaag).

SK 10

In die later bundels kom die gedagte van die transformasie van die liggaam, wat ná die lees van Teilhard de Chardin in DIE SKITTERENDE WOND en DIE SAGTE SPRONG so sterk was, nie meer so direk na vore nie.

Die aanvaarding of "integrasie" (Jung) van die donkere kan m.i. egter alleen reg gesien word as dit gehou word binne die konteks van die volgehoute strewe na die oorwinning van die lig, soos voorgestel deur die alchemiste in die verandering van koolstof tot diamant (vgl. Hoofstuk IV). "Wer immer strebend sich bemüht, den können wir erlösen", sê die engele aan die end van Goethe se FAUST II. "Wie steeds met moeite strewend bly, dié kan ons verlos" En Wolfram beklemtoon in sy Graalverhaal en sy "tarenaalveer"-proloog dat dit standvastige volharding en getrouheid - Staete -

is wat uiteindelik lei tot die vereniging van die swart-wit spikkelmens met die stralende Graalpriesteres (vgl. Hoofstuk IV).

Die metamorfose word egter nie teweeggebring deur Puriteinse konfrontasie en verwerping nie, maar deur die misterie van offer en vergiffenis.

* * * * *

Dit is natuurlik nie moontlik om enige finaal afgeronde uitsprake te maak oor iemand wat nog leef nie. Sheila Cussons dink en skryf steeds verder, en later wendinge in haar werk mag wat hier gesê word, weer in 'n ander lig plaas, MEMBRAAN (1984) se verder verkenning van die dag-tot-dag lewe in die genade word byvoorbeeld in hierdie studie net aangeraak.

Sheila Cussons breek deur die eng-materialistiese wêreldbeeld. Sy verken die kwade én die goeie, en bring die besef van Christus as die groot Metamorfose-krag wat die aardse deurweef. Deur Hom kan selfs die kwaad in groter goed verander word. Juis die wonde van die sondeval is dit wat skitter na die Kruisdood.

Die saadkorrel wat gesterf het, kan weer herleef en groter vrug dra. Die mikrokosmiese individu kan uitgroei tot deelagtigheid aan die groot Pleroma, die Allesomvattende.

Die digwerk getuig van opstandingskrag. Sheila Cussons se beelde beweeg in 'n sfeer van inisiasie, herlewing: die misterie van die Mens (wat histories uitgedruk word in die Paasgebeurtenis by die tydswending).

Die metamorfoses van die Antieke Wêreld ken die digteres uit die godeverhale van Grieke en Romeine. Haar kerkgeskiedenis strek verder as die Hervorming en neem ook Middeleeue, vroeë Christendom en Gnostiek in ag. Deur aanraking met onortodokse - soms wel ook twyfelagtige - strominge van

geestesoeke, strek haar blik oor ortodokse sowel as "ketterse" of ander=soortige opvattinge.

Sheila Cussons verruim die blik van haar volk - maar "volk" is alweer 'n problematiese term. Daarom liever: Sy verruim die blik van haar taalgenote, van haar tydgenote en die "wandelaars op dieselfde spoor". Gelowiges bevind hulle immers in 'n proses van oorgang om lede van 'n nuwe volk te word? - die getransformeerde "nuwe Israel" van die Nuwe Testament.

Die digteres deel met lesers of hoorders die proses waardeur haar eie blik verruim is.

Only connect sê E.M. Forster.¹¹⁾ Die skryfster sien die ewige in die alledaagse. Want dit is die gewoonte van 'n digter om telkens op ver=rassende manier heeltemal verskillende aspekte van die realiteit byme=kaar te smelt; in metaforiese beelde. Taal maak dit moontlik om verskillende dele van die realiteit te verbind, en om deur die verwar=ring van die ervaaarde werklikheid tot eenheid te kom. Deur poëtiese denke - Verbeelding - word dit moontlik om die verwarring te bowe te kom.

Sheila Cussons het baie oor die digkuns geleer by Dirk Opperman en Van Wyk Louw. Sy oordink sommige van dieselfde probleme as hulle, en beweeg in 'n eenderse beeldeveld. En omdat sy die wysheid van die vroulike in ere hou, kan sy iets toevoeg en 'n lig van genesing oor hulle worstelinge laat skyn. Die betekenis van die Walvis se diepgang, die Feniks se vuurdood, die alchemis se opdrag, word in die lig van haar her=vonde Christus- en mensbeeld nuut verstaanbaar. Poliariteite word ver=soen en nuwe lewensmoontlikhede ontstaan.

Waar Breytenbach voortgaan in die trant van die groot gespletenes - sy taal= gebruik getuig soms van byna skisofreniese virtuositeit¹²⁾ - soek Sheila Cussons na die genesende eenheid as geheelbeeld. Holisties.

'n Tradisionele skema van die mens as 'n wese wat neergedaal het uit die goddelike in die aardse, kom by die digteres nuut na vore. Die tyd tussen geboorte en dood vorm deel van 'n groter geheel waaruit die mens kom en waarheen hy terugkeer. Verklaarde kring (VL 27) toon die mens as 'n ewigheidswese wat "ingedoop" word in die tydelike. Natuur en Bo-natuur is aspekte van dieselfde werklikheid, in sikliese beweging.

By die lees van Sheila Cussons se verse is

O Son van Geregtigheid, bestraal ons

dan nie meer net 'n outydse leuse op 'n gewel nie, maar aktuele band met 'n Wese.

Die "Seun van die Mens" is 'n Son wat natuur en bo-natuur beheers. Hy deel sy wesenssubstansie mee net soos die fisieke son 'n gewer van voedsel is. Die Son-wese werk deur al die engele-hiërargieë, in buitenatuur sowel as mens-binneste, as die spil waarom alles draai en in wie die al sy eenheid vind.

So kan al die mosaïekdeeltjies van Sheila Cussons se gedigte inpas in een geheel: wat ook vir die leser uit die veelvuldigheid van sy eie bestaan tot hulp kan wees.

Die wisselende verband tussen Engel en Aarde begin sigbaar word.

Die huwelik tussen hemel en aarde word deur bewuswording in die mens self verwerklik (SW 46, 59).

Die nuwe visie waarvan die digteres praat, berus daarop dat deur die aard=

se realiteite, wat wesenlik 'n maya of versluiering is, die hemelses kenbaar word. Die aardse word transparant, leesbaar: "alles wat jy raak/ word beeld, simbool". Of soos Goethe, met die klem anders gelê, bevind het: Alles wat verganklik is, is net 'n gelykenis. ("Alles vergängliche/ist nur ein Gleichniß")¹³⁾

In die lig van die hemelse word die aarde dan geleidelik as 'n nuwe aarde gesien. Dit is die pad of proses waarby elke mens uit rede van sy menslikheid betrokke is.

Die ontwikkeling van mens en aarde hang saam. Die mens het 'n rol om te speel in die transformasie van die natuur - soos Paulus geweet het: wanneer die Kinders van God geopenbaar word, word ook die natuur verlos:

"die kranse en die wildepeer
tot sin en ewigheid besweer."

Waar die drumpelvoorhang tussen aarde en geesteswêreld (hemel sowel as hel) dun slyt, het die mens van die twintigste eeu dan kaartmakers dringend nodig, om sy aardse reis verstaanbaar te maak, met bo-aardse oorsprong en bestemming.

So 'n kaartmaker is Sheila Cussons, wat in haar verse allerlei paaie en paadjies van geestelike verkenning teken.

Sy teken 'n verskeidenheid van momente op wanneer deur een domein heen die ander kenbaar word.

Die Engel kom uit die klip, die uil vlieg op uit die klipskeur, die dogtertjie van die tweede kroos maak die Chaos mak.

Hoog sweef begeesterde gedagtes bo die aardse werklikheid. Lucifer verlok.

Ná die "val" van DIE SOMERJOOD is die uitkyk meer nugter en waaksaam.

Steeds in aardse menslikheid moet die pad tot die end toe bewandel word.
Ahrimaniese verkilling dreig, 'n sneeudood: die ander uiterste.

En elke geslaagde gedig is 'n kristalletjie van balans, waar wond en
skittering, woede en brood - Aarde en Engel - tot lewende eenheid flits.

* * * * *

"Und dann fängt alles an, sich zu bewegen: Wir sehen, 'wie Himmels=
kräfte auf- und niedersteigen und sich die goldnen Eimer reichen'. Es
ist uns wie Jakob, dem einst der Erzengel das Traum-Auge auftat, so
dass er die Himmelsleiter sah: 'Siehe, eine Leiter stand auf der Erde,
die bis in den Himmel reichte. Und die Engel des Himmels stiegen daran
auf und nieder. Und ganz oben stand der Herr selbst und sprach.'
Was ist das für ein Auf- und Niederfluten? Was ist das für Gespräch
zwischen Himmel und Erde, das nicht mit Worten, sondern mit Wesen=
haftigkeit geführt wird?

"...Die Engel, als schützende und führende Genien den einzelnen Menschen
zugeteilt, sind wirklich die Hände Gottes. Die Erzengel könnten wir die
Arme, die Throne die Füße Gottes nennen. Und Christus ist das Herz
Gottes. Wir ahnen die grosse Einheit, und die auf- und niedersteigende
Bewegung innerhalb der Vielheit ist wie das pulsierende Strömen, der
lebendige Blutkreislauf in dem einen grossen Wesen...

"Wir Menschen unserer Zeit sollten für unser Erkennen und Verhalten das
Geheimnis des 'Ineinander', der wahren Eingliederung, wohl verstehen.
Wir kommen nicht mehr aus mit einem Gottesbegriff und einer Vorstellung
von Engeln und anderen höheren Wesenheiten, wenn wir dabei von einem
Nebeneinander oder auch einem 'Einander-Gegenüber' ausgehen... Das Gesetz

der Einwohnung ist das Herzprinzip des christlichen Weltbildes.

"Derjenige Mensch, der nur er selber sein will, sei es im egoistischen Verhalten, sei es auch im oberflächlichen Nachdenken bzw. Nicht-Nachdenken über sich selbst, ist nicht er selbst. Sind wir nur das, was wir sind, so sind wir noch nicht eigentlich Menschen, vor allem sind wir noch nicht wir selbst. Der Mensch fängt erst an, wirklich Mensch zu sein, wenn er offen ist für den Genius. Ob wir da von dem Engel des Menschen sprechen oder von seinem wahren höheren Selbst: Alles ist zunächst ein Tasten nach der Wahrheit, aber eben nach einer der wichtigsten Wahrheiten für unsere Existenz." (Emil Bock, MICHAELISCHES ZEITALTER, 191f)

("En dan begin alles te beweeg: Ons sien 'hoe hemelskragte op- en neer=styg om die goue emmers vir mekaar aan te gee.' Ons voel soos Jakob, vir wie eenmaal die Aartsengel sy droom-oog oopgemaak het sodat hy die hemelsleer kon sien: 'n Leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel, en die engele van God klim op en af met die leer. En bo staan die Here self en praat met hom.")

"Wat vir 'n op- en neer vloei is dit? Watse gesprek is dit tussen hemel en aarde, wat nie met woorde nie, maar met wesenlikheid gevoer word?

"...Die engele, as beskermende en leidinggewende geniusse aan die individuele mense toebedeel, is waarlik die Hande van God. Die aartsengele kon ons die Arms, die Trone die Voete van God noem. En Christus is die Hart van God. Ons voel die groot Eenheid aan, en die stygende en dalende beweging binne die volheid is soos die polsende stroming, die lewende bloedsomloop in die een groot Wese...

"Ons mense van ons tyd moet vir ons kennis en gedrag die geheimenis van

die 'in mekaar', die ware inlywing, goed verstaan. Ons kom nie meer uit met 'n Godsbegrip en 'n voorstelling van engele en ander hoë Wesenhede as ons daarby van 'n 'langs mekaar' of selfs 'n 'teenoor mekaar' uitgaan nie... Inwoning is die hartprinsiep van die Christelike wêreldbeeld.

"Die mens wat net homself wil wees, sy dit in egoïstiese gedrag, sy dit in oppervlakkige nadink of selfs nie nadink oor homself - hy is juis nie homself nie. Is ons net dit wat ons is, dan is ons nog nie eintlik mense nie, bo al is ons nog nie onself nie. Die mens begin eers werklik mens te wees wanneer hy oop is vir die gees wat oor hom sweef. Of ons hier van die mens se engel praat of van sy ware hoër self: Alles is aanvanklik 'n tas na die waarheid, maar juis na een van die belangrikste waarhede van ons bestaan..?)

AANTEKENINGE BY HOOFSTUK XI

- 1) Breytenbach skryf ook dikwels oor meditasie, veral Zen. In sy werk loop die splyting miskien selfs dieper as by Van Wyk Louw: tussen Boeddhistiese vrede en terreur-anargie. Tog is dit asof hy die vereniging tussen teenoorgesteldes letterlik wil leef in 'n "huwelik tussen Ooste en Weste," as pendelaar tussen Noord en Suid.

In KOUEVUUR - ná hy hom vloekend weggeruk het van "Skedelberg", en gevoel het hoe "wolwe hap na die boude" van sy engele - noem hierdie digter homself "die Bysiende Clairvoyant van Skynberg." (VOETSKRIF p. 92)

In 'n gedig soos My land in die winter: (iv) Mont aux Sources maak die leser mee hoe hy sublimiteit weier en van sy vurige opstandingsvisioen wegskram. In Engel-s?

- 2) Op p. 13 van die hersiene uitgawe, 1961.
- 3) Die tuin wat verlaat moet word en waarvan die hekke sluit, bring 'n assosiasie met die verlore paradys, wat 'n deurlopende beeld in Sheila Cussons se gedigte is. Tuin heet bv. reeds die vroeë Stiebeuel-gedig (PL 2) wat gegrond is op die paradys-tuine geskilder deur Henri Rousseau.
- 4) Soms is daar in die loop van hierdie studie 'n verband aangedui met die vraag wat Parsifal, die Graalsoeker, moes vra omtrent die wond van sy oom, Amfortas (Wolfram von Eschenbach, PARZIVAL). Die rol van die vraag in die Graalverhaal dui o.a. daarop dat sonder bewustheid en meelewende ondersoek na die medemens se lyding die geestelike soeker nie tot volle kennis kan kom nie.

Die "wonder oor beter" is die vraag oor die menslike toestand. So ge=

sien, is Wonder dan by uitstek 'n gedig oor die Vraag: Wat is die mens?

- 5) Die Kabbala is 'n ou mistieke stroming in die Jodedom, 'n Joodse misties-teosofiese geheimleer (RGG). Oor die Tsimtsum in Jakov Wüst en die Kabbala (WB 5), sê die RGG dat daar in die Kabbala naas die Emanasie uit die oer-oorspronklike, oneindige en verborge God, as korrelaat gestel is die inkrimping ("Kontraktion" - šimšum) van die Godheid, waardeur Laasgenoemde deemoedig vir die kreatuur plek gee (ruimte skep).
- 6) "Bruin" is 'n woord wat beide Van Wyk Louw en Sheila Cussons graag gebruik. 'n Mens kan bv. verwys na Groet in bruin (TR 103) en Laatmiddagson oor die siënna-bruin vloer (VV12) as besondere voorbeelde van hoe hulle gedagtes hulle saamvoer rondom die begrip van die aard-kleur.
- 7) Vgl. aantekening 11 by Hoofstuk X.

Die waterdruppel is 'n deel van die water-element, wat gedurig in metamorfose verkeer. Die waters van die aarde styg as waterdamp op en val weer as reën, in 'n kringloop analoog aan dié van die bloedsomloop binne die menslike liggaam. Gedurig kom die onsuivere gesuiver terug.
- 8) Die oorgangsgedig To Tirzah is die slotgedig van SONGS OF EXPERIENCE. Tirzah was in die Ou Testament die naam van 'n vroeër hoofstad van die Koninkryk van Israel voordat Jerusalem dit geword het, en die naam beteken "aangenaam" of "lekker". Soos die profete personifieer Blake die stede, en spreek hulle as vroue aan.
- 9) Henry Vaughan, The Retreat

- 10) Feirefiz is Parsifal se swart-wit gespikkelde halfbroer in Wolfram se Graalverhaal. Vgl. Hoofstuk IV.
- 11) Dit is die motto by E.M. Forster se roman HOWARDS END.
- 12) Vgl. R.D. Laing, THE DIVIDED SELF.
- 13) Hierdie woorde kom voor in die lied van die hemelse Chorus mysticus aan die slot van Goethe se FAUST II. (In die laaste deel van ISIS ISIS ISIS terloops, wat eweneens 'n verhaal is oor opstanding-deur-die-vroulike, verwys Etienne Leroux ook na hierdie koorsang.)

Alles Vergängliche
 Ist nur ein Gleichnis;
 Das Unzulängliche,
 Hier wird's Ereignis;
 Das Unbeschreibliche,
 Hier ist's getan;
 Das Ewig-Weibliche
 Zieht uns hinan.

(All things transitory
 But as symbols are sent;
 Earth's insufficiency
 Here grows to Event;
 The Indescribable,
 Here it is done;
 The woman-soul leadeth us
 Upwards and on.

Vertaling van Bayard Taylor)

GESELEKTEERDE BIBLIOGRAFIE

1. Studies

Abélard en Héloïse, THE LOVE LETTERS OF ABÉLARD AND HÉLOÏSE,
Londen: Dent, 1937

Abrams, M.H. (red.), ENGLISH ROMANTIC POETS, Modern essays in criticism, Oxford: University Press, 1960

Adams, George en Whicher, Olive, THE PLANT BETWEEN SUN AND EARTH
and the Science of Physical and Ethereal Spaces, Londen:
Rudolf Steiner Press, 1980

Alexander, Peter, ROY CAMPBELL, A critical biography, Kaapstad:
David Philip, 1982

Barfield, Owen, ROMANTICISM COMES OF AGE, Londen: Rudolf Steiner
Press, 1966

Barfield, Owen, WHAT COLERIDGE THOUGHT, Middletown (Connecticut V.S.A.):
Wesleyan University Press, 1971

Benesch, Friedrich, APOKALYPSE, Die Verwandlung der Erde: Eine okkulte
Mineralogie, Stuttgart: Urachhaus, 1981

Blattman, Georg, VOM LEBEN DER VERSTORBENEN, Stuttgart: Urachhaus,
1977

Bock, Emil, MICHAELISCHES ZEITALTER, Die Menschheit vor dem Zeitgewis-
sen, Stuttgart: Urachhaus, 1979

Bock, Emil, THE THREE YEARS, Edinburgh: Floris, 1955. Oorspronklike
titel DIE DREI JAHRE, Stuttgart: Urachhaus, 1949

- Bock, Emil en Goebel, Robert, DIE KATAKOMBEN, Bilder aus der Welt des frühen Christentums, Stuttgart: Urachhaus, 1961
- Bohm, Werner, VON DEN WESENHEITEN DER LAUTE UND DER SINN DER ALFABETE, Freiburg im Breisgau: Die Kommenden, 1978
- Boie, Dietrich, DAS ERSTE AUGE, Ein Bild des Zirbelorgans aus Naturwissenschaft, Anthroposophie, Geschichte und Medizin, Stuttgart: Freies Geistesleben, 1968
- Bouwman, Gijs, DE VROUEWELIJKE WAARDEN IN DE TEOLOGIE VAN PAULUS, Averbode (Nederland): Altiora, 1981
- Brett, R.L., FANCY AND IMAGINATION, Londen: Methuen, 1969
- Callaway, H., NURSERY TALES, TRADITIONS AND HISTORIES OF THE ZULUS, Springvale (Natal): John A. Blair, 1868
- Capel, Evelyn Francis, THE MAKING OF CHRISTIANITY and the Greek spirit, Edinburgh: Floris, 1980
- Carmichael, Alexander, THE SUN DANCES, Prayers and blessings from the Gaelic, Edinburgh: Floris, 1977
- CHRISTELIJKE ENCYCLOPEDIE, 6 bande, Kampen : Kok, 1956
- Cilliers, Anneke Cecile, "BEELD VAN 'N JEUG: DUIF EN PERD" VAN N.P. VAN WYK LOUW AS LITERÊRE PROBLEEMDRAER, M.A.-skripsie, R.A.U., 1972
- Cilliers, Anneke Cecile, DIE VERHOUDING BRON : KUNSWERK, doktrale skripsie, R.A.U., 1980
- Cirlot, J.E., A DICTIONARY OF SYMBOLS, Londen: Routledge & Kegan Paul, 1976

- Coleridge, S.T., BIOGRAPHIA LITTERARIA: or, Biographical sketches of my literary life and opinions (red. Watson), Londen:Dent, 1975
- Cuenot, Claude, TEILHARD DE CHARDIN, A bigraphical study, Londen: Burns & Oates, 1965
- Cullmann, Oscar, THE JOHANNINE CIRCLE, Londen: S.C.M. Press, 1976
- Cumont, F.V.M., THE MYSTERIES OF MITHRA, Chicago: Open Court, 1903
- Cumont, F.V.M., THE ORIENTAL RELIGIONS IN ROMAN PAGANISM, Chicago: Open Court, 1911
- Davy, Charles, TOWARDS A THIRD CULTURE, Londen: Faber, 1961
- Delius, Walter, GESCHICHTE DER IRISCHEN KIRCHE von ihren Anfängen bis zum 12. Jahrhundert, München: Ernst Reinhardt, 1954
- De Rola, S.K., THE SECRET ART OF ALCHEMY, Londen: Thames & Hudson, 1973
- De Sède, Gérard, LE TRÉSOR CATHARE, Parys: Julliard, 1966
- De Villiers, D.W., VUUR BY SHEILA CUSSONS, Honneurs-skripsie, U.S., 1982
- De Villiers, Izak, ENGEL VOOR MY UIT, Blaaië uit my Bybeldagboek, Kaapstad: Tafelberg, 1973
- De Villiers, J.L., PAULUS EN DIE MISTERIEGODSDIENSTE: 'n Ondersoek na die Hellenistiese terminologie van die eerste Korintiërbrief, M.Th.-skripsie, U.S., 1946
- De Villiers, J.L., WEES HEILIG, 'n Uiteensetting van wat die Bybel oor heiligmaking leer, Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, geen datum

- Dionisius die Areopagiet, THE CELESTIAL AND ECCLESIASTICAL HIERARCHY OF DIONYSIUS THE AREOPAGITE...Londen: Skeffington, 1894
- Dionisius die Areopagiet, MYSTICAL THEOLOGY and CELESTIAL HIERARCHIES, Godalming, Surrey: Shrine of Wisdom, 1949
- Eliade, Mircea, BIRTH AND REBIRTH: The religious meaning of initiation in human culture, Londen: Harvill, 1961
- Eliade, Mircea, MYTHS, DREAMS AND MYSTERIES , The encounter between contemporary faiths and archaic realities, Londen: Harvill, 1960
- Eppelsheimer, Rudolf, GOETHE'S FAUST, Das Drama im Doppelreich, Stuttgart: Freies Geistesleben, 1982
- Ferguson, Marilyn, THE AQUARIAN CONSPIRACY , Personal and social transformation in the 1980s, Londen: Granada, 1982
- Fitzmyer, Joseph, A., ESSAYS ON THE SEMITIC BACKGROUND OF THE NEW TESTAMENT, Londen: Chapman, 1971
- Fraser, J.G., THE GOLDEN BOUGH, A study in magic and religion (abridged edition), Londen: Macmillan, 1932
- Frieling, Rudolf, CHRISTIANITY AND REINCARNATION, Edinburgh: Floris, 1977
- Frieling, Rudolf, THE METAMORPHOSIS OF THE EUCHARIST, Londen: Christian Community Press, geen datum
- Frobenius, Leo, ERYTHRÄA, Länder und Zeiten des heiligen Königsmordes, Berlyn: Atlantis, c 1931
- Frobenius, Leo, DAS ZEITALTER DES SONNENGOTTES I, Berlyn, 1940

- Goethe, J. Wolfgang von, GOETHE'S THEORY OF COLOURS, Londen: Cass, 1967
- Goethe, J. Wolfgang von, METAMORPHOSE DER PFLANZEN, Stuttgart: Freies Geistesleben, datum onbekend
- Graham, Billy, ANGELS, ANGELS, ANGELS, Londen: Hodder & Stoughton, 1984
- Graves, Robert, THE GREEK MYTHS, 2 bande, Middlesex (Engeland): Harmondsworth (Penguin Books), 1955
- Graves, Robert, THE WHITE GODDESS: A historical grammar of poetic myth, Londen: Faber, 1959
- Greaves, Helen, TESTIMONY OF LIGHT, Londen: World Fellowship Faith, 1969
- Green, Roger Lancelyn en Hooper, W., C.S. LEWIS: A BIOGRAPHY, New York: Harcourt, Brace, Jovanovich, 1974
- Grenet, Paul, TEILHARD DE CHARDIN, Un évolutionniste chrétien, Parys: Seghers, 1961
- Harrison, Jane, PROLEGOMENA TO THE STUDY OF GREEK RELIGION, Cambridge: University Press, 1908
- Harrison, Jane, THEMIS, A study of the social beginnings of Greek religion, Cambridge: University Press, 1912
- Harwood, A.C., THE VOICE OF CECIL HARWOOD (red. Owen Barfield), Londen: Rudolf Steiner Press, 1979
- Haverbeck, Werner Georg. ENTSCHLUSS ZUR ERDE, Zerstörung und Leben in unserer Hand, Stuttgart: Urachhaus, 1983

- Heidenreich, Alfred, GROWING POINT, The story of the foundation of the movement for religious renewal known as the Christian Community, Londen: Christian Community Press, 1965
- Heidenreich, Alfred, THE RISEN CHRIST AND THE ETHERIC CHRIST, Londen: Rudolf Steiner Press, 1969
- Hemleben, Johannes, RUDOLF STEINER IN SELBSTZEUGNISSEN UND BILDDOKUMENTEN, Reinbek bei Hamburg: Rowohlts Monographien, 1963
- Hiebel, Friedrich, THE GOSPEL OF HELLAS, The mission of ancient Greece and the advent of Christ, New York: Anthroposophic Press, 1949
- Hitching, Francis, EARTH MAGIC, Londen: Pan (Picador), 1976
- Hoerner, Wilhelm, ZEIT UND RHYTHMUS, Die Ordnungsgesetze der Erde und des Menschen, Stuttgart: Urachhaus, 1978
- Holm, Erik, DIE FELSBILDER SÜDAFRIKAS, Deutung und Bedeutung, Tübingen: Ernst Wasmuth, 1969
- Jacobi, Jolande, THE PSYCHOLOGY OF C.G. JUNG, Londen: Routledge & Kegan Paul, 1968
- Jacottet, E., FOLK TALES OF THE BA-SUTO, Morija (Lesotho): Sesuto Book Depot, 1908
- Jeremias, Alfred, DAS ALTE TESTAMENT IM LICHT DES ALTEN ORIENTS, Leipzig: Hinrich, 1930. (THE OLD TESTAMENT IN THE LIGHT OF THE ANCIENT EAST, 2 bande, Londen: Williams & Norgate, 1911)
- Jeremias, Alfred, DIE AUSSERBIBLISCHE ERLÖSERERWARTUNG, Leipzig: Hinrich(?), 1927

- Jonker, W.D., Teilhard de Chardin en die Teologie van ons Tyd, in die "Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif" 13(1, 1972)
- Jung, C.G., COLLECTED WORKS, 20 bande, New York: Pantheon Books (Bollingen Series), 1957-1979. Verskillende uitgewers.
- Jung, C.G., MEMORIES, DREAMS, REFLECTIONS, Londen: Collins (Fontana), 1963
- Kannemeyer, J.C., DIE GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR, 2 bande, Kaapstad: Academica, 1978-83
- Kelber, Wilhelm, DIE LOGOSLEHRE von Heraklit bis Origenes, Stuttgart: Urachhaus, 1976
- Kuyper, A., DE ENGELEN GODS, Kampen: Kok, 1923
- Laing, R.D., THE DIVIDED SELF, A study of sanity and madness, Londen: Tavistock, 1960
- Lehrs, Ernst, MAN OF MATTER: Introduction to a spiritual understanding on the basis of Goethe's method of training observation and thought, Londen: Faber, 1951
- Lenz, Friedel, BILDSPRACHE DER MÄRCHEN, Stuttgart: Urachhaus, 1971
- Lewis-Williams, J.D., BELIEVING AND SEEING, Symbolic meanings in Southern San rock paintings, Londen: Harcourt, Brace, Jovanovich (Academic Press), 1981
- Lievegoed, Bernard, DE LEVENSLOOP VAN DIE MENS, Rotterdam: Lemniscaat, 1981. In Engels verkrygbaar as PHASES, Crisis and development in the individual, Londen: Rudolf Steiner Press, 1979

- Loos, A.C.J., DE OUD-IERSE KERK - Ondergang en opstanding van het Keltendom, Zeist: Vrij Geestesleven, 1975
- Malan, Charles, MISTERIE VAN DIE ALCHEMIS, 'n Inleiding tot Etienne Leroux se negedelige romansiklus, Pretoria: Academica, 1978
- Mancinelli, Fabrizio, CATACOMBS AND BASILICAS, The early Christians in Rome, Firenze: Scala, 1981.
- Merton, Thomas, THE ASCENT TO TRUTH, Londen: Burns & Oats, 1951
- Merton, Thomas, THE SEVEN STOREY MOUNTAIN, Londen: Sheldon, 1975
Vroeër in Amerika gepubliseer onder die titel ELECTED SILENCE - 1948
- Merton, Thomas, THE SIGN OF JONAS, Londen: Sheldon, 1961
- Merton, Thomas, THE WAY OF CHUANG TZU, Londen: Allen & Unwin, 1970
- Meyer, Rudolf, DE MENS EN ZIJN ENGEL, De werksaamheid van het rijk van hiërarchisch geordende bovenzinnelijke wezens, Rotterdam: Christoffoor, 1978
- Meyer, Rudolf, DER GRAL UND SEINE HÜTER, Stuttgart: Urachhaus, 1958.
Vertaal in Nederlands as HET MYSTERIE VAN DE GRAAL, Rotterdam: Christoffoor, 1980
- Meyer, Rudolf, DIE WEISHEIT DER DEUTSCHEN VOLKSMÄRCHEN, Stuttgart: Urachhaus, 1954
- Meyerowitz, Eva, THE DIVINE KINGSHIP IN GHANA AND ANCIENT EGYPT, Londen: Faber, 1960
- Moody, Raymond, A., LIFE AFTER LIFE, The investigation of a phenomenon - survival of bodily death, Covington (Georgia, V.S.A.): Mockingbird and Bantam Books, 1977

- Mooney, Christopher, F., TEILHARD DE CHARDIN AND THE MYSTERY OF CHRIST, Londen: Collins, 1966
- Munniks, R.R. (red.), EURYTHMIE - VERNIEUWING IN DE DANSKUNST, Zeist (Nederland): Vrij Geestesleven, 1979
- Neumann, Erich, THE GREAT MOTHER, An analysis of the archetype, Princeton: University Press, 1963
- Nordmeyer, Barbara, C.G. Jung, Die Hadesfahrt einer Menschenseele, in ZEITGEWISSEN, Stuttgart, Urachhaus, c 1969
- Oldenbourg, Zoé, LE BŪCHER DE MONTSÉGUR, Parys: Gallimard, 1959
- O'Meara, John J., THE VOYAGE OF SAINT BRENDAN, Dublin: University College, 1976
- Opperman, D.J., WIGGELSTOK, Kaapstad: Nasionale Pers, 1959
- Payne, Robert, THE HOLY FIRE, The story of the early centuries of the Christian Church in the Near East, New York: St Vladimir's Seminary, 1980
- Purce, Jill, THE MYSTIC SPIRAL, Journey of the soul, Londen: Thames and Hudson, 1974
- Raine, Kathleen, BLAKE AND TRADITION, 2 bande, Princeton: University Press (Bollingen Series), 1968
- REALLEXIKON FÜR ANTIKE UND CHRISTENTUM, Sachwörterbuch zur Auseinandersetzung des Christentums mit der antiken Welt, Leipzig: Hiersemann, 1960 -
- Reumann, John, RIGHTEOUSNESS IN THE NEW TESTAMENT, "Justification" in the United States Lutheran-Roman Catholic dialogue, Philadelphia: Fortress Press (New York: Paulist Press), 1982

- Rittelmeyer, Friedrich, GEMEENSCHAP MET DE GESTORVENEN, Rotterdam;
Christofoor, 1978
- Rittelmeyer, Friedrich, REINCARNATION IN THE LIGHT OF THOUGHT,
RELIGION AND ETHICS, Londen: Christian Community Press,
geen datum
- Robert, Anthony, ATLANTIC TRADITIONS IN ANCIENT BRITAIN,
Londen: Rider, 1977
- Rosenkreutz, Christian, A CHRISTIAN ROSENKREUTZ ANTHOLOGY (red. Allen,
P.M., en Pietzner, Carlo), New York: Blauvelt, 1968
- Rousseau, Leon, DIE GROOT VERLANGE, Die verhaal van Eugène Marais,
Kaapstad: Human en Rousseau, 1974
- Schroeder, Hans-Werner, MENSCH UND ENGEL, Die Wirklichkeit der
Hierarchien, Stuttgart: Urachhaus, 1979
- Schütze, Alfred, MITHRAS - MYSTERIEN UND URCHRISTENTUM, Stuttgart:
Urachhaus, 1972
- Shepherd, A.P., A SCIENTIST OF THE INVISIBLE, An introduction to
the life and work of Rudolf Steiner, Londen: Hodder & Stoughton,
1954
- Simpson, William, THE JONAH LEGEND, A suggestion of interpretation,
Londen, 1899
- Sitwell, Edith, A POET'S NOTEBOOK, Londen: Macmillan, 1943
- Smith, W. en Marindin, G.E., A CLASSICAL DICTIONARY of Greek and
Roman Biography, Mythology and Geography, Londen: John Murray,
1894

- Steiner, Rudolf, CHRISTIANITY AS MYSTICAL FACT AND THE MYSTERIES OF ANTIQUITY, Londen: Rudolf Steiner Press, 1972. Oorspronklik: DIE CHRISTENTUM ALS MYSTISCHE TATSACHE UND DIE MYSTERIEN DES ALTERTUMS, Berlyn, 1902. In Nederlands: CHRISTELIJKE OPSTANDINGSMISTERIE EN DE VOORCHRISTELIJKE MISTERIEËN, Zeist: Vrij Geestesleven, 1979
- Steiner, Rudolf, EURYTHMY AS VISIBLE SPEECH, Londen: Rudolf Steiner Press, 1955
- Steiner, Rudolf, DE FILOSOFIE DER VRIJHEID, Grondtrekken van een moderne wereldbeschouwing, Wassenaar: Servire, 1970
- Steiner, Rudolf, COETHE THE SCIENTIST, New York: Anthroposophic Press, 1950
- Steiner, Rudolf, THE HEAVENLY HIERARCHIES AND THEIR REFLECTION IN THE PHYSICAL WORLD, New York: Anthroposophic Press, c 1960
- Steiner, Rudolf, KNOWLEDGE OF THE HIGHER WORLDS, How is it achieved, Londen: Rudolf Steiner Press, 1969
- Steiner, Rudolf, METAMORFOSEN VAN HET ZIELELEVEN, Zeist (Nederland): Vrij Geestesleven, 1979
- Steiner, Rudolf, MYSTICISM AND MODERN THOUGHT, A revised edition of MYSTICS OF THE RENAISSANCE AND THEIR RELATION TO MODERN THOUGHT, New York: Anthroposophic Press, 1928
- Steiner, Rudolf, THE REDEMPTION OF THINKING, A study in the philosophy of Thomas Aquinas, Londen: Hodder and Stoughton, 1956
- Steiner, Rudolf, THE TRUE NATURE OF THE SECOND COMING, Esoteric studies, Londen: Anthroposophical Publishing Co., 1961

- Van der Post, Laurens, JUNG AND THE STORY OF OUR TIME, Middlesex
(Engeland): Harmondsworth (Penguin), 1979
- Van der Westhuizen, Albertus, GOD EN WÊRELD GEEN DUALITEIT - TEILHARD
DE CHARDIN, 'n Poging tot 'n teologiese evaluasie van sy denke,
Lisensiaat-skripsie (Dogmatologie), U.S., 1981
- Van Heerden, Ernst, DIE DIGTER AS CHROMATOMETER: Aspekte van kleur=
gebruik in die poësie van N.P. van Wyk Louw, Johannesburg, R.A.U.,
1978
- Van Niekerk, E.A., RONDOM JOU DIE ENGELE, Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers,
1974
- Verbrugh, Hugo, EEN BEETJE TERUGKOMEN... Reïncarnatie als denkbeeld en
ervaringsgegeven, Rotterdam: Christofoor, 1980
- Vermaseren, M.J., MITHRAS, DE GEHEIMZINNIGE GOD, Amsterdam: Elsevier,
1959
- Versfeld, Marthinus, A GUIDE TO THE CITY OF GOD, Londen: Sheed &
Ward, 1958
- Versfeld, Marthinus, KLIP EN KLEI, Kaapstad: Human en Rousseau, 1968
- Versfeld, Marthinus, OUR SELVES, Kaapstad: Philip, 1979
- Von dem Borne, Gerhard, DER GRAL IN EUROPA, Wurzeln und Wirkungen,
Stuttgart: Urachhaus, 1976
- Von Gleich, Sigismund, MARKSTEINE DER KULTURGESCHICHTE, 3 bande,
Stuttgart: Mellinger, 1938
- Von Skerst, Herman, DER UNBEKANNTE GOTT, Griechische Mysterienschau
und christliche Erfüllung, Stuttgart: Urachhaus, 1967

- Steiner, Rudolf, VERSES AND MEDITATIONS, Londen: Anthroposophical Press, 1961
- Stibbe, Max, ZWANENRIDDER EN VLIEGENDE HOLLANDER, Utrecht (Nederland): W. de Haan, geen datum
- Talbot, Michael, MYSTICISM AND THE NEW PHYSICS, Londen: Routledge and Kegan Paul, 1981
- Teilhard de Chardin, Pierre, OEUVRES, 9 bande, Parys, 1955-'65
Vertalings sluit in
HET VERSCHIJNSEL MENS, Utrecht/Antwerpen: Aula-boeken, 1958,
THE FUTURE OF MAN, (1964), THE MAKING OF A MIND (1965),
HYMN OF THE UNIVERSE (1965), THE DIVINE MILIEU (1960),
THE PHENOMENON OF MAN (1959), ens. - Londen en New York:
Collins en Harper.
- Teresa van Avila, THE LIFE OF SAINT TERESA, Middlesex (Engeland): Harmondsworth (Penguin), 1957
- Thompson, Stith, MOTIF INDEX OF FOLK LITERATURE, Bloomington: Indiana university press, 1966
- Underhill, Evelyn: COLLECTED PAPERS (red. Lucy Menzies), Londen: Longman, Green, 1946
- Underhill, MYSTICISM, A study in the nature and development of man's spiritual consciousness, Londen: Methuen, 1952
- Underhill, Evelyn, THE MYSTICS OF THE CHURCH, Londen: James Clarke, geen datum
- Van der Colf, A.P., POËSIE EN GODSDIENS, met spesiale verwysing na die godsdienstige gedig by N.P. van Wyk Louw, Doktoraalskripsie R.A.U., 1978

- Watson, Lyall, LIFETIDE, A biology of the unconscious, Londen: Hodder & Stoughton (Coronet Books), 1979
- Watson, Lyall, LIGHTNING BIRD, Londen: Hodder & Stoughton (Coronet Books), 1982
- Wachsmuth, Guenther, REINCARNATION AS A PHENOMENON OF METAMORPHOSIS, New York: Anthroposophical Press, 1937
- Wehr, Gerhard, C.G. JUNG UND RUDOLF STEINER, Konfrontation und Synopse, Stuttgart: Klett, 1972
- Weston, Jessie Lindley, FROM RITUAL TO ROMANCE... New York: Doubleday, 1957
- Widengren, Geo, MANI AND MANICHAEISM, Londen: Weidenfeld & Nicolson, 1961
- Wilson, R.Mcl., GNOSIS AND THE NEW TESTAMENT, Oxford: Blackwell, 1968
- Wolf-Gumpold, Kaethe, WILLIAM BLAKE, Painter: Poet: Visionary, Londen: Rudolf Steiner Press, 1969
- Yeats, W.B., A VISION, A reissue with the author's final revisions, Londen: Macmillan, 1961. En A CRITICAL EDITION OF YEATS'S A VISION (1925), Londen: Macmillan, 1978
- Zeylmans van Emmichoven, F.W., DER GRUNDSTEIN, Stuttgart: Freies Geistesleben, 1964
- Zeylmans van Emmichoven, F.W., DE WERKELIJKHEID WAARIN WIJ LEVEN, Zeist (Nederland): Vrij Geestesleven, 1974. Vertaal as THE REALITY IN WHICH WE LIVE, East Grinstead (Sussex, England): New Knowledge Books, 1964
- Zukov, Gary, THE DANCING WU LI MASTERS, An overview of the new physics, New York: William Morrow, 1979

2. Fiksie, Poësie, Drama

- Apuleius, Lucius, THE GOLDEN ASS, being the metamorphoses of Lucius Apuleius, with an English translation by W. Addington (1566).
Londen: Heinemann, 1948
- Breytenbach, B., KOUEVUUR, Kaapstad: Buren, 1969
- Breytenbach, B., VOETSKRIF, Johannesburg: Perskor, 1976
- Brink, A.P., DIE AMBASSADEUR, Kaapstad: Human en Rousseau, 1963
- Brink, A.P., LOBOLA VIR DIE LEWE, Kaapstad: Human en Rousseau, 1962
- Brink, A.P., MISKIEN NOOIT, 'n somerspel, Kaapstad: Human en Rousseau,
1967
- Buys, P.W., PLEROMA, Gedigte, Johannesburg: De Jong, 1977
- Campbell, Roy, MITHRAIC EMBLEMS, Londen, Boriswood, 1936
- Claudé, Paul, L'HISTOIRE DE TOBIE ET DE SARA, Moralité en trois actes, Parys: Gallimard, 1942
- Dante Alighieri, THE DIVINE COMEDY, New York: Random House
Illustrated Modern Library, 1944
- De Klerk, W.A., DIE UUR VAN VERLANGE, synde annale van die Agterberg,
Kaapstad: Tafelberg, 1971. Eerste uitgawe 1953
- Eliot, T.S., THE FOUR QUARTETS, Londen: Faber, 1954
- Eliot, THE WASTE LAND and other poems, Londen: Faber, 1940
- Goethe, J. Wolfgang von, FAUST I en II: Middlesex (Engeland):
Harmondsworth (Penguin Classics), 1967

- Jan van die Kruis, POEMS OF ST. JOHN OF THE CROSS, vertaal deur
Roy Campbell, Londen: Harvill, 1951
- Jonker, Ingrid, VERSAMELDE WERKE, Johannesburg: Perskor, 1975
- Kesting, Hélène en Deon, KLEIN AKKOORD, 100 haikoes, Kaapstad:
Tafelberg, 1979
- Kesting, Hélène, SKIP NA DIE SON, Kaapstad: Tafelberg, 1975
- Krück von Poturzyn, DIE SENDUNG DES MÄDCHENS JEANNE D'ARC,
Stuttgart: Klett, 1972
- Leroux, Etienne, ISIS ISIS ISIS, Kaapstad: Human en Rousseau, 1969
- Leroux, Etienne, NA'VA, Kaapstad: Human en Rousseau, 1972
- Lewis, C.S., THE SCREWTAPE LETTERS, New York: Macmillan, 1948
- Louw, Anna M., OP DIE RUG VAN DIE TIER, Kaapstad: Tafelberg, 1981
- Louw, W.E.G., NAGGESPREK, Kaapstad: Tafelberg, 1972
- MacDonald, George, AT THE BACK OF THE NORTH WIND, Londen:
Nonesuch, 1963
- Müller, Petra, OBOOL, Kaapstad: Tafelberg, 1977
- Müller, Petra, WERF IN DIE RUENS, Kaapstad: Tafelberg, 1980
- Murgatroyd, Madeline, TALES FROM THE KRAALS, Kaapstad: Timmins, 1968
- Nienaber, Christoffel J.M., KEERWEER, Kaapstad: Nasionale Boekhandel,
1961
- Opperman, D.J. en Le Roux, F.J. (red.), STIEBEUEL, Kaapstad; Nasio=
nale Pers, 1946

- Pretorius, S.J., LEMMA, Kaapstad: Human en Rousseau, 1974
- Rilke, Rainer Maria, DUINESER ELEGIEN, Leipzig: Insel-Verslag, 1923
- Rilke, Rainer Maria, SONNETS TO ORPHEUS, New York: Norton, 1942
- Roland-Holst, A., IN BALLINGSCHAP, Keuze uit eigen werk, Den Haag:
Bert Bakker, 1967
- Sophokles, ANTIKONE, Kaapstad: Human en Rousseau, 1961
- Steffen, Albert, DAS TODESERLEBNIS DES MANES (drama), Dornach:
Schöne Wissenschaften, 1934. In Engels vertaal as THE DEATH
EXPERIENCE OF MANI, New York: Folder Edition, jaartal onbekend
- Stockenström, Wilma, DIE KREMETARTEKSPEDISIE, Kaapstad: Human en
Rousseau, 1981
- Stockenström, Wilma, VAN VERGETELHEID EN VAN GLANS, Kaapstad:
Human en Rousseau, 1976
- Tolkien, J.R.R., THE LORD OF THE RINGS, Londen: Allen & Unwin, 1968
- Totius (J.D. du Toit), PASSIEBLOMME, Bloemfontein: Nasionale Pers,³ 1936
- Totius (J.D. du Toit), WILGERBOOMOGIES, Bloemfontein: Nasionale Pers,⁷
1936
- Underhill, Evelyn, IMMANENCE, A book of verses, Londen, 1912
- Van Niekerk, Marlene, GROENSTAAR, Kaapstad: Human en Rousseau, 1983
- Weideman, George, KLEIN MANIFES VAN 'N REISIGER, Kaapstad: Tafel=
berg, 1970
- Wellesley, Dorothy, LOST PLANET and other poems, Londen: Hogarth, 1942

Ook in ag geneem is briewe van Sheila en Stoffel Nienaber aan Dirk en Marié Opperman, uit die versameling van Opperman se dokumente in die Stellenbosse universiteitsbiblioteek; en sketse, tekeninge, etse ens. van Sheila Cussons by die R.G.N. in Pretoria.